

DIE OPVATTING VAN EN DIE HOUDING TEENOOR OUDERDOM

M. Strydom

Proefskrif voorgelê ter voldoening aan die vereistes vir die graad D.Phil. (Psigologie) aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys onder leiding van prof. C.F. Schoeman

POTCHEFSTROOM
Desember 1973

DANKBETUIGINGS

By die voltooiing van hierdie proefskrif spreek ek graag my dank en waardering teenoor die volgende persone en instansies uit:

Die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys vir onderrig in Sy lig, deur dosente begiftig deur die Groot Leermeester.

Die proefpersone vir die beantwoording van die vraelys om sodoende te probeer om meer te wete te kom van die geheimenis van daardie jare wanneer "die amandelboom in bloei staan."

Die Zerilda Steyn-Gedenktrust van die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Bejaardes vir geldelike bystand ten opsigte van koste van hierdie navorsing. Menings in hierdie werk uitgespreek en gevolgtrekkings waartoe geraak is, is dié van die skryfster en moet in geen geval beskou word as 'n weergawe van die menings of gevolgtrekkings van die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Bejaardes nie.

Mej. A. van der Westhuizen vir die keurige wyse waarop en sorg waarmee die tikwerk gedoen is.

Die gesinne Scheepers, Smook en Alberts vir dáárdie bystand wat net julle só kon verleen.

My ouers vir die liefde waarmee u ons kinders voortdurend omstraal en die voorbeeld om hoogste waardes eerste te stel.

Duma Kemp, die beste maat wat 'n kleinkind ooit kan hê.

Prof. T.A. van Dyk, my hulppromotor, vir deeglike inwerking in die studie te midde van veeleisende pligte. Met besondere insig en kennis

het u waardevolle en stimulerende wenke aan die hand gedoen.

Prof. C.F. Schoeman, my promotor, kan ek verseker dat ek na soveel jare van studie onder sy leiding net met die hoogste lof en waardering van sy optrede as mens en as wetenskaplike kan praat. U toegewydheid, lojaliteit, bereidheid om te enige tyd hulp te verleen, dit is van die eienskappe wat so diep tot u studente spreek. Baie dankie dat u vir u studente net u allerbeste gee. Ek sal dit altyd as 'n voorreg beskou dat u so 'n groot bydrae tot die vorming van my lewenshouding en -opvatting kon lewer.

Mev. Schoeman en die kinders, u is vir my die ideale gesin vir iemand in 'n professie wat sulke hoë eise stel. Baie dankie dat u dikwels ten koste van hierdie studie ongerief verduur het.

M. Strydom

INHOUD

Bladsy

| | | |
|----|---------|--|
| 1 | 1 | VOORWOORD |
| 1 | 1.1 | Die keuse van die onderwerp |
| 2 | 1.2 | Die doel van die ondersoek |
| 3 | 1.3 | Perspektief oor die aanbieding van die stof |
| 4 | 2 | FAKTORE WAARAAN DIE NUWE BELANGSTELLING IN OUDERDOM EN BEJAARDES TOEGESKRYF KÁN WORD |
| 4 | 2.1 | Inleiding |
| 5 | 2.2 | Faktore |
| 5 | 2.2.1 | Toename in getal bejaardes |
| 8 | 2.2.2 | Veranderde samelewingstruktuur |
| 9 | 2.2.2.1 | Die bejaarde in die vroeëre landelike gemeenskap |
| 9 | 2.2.2.2 | Faktore werksaam in die samelewing |
| 13 | 2.2.3 | Navorsing oor ouderdom |
| 18 | 2.2.4 | Mannekragtekort |
| 22 | 2.2.5 | Woningnood |
| 29 | 2.2.6 | Behoeftes en aanpassing van bejaardes |
| 38 | 2.2.7 | Hersiening van stereotiepe idees in verband met bejaardes |
| 38 | 2.2.7.1 | Konserwatisme |
| 39 | 2.2.7.2 | Sosiale isolasie en eensaamheid |
| 41 | 2.2.7.3 | Godsdiens |
| 43 | 2.2.7.4 | Intelligensie |
| 45 | 2.3 | Samevatting |
| 46 | 3 | DIE OPVATTING VAN EN DIE HOUDING TEENOR OUDERDOM EN BEJAARDES EN FAKTORE WAT HIERDIE OPVATTING EN HOUDING BEÏNVOED |
| 46 | 3.1 | Waarom die opvatting van en die houding teenoor ouderdom en bejaardes belangrik is |

Bladsy

| | | |
|-----|-------|--|
| 52 | 3.2 | Houding en opvatting |
| 53 | 3.3 | Die bejaarde |
| 55 | 3.4 | Faktore |
| 55 | 3.4.1 | Vorbereiding vir ouderdom |
| 59 | 3.4.2 | Houding teenoor aftrede |
| 62 | 3.4.3 | Beroepskring |
| 64 | 3.4.4 | Houding van die samelewing teenoor bejaardes |
| 67 | 3.4.5 | Omgang met bejaardes |
| 69 | 3.4.6 | Ekonomiese omstandighede |
| 72 | 3.4.7 | Gesondheidstoestande |
| 75 | 3.4.8 | Houding teenoor godsdiens, lewensbevre diging en die dood |
| 80 | 3.5 | Samevatting |
| 81 | 4 | ONDERSOEK NA DIE OPVATTING VAN EN DIE HOUDING TEENOR OUDERDOM EN BEJAARDES |
| 81 | 4.1 | Inleiding |
| 81 | 4.2 | Doelstellings |
| 83 | 4.3 | Proefpersone |
| 84 | 4.4 | Metode |
| 86 | 4.5 | Voorlegging aan proefpersone |
| 87 | 4.6 | Indeling van die proefpersone in groepe |
| 91 | 4.7 | Nasien van afdeling A van die vraelys |
| 97 | 4.8 | Nasien van afdeling B van die vraelys |
| 97 | 4.9 | Samevatting |
| 99 | 5 | VERWERKING EN BESPREKING VAN VRAE 60, 64, 65 EN 66 VAN DIE VRAELYS |
| 99 | 5.1 | Verwerking en bespreking van vrae 60 en 64 |
| 99 | 5.1.1 | Berekenings |
| 100 | 5.1.2 | Gemiddelde punt per proefpersoon, afdelings en onderafdelings met hoogste punte per subgroep |
| 121 | 5.1.3 | Beduidendheid van verskille tussen positiewe en negatiewe response |
| 123 | 5.1.4 | Beduidendheid van verskille tussen negatiewe tellings van subgroepe |

Bladsy

| | | |
|-----|-------|---|
| 128 | 5.1.6 | Siening van ouderdom |
| 162 | 5.2 | Verwerking en bespreking van vrae 65 en 66 |
| 162 | 5.2.1 | Berekenings |
| 176 | 5.2.2 | Bespreking |
| 179 | 5.2.3 | Die nadele van die ouderdom |
| 196 | 5.2.4 | Rangorde van nadele op vraag 65/66 |
| 196 | 5.2.5 | Positiewe response op vraag 60/64 en 65/66 |
| 199 | 5.2.6 | Vergelyking van vraag 60/64 met vraag 65/66 |
| 200 | 5.2.7 | Enkele ander verskynsels by die omskrywing van ouderdom en die noem van voor- en nadele |
| 203 | 5.3 | Samevatting |
| 205 | 6 | VERWERKING EN BESPREKING VAN DIE RES VAN DIE VRAELYS |
| 205 | 6.1 | Verwerking en bespreking van resultate van afdeling B |
| 205 | 6.1.1 | Berekenings |
| 206 | 6.1.2 | Die aanvaarding van die vier aspekte deur die mans en die dames |
| 207 | 6.1.3 | Beduidendheid van verskille tussen die vier aspekte |
| 216 | 6.1.4 | Vergelyking van die verskillende groepe met mekaar |
| 224 | 6.1.5 | Enkele opvallende response in verband met die aanvaarding van die vier aspekte |
| 226 | 6.2 | Vrae 61, 62 en 63 en 67 en 69 |
| 228 | 6.3 | Bejaardes in die ouetehuse |
| 229 | 6.4 | Samevatting |
| 230 | 7 | SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS |
| 239 | | BIBLIOGRAFIE |

LYS VAN TABELLE

| Bladsy | | |
|--------|----|---|
| 88 | 1 | Groepering van proefpersone en aantal in groepe |
| 93 | 2 | Skema gebruik vir nasien van vrae |
| 102 | 3 | Gemiddelde punt per proefpersoon op vraag 60/64, hoogste persentasie per groep, onderafdelings en afdelings |
| 115 | 4 | Gemiddelde punt per leerling op vraag 60/64, hoogste persentasie per groep, onderafdelings en afdelings |
| 122 | 5 | Subgroepe waarby die aantal positiewe en negatiewe punte ten opsigte van vraag 60/64 nie beduidend met die Binomiale toets verskil nie |
| 124 | 6 | Subgroepe waarby die negatiewe tellings op vraag 60/64 volgens die Chi-kwadraattoets beduidend verskil |
| 130 | 7 | Afdelings as persentasies van totale response per subgroep (volwassenes) op vraag 60/64 |
| 137 | 8 | Afdelings op vraag 60/64 vir die beroepsgroepe van hoog tot laag volgens responsfrekwensies gerangskik |
| 153 | 9 | Afdelings as persentasies van totale response per subgroep (leerlinge) op vraag 60/64 |
| 158 | 10 | Afdelings op vraag 60/64 vir die leerlinge van hoog tot laag volgens responsfrekwensies gerangskik |
| 164 | 11 | Gemiddelde punt per proefpersoon op vraag 65/66, hoogste persentasie per groep, onderafdelings en afdelings |
| 170 | 12 | Gemiddelde punt per leerling op vraag 65/66, hoogste persentasie per groep, onderafdelings en afdelings |
| 174 | 13 | Groepe waar die frekwensies tussen die negatiewe en positiewe response op vraag 65/66 beduidende verskille, bereken met die Binomiale toets, toon |
| 180 | 14 | Afdelings as persentasies van totale response per subgroep (volwassenes) op vraag 65/66 |

Bladsy

| | | |
|-----|----|---|
| 186 | 15 | Afdelings op vraag 65/66 vir die beroepsgroepe van hoog tot laag volgens responsfrekwensies gerangskik |
| 191 | 16 | Afdelings as persentasies van totale response per subgroep (leerlinge) op vraag 65/66 |
| 194 | 17 | Afdelings op vraag 65/66 vir die leerlinge van hoog tot laag volgens responsfrekwensies gerangskik |
| 206 | 18 | Totaaltellings van mans en dames vir die vier aspekte |
| 209 | 19 | Verspreiding van punte van proefpersone in die vier aspekte |
| 212 | 20 | Kolmogorov-Smirnov-waardes vir die vier aspekte |
| 217 | 21 | Beroepsgroepe waartussen beduidende verskille ten opsigte van die spreiding van die frekwensies gevind is |
| 222 | 22 | Totaaltellings van seuns en dogters vir die vier aspekte |

LYS VAN FIGURE

Bladsy

| | | |
|-----|---|--|
| 144 | 1 | Eienskappe (persentasies van totale response) deur die mans en dames as groep en die manlike en vroulike pensionarisse op vraag 60/64 aangedui |
| 156 | 2 | Eienskappe (persentasies van totale response) deur die mans, dames, seuns en dogters op vraag 60/64 aangedui |
| 160 | 3 | Geestelike en liggaamlike agteruitgang en afname van gesondheid en voorkoms (persentasies van totale response) deur die ouderdomsgroepe (seuns en dogters) op vraag 60/64 aangedui |
| 184 | 4 | Eienskappe (persentasies van totale response) deur die volwassenes op vrae 60/64 en 65/66 aangedui |
| 208 | 5 | Totale tellings van die mans en die dames vir die vier aspekte |
| 210 | 6 | Grafiese voorstelling van die spreiding van die mans en dames (vier aspekte saam) |
| 213 | 7 | Grafiese voorstelling van die frekwensiespreiding van mans en dames saam ten opsigte van die vier aspekte |
| 223 | 8 | Grafiese voorstelling van die gemiddeldes van volwassenes en leerlinge vir die vier aspekte |

BYLAES

Bladsy

| | | |
|-----|---|--|
| 255 | A | Vraelys |
| 266 | B | Totale tellings van die subgroepe (volwassenes) op vraag 60/64 (afdelings) |
| 276 | C | Totale tellings van die subgroepe (leerlinge) op vraag 60/64 (afdelings) |
| 279 | D | Groepsunte op vraag 60/64 (volwassenes), twee hoogste punte per subgroep, onderafdelings en afdelings (negatief) |
| 291 | E | Groepsunte op vraag 60/64 (leerlinge), twee hoogste punte per subgroep, onderafdelings en afdelings (negatief) |
| 294 | F | Totale tellings van die subgroepe (volwassenes) op vraag 65/66 (afdelings) |
| 298 | G | Totale tellings van die subgroepe (leerlinge) op vraag 65/66 (afdelings) |
| 301 | H | Groepsunte op vraag 65/66 (volwassenes), twee hoogste punte per subgroep, afdelings en onderafdelings |
| 307 | I | Groepsunte op vraag 65/66 (leerlinge), twee hoogste punte per subgroep, afdelings en onderafdelings |
| 312 | J | Tellings van die subgroep (volwassenes) vir die stellings oor ouderdom, godsdiens, dood en lewensbevreeding |
| 329 | K | Tellings van die subgroepe (leerlinge) vir die stellings oor ouderdom, godsdiens, dood en lewensbevreeding |
| 338 | L | Response van die predikante op vrae 61, 62, 63, 67 |
| 345 | M | Response van die predikante op vraag 69 |

1 VOUWROOD

Ter inleiding van hierdie studie sal in die voorwoord kortliks die keuse van die onderwerp van die ondersoek, die doel van die ondersoek en 'n perspektief oor die aanbieding van die stof gegee word.

1.1 DIE KEUSE VAN DIE ONDERWERP

Die moontlikheid wat vir elke mens geskep is om tot in die ouderdom te leef, het saam met 'n aantal samehangende faktore die belangrikheid van die ouderdom op die voorgrond gebring. 'n Nuwe belangstelling in die ouderdom was die gevolg, 'n belangstelling wat betekenisvol is nadat dit so lank die kind, die puber en die adolessent was waarop die aandag geval het. Hierdie belangstelling blyk in Suid-Afrika uit onder andere radio-praatjies, konferensies, rubrieke oor bejaardes in die koerante, en so meer. Verder word bejaardesorg jaarliks die laaste week van September oor die hele land pertinent onder die aandag van die gemeenskap gebring deur die reël van uitstappies, onthale, konserte en ander vorme van vermaak en ontspanning, deur jeugbewegings, liefdadigheidsorganisasies, asook die staat. Die eerste Oues-van-Dae-Week is in November 1954 deur die Welsynsorganisasie vir Bejaardes van die Kaapse Skiereiland gereël. Provinsiale en stadsbiblioteke is besig om hulle dienste aan die bejaarde in die gemeenskap aansienlik uit te brei. In 1971 is daar ook vir die M.A.-graad 'n ondersoek na die biblioteekbehoefte van bejaardes in Pretoria onderneem (Retief, H.J.M., 1971).

Heelwat oorsese studies waarin bejaardes betrek is, is al gedoen. Na sommige van hierdie studies sal in die hoofstukke wat volg, verwys word. Wat Suid-Afrika betref, is die oes egter baie skraal. Die volgende ondersoeke, almal proefskrifte, kan genoem word: Schmidt, B.O. 'n Vergelykende sosiologiese ondersoek in verband met die vraagstuk van oues van dae in die samelewing (1959); Grant, Joan D. Old age in a

changing culture (1960); Kriek, J.J. 'n Ondersoek na die sielkundige behoeftes van oues van dae in Pretoria (1962); Anderson, W.W. Die behuising van bejaardes in Pretoria (1965); Louw, D. Die rol en betekenis van ouetehuse in die versorging van bejaardes in Suid-Afrika (1970).

Daar is reeds baie gegewens oor die funksionering van die persoon in die ouderdom beskikbaar. 'n Belangrike faset van die ouderdomsprobleem waaraan nog nie veel aandag gegee is nie, is aan die opvatting van en die houding teenoor ouderdom en die bejaarde. In die gewone omgang word die waarneming gedoen dat alle persone nie altyd dieselfde opvatting van en houding teenoor die ouderdom en die bejaarde het nie. Vir sommige is die ouderdom blykbaar iets vaags, 'n saak waaroor daar "later" besin sal word; vir 'n volgende is dit iets om te vrees. Die een persoon assosieer die bejaarde met nutteloosheid en die ander persoon assosieer die bejaarde met rustigheid. Waar die vyftigjarige vir sommige persone reeds oud is, verskuif die ander dit na die sewentigjarige en vir nog 'n ander is die ouderdom altyd daardie aantal lewensjare wat hy nog nie bereik het nie. Navorsers wat reeds die houding teenoor bejaardes ondersoek het, is veral die Amerikaanse ondersoekers Tuckman, Lorge en Kogan. Na hierdie outeurs sal later verwys word. In Suid-Afrika is nog geen studie in hierdie rigting gedoen nie.

1.2 DIE DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Die doel van die ondersoek is vierledig en kan soos volg saamgevat word:

1. Om die opvatting van ouderdom en die bejaarde na te gaan.
2. Om na te gaan in hoe 'n mate hierdie opvattinge ooreenkom met of verskil van beskouing in gerontologiese studies.
3. Om te probeer vasstel watter houding - positief of negatief -

teenoor ouderdom en die bejaarde gehuldig word.

4. Om moontlike faktore wat die opvatting van en die houding teenoor ouderdom en die bejaarde kon beïnvloed het, te probeer bepaal en om veral die houding teenoor godsdiens, die dood en lewensbevreëdiging as moontlike faktore na te gaan.

1.3 PERSPEKTIEF OOR DIE AANBIEDING VAN DIE STOF

In die eerste twee hoofstukke van die studie sal gegewens wat deur middel van literatuurstudie verkry is, gegee word. Die eerste hoofstuk word gewy aan 'n bespreking van die faktore wat tot die nuwe belangstelling in die ouderdom en bejaardes bygedra het. In die volgende hoofstuk word die belangrikheid van die opvatting van die houding teenoor ouderdom en die bejaarde aangedui en die faktore wat die opvatting en houding kan beïnvloed, nagegaan.

In hierdie studie gaan dit sowel om die proses van ouer word as om die oudgewordene. Die terme wat gebruik sal word, is "ouderdom" en "bejaarde" wat die mees algemeen gebruikte terme is. Die verskillende begrippe vir "bejaarde", asook wat onder "opvatting" en "houding" verstaan word, word ook in die tweede hoofstuk bespreek.

In die daaropvolgende hoofstukke sal die eie ondersoek gedek word. 'n Omvattende vraelys is vir gebruik in die studie beplan. Die opvatting van ouderdom en die bejaarde word aan die hand van omskrywings bestudeer; die houding teenoor ouderdom en die bejaarde, asook die houding teenoor godsdiens, die dood en lewensbevreëdiging aan die hand van 'n Likert-tipe vraelys.

Persone uit soveel moontlik verskillende beroepsfere met verskillende akademiese kwalifikasies, van verskillende ouderdomme, sosiale agtergronde, en so meer, is in die studie betrek. Verder is skoolkinders en ook bejaardes in ouetehuse by die ondersoek ingesluit.

2 FAKTORE WAARAAN DIE NUWE BELANGSTELLING IN OUDERDOM EN BEJAARDES TOEGESKRYF KAN WORD

2.1 INLEIDING

Hierdie nuwe vinnig-groeiende belangstelling in ouderdom en bejaardes waarna in die voorwoord verwys is, word deur heelwat ondersoekers genoem (onder andere deur Goedmakers, 1970, p. 28; Louw, 1970, p. 21; Diederich, 1954, p. 104; Rubens-Franken, 1953, p. 42; Vischer, 1950, p. 11 en ook in National Conference on Aging, 1950, p. 6). Sekere faktore wat tot hierdie belangstelling bygedra het, kan aangetoon word en alhoewel geïsoleerde faktore bespreek word, is hierdie belangstelling meer die eindresultaat van 'n verskeidenheid samehangende faktore. Van die belangrikste van hierdie faktore sal breedvoeriger bespreek word en wel die volgende:

1. Die toename in getal bejaardes.
2. Die veranderde samelewingstruktuur.
3. Die nuwe gebiede vir studie wat deur navorsing blootgelê word.
4. Die mannekragtekort.
5. Die woningnood.
6. Die behoeftes en aanpassing van bejaardes.
7. Die hersiening van stereotiepe opvattinge van bejaardes.

Ander faktore wat tot die belangstelling in ouderdom en bejaardes meegewerk het en wat genoem kan word, is die volgende:

1. Die potensiële koopkrag van bejaardes trek veral op kommersiële gebied aandag.

2. Daar word besef dat bejaardes op politieke gebied 'n faktor waarmee rekening gehou moet word, kan wees.
3. Die aksentverskuiwing in die opvatting oor die verantwoordelikheid vir persoonlike en maatskaplike welsyn het die aandag op die bejaardes as groep gevestig (Goedmakers, 1970, p. 11; Old age in the modern world, 1955, p. 45; Van Andel, 1953, p. 54; Pollak, 1948, p. 2).
4. Naas die aandag aan die welsyn van ander is daar ook 'n meer praktiese rede - die meeste mense hoop op 'n lang lewe en stel dus met die oog op die eie toekoms, in sake wat die bejaarde raak, belang (Pollak, 1948, p. 3).

2.2 FAKTORE

2.2.1 Toename in getal bejaardes.

Die toename van die bejaardes in getal en ook in verhouding tot die totale bevolking in die meeste Westerse lande is moontlik die belangrikste rede vir die nuwe belangstelling in ouderdom en bejaardes. Die moontlikheid van 'n langer lewensduur is vir die mens geskep as gevolg van die vordering op tegniese en ander gebiede en veral die groot prestasies op die gebied van die mediese wetenskap (Goedmakers, 1970, p. 13; Munnichs & Janmaat, 1970, p. 21; V.S.A. Congress. Senate. Special Committee on Aging, 1970, p. 156; Weatherall, 1969, p. 11; Konferensie insake Bejaardesorg, 1967, p. 1, L4 & H12; Rudd, 1967, p. 45; Anderson, 1965, p. 45; Barron, 1961, p. 33; Schmidt, 1958, p. 43; Munn, 1955, p. 496; Diederich, 1954, p. 105; Van Andel, 1953, p. 62; Ronge, 1951, p. 146; Eastern States Health Education Conference, 1950, p. 68; National Conference on Aging, 1950, p. 17; Vischer, 1950, p. 87). Dit word vir steeds groter getalle mense moontlik om 'n hoër ouderdom te bereik.

Die langer lewensduur word aangehelp deur verbeterde higiëne en voeding (Goedmakers, 1970, p. 13 & 27; Barron, 1961, p. 33; Schmidt, 1958, p. 43; Rubens-Franken, 1953, p. 11; Van Andel, 1953, p. 62; Ronge, 1951, p. 146), verbeterde lewenstandaarde (Bourlière, 1970, p. 7; V.S.A.

Congress. Senate. Special Committee on Aging, 1970, p. 156; Eastern States Health Education Conference, 1950, p. 68), asook die klem op gesinsbeplanning met 'n gevolglike laer geboortesyfer (Konferensie insake Bejaardesorg, 1967, p. 2; Barron, 1961, p. 33; Schmidt, 1958, p. 43; Old age in the modern world, 1955, p. 31; Rubens-Franken, 1953, p. 13; Industrial Relations Research Association, 1950, p. 22; National Conference on Aging, 1950, p. 17 & 43).

Die mediaanouderdom van die bevolkings in die Westerse lande, asook die persentasie wat die bejaardes van die bevolkings vorm, het gestyg (Bourlière, 1970, p. 7; Goedmakers, 1970, p. 29; Anderson, 1965, p. 40; Brümmer, 1963, p. 1; Hill, 1961, p. xiii; Old age in the modern world, 1955, p. 16 & 30; Rubens-Franken, 1953, p. 14; Van Andel, 1953, p. 61 & 68; Eastern States Health Education Conference, 1950, p. 67; Vischer, 1950, p. 90; Pollak, 1948, p. 1).

In Nederland, byvoorbeeld, het die getal bejaardes sedert 1940 verdubbel; in 1966 het die bejaardes 9,8% van die bevolking gevorm (Goedmakers, 1970, p. 29), terwyl dit in 1980 moontlik tussen 10,5% en 13% sal wees (Retief, 1971, p. 6). Volgens Diederich (1954, p. 104) het die bevolking van 1899 tot 1954 met ongeveer 100% toegeneem, terwyl die groep 65 jaar en ouer met 154% toegeneem het. Gegewens vir Nederland word ook verstrekk deur Munnichs & Janmaat, Gilhuis, Rubens-Franken, Van Andel en Vischer (1970, p. 11 - 12; 1956, p. 13 - 15; 1953, p. 12 - 15; 1953, p. 61; 1950, p. 84).

In 1860 was slegs 2,7% van die Amerikaanse bevolking bo 65 jaar, terwyl dit teen 1950 tot 7,8% gestyg het (Barron, 1961, p. 30 - 31). In 1961 was die bejaardes vyf keer meer as in 1900 en die verwagting is dat die getal teen 1995 sal verdubbel (Report of the White House Conference on Aging, 1961, p. 117). Verdere gegewens word ook deur Retief; V.S.A. Congress. Senate. Special Committee on Aging; Anderson; Governor's Conference on Problems of the Aging; Diederich; Industrial Relations Research Association; National Conference on Aging; Eastern States

Health Education Conference en Pollack (1971, p. 5 - 6; 1970, p. xvii; 1961, p. 40; 1955, p. 15 & 16; 1954, p. 104; 1950, p. 22 - 23; 1950, p. 130; 1950, p. 2; 1948, p. 1 - 2, 6 & 18) verstrekk.

In 1960 het die bejaardes in Engeland 11,7% van die bevolking gevorm (Louw, 1970, p. 22) en dit word geskat dat dit in 1975 14,3% van die bevolking sal wees (Retief, 1971, p. 6).

Gegewens vir België word deur o.a. Louw (1970, p. 22) en Vischer (1950, p. 86) gegee, vir Duitsland ook deur Vischer (1950, p. 87) en vir Swede deur Retief (1971, p. 6) en Pollak (1948, p. 6).

Om hierdie persentasies saam te vat, kan gesê word dat waar persone van 65 jaar en ouer teen die begin van die 20ste eeu ongeveer 4% in die geval van die jonger en 5 tot 6% in die geval van die ouer Europese volke was, die persentasies tans in die omgewing van 12% in die ouer Europese lande is.

In die Republiek van Suid-Afrika het die gemiddelde lewensduur in die afgelope 50 jaar toegeneem (vergelyk o.a. Retief, 1971, p. 5; Louw, 1970, p. 21; Konferensie insake Bejaardesorg, 1967, p. 1, A4 & C4; Kriek, 1966, p. 77; Anderson, 1965, p. 41 & 45; Brümmer, 1963, p. 1; Die lewensomstandighede van bejaardes, 1962, p. 110; Piek, 1962, p. 38 - 40; Anderson, 1961, p. 41; Irwing, 1954, p. 92) en meer blankes word nou in die ouer leeftydsgroepe as vroeër aangetref. Mostert (1966, p. 64) gee 'n ontleding waarin die persone bo 65 jaar vanaf 1904 tot 1960 van 1,95 tot 6,65 persent van die blanke bevolking gestyg het. Volgens inligting deur die Departement van Statistiek verstrekk, was dit in 1970 6,67%. Hoewel dit min lyk, is dit in werklikheid 'n toename van heelwat meer as 300%. Hierdie toename was geleidelik maar redelik konstant oor die jare heen, sodat aangeneem kan word dat hierdie persentasie in die jare wat kom, nog stadig sal toeneem.

In die groep bo 65 jaar het die ouderdomsgroep 75 jaar en ouer van

1904 tot 1960 van 0,54 tot 2,4% van die bevolking toegeneem.

In vergelyking met die ander lande wat genoem is, val dit tog op dat die bejaardes in die Republiek 'n kleiner gedeelte van die totale blanke bevolking as in enige van die genoemde lande vorm. As moontlike verklaring noem Louw dat Suid-Afrika veel later as die ander lande binne die Westelike invloedssfeer aan die proses van industrialisasie en verstedeliking onderhewig was en die maatskaplike vrugte van daardie proses ook op 'n latere stadium gepluk het (1970, p. 22). In die bespreking van die volgende faktor, die veranderde samelewingstruktuur, word meer aandag aan die verstedeliking en industrialisasie gegee.

Hierdie praktiese situasie dat die getal ouer persone in ons land so toegeneem het, het meer as enige ander faktor die aandag pertinent op die bejaardes gevestig en die aangeleentheid 'n besondere omvang gegee.

2.2.2 Veranderde samelewingstruktuur.

Nie alleen het die getal bejaardes in ons samelewing toegeneem nie, maar ook die samelewingstruktuur - en daarmee saam ook die posisie van die bejaarde - het grondliggend verander. Van Andel (1953, p. 58) skets die situasie en sê dat die hele Westerse kultuur die beeld van 'n samelewing in beweging toon waarin mens, tegniek en organisasie 'n dinamiek vertoon wat eers in die 20ste eeu tot volle ontplooiing gekom het. Met dié wêreldbeeld het ook verander die beoordeling van die mens - wysheid en ervaring word steeds minder waardeur; daarenteen word die moontlikhede tot handeling en genot steeds hoër geskat, met die volle nadruk tans op aktiwiteit, produktiwiteit en prestasie, veral tegnologiese prestasie. Die nadruk val op die jeug en jeugdigheid (Egas, 1970, p. 36; Rosenberg, 1970, p. xi; Report of the White House Conference on Aging, 1961, p. 218; Governor's Conference on Problems of the Aging, 1955, p. 14; Tuckman & Lorge, 1953, p. 249;

Van Andel, 1953, p. 57; National Conference on Aging, 1950, p. 161). Die veranderde omstandighede het die probleem geskep dat individu en samelewing vir die bejaarde 'n lewenswyse wat vir almal aanvaarbaar sal wees, moet vind. Nuwe rolle moet vir die bejaarde gevind word en dit het opnuut die belangstelling op die bejaarde gevestig.

2.2.2.1 Die bejaarde in die vroeëre landelike gemeenskap.

Toe ons gemeenskapstruktuur nog hoofsaaklik landelik van aard was, het die bejaardes 'n heel besondere rol gespeel. Op die groot familieplaas was daar die samelewende familie van drie generasies waarin daar nie alleen genoegsame nuttige werkies was waarmee die bejaarde homself kon besig hou nie, maar sy raad en advies is ook as waardevol beskou. Sy aktiwiteite was geïntegreer in die voorsiening van basiese benodigdhede. Eensaamheid, isolasie en nutteloosheid is toe oor die algemeen nie met ouderdom geassosieer nie (Old age in the modern world, 1955, p. 28). Die bejaarde het na gelang van sy kragte nog in 'n mate 'n nuttige rol gespeel, en selfs belangriker, 'n ereposisie beklee. 'n Belangrike eienskap van die landelike gemeenskap is dat die individu aan die groep ondergeskik is. Die behoeftes, begeertes, wense, welvaart en aktiwiteite van die groep geniet voorrang en dié van die individu is sekondêr (Barron, 1961, p. 27). Persone van beide geslagte en alle ouderdomme funksioneer slegs in 'n geringe mate as individuele persoonlikhede, sodat ook die bejaarde in die groep ingeskakel bly. 'n Soortgelyke posisie kan die bejaarde nie beklee in 'n gemeenskap waar die individu steeds meer op die voorgrond tree nie.

Van die belangrikste sosiaal-kultureel-ekonomiese kragte in die samelewing wat die posisie van die bejaarde gewysig het, kan kortliks aangetoon word.

2.2.2.2 Faktore werksaam in die samelewing.

Toenemende verstedeliking.

Die toenemende verstedeliking het die eertydse patriargale familie

verbrokkel (Van Andel, 1953, p. 53). In 1911 het 51,6% van die Republiek se blanke bevolking in stede gewoon en in 1951 het die getal tot 78,4% vermeerder (Die lewensomstandighede van bejaardes, 1962, p. 33). Die hoër ekonomiese eise en beperkte woningruimte bring die moderne klein gesin mee - die egpaar met inwonende jong kinders waarin eintlik geen plek meer vir die oudste generasie is nie. Hulle kan nie meer gehuisves word nie (Konferensie insake Bejaardesorg, 1967, p. C3; Barron, 1961, p. 35; Old age in the modern world, 1955, p. 25; Van Andel, 1953, p. 54; National Conference on Aging, 1950, p. 160; Pollak, 1948, p. 3 & 77). In die stad met sy onpersoonlike klimaat is daar nie behoefte aan of plek vir die bejaarde in die gesinskring nie. "Impersonal, standardised, and mechanised relationships tend to predominate over the intimate, personal relationships of the old-time rural neighbourhood. The older person feels dethroned and devalued in the realm of family relations where he once reigned supreme" (Old age in the modern world, 1955, p. 49). Dikwels het die moeder ook tot die arbeidsmark toegetree en kan die bejaarde nie versorg word nie (Konferensie insake Bejaardesorg, 1967, p. C4 & H2; Old age in the modern world, 1955, p. 25).

Verandering van werkgewer na werknemer.

Hierdie saak hang ook saam met die verstedeliking. In 'n landelike gemeenskap werk die volwassenes hoofsaaklik vir hulleself. In die stedelike ekonomie is die groot meerderheid in diens van ander (Barron, 1961, p. 28; Old age in the modern world, 1955, p. 50). Die boer is nie slegs hoof van die familie nie, maar ook die eienaar en organiseerder van sy plaas en toesighouer oor die werk van die kinders. Sy status in die familie en gemeenskap, ook wanneer hy oud is, is heeltemal anders as dié van die werker in die industrie. Die groei van die nywerhede het gepaard gegaan met verminderde status van die familiehoof. Sy rol het verander van werkgewer tot dié van werknemer en as hy 'n sekere ouderdom bereik, is hy eintlik werkloos; nie meer werkgewer of werknemer nie, wat aansienlike statusverlies inhou.

Vooruitgang van die wetenskap en tegnologie.

As gevolg van wetenskaplike, tegnologiese en industriële ontwikkelings is baie van die kennis wat voorheen deur bejaardes oorgedra is en takies wat deur hulle verrig is, deur nuwe tegnieke, teorieë en meganisasie vervang. Ervaring was belangrik vir die funksionering van die gemeenskap in die pre-industriële tydvak waarin ekonomiese en sosiale toestande feitlik onveranderd van die een geslag tot die ander gebly het. Die toenemende ervaring van die bejaarde het gevolglik prestige geniet. In die moderne, industriële gemeenskap met die vinnige, tegnologiese vooruitgang word die kennis deur die jare vergader, as ouderwets en n rem vir vooruitgang beskou (Rubens-Franken, 1953, p. 15; Van Andel, 1953, p. 175). Die hoër mate van differensiasie en spesialisasie bring ook mee dat die bejaarde, wanneer sy arbeidsgeskiktheid afneem, gouer as beroepsvermoënd uitgeskakel word as wat in die patriargale bedeling die geval was (Konferensie insake Bejaardesorg, 1967, p. A7 & C3). Hierby kan ook vermeld word dat die spesialisasie meebring dat take wat voorheen deur die bejaarde gedoen is, toevertrou word aan geskikte instansies (Goedmakers, 1970, p. 19).

Die mens is deur die masjien vervang en mensekrag deur meganiese krag. Die fabriek wat goedere massagewys vervaardig, het sy verskyning gemaak om in die lewensbehoefte van die mens te voorsien en kan dit ook veel doeltreffender doen. Die stadium waar die gesin deur tuisnywerhede in eie behoeftes kon voorsien en die bejaarde van sy plek verseker was, is verby. Nou is dit die fabriek, die kantoor en groot winkels.

Verenging van die arbeidsbegrip.

Keyter (1955(a), p. 272) meen dat arbeid vir die moderne mens slegs n suwel geword het om sy koopkrag te verseker. Hy moet kan tred hou met die uiterlike vertoon van n buurman. Sommige kan nie genoeg verdien om die verhoogde pryse van essensiële benodigdhede te betaal nie, ander nie genoeg om die kunsmatige lewenstandaard te handhaaf nie. Daar is voortdurend die versoeking om inkomste op onoordeelkundige

wyse te spandeer. Dit bring mee dat daar moeilik die nodige voorsiening vir die oudag gemaak word, of dat daar nie die nodige oor is om ook die oues te versorg nie (Barron, 1961, p. 35; Pollak, 1953, p. 76 & 126; National Conference on Aging, 1950, p. 161). Elke gesinslid bevind hom in 'n eie werkkring met eie arbeidsbelange wat noodwendig tot gevolg het dat die gesin al minder 'n belangegemeenskap is. Die bejaarde raak in die gesin gevolglik al meer geïsoleerd, vereensaamd en op homself aangewese.

Versnelde lewenstempo.

Ons leef in die eeu van spoed, vinnige vervoer en 'n groot verskeidenheid vervoermiddels. Die spoed waarmee van een plek na 'n ander beweeg kan word, verhewig die spanning in die stryd om te bestaan. 'n Mens kan wel vra hoe die versnelde lewenstempo die ou mense affekteer. Die klem val ook meer op jeugdige lewenskragtigheid, sodat die bejaarde uitgeskakel word. Hy is te stadig en te tydsaam vir 'n groot verskeidenheid werksoorte. Bedryfsleiding verkies jonger en meer energieke arbeiders, selfs op bestuursvlak. Dit laat baie bejaardes sonder werk en inkomste en hulle moet nou deur ander persone of instansies versorg word.

Ontspanning onafhanklik van die gesinslewe.

Soveel ontspanningsgeleenthede word deesdae buite die gesinslewe gebied en dit het ook so gekommersialiseer geword, dat die gesin nie meer soos voorheen in die midde van die gesinsontspanning staan nie. Die aard daarvan bring ook mee dat die bejaarde nouliks daaraan kan meedoen, dat hy deur ander as 'n hindernis gevoel word en dikwels beleef hy dit self. Dit het in baie gevalle ook versensaming van die bejaarde tot gevolg.

Gevorderde opvoedkundige idees.

Waar grootouers vroeër 'n besliste stem kon laat hoor wat die opvoeding van hulle kleinkinders betref, spreek nuwe pedagogiese idees en

opvatting deesdae sterker en het die ouer geslag "oorbodig" geword. Omdat die familiebande so verbreek is, kan hulle dikwels selfs nie eens meer die kinders oppas wanneer die ouers met sosiale verpligtinge besig is nie.

Permanente wonings vervang deur tydelike verblyfplekke.

Een van die opvallendste aspekte van die sosiale verandering is moontlik die manier waarop die "maak van 'n bestaan" plek gemaak het vir die "verdiër van 'n bestaan" (Lawton, 1947, p. 36). Hiermee hang saam dat baie mense nie 'n woning het nie, maar aangewys is op tydelike verblyfplekke wat kan voorsien in die eise van die werksomstandighede wat dikwels meebring dat die persoon telkens op verskillende plekke moet werk. Dan is dit geriefliker om nie 'n eie woning te besit nie, maar om meer van woonstelle gebruik te maak. Die egpaar beweeg maklik van die een plek na die ander en weg uit die vertroude omgewing. Die gesin en die familie openbaar lossere betrekkinge as wat vroeër die geval was. Dikwels beskou hulle hulleself nie meer as deel van 'n groter familieverband met verpligtinge teenoor die ouer generasie nie. Dit het ook die gevolg dat die bejaardes wat dikwels nie so maklik in nuwe omgewings oorplant en inpas nie, agterbly en losreak van die familie, meer aan hulleself oorgelaat word en hulleself moet versorg.

Die voorafgaande is feitlik almal faktore wat die sosiale struktuur van die moderne tyd sodanig verander dat dit die bejaarde van sy werk en familie verwyder en meebring dat hy as sodanig 'n "probleem" vir die samelewing begin word. Dit lei weer tot nuwe belangstelling in die bejaarde.

2.2.3 Navorsing oor ouderdom.

In die ontwikkelingsgang van die navorsing en studies oor ouderdom lê nog 'n rede vir die belangstelling in ouderdom en bejaardes wat opnuut begin posvat. Die navorsing toon die normale ontwikkelingsgang waar die onmiddellike behoefte(s) eerste aandag geniet het en waar die

vordering wat gemak is, verdere behoeftes blootlê.

In die paragrawe wat volg, sal in 'n kort oorsig oor die ontwikkeling van die gerontologie aangetoon word dat die belangstelling aanvanklik daarin gelê het om die lewe van die mens te verleng, terwyl die sosiale en psigiese aspekte en die wisselwerking tussen die bejaarde en die gemeenskap nou begin aandag geniet. Die verskuiwing van wetenskaplike aandag na die gerontologie en die geriatrie was aanvanklik geleidelik. Navorsing is eers sporadies in sekere wêrelddele gedoen en daarna het studies met 'n meer gesistematiseerde metodologie ontwikkel (Louw, 1970, p. 14) namate sosiaal-wetenskaplikes hulle kragte verenig het. Hierdie uitbreiding was eintlik eers na die Tweede Wêreldoorlog, sodat hierdie studieveld in werklikheid nog maar jonk is.

Die historiese verloop toon dat die informasie oor ouderdom eers gekom het deur waarnemings wat toevallig in verband met ander navorsing ingewin is. Dit was egter die Europese en Amerikaanse skrywers wat van die 16de tot 19de eeu die grondslag vir die moderne gerontologie en geriatrie gelê het (Kriek, 1966, p. 76; Barron, 1961, p. 3). "Hulle het hulle egter uitsluitlik toegelê op die beskrywing van maniere om die lewensverwagting van hulle tyd te bevorder" (Kriek, p. 76).

Teen die 20ste eeu het die wetenskaplike aandag en die neiging tot wetenskaplike ontleding tot die vorming van die "Club for Research on Aging" (1937, V.S.A.) gelei. Dit is saamgestel uit wetenskaplikes van verskillende dissiplines soos fisiologie, psigologie, endokrinologie, en so meer, wat jaarliks vir bespreking van navorsingsprobleme oor ouderdom ontmoet het. Baie van die navorsingsprobleme oor gerontologie het direk of indirek as gevolg van die stimulasie van hierdie klub en sy lede ontstaan (Donahue & Tibbitts, 1950, p. 15; Eastern States Health Education Conference, 1950, p. 7).

In die begin van 1939 het 'n groep Britse wetenskaplikes en professore van mediese vertakkinge besluit om 'n "International Club for Research on Ageing" te stig en om te begin, is die Britse tak gestig. Die ere-sekretaris is na verskillende Europese lande gestuur om ander takke te stig. Nog in 1939 is verskeie takke gestig, maar die oorlog het hierdie bedrywighede beëindig. Na die oorlog is die aktiwiteite hervat (Barron, 1961, p. 5; Eastern States Health Education Conference, 1950, p. 78).

Teen 1940 het die belangstelling so toegeneem dat 'n "Geriatric Society" gestig is deur lede van die mediese professie wie se belangstelling hoofsaaklik in siektes van ouer mense was. Hulle het die kliniese tydskrif "Geriatrics" uitgegee (Barron, 1961, p. 6; National Conference on Aging, 1950, p. 7).

Nie net bioloë en medici het veroudering as navorsingsgebied gesien nie, maar teen 1944 ook sosioloë, ekonome, maatskaplike werkers, en so meer. Die behoefte aan professionele organisasie het in dieselfde jaar tot die stigting van die "Gerontological Society" gelei. Saam met jaarlikse byeenkomste het hulle in 1945 die "Journal of Gerontology" begin uitgee (Goedmakers, 1970, p. 61; Kriek, 1966, p. 7; Barron 1961, p. 6; National Conference on Aging, 1950, p. 7).

Die stigting van komitees oor bejaardheid by sekere bestaande professionele verenigings was eintlik die volgende natuurlike stap in die ontwikkeling. So het die "American Psychological Association" (A.P.A.) in 1946 'n "Division on Maturity and Old Age" georganiseer en die "Social Science Research Council", 'n komitee wat spesifiek met die probleme van ouderdom te doene gehad het, is gevorm.

Teen 1950 is die ontwikkeling van die gerontologie en die geriatrie verder gestimuleer deur nasionale en internasionale kongresse wat groot

Velde van belangstelling op internasionale kongresse

| Belangstellingsveld | 3de Kongres | | 4de Kongres | |
|---|-------------|----|-------------|----|
| | Getal | % | Getal | % |
| Biologiese en mediese navorsing .. | 99 | 51 | 162 | 46 |
| Mediese sorg | 21 | 11 | 87 | 26 |
| Psigologiese navorsing | 15 | 8 | 24 | 7 |
| Sosiologiese navorsing | 0 | 0 | 9 | 3 |
| Sosiale sorg | 41 | 21 | 36 | 11 |
| Alle biologiese en mediese studies | 120 | 61 | 249 | 73 |
| Alle psigologiese, sosiale en ekonomiese studies | 76 | 39 | 94 | 27 |

(Burgess, 1961, p. 358)

Hieruit blyk dat wetenskaplikes meer begaan was oor die mediese en biologiese aspekte van die ouderdomsprobleem. Geleidelik sou die psigologiese en sosiologiese aspekte egter ook belangstelling begin geniet. Barron (1961, p. 25) praat van die idee wat begin posvat het dat die meeste probleme van ouderdom en bejaardes probleme in menslike verhoudings is en dat dit ondersoek in hierdie rigting gestimuleer het. Louw (1970, p. 16) meld weer dat die belangrikheid van die maatskaplike sy mettertyd begin deurwerk het. So is op die konferensie wat in 1967 in die Republiek gehou is, liggaamlike behoeftes en probleme van bejaardes bespreek, maar daar was ook 'n klemverskuiwing na die maatskaplike en psigiese soos uit die verslag oor die konferensie blyk (Konferensie insake Bejaardesorg, 1967).

Noudat die probleme van die chroniese sieke en die behouding van lewe in 'n mate opgelos is, word die belangrikheid van die sosiale en psigiese besef. Hieronder is ook houdings teenoor en opvattinge van ouderdom soos in hierdie studie betrek. Dit was 'n natuurlike ontwikkeling voorberei deur wetenskaplike navorsing en deur sekere veranderinge

in wetenskaplike denke (Pollak, 1948, p. 6 - 7).

Fougère (1971, p. 8) praat dan ook van die "gloednuwe" wetenskap oor die bejaarde, die geriatric en gerontologie wat sedert die einde van die vyftigerjare ontwikkel het en Goedmakers (1970, p. 207) meld dat die sorg vir die ouerwordende persoon na die Tweede Wêreldoorlog in die sentrum van wetenskaplike aandag gekom het.

Uit die voorafgaande blyk dat werklike navorsing oor en wyer belangstelling in die bejaarde pas voor die Tweede Wêreldoorlog begin en eintlik na die vrede eers vinnig uitgebrei het. Dit is met ander woorde 'n jong navorsingsveld waarin die mediese en fisiologiese aspekte weens die dringende noodsaaklikheid daarvan, eerste bestudeer is.

2.2.4 Mannekragtekort.

Met die bestaande mannekragtekort in die land wek die bejaardes ook belangstelling as moontlike arbeidsbron soos in die geval van vroue-arbeid, arbeid van gestremdes, en so meer.

Tradisioneel is 60 jaar as arbitrêre skeidslyn tussen die middeljare en die ouderdom geneem, maar as gevolg van beter lewensomstandighede, gesondheidsorg, en so meer, toon die meeste mense nie die fisiese of geestelike karakteristieke van ouderdom tot die middel van die sestiger- of begin van die sewentigerjare nie. So is gesê dat 'n persoon as oud bestempel word wanneer hy 65 jaar is, terwyl 'n ouderdom wat die persoon se afhanklikheid bedreig, sig gewoonlik nie voor 70 jaar laat voel nie (Die lewensomstandighede van bejaardes, 1962, p. 4; Birren, 1959, p.319). Eers teen die tyd dat 'n persoon 75 jaar bereik, is dit slegs in uitsonderlike gevalle dat die biologiese en sosiale effekte van 'n lang oorlewing vrygespring kan word.

Die neiging bestaan egter om, al is dit net vir praktiese doeleindes, 65 jaar as die begin van die ouderdom te stel soos dit in baie Westerse lande as vlak vir aftree-ouderdom aanvaar is. Daar is na aftrede soos

dit op die oomblik bestaan en met die verhoogde lewensverwagting, nog 10 - 15 jaar aktiewe lewe vir baie mense oor. Dis verstaanbaar dat die gedagte al hoe meer byval vind dat die aftree-ouderdom hersien moet word, sodat van hierdie jare aan produktiewe arbeid bestee kan word.

Sommige navorsers verdeel die ouderdom in fases om 'n duideliker beeld daarvan te gee. Waar etlike van hierdie indelings in werklikheid die chronologiese ouderdom na minstens 70 jaar opskuif, voordat die persoon as oud beskou moet word, versterk dit die idee dat die aftree-ouderdom verander moet word. Ter illustrasie kan twee van hierdie indelings gegee word.

Daar is 'n eenvoudige indeling in slegs twee groepe (Nuffield Foundation Survey Committee, 1947, p. 1):

- i. Daar is diegene onder 70 jaar wat slegs oud is, maar oor die algemeen nog in staat is om 'n normale lewe te lei.
- ii. Dan is daar diegene bo 70 jaar wat dikwels neig om werklik oud te word met 'n toenemende vermindering van intellektuele en psigiese krag.

In 'n verdere indeling word onderskei (Barron, 1961, p. 239 - 240):

- i. 'n "Vroeg-laai volwassenheid" (early-late maturity) tussen 65 en 70 jaar.
Daar is gewoonlik so 'n bietjie moegheid, 'n opvallende droogheid van die vel, geen opvallende fisiologiese agteruitgang nie en geen terugtrekking van die gemeenskap nie.
- ii. 'n "Middel-laai volwassenheid" (middle-late maturity) tussen 70 en 75 jaar.
Daar is gewoonlik 'n opvallende afname in energie, in reaksietyd sosiale deelname, arbeidskrag, buigsamheid.
- iii. 'n "Laai-laai volwassenheid" (late-late maturity) van 75 jaar af.
Daar is gewoonlik 'n uniforme beeld van min energie, moegheid, 'n

hoë voorkoms van siektes, erg verrimpelde vel, 'n algemene terugtrekking van gemeenskapslewe.

Sommige ondersoekers huldig die opvatting dat dit nie nodig is om die aftree-ouderdom te verhoog nie, maar dat 'n vasgestelde aftrede op 65 jaar vervang moet word deur metodes om te onderskei tussen diegene wat behoort af te tree as gevolg van afname van werkvermoë - fisies, geestelik of beide - en diegene wat in staat is om nog langer te werk.

Die vraag van wat die geskikste beleid vir die bejaarde en die bedryf is, 'n vaste aftree-ouderdom of vrywillige aftrede, is die laaste woord nog lank nie gespreek nie. Beide hou sekere voor- en nadele in. Van die belangrikste voordele wat verpligte aftrede inhou, is die volgende:

- i. Dit geskied objektief, sonder enige diskriminasie.
- ii. Die werknemer verwag die aftrede en is meer geneig om daarvoor te beplan.
- iii. Jonger werknemers verkies hierdie optrede.
- iv. Meer geleenthede vir bevordering word geskep.

Van die belangrikste nadele is weer:

- i. Goeie werknemers kan verloor word.
- ii. Dis 'n onbuigsame beleid.

Vrywillige aftrede hou weer die volgende voordele in:

- i. Goeie werknemers kan behou word.
- ii. Hierdie beleid hou rekening met individuele verskille.
- iii. Dit mag tot ekonomiese voordeel van die land wees.
- iv. Ouer werknemers verkies hierdie optrede.

Van die nadele kan die volgende genoem word:

- i. Dit hou vir die werknemer groot onsekerheid oor die aftrede in.
- ii. Daar bestaan 'n gebrek aan kriteria om werklik effektief te besluit watter werknemers behou moet word.

Ten gunste van verpligte aftrede word o.a. geskryf in Eastern States Health Education Conference (1950, p. 177); terwyl vrywillige aftrede o.a. bepleit word deur Weatherall (1969, p. 60); Barron (1961, p. 204); in Report of the White House Conference on Aging (1961, p. 65, 120, 140, 142 & 200); in Governor's Conference on Problems of the Aging (1955, p. 19, 337 & 514); in Old age in the modern world (1955, p. 295); en deur Rubens-Franken (1953, p. 111 - 112). 'n Volledige bespreking van beide sienswyse word gegee deur Geist (1968, p. 31 - 36) en in National Conference on Aging (1950, p. 51, 54 & 76).

Oor die ouer werker as sodanig, of 'n vergelyking tussen die ouer en die jonger werker, is al heelwat geskryf en eksperimentele ondersoeke gedoen. In hierdie verband kan geraadpleeg word o.a. V.S.A. Congress. Senate. Special Committee on Aging; Weatherall; Konferensie insake Bejaardesorg; Barron; Report of the White House Conference on Aging; Pressey & Kuhlen; Old age in the modern world; Rubens-Franken; Industrial Relations Research Association; Wellford en Pollak (1970, p. 113 - 127; 1969, p. 56 - 62; 1967, p. J8 - J9; 1961, p. 150 - 162; 1961, p. 144 - 150 & 200; 1957, p. 239 - 241; 1955, p. 290 - 338; 1953, p. 112; 1950, p. 181 - 182; 1950, p. 1 - 149; 1948, p. 94 - 115).

Verskeie omstandighede (soos veral onder "Veranderde samelewingstruktuur" geskets) het dan daartoe bygedra dat die bejaarde ook as arbeider uitgeskakel is. Nou is daar egter weer faktore aan die werk wat juis opnuut belangstelling in die bejaarde as arbeider prikkel. Daar is die toename in die getal bejaardes; nuwe dienspligtiges doen nou langer as vroeër in die eerste jaar diensplig en is dus langer as voorheen as arbeiders uitgeskakel; dogters kan nou ook militêre opleiding geniet; en so meer.

Die rigting waarin gewerk word, is dat spesifieke werkseleenthede vir die bejaarde geskep moet word om diskriminasie teen die ouer werkers te probeer uitskakel en hulle as produktiewe arbeidskragte te betrek.

2.2.5 Woningnood.

In 'n tydsbestek gekenmerk deur woningnood en deur die waardering van die bejaardes as groep geregtig op gespesialiseerde aandag, het ook die verblyfplek van die bejaarde onder die soeklig gekom. Waar 'n persoon woon, kan ingrypende gevolge vir elke mens hê en het dit beslis vir die bejaarde (Goedmakers, 1970, p. 17 & 114; Report of the White House Conference on Aging, 1961, p. 181). Geskikte behuising word as een van die belangrikste behoeftes in die lewe van die hedendaagse Westerse bejaarde gesien (Louw, 1970, p. 120). Studies en ondersoeke spesifiek op die behuising van bejaardes gerig, word in toenemende mate onderneem.

Quetehuse is aanvanklik as die ideale heenkome vir bejaardes beskou. Waar die bejaardes nie meer 'n onafhanklike lewe kan lei nie en die sosiale struktuur steeds meer die afbreek van die familie in die hand werk, sodat substitute verskaf moet word, is eers op ouetehuse gekon-sentreer. Die inrigtingsversorging van bejaardes het gevolglik baie aandag geniet. Konferensies is en word gehou en referate oor die ver-sorging gelewer, sodat inrigtingsversorging op 'n steeds hoër peil gebring word. In toenemende mate word ook gevra dat die personeel opleiding moet geniet (Munnichs & Janmaat, 1970, p. 7; Konferensie insake Bejaardesorg, 1967, p. 14 & D6). In die jaarverslag van die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Bejaardes (1972, p. 8) word gemeld dat die Raad die Departement van Volkswelsyn en Pensioene in 1962 genader het met die versoek dat opleidingskursusse vir personeel van tehuse vir bejaardes ingestel word. Vanaf 1973 word 'n twee-jaarkorrespondensie-kursus aan die Witwatersrandse Opleidingskollege aangebied. Dit sluit twee maande praktiese opleiding in.

'n Gedagte wat nou steeds meer op die voorgrond tree, is die wenslikheid daarvan dat bejaardes in hul eie woning eerder as in 'n inrigting moet bly,

sodat die opname in 'n inrigting altyd as laaste uitweg gesien moet word (SANR vir die Welsyn van Bejaardes (Jaarverslag), 1971, p. 2; Konferensie insake Bejaardesorg, 1967, p. 8, C11 & D1; Rudd, 1967, p. 111; Hill, 1961, p. x & 71; Report of the White House Conference on Aging, 1961, p. 174; Old age in the modern world, 1955, p. 34; Rubens-Franken, 1953, p. 158; Van Andel, 1953, p. 165; National Conference on Aging, 1950, p. 119; Pollak, 1948, p. 89). Dit stel hulle in staat om so lank moontlik selfstandige en volwaardige lede van die gemeenskap te bly. Hierdie standpunt word in toenemende mate beklemtoon. Louw wat besondere aandag aan hierdie saak gewy het, het gevind dat dit die beleid is wat sonder uitsondering in die nege verskillende lande wat hy besoek het - die Verenigde State van Amerika, Kanada, Engeland, Nederland, België, Duitsland, Frankryk, Switserland en Italië - gevolg word (1969, p. 2 - 3).

Die amptelike beleid in die Republiek van Suid-Afrika vandag is dat ouetehuse al hoe minder 'n blote huisvestingsmaatregel of losieshuis vir bejaardes word, maar al hoe meer 'n toevlugsoord vir bejaardes wat weens liggaamlike en geestelike verswakking of om maatskaplike redes hulle selfstandigheid verloor het en hulleself nie meer in die gemeenskap kan handhaaf nie, nieteenstaande al die bestaande hulpdienste vir bejaardes in die gemeenskap. Die Minister van Volkswelsyn en Pensioene het in 1966 by die opening van 'n ouetehuis op Bethal ook verklaar dat die klem in Suid-Afrika te veel op die daarstelling van tehuse vir bejaardes gelê is en dat hulle sodoende te gou en te maklik van die gemeenskap onttrek en in tehuse geplaas is; met dienslewering en die nodige woningvoorsiening op die regte wyse en plek kan die bejaardes baie langer en gelukkiger as 'n aktiewe deel van die gemeenskap behou word (Mulder, 1969, p. 3). Ook weer in 1970 beklemtoon hy in 'n toespraak die belangrikheid om voorsiening te maak vir huisvesting van bejaardes in klein woninkies en woonstelle en die instelling van hulpdienste om hulle behulpsaam te wees om hulle onafhanklikheid binne die gemeenskap te behou (SANR vir die Welsyn van Bejaardes (Jaarverslag), 1971, p. 2).

Louw wat in 1970 'n proefskrif voltooi het oor die plek en taak wat ouetehuse behoort in te neem, kom tot die gevolgtrekking dat daar op groot skaal ouetehuse gebou word, terwyl maatskaplike aksie wat ten doel het om bejaardes in staat te stel om so lank moontlik selfstandig in die gemeenskap te funksioneer, veels te min aandag geniet en feitlik verdwerg word deur pogings om al hoe meer ouetehuse te bou (1970, p. 2). Die klem word dan nou daarop geplaas dat in plaas daarvan om ouetehuse op te rig, geskikte huisvesting ook woonstelle en woninkies met diensentra of die nodige tuisdienste moet insluit. Tehuse word steeds meer gesien as gespesialiseerde diens aan bejaardes vir wie daardie versorging onontbeerlik geword het. In die Handleiding vir spesiale behuising vir bejaardes (1971, p. 2) deur die Nasionale Bounavorsingsinstituut word as riglyn aangedui 'n reeks behuisingskategorieë wat verskil in die mate waartoe hulp- en versorgingsdienste ingeskakel word. Terselfdertyd word daar voorsiening gemaak vir die hoogs moontlike onafhanklikheid en kontak met die gemeenskap wat in elke kategorie uitvoerbaar is.

Word gegewens oor die getal ouetehuse in Suid-Afrika en inwonertal nagegaan, bevestig dit dat inrigtingsorg in die Republiek in die praktyk die vernaamste vorm van versorging van bejaardes was. Die ideaal moet wees dat dit vir die bejaarde moontlik moet wees om so lank as moontlik in die woning waaraan hy gewoon is of waarin hy verkies, te bly woon. In die woning is immers al die herinneringe van die lief en leed van die gesin se saamwees opgesluit. In sommige ouetehuse word die bejaarde toegelaat om 'n goedgekeurde meubelstuk te behou - dit kan vir die bejaarde 'n gewaardeerde besitting wees juis as gevolg van die herinneringe wat daaraan kleef.

In verband met die soorte behuising vir bejaardes het die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing in 1966 'n opname gedoen en die volgende gevind (Wetgewing ter beskerming van Bejaardes, 1966, p. 5):

- i. Op hul eie in huise, woonstelle of losieshuise 68%
- ii. By kinders of familie 25%
- iii. By vreemdelinge 2%
- iv. In ouetehuise 3%

Anderson het 'n proefskrif oor die soorte behuising van bejaardes in Pretoria geskryf. Sy ondersoek het 4,878 persent van die totale getal bejaardes oor 65 jaar in Pretoria ingesluit en hy het gevind dat 8,4 persent in ouetehuise gebly het (1965, p. 169).

Behr het in 'n verslag oor die gemeenskapsdienste vir bejaardes (1971, p. 1) aangedui dat vir die tydperk 1959 - Augustus 1970 die ouetehuise wat deur die Departement vir Volkswelsyn en Pensioene gesubsidieer word, van 57 tot 169 vermeerder het en die inwonertal van ongeveer 2 800 tot ongeveer 9 600. Die getalle van persone wat in ouetehuise versorg word, het dus in die 11 jaar meer as verdriedubbel. Volgens inligting deur die Departement van Volkswelsyn en Pensioene verstrekk, was daar op 31 Desember 1972 in die Republiek 212 geregistreerde ouetehuise met voorsiening vir 13 359 inwoners. Ook was daar 66 tehuise goedgekeur en in een of ander stadium van oprigting. Daar is ook van die geregistreerde ouetehuise wat nie deur die Departement gesubsidieer word nie, maar wat op 'n sakegrondslag bestuur word.

In 1968 was die persentasie bejaardes wat in die Republiek in ouetehuise was, ongeveer 6 persent van die totale bevolking (Louw, 1970, p. 228) en hierdie persentasie toon 'n steeds stygende tendens. Die persentasie bejaardes in ouetehuise in verskeie Westerse lande wissel gemiddeld tussen 3 en 5 persent (Louw, 1970, p. 197). Suid-Afrika het naas Nederland die hoogste persentasie bejaardes in ouetehuise in die Westerse wêreld. Hiermee saam kan ook in gedagte gehou word dat die bejaardes in die Republiek 'n kleiner gedeelte van die bevolking as in die meeste ander Westerse lande vorm (soos in die afdeling "Toename in getal bejaardes" gemeld).

Tuishulpdienste word gevolglik allerweë bepleit, sodat onafhanklike lewe vir bejaardes gesteun kan word (aanbeveel deur o.a. SANR vir die Welsyn van Bejaardes (Jaarverslag), 1971, p. 2; Konferensie insake Bejaardesorg, 1967, p. C11; Rudd, 1967, p. 23; Barron, 1961, p. 192 & 223; Report of the White House Conference on Aging, 1961, p. 196; Governor's Conference on Problems of the Aging, 1955, p. 356; Jooste & Havemann, 1954, p. 100; Rubens-Franken, 1953, p. 158; National Conference on Aging, 1950, p. 173). 'n Volledige bespreking van tuishulpdienste wat gelewer kan word, word in die Konferensie insake Bejaardesorg (1967, p. C13 - C32) gegee. In die jaarverslag van die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Bejaardes (1969, p. 2) word die volgende dienste wat vir bejaardes in die gemeenskap gelewer word, gemeld: mobiele-etes, tuishulp, dienssentra, klubs en hulpverlening deur opgeleide maatskaplike werkers. In die verslag tot Maart 1970 (1970, p. 8) word aangedui die "Maaltye-op-r-Fiets" van die O.V.V. van Smithfield en die "Voedsel-te-Voet" van die Randse Hulpverlening wat maaltye te voet na verswakte, bejaarde kleurlinge neem. In die verslag vir 1971 word gemeld: mobiele etes, tuishulpskemas, wasserydienste, besoekdienste, vervoerdienste, vakansiedienste.

Die Departement van Volkswelsyn en Pensioene het ondersoek ingestel na gemeenskapsdienste vir bejaardes wat in die Republiek gelewer word. (Die resultate is as uitgawe no. 4 van 1971 in die Departement van Volkswelsyn en Pensioene se reeks "Navorsing en Inligting" gepubliseer). Die dienste word onder 4 hoofde bespreek: huishoudelike hulpdiens, gesondheidsdienste, ontspannings- en vryetydsbenuttingsdienste en dienssentrums. Die gevolgtrekking waartoe gekom word, is dat die meeste dienste op 'n losse voet plaasvind en dat dit in sekere gebiede nog yl versprei is. Die dienste wat die meeste gelewer word, soos vrienkskaplike besoeke, funksies en onthale, materiële hulpverlening en vervoerdienste, is nie die dienste wat die nodigste is om bejaardes langer selfstandig te laat bly woon nie. 'n Belangrike bevinding van die ondersoek was dan ook dat gemeenskapsdienste vir bejaardes nog betreklik onbekend by welsynsorganisasies was. Organisasies het

skynbaar nog nie beseef dat gemeenskapsdienste vir bejaardes in die plek van inrigtingsdienste ingestel kon word nie.

Met die aandag op die bejaardes word gevra dat hulle nie eenkant weggebêre moet word nie - watter tipe projek ook al vir hulle aangepak word.

Die sosiale omgewing, veral die ouderdomstruktuur van die plaaslike omgewing, behoort heelwat aandag te geniet, hoewel daar nog nie eenstemmigheid bestaan oor die vraag of 'n verspreiding van bejaardes tussen jonger persone beter is as 'n konsentrasie van bejaardes nie. Dat die bejaardes tussen jonger persone versprei moet word, word aange-
moedig, onder andere in Konferensie insake Bejaardesorg (1967, p. C11); Report of the White House Conference on Aging (1961, p. 186); National Old People's Welfare Committee (1952, p. 54). Anderson (1961, p. 148) steun weer die ander sienswyse.

Diegene wat laasgenoemde standpunt voorstaan, gaan van die gedagte uit dat net soos die adolessent met sy liggaamlike veranderinge die versekering van sy eie ouderdomsgroep nodig het, ook 'n gevoel van dialoog met hulle, so het die bejaarde kontak met ander bejaardes nodig terwyl hy in homself afname in fisiese en psigiese kragte waarneem (Pikunas, 1961, p. 380). Sommige meen ook dat vriendskappe eerder gevorm word tussen persone van dieselfde geslag, huwelikstaat, lewenstyl, en so meer (Rosow, 1967, p. 77; International Association of Gerontology, 5th congress. Vol. 1, 1962, p. 37). In 'n studie van 12 000 ouer Amerikaners het Rosow gevind dat bejaardes eerder vriendskappe met ander bejaardes as jonger persone sluit (Neugarten, 1968, p. 383). Weatherall (1969, p. 73) verwys na twee ondersoeke in Amerika wat aangetoon het dat bejaardes verkies om tussen bejaardes te woon en ook eerder vriendskappe met hulle sluit. Waar daar 'n konsentrasie van bejaardes verkies word, word egter tog voorgestaan dat kontak op ander maniere tussen die jonger en ouer generasies bewerkstellig moet word.

Aan die ander kant is daar weer diegene wat die standpunt huldig dat as huisvesting gegee word in gebiede wat persone van alle ouderdoms-groepe insluit, dit ouer mense sal aanmoedig om kontak met jonger families en individue te soek.

Die beplanning en oprigting van geboue - woonstelle, kamers, ouetehuse, ens. - vereistes waaraan die geboue en die terrein moet voldoen, die interne aangeleenthede, en so meer, is 'n studieveld op sy eie waaraan ook steeds meer aandag gegee word. Oor al hierdie aspekte kan meer besonderhede verkry word in Handleiding vir spesiale behuising vir bejaardes; Goedmakers; Handleiding oor die versorging van bejaardes in tehuise; Weatherall; Beyer & Nierstrazz; Konferensie insake Bejaardesorg; Anderson; Barron; Hill; Report of the White House Conference on Aging; Rubens-Franken; National Conference on Aging; Handleiding vir die versorging van bejaardes in tehuise (1971, p. 1 - 45; 1970, p. 42 - 45 & 132; 1969, p. 9 - 24; 1969, p. 69 - 91; 1967, p. 1 - 162; 1967, p. 61 - 621; 1961 p. 153 - 162; 1961, p. 196; 1961, p. 113 - 129; 1961, p.181 - 183; 1953, p. 204 - 211; 1950, p. 162; s.j. p. 22 - 24). Dit spreek vanself dat elke gebou nogtans individuele beplanning sal verg met inagneming van die doelstellings van die onder-nemende organisasie, die omstandighede van oprigting, beskikbare fondse, en so meer.

Antwoorde moet ook nog gevind word op vrae soos die volgende:

- i. Of dit vir bejaardes beter is om in hulle bekende omgewing te bly of om 'n verandering te maak.
- ii. Of hulle die gelukkigste in 'n stad of op 'n dorp of op 'n plaas is.
- iii. Of hulle gelukkiger is in plekke waar hulle kinders bly, of waar ander familie bly, of waar kennise van ongeveer dieselfde ouderdom bly.

Waar verandering van verblyfplekke vir bejaardes tog noodsaaklik word, staan navorsers voor dat die verandering nie te lank uitgestel moet word

nie (Hill, 1961, p. 65; Donahue & Tibbitts, 1950, p. 65). 'n Nuwe omgewing moet oordeelkundig gekies word en dis uiters wenslik dat 'n mate van voorbereiding voor so 'n verandering gegee word. Wat hierdie voorbereiding insluit, die verhuising self en wat dit vir die bejaardes beteken, word breedvoerig deur Munnichs & Janmaat (1970, p. 44 - 53) bespreek.

Die woningvoorsiening vir bejaardes geniet toenemende aandag; landswye ondersoek word onderneem en navorsing en studies word in feitlik al die Westerse lande onderneem. Sodoende word die aandag pertinent op bejaardes en op die ouderdom gevestig.

2.2.6 Behoeftes en aanpassing van bejaardes.

Met die toename van die bejaardes in die samelewing het ook die vraag na hulle behoeftes en aanpassing nuwe belangstelling ontlok. Die gedagte het begin deurwerk dat bejaardes behoeftes eie aan bejaardes het en dat die behoeftes en aanpassingsprobleme nie net met die fisiologiese en psigologiese afnames saamhang nie; dat ouderdomsprobleme ook kan ontstaan as gevolg van veranderinge in die sosiale geleentehede en verwagtings (soos onder "Veranderde samelewingstruktuur" geskets) wat nuwe behoeftes skep of die bevrediging van behoeftes op gewone maniere blokkeer (Pollak, 1948, p. 40).

Elke dekade van die menslike lewenspan het sy eie emosionele probleme en onsekerhede wat in 'n mate van die voorafgaande of volgende dekades verskil. Op heel besondere wyse geld dit vir die ouderdom. Daar kan eerstens aangeneem word dat hulle min of meer dieselfde behoeftes as persone in ander ouderdomsgroepe sal hê (Goedmakers, 1970, p. 79; Handleiding oor die versorging van bejaardes in tehuise, 1969, p. 95; Kriek, 1966, p. 91; Brümmer, 1963, p. 1; Central Bureau for the Jewish Aged, 1962, p. 33; Die lewensomstandighede van bejaardes, 1962, p. 34; Old age in the modern world, 1955, p. 36; Pollak, 1948, p. 55). Dan sal die meer fundamentele behoeftes hulle nou ook sterker laat geld en sal hulle ook behoeftes spesifiek as gevolg van die ouderdom hê (Hand-

leiding vir spesiale behuising vir bejaardes, 1971, p. 1; Kriek, 1966, p. 91; Old age in the modern world, 1955, p. 39).

'n Groep skrywers meld sekere behoeftes belangrik vir die bejaarde, meesal in 'n bepaalde volgorde. Van die belangrikste is:

- i. Sekuriteit en veiligheid.
(Pikunas & Albrecht, 1961, p. 297; Le Roux in Nasionale Konferensie insake die Welsyn van Bejaardes, 1955, p. 56; Marais in die verslag van genoemde Konferensie, 1955, p. 75; Old age in the modern world, 1955, p. 51; Pollak, 1948, p. 40).
- ii. Erkenning.
(Louw, 1969, p. 95; Konferensie insake Bejaardesorg, 1967, p. 4; Pikunas & Albrecht; Le Roux; Marais; Pollak).
- iii. Liefde en toegeneentheid.
(Louw; Pikunas & Albrecht; Le Roux; Marais; Old age in the modern world; Pollak).
- iv. Uitdrukking van belangstellings.
(Le Roux; Pollak).
- v. Selfrespek en selfwaarde.
(Pikunas & Albrecht; Le Roux).
- vi. Gelding.
(Marais).
- vii. Onafhanklikheid.
(Konferensie insake Bejaardesorg).

Ondersoekers soos Tibbitts en Donahue het vir die vasstelling van behoeftes na die bejaardes self gegaan as diene wat die aard van hierdie ondervinding die beste ken en hulle self laat bepaal wat dit vir hulle beteken om oud te word. Hulle het die volgende sewe be-

hoeftes geformuleer:

- i. 'n Behoefte aan woonplek wat meer as 'n skooling is.
- ii. 'n Behoefte aan vriendskap en geleentheid vir interpersoonlike verhoudings.
- iii. 'n Behoefte aan emosionele sekuriteit.
- iv. 'n Behoefte aan finansiële sekuriteit.
- v. 'n Behoefte aan geleenthede om deel te neem aan aktiwiteite wat bevrediging en geleentheid vir skepping gee.
- vi. As gevolg van 'n toenemende gevoel van die belangrikheid van geestelike waardes, 'n nuwe of hernude waardering vir religie.
- vii. 'n Behoefte aan gesondheid en gemak.

Dit spreek dan eintlik vanself dat bejaardes ook aanpassingsprobleme, karakteristiek vir bejaardes, kan hê. Die ontwikkelingstake wat in die ouderdom bemeester moet word en wat meer spesifiek aanpassing ten opsigte van verliese impliseer, is soos volg deur Kuhlen (Birren, 1959, p. 864) geformuleer:

- i. Aanpassing by afnemende fisiese krag en gesondheid.
- ii. Aanpassing by aftrede en verminderde inkomste.
- iii. Aanpassing by dood van lewensmaat.
- iv. Verkryging van affiliasie met die eie ouderdomsgroep.
- v. Verkryging van bevredigende woonplekke.

In teenstelling met die donker prent wat van ouderdom geteken is as die tyd van wanaanpassing met geen moontlikhede tot uitlewing nie, gaan verskeie ondersoekers van die standpunt uit dat bevrediging en uitlewing in die ouderdom heeltemal moontlik is (Opgenoorth, 1971, p. 181; May, 1968, p. 17; Report of the White House Conference on Aging, 1961, p. 239; Rubens-Franken, 1953, p. 100; Van Andel, 1953,

p. 128, 145 - 146; Vischer, 1950, p. 179; Pollak, 1948, p. 65; Hollingworth, 1927, p. 321 - 322).

Al die fisiese en psigiese veranderinge wat met ouderdom gepaard gaan, kan nie vermy word nie, maar baie kan tog verdra en mee saamgeleef word (Rudd, 1967, p. 52); of dit kan ook gesien word soos Geist dit stel, dat daar in die ouderdom psigologiese wins is wat vir verliese kan kompenseer. So kan die ouderdom deur vernouing van die toekoms die mens help om sy verlede te aanvaar; passiwiteit in 'n jongmens as swakheid beskou, word in die bejaarde verdra; deur die bejaarde toe te laat om sy begeertes direk uit te spreek, mag ouderdom groter vryheid bring en die behoefte aan neurotiese verdediging verlaag; en so meer (1968, p. 18). Soortgelyke kompensasies in die ouderdom word ook deur Pollak genoem (1948, p. 47).

Heelwat ondersoekers onderskei kategorieë om mate van suksesvolle aanpassing in die ouderdom uit te beeld. Le Roux (Nasionale konferensie insake die Welsyn van Bejaardes, 1955, p. 55) onderskei twee soorte:

- i. Diegene wat met min frustrasie te doen kry, wie se omgang gekenmerk word deur jovialiteit, 'n gemaklike, openhartige verhouding tot ander en ook 'n blymoedige uitkyk op sake. Vir hulle hou die vermeerdering van jare geen besondere vraagstukke in nie; hulle gaan die beperkings van die ouderdom tegemoet met dieselfde blymoedigheid, 'n mens kan amper sê "avontuurlus" as waarmee hulle ander dinge tegemoet gegaan het en vind selfs besondere bevrediging in die staat van bejaardheid, veral omdat die agting wat hulle geniet, dit vir hulle moontlik maak om gedurig uit die skatte van hul ervaring te put en wysheid en raad aan jongeres oor te dra.
- ii. Diegene wat onvergenoegd en onseker en bevange is en deur hulle lewenservaring al meer geïsoleerd raak. Gewoonlik word gevind dat sulke mense later in mindere of meerdere mate hipokondries word, wat eintlik beteken dat, terwyl hulle nie agting afdwing

nie, hulle hulle daartoe moet wend om die aandag op hulle te vestig deur hulle tot las vir ander te maak.

Riesman gaan veral uit van die reaksie van die individu op die ouer word en gee 'n indeling in drie kategorieë: die "outonome" (autonomous), "aangepaste" (adjusted) en "onreëlmatige" (anomic) groepe.

Suzanne Reichard gee vyf persoonlikheidstipes: die "volwasse" (mature) die "leunstoel"-(rocking chair) die "bewapende" (armoured), die "aggressiewe" (angry men) en die "selfverwyt"-(self-haters) groepe. In Riesman se indeling is dit die "aangepaste" en in Reichard s'n die "volwasse", "leunstoel"- en "bewapende" groepe wat 'n goeie aanpassing met 'n bepaalde patroon van aanpassing maak. Riesman se algemene kategorieë sien soos volg daar uit (Hurlock, 1968, p.787; Diederich, 1954, p. 106 - 107):

- i. Die "aangepaste" groep is dié wat die take deur die omgewing aan hulle gegee, uitvoer en daardeur lewendig gehou word, al doen hulle nie nuwe ervarings op nie. Die omgewing verskaf 'n beskerming aan hulle. Hulle kan hulleself handhaaf slegs solank die kulturele situasie gunstig bly.
- ii. Die "outonome" groep word gekarakteriseer deur skeppende vermoë en 'n wakkerheid van gees wat die liggaam lewendig hou. Hulle is betreklik immuun teen kulturele veranderings en vir hulle bring ouderdom toename in wysheid sonder verlies van spontaneïteit. Hulle is nie noodwendig gebalanseerde of goed aangepaste individue nie en in getalle verteenwoordig hulle 'n betreklike klein groep.
- iii. Die derde groep, die "onreëlmatiges", gaan agteruit sodra die fisiese vitaliteit verlore is en hulle uit die arbeidsproses geskakel word. Hulle is nie in staat om onafhanklik te funksioneer en die lewenspatroon wat met verloop van jare gevorm is, los te laat nie.

Reichard omskrywe weer haar (genoemde) groepe soos volg (International Association of Gerontology, 5th congress. Vol. 1, 1962, p. 666):

- i. Die eerste groep as die "volwasse" groep omdat hulle 'n konstruktiewe eerder as 'n impulsiewe of verdedigende benadering teenoor die lewe toon. Hulle betreklike vryheid van neurotiese inhibisies laat hulle toe om die lewe ten volle te geniet. Hulle aanvaar verantwoordelikhede teenoor familie, is liefdevolle eggenote. Hulle voel die lewe was die moeite werd.
- ii. Die tweede is die "leunstoel"-groep as gevolg van hulle karakteristieke behoefte om op ander te leun en die lewe gemaklik te neem. Hulle geniet rus en ontspanning en sien na vrye tyd en vakansie uit. Hulle pas goed in die ouderdom aan, want die gemeenskap gun hulle die geleentheid om passief en afhanklik te wees, wat nie vir jongmense toegestaan word nie.
- iii. Die derde is die "bewapende" groep. Hulle behou 'n hoogs ontwikkelde en glad funksionerende sisteem van verdediging teen bekommernis; is bang vir die fisiese en psigiese deteriorasies met ouderdom geassosieer; is gelukkig en goed aangepas solank hulle besig kan bly, omdat hulle nie sin in die passiwiteit en hulpeloosheid van die ouderdom kan sien nie.
- iv. Die "aggressiewes" is vyandiggesind en blameer ander vir hulle frustrasies en mislukkings; hulle voel gedurig vyandigheid in ander aan en kan nie twyfel of onsekerheid verduur nie. Hulle aanvaar die ouderdom die minste en sien ouderdom as 'n vinnige afname van geestelike en fisiese kragte. Hulle verdediging is om aktief te bly.
- v. Die "selfverwyt"-groep se woede is op hulleself gerig en hulle blameer hulleself vir hulle mislukkings. Hulle aanvaar die feit van die ouderdom minder as die eerste drie groepe, maar tog beter as die vierde groep.

'n Meer gespesifiseerde indeling gee Gilhuis (1956, p. 91 - 96) waarin hy drie kategorieë met kleiner onderafdelings onderskei:

i. Die retrospektief ingestelde bejaardes.

- (a) Die kindse bejaarde: Hy leef onbewus van homself en het alle verantwoordelikeidsbesef verloor. Oor die algemeen is hy nogal opgeruimd en/of buierig.
- (b) Die versufte bejaarde: Hy staar voor hom uit en neem nie meer dinge om hom waar nie. Hy gaan geheel en al in sy eie gedagtegang op.
- (c) Die dankbare bejaarde: Omdat sy lewe suksesvol was, voel hy homself nogal belangrik en gewigtig. In sy dagdrome sien hy die mooi dinge van sy jeug.
- (d) Die ondankbare bejaarde: Hy is die teleurgestelde persoon in die lewe en daarom verbitterd ook oor die gebeurtenisse wat plaasgevind het. Aan die ander kant lewer die lewe op die oudag nie op wat hy homself voorgestel het nie en ontvang hy nie die nodige dank en waardering - meen hy - waarop hy geregtig is nie.
- (e) Die inveniele bejaarde: Op 'n tussenstasie van die lewe het hy uitgestap en wil nie nou al oud wees nie. Kleredrag geskikter vir 'n jonger persoon, word verkies.
- (f) Die opgeruimde bejaarde: Hier word bedoel die wewenaar of weduwee vir wie die ouderdom 'n bevryding van 'n moeilike verlede beteken. So word gepraat van die vrolike weduwee of die praatgierige grootvader.
- (g) Die melankoliese bejaarde: Hierdie bejaarde bepeins graag die verganklikheid van die dinge en word soms vol hipokonders en moet dan psigiatriese behandeling ontvang.
- (h) Die skuldbewuste bejaarde: Hierdie mens word op sy/haar oudag neergedruk deur die "sonde van die jonkheid" en verval soms in hewige depressies en swartgalligheid.

ii. Die aktueel ingestelde bejaardes.

Die eerste groep lewe veral terug in die verlede; hierdie groep

leef meer in die teenswoordige.

- (a) Die eersugtige bejaarde: Hy praat en dink nie oor die verlede nie. Hy weier om oud te wees en staan nie maklik terug vir die jongeres nie. Die gevolg is dat hy homself oorskakel en oorwerk en in eensame oomblikke in diepe teneergedruktheid verval.
- (b) Die lewenslustige bejaarde: Al is hy oud, wil hy die lewe nogtans geniet. Die reël is: laat ons eet en drink, want môre sterwe ons. Huwelike met jong persone is nie uitgesluit nie.
- (c) Die vitale bejaarde: Sommige mense is op hoë ouderdom nog tot groot vitaliteit in staat. Hulle bly aktief in die teenswoordige dinge en presteer waar ander al lankal nie meer daar is nie.
- (d) Die afhanklike bejaarde: Hiertoë behoort diegene wat op hulle oudag beklagenswaardig wil wees. Vir wat hulle presteer het, het hulle die reg om bejammeringswaardig te wees.
- (e) Die eiewyse bejaarde: Hy steur hom weinig aan ander, is beterweterig en gee nie om as sy uiterlike verwaarloos nie.
- (f) Die siniese bejaarde: Hy leef in die hede met die blik van die volslae sinikus.
- (g) Die patriargale bejaarde: Hy het sy ouderdom aanvaar en is 'n gerypte figuur.

iii. Die prospektief ingestelde bejaardes.

- (a) Die bekommerde bejaarde: Hy vrees die einde. Hy dink baie hoe en waar sy einde gaan wees. 'n Groot deel van bejaardes val onder hierdie groep. Siekte, leed, aftakeling en sorg bring die persoon onder die indruk van die naderende einde.
- (b) Die soekende bejaarde: Dit is diegene wat steeds wag op en soek na dit wat miskien nooit sal kom nie.

- (c) Die verlangende bejaarde: Dit is die bejaardes wat weet en glo en aanvaar dat hulle lewenstaak haas afgehandel is.

Uit hierdie indelings blyk die volgende:

- i. Die gedagte begin deurwerk dat suksesvolle aanpassing in die ouderdom tog nie uitgesluit is nie. Nie elke bejaarde gaan hoofsaaklik onaangename verskynsels vertoon nie. Dieselfde gedagte word ook gevind by Goedmakers, Weatherall, May, Rubens-Franken, in Industrial Relations Research Association en by Pollak (1970, p. 93; 1969, p. 35; 1968, p. 50; 1953, p. 94; 1950, p. 103; 1948, p. 41).
- ii. Uit die verskillende beskouings blyk ook dat dit foutief is om 'n spesifieke gedragspatroon as karakteristiek van die goed aangepaste individu te aanvaar (Dok beklemtoon deur Kuhlen en Thompson, 1970, p. 584; in Governor's Conference on Problems of the Aging, 1955, p. 88; in Industrial Relations Research Association, 1950, p. 104). Verskillende patrone van goeie aanpassing in die ouderdom is aangetoon. Die aanpassing wat gemaak word, bly 'n hoogs persoonlike saak. In die ondersoek wat 500 persone bo 60 jaar ingesluit het, het Kuhlen en Thompson gevind dat diegene wat 'n goeie aanpassing gemaak het, oor een of meer ondersteunende karakteristieke beskik. Dit kan uitwendige faktore wees soos 'n aangename huis, 'n gerespekteerde posisie in die samelewing, of dit kan ook meer persoonlike faktore wees (1970, p. 584).
- iii. Dit blyk dat 'n bejaarde ook uit 'n stiller lewenspatroon die nodige bevredigings mag put en dat baie aktiwiteite, sosiale deelname en kontakte nie noodsaaklike vereistes is nie. Diegene wie se aanpassing goed is, neig egter om meer aktief te wees en diegene wat nie goed aangepas is nie, is minder geneig om aktief te wees, al is dit nie die vlak van die persoon se aktiwiteite wat die aanpassing bepaal nie (Kuhlen en Thompson, 1970, p. 592; Governor's Conference on Problems of the Aging, 1955, p. 97).

Op die eerste nasionale konferensie in Amerika is dan ook 'n program wat aktiewe en kreatiewe deelname eerder as passiewe aanvaarding beklemtoon, aanbeveel (National Conference on Aging, 1950, p. 133).

Die slotsom waartoe geraak word, is dat hierdie lewensfase met sy gepaardgaande bedreigings en behoefte om te beskerm en te behou, die effek het om spanning en bekommernisse te stimuleer. As gevolg van werklike of denkbeeldige eise neem kommer toe en vatbaarheid vir bedreigings word groter. Tog bly die aanpassing wat gemaak word, 'n sterk individuele saak.

2.2.7 Hersiening van stereotiepe idees in verband met bejaardes.

Sekere idees in verband met bejaardes is deur die jare sonder teenspraak aanvaar, maar oor sommige begin twyfel ontstaan, al is dit net wat die graad daarvan betref en dit het tot nuwe belangstelling in die ouderdom en in die bejaarde gelei. Navorsers wys dikwels op stereotiepe opvattinge of mites in verband met bejaardes wat nie alleen by die algemene publiek nie, maar ook by sekere sosiaal-wetenskaplikes aangetref word (Louw, 1970, p. 15). Konserwatisme, sosiale isolasie en eensaamheid, godsdiens en intelligensie sal hier nader toegelig word, terwyl Goedmakers, Hurlock en Rubens-Franken ook ander stereotiepe voorstellings van bejaardes bespreek (1970, p. 232 - 233; 1959, p. 790 - 792; 1953, p. 97 - 99).

2.2.7.1 Konserwatisme.

'n Algemene opvatting is dat ou mense konserwatief in hulle opvattinge en houdings word (gehuldig deur o.a. Goedmakers, 1970, p. 83; Pikunas en Albrecht, 1961, p. 301; Pressey en Kuhlen, 1957, p. 500; Marais in Nasionale Konferensie insake die Welsyn van Bejaardes, 1955, p. 500; Rubens-Franken, 1953, p. 95). So word dan verklaar dat hulle nie van verandering hou nie; dat hulle aan ou idees kleef en stadiger is om nuwe dinge te aanvaar; in moreel en algemene leefwyse geneig is om

oudmodies eerder as modern en liberaal te wees; geneig is om hulleself as konserwatief te beskou; ens. So gesien, word die sosiale wêreld van die bejaarde beperk, veranderings en nuwe ondervindings teëgewerk en vermoëns en geleenthede ingekort.

Ondersoekers soos Rosow, Shock, Lorge & Helfant en Pollak beweer nou egter dat hierdie konserwatisme nie altyd bevestig word nie. Rosow (1967, p. 10) beweer byvoorbeeld dat bejaardes die sentrale opvatting van hulle gemeenskap deel en dit nie verander omdat hulle verouder nie, dat hulle die opvatting van jonger generasies deel wat betref verbruikersvoorkeure, waardes, en so meer. Om kulturele invloede in ondersoeke oor konserwatisme uit te skakel, is nie altyd so maklik nie.

Die neiging om meer konserwatief te word, mag moontlik nie toe te skryf wees aan verandering van die bejaarde se sienings in 'n konserwatiewe rigting nie, maar aan veranderings in die sosiale milieu. Die bejaarde wat reeds lank gelede sy basiese idees gevorm het, mag konserwatief "word", bloot deur sy oorspronklike sienings te behou (Eastern States Health Education Conference, 1950, p. 63). Ander verklarings vir die konserwatisme by bejaardes word deur Pressey en Kuhlen (1957, p. 494 - 498) bespreek.

Op die huidige tydstip is nog nie afdoende bewys dat konserwatisme nie met ouderdom toeneem nie, en dit moet aanvaar word dat die skeiding tussen konserwatisme by bejaardes en jongmense nie so groot is soos voorheen aanvaar is nie - nie so groot is dat dit die twee groepe op uiterste pole plaas nie.

2.2.7.2. Sosiale isolasie en eensaamheid.

Die idee bestaan dat ouderdom met toenemende sosiale verlies en eensaamheid gepaard gaan. Weatherall (1969, p. 33) huldig die opvatting dat die grootste subjektiewe probleem wat bejaardes affekteer, eensaamheid is. Met toenemende ouderdom kry eensaamheidsgevoelens 'n groter kans om pos te vat. Sosiale kontakte kan vernou deur die dood van familie, vriende

en kennisse. Swak ekonomiese toestande, ongunstige sosiale houdings, swak gesondheid en liggaamlike gebreke kan hulle deelname aan sosiale aktiwiteite beperk. In die omgang met ander speel die sintuie 'n belangrike rol. Verval afname van die gehoor en gesig wat kommunikasie ernstig kan versteur, kan tot isolasie, eensaamheid, vrees en bekommernis lei (Goedmakers, 1970, p. 241; Munnichs & Janmaat, 1970, p. 92; Palmore, 1970, p. 236; Anderson, 1965, p. 433; Stern, 1955, p. 72; Eastern States Health Education Conference, 1950, p. 123 - 124; Industrial Relations Research Association, 1950, p. 169). Die ervaring wat Goedmakers met bejaardes opgedoen het, het hom getoon dat die sleghorende en dove meer as die slegsierende en blinde onder eensaamheidsgevoelens ly (1970, p. 241). Ook Blumberg (Nasionale Konferensie insake Bejaardesorg, 1955, p. 38) meen dat doofheid meer ongelukkigheid as die ander siektes van ouderdom veroorsaak. Die blinde word dikwels met simpatie bejeën, terwyl die hardhorende wat 'n gesprek verkeerd verstaan, lagwekkend kan voorkom.

Louw (1970, p. 8) reken dat daar waarskynlik meer bejaardes in ouetehuse as buite ouetehuse is wat dikwels eensaam voel. 'n Opname van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene het aangetoon dat 'n betreklike groot groep van die bejaardes in tehuise maatskaplik geïsoleer is of dikwels eensaam voel.

Kuhlen en Thompson (1970, p. 583 - 601) het 500 bejaardes in 'n ondersoek betrek en gevind dat sosiale isolasie met toenemende ouderdom toeneem, maar dat 'n opvallende toename eers na 75 jaar plaasvind. Een ondersoek in verband met die sosiale isolering het die V.S.A., Brittanje en Denemarke ingesluit. In al die lande het 'n klein hoeveelheid, 4% of minder bejaardes, in uiterste isolasie geleef in die sin dat 'n dag of week sonder menslike kontak sou verbygaan. Ongeveer 25%, en hierdie persentasie het meer vrouens as mans ingesluit, het gesê dat hulle dikwels alleen is (dit kan daarmee saamhang dat meer vrouens weduwees is of alleen bly). Hulle het gevind dat die dood van 'n huweliksmaat, eerder as isolasie, die oorsaak van eensaamheid is, maar selfs in gevalle van

dood was daar die nodige response van die familie en die gemeenskap. Hulle ondersoek het dus aangetoon dat isolasie en eensaamheid nie saam hoef te gaan nie en hulle bevinding was dat sosiale isolasie met ouderdom nie skerp is nie (Shanas, Townsend, e.a. 1968, p. 442).

Anderson (1965, p. 164) het in die ondersoek wat hy in Pretoria uitgevoer het, gevind dat die onlangse afsterwe van 'n eggenoot, verwerping deur kinders en die beperking van beweging as gevolg van liggaamlike gebreke, die belangrikste oorsake is wat 'n gevoel van eensaamheid by die bejaarde kan teweegbring. Ander faktore soos isolasie, gebrek aan vriende en die verwydering uit die bekende omgewing het in die reël nie eensaamheid veroorsaak nie, maar dit wel vererger indien dit reeds deur een van die eersgenoemde faktore veroorsaak is. In hierdie ondersoek het die meerderheid bejaardes in ouerhuise in hul eie huise en by familiebetrekkings verklaar dat hulle glad nie eensaam is nie (p. 310).

Die omstandighede waarin die persoon in die ouderdom verkeer, in teenstelling met die voorafgaande jare, skep groter moontlikhede tot vereensaming, maar om die gedagtes oor hierdie aspek saam te vat, kan die bevinding van die Buro van Sosiale Navorsing gegee word, naamlik dat eensaamheid nie tipies van die toestand van die bejaarde is nie (Brümmer, 1963, p. 4).

2.2.7.3 Godsdiens.

Die stelling dat mense meer godsdienstig word namate hulle ouer word, word ook bevraagteken. Die gedagte is gehuldig dat bejaardes begin afstand doen van die tydelike waarvan hulle die betreklikheid begin insien en dat ewigheidswaardes meer en meer die aandag begin trek. So word verklaar dat die tema van eindigheid en dus ook oneindigheid 'n groter rol gaan speel namate 'n mens meer bejaard is (Goedmakers, 1970, p. 83).

Die godsdienstige of geloofslawe van die bejaarde is een van die aspekte ten opsigte waarvan groei voortdurend kan plaasvind. Die ouderdom bied

ook 'n besondere geleentheid tot verdieping van 'n persoon se godsdienstige lewe. Godsdien is van wesenlike belang in die lewe van die godsdienstige bejaarde en kan 'n sterk behoudende faktor in sy lewe wees. Daar is egter nie 'n noodwendige wending na die godsdien by die oerwordende mens nie. Die wending na die godsdien deur die oerwordende persoon word dan ook nie meer so algemeen aanvaar nie (Hurlock, 1968, p. 824; Rosow, 1967, p. 13; Barron & Crowell, 1961, p. 164; Havighurst & Albrecht, p, 103; Stern, 1955, p. 89 - 100).

In 'n ondersoek wat op landswye vlak i.v.m. oer, landelike Amerikaners gedoen is, is byvoorbeeld aan die proefpersone gevra wat hulle meesal lees. Vir 1 021 persone was dit koerante, vir 299 boeke wat die Bybel uitsluit en vir 206 was dit die Bybel. Slegs 17% van die persone het erken dat hulle gewoonlik die Bybel lees (Barron, 1961, p. 171). Moberg bespreek sekere ondersoeke wat die wending na die godsdien bevestig en ander wat dit ontken (Neugarten, 1968, p. 498 - 499). Die gevolgtrekking waartoe hy kom, is dat godsdienstige gevoelens vir meer persone toeneem as vir wie dit afneem, maar dat meer navorsing noodsaaklik is.

Die teenstrydige bevindings in verband met godsdienstigheid by die bejaarde kan moontlik in 'n groot mate daaraan toegeskryf word dat nie altyd onderskei word tussen godsdienstige praktyke, godsdienstige opvattinge (ideologiese) en godsdienstige gevoelens nie.

Wat die eerste betref, is aangedui dat bejaardes moeite met kerkbywoning mag ondervind as gevolg van gesondheid, vervoer, ens. Dit is egter moontlik dat die radio hier 'n groter rol mag speel as wat aangedui word. Die tweede raak moontlik 'n terrein waarop baie positiewe bevindings berus, hoewel dit nie noodwendig van werklik toenemende godsdienstigheid mag getuig nie. Bejaardes mag meen dat 'n sekere aanvaarding van godsdienstige waarhede van hulle verwag word en 'n positiewe respons gee, omdat dit die "regte" respons is. Die derde saak, die godsdienstige gevoelens, mag moontlik die kern van die saak raak. Dit wil voorkom

of diegene vir wie die godsdiens in die vroeëre jare betekenis gehad het, in die ouderdom met afnemende kragte en vermoëns steeds meer sekuriteit in die godsdiens vind met 'n verinniging van godsdiensige gevoelens.

Soos ook gevind by die belangstellings van bejaardes, kan dit wees dat diegene by wie die kiem van die godsdiens reeds gelê is, ook in die latere jare in 'n sterker mate na die godsdiens mag keer. Dit mag wees dat in Suid-Afrika met die sterk godsdiensige inslag soos deur die voorouers gelê, daar sterker sprake van toenemende godsdiensigheid met ouderdom as in oorsese lande mag wees.

2.2.7.4 Intelligensie.

Nog altyd is en ook vandag word aanvaar dat daar met toenemende ouderdom 'n progressiewe afname in intellektuele vermoëns is.

Meer as ooit tevore, word nou tot versigtigheid gemaak wanneer daar van intelligensietoetstellings by ouer mense gepraat word. Daar word beklemtoon dat baie van die sogenaamde agteruitgang slegs skynbare agteruitgang is; dat dit moeilik is om afdoende antwoord te gee, aangesien die meeste intelligensietoetse wat gebruik word, jonger groepe se response gebruik het in die keuse van toetsitems en die standaardisering van die toetse; daar is die navorser se groter afhanklikheid van beskikbare proefpersone en die probleem van verkryging van proefpersone wat daartoe bydra dat die proefpersone dikwels nie so verteenwoordigend is as wat verlang sou word nie, en so meer (Pressey & Kuhlen, 1957, p. 112; Munn, 1955, p. 600; Stern, 1955, p. 81; Old age in the modern world, 1955, p. 275; Tuckman & Lorge, 1953, p. 258; Industrial Relations Research Association, 1950, p. 171; Lorge in Journal of Educational Psychology, 1936, p. 100 - 110).

Die algemeenheid van die veronderstelling dat afnemende intelligensie tipies of normaal in die ouderdom is, word steeds meer betwyfel. Sekere uitsprake in hierdie verband kan vermeld word:

In die verslag van die "Duke Longitudinal Study of Aging" (beskryf as "the first interdisciplinary longitudinal study of normal aging in our nation", nl. die Amerikaners) wat die jare 1955 - 1969 dek, word gesê: "the idea of a general and substantial decline of intelligence with aging may prove to be more of a myth than a normal pattern" (Palmore, 1970, p. 194).

Geist (1968, p. 16): "When there is correction for speed, motivation and educational factors, there is relatively little loss in intellectual ability with age."

May, direkteur van 'n groot geriatryese instituut en praktiserende geneesheer, meen dat met die ondervinding wat met verloop van jare opgedoen is en met die volwasse oordeel, die totale verstandsvermoë tot op 'n baie hoë ouderdom uitgebrei kan word; of in die ouderdom geleer kan word, afhang van hoe goed die persoon homself geoefen het (trained) en hoe graag die persoon wil leer (1968, p. 23).

Die slotsom waartoe gekom is op die internasionale konferensie wat in 1955 in Amerika gehou is, is dat volwassenes van alle ouderdomme ten spyte van die teenstrydige bevindings wat intellektuele vermoëns betref, "can and do learn, often with facility surpassing that of younger individuals", en dat opvoedkundige programme kan bydra tot die behouding en selfs die uitbreiding van geestesfunksies deur geleenthede om voort te gaan om te leer en te groei (Old age in the modern world, 1955, p. 84). Dieselfde gedagte word ook deur Wright (1968, p. 35) gehuldig.

Op die Amerikaanse nasionale konferensie in 1950 is besluit: "mental processes can continue at a high level well into advanced years." (National Conference on Aging, 1950, p. 3).

'n Gedagte wat nou weer meer beklemtoon word, is dat wanneer intelligensietoetse aan bejaardes gegee word, die resultate in die verskillende toetse verskillend is. Redelik algemeen word byvoorbeeld aanvaar dat die afname groter is in subtoetse wat redenering, leer en vorming van nuwe assosiasies

sies insluit en die minste is in subtoetse wat algemene kennis en woordeskat insluit (Geist, 1968, p. 16; May, 1968, p. 24; Munn, 1955, p. 499; Old age in the modern world, 1955, p. 239 & 276; Shock in Industrial Relations Research Association, 1950, p. 171; Lawton, 1947, p. 16; Hollingworth, 1927, p. 310 - 311).

Intelligensie neem dan wel met toenemende ouderdom af, maar nie in die mate wat aanvanklik aanvaar is nie, ook neem dit ten opsigte van sekere aspekte stadiger en minder af. Die vraag bly ook of daar nie nog aspekte van intelligensie is, soos skerpsinnigheid (Wechsler in Old age in the modern world, 1955, p. 278), toenemende kennis en ervaring (Shock in Industrial Relations Research Association, 1950, p. 171) en insig, gerypte oordeel en redenering (Birren, 1959, p. 458) wat nie werklik in intelligensietoetse wat bejaardes aflê, gemeet word nie.

2.3 SAMEVATTING

Verskeie samehangende faktore het 'n nuwe belangstelling in die ouderdom en die bejaarde meegebring. Van die faktore is in hierdie hoofstuk bespreek. Die belangrikste van hierdie faktore is die toename in getal bejaardes in bevolkings oor die hele wêreld. Ander belangrike faktore is die samelewingstruktuur wat verander het, die mannekragtekort, woningnood, navorsingsresultate, en so meer. Baie van hierdie faktore werk mee om die bejaarde los te maak van dinge soos sy werk en sy familie wat in die verlede as steunpunte kon dien. 'n Herwaardering van die rol en posisie van die bejaarde het noodsaaklik geword. In hierdie nuwe belangstelling in die ouderdom is ook ingesluit die opvatting van en houding teenoor ouderdom en die bejaarde. Dit word in hierdie ondersoek nagegaan. Waarom die opvatting en houding belangrik is en faktore wat dit kan beïnvloed, word in die volgende hoofstuk bespreek.

3 DIE OPVATTING VAN EN DIE HOUDING TEENOOR OUDERDOM EN BEJAARDES EN FAKTORE WAT HIERDIE OPVATTING EN HOUDING BEÏNVOED

3.1 WAAROM DIE OPVATTING VAN EN DIE HOUDING TEENOOR OUDERDOM EN BEJAARDES BELANGRIK IS

Die onbepaaldheid van die chronologiese tyd waarop ouderdom begin en die onbegrensdeheid daarvan maak definieëring van ouderdom moeilik. Wanneer en teen watter tempo fisiese en psigiese vermoëns begin afneem, verskil grootliks tussen funksies by dieselfde individu en ook vir dieselfde funksie by verskillende individue (Bourlière, 1970, p. 7; Louw, 1970, p. 75; Kutner, 1969, p. 5; Knoop, 1967, p. 6; Konferensie insake Bejaardesorg, 1967, p. C2; Burgess, 1961, p. 156; Pikunas & Albrecht, 1961, p. 291; Grmek, 1958, p. 113; Governor's Conference on Problems of the Aging, 1955, p. 87; Hornstra, 1955, p. 16; Munn, 1955, p. 504; Rubens-Franken, 1953, p. 92; Van Andel, 1953, p. 139; Vischer, 1950, p. 65; Pollak, 1948, p. 11 & 47; Hollingworth, 1927, p. 324).

In die daaglikse omgang is dit nie vreemd om te vind dat die een persoon op 45 jaar reeds die indruk skep van oud te wees nie, terwyl 'n ander persoon op 70 jaar nog as jonk bestempel kan word nie. Op 75 jaar kan die een persoon nog 'n indruk van frisheid en lewendigheid skep, terwyl 'n ander oud en gedaan voorkom. 'n Enkele kriterium kan nie as maatstaf vir die vaslê van ouderdom gebruik word nie. Word van 'n fisiologiese kriterium uitgegaan, kan persone ouer as 70 of 75 jaar miskien as oud beskou word, want duidelike tekens van agteruitgang in gesondheid en van afnemende liggaamskrag word gewoonlik tussen die 70ste en 75ste lewensjaar opgemerk (soos reeds in die afdeling "Mannekragtekort" bespreek). Daar is egter ook persone wat op 'n baie jonger leeftyd gesondheidsprobleme ondervind of wie se liggaam aansienlik verswak, teenoor diegene wat redelik gesond en energiek is as hulle reeds 80 jaar oud is. Indien

beroepsgeskiktheid weer as maatstaf gebruik word, lê die grens weer om en by die 65ste jaar (soos ook in die genoemde afdeling bespreek). Soms moet beroepsatlete byvoorbeeld op dertigjarige leeftyd hulle werk weens ouderdom laat vaar, terwyl sommige politici, regters, staatshoofde en so meer, blykbaar die toppunt van hul loopbane na hul 65ste of 70ste jaar bereik. So sal kriteria wat op sielkundige of sosiale toestande berus, op heel ander grenslyne dui.

Ouderdom moet gesien word as 'n kwaliteit van gees en liggaam waarin die beginpunt van individu tot individu varieer, eerder as 'n blote kwantiteit uitgedruk deur 'n term wat op almal van toepassing is. Dit bring mee dat ouderdom nie dieselfde betekenis vir verskillende individue hoef te hê nie, dat verskillende waardes aan ouderdom geheg mag word.

Word nagegaan watter opvattinge van ouderdom navorsers het, blyk dit dat hulle ouderdom eerstens uit vakwetenskaplike oogpunt beskou, hetsy fisiologies, sosiologies, patologies, anatomies, statisties, psigologies, en so meer. Dit blyk uit voorbeelde soos die volgende:-

Fisiologies.

- i. Onder veroudering verstaan ons die beperking van die funksies van die organisme ten gevolge van veranderinge in sy chemiese, fisiese en fisiologiese eienskappe (Knoop, 1967, p. 3).
- ii. Ouderdom is biologiese verandering, geassosieer met die lewenspan wat sigself in modifikasies van organiese struktuur en funksie manifesteer. Hierdie veranderinge varieer in graad en omvang gedurende die verskillende periodes van 'n persoon se lewenspan, maar bestaan gewoonlik uit 'n afname van aanpasbaarheid of withoudingsvermoë (National Conference on Aging, 1950, p. 106).

Sosiologies.

- i. Ouderdom is deels 'n vraag van fisiese verandering - ons hare word grys; dit is deels die som van verjaarsdae; dit is deels psigies - hoe oud ons voel, dink of handel. Maar bowenal is die mens so oud

soos die gemeenskap sê, soos aangedui deur die samelewing se eis vir sy dienste, die samelewing se besluit oor sy bruikbaarheid (definisie van Lawton aangehaal deur Keyter, 1955 (a), p. 278).

- ii. Ouderdom is die toestand waarin 'n persoon geraak het as gevolg van ouderdomsfaktore wat meebring dat sy maatskaplike funksionering sodanig word dat dit vir homself en/of sy gesin of samelewing sulke probleme skep dat hy professionele maatskaplike hulpbetoon nodig het (Konferensie insake Bejaardesorg, 1967, p. E1).
- iii. Sosiologies sou 'n mens bejaardes kan definieer as diegene wat nie meer werk nie, wie se kinders getroud is, wat grootouers is, wat nie meer bestuurslede van organisasies en maatskappye is nie, wat in spesiale wooneenhede gehuisves word (Goedmakers, 1970, p. 27).

Patologies.

"In general pathology we speak of aging disease as senile atrophy of all states of atrophy of organs. There might be simple atrophy in the brain. In die skin there might be senile atrophy with degeneration of elastic fibres; in the hair there might be atrophy indicated by its falling out or becoming white" (Schmidt, 1958, p. 68).

Meer omskrywende definisies is die volgende twee:

"Aging is a process of changes involving all the aspects of the organism. Its consequences range from altered structures and functions of the component tissues of the body to an altered relationship of the organism to its physical and social environment" (aangehaal deur Hurlock, 1968, p. 778).

Ouderdom is 'n biologiese, psigologiese en sosiale proses wat die individu en die situasie waarin hy leef, verander. By hierdie veranderinge wat insluit aftrede van werk, verminderde inkomste, verlies van 'n lewensmaat, afname van biologiese en psigologiese funksies, die aanvang van chroniese siektes en verminderde aktiwiteit, is die ouer individu verplig om aan te pas (aangehaal in National Conference on Aging, 1950, p. 3).

Daar bestaan verder ook sekere sienings van ouderdom in die volksmond, want 'n opvallende eienskap van ouderdom is dat selfs die gewone waarnemer dit kan opmerk. Dit vereis geen wetenskaplike kennis om te weet dat mense verouder nie, al is wetenskaplike kennis nodig om inligting oor die verskynsel self te gee.

'n Bekende segswyse is dat die mens so oud is as wat hy voel. Maar dan kom daar dadelik 'n sekere gevoelswaarde in die gedrang en dit is telkens anders namate 'n mens homself vergelyk met iemand òf jonger as hyself, òf ouer, òf van dieselfde leeftydsgroep. Ook gee "oud voel", "oud word" en "oud lyk" nie dieselfde weer nie. Een skrywer het tereg gesê dat ouderdom vir die meeste mense 'n skaduwee is wat op gerieflike afstand voor hulle uitsweef soos die verjaarsdae mekaar opvolg.

Sommige persone meen dat die mens so oud is soos sy bloedvate (Woltereck, 1958, p. 59). Van Andel (1953, p. 20) het egter daarop gewys dat die bloedvate reeds in die 33ste lewensjaar min of meer hulle volle groei bereik en ongeveer tien jaar later begin die eerste ouderdomsverskynsels om hulle te laat geld. Oliver (Eastern States Health Education Conference, 1950, p. 35) meen dat daar waarheid kan wees in die stelling dat 'n mens so oud is soos sy slagare, as daarmee bedoel word dat die veroudering van die slagare oor die algemeen 'n beperkende faktor van ouderdom is en nie soos die populêre opvatting lui, dat ouderdom die gevolg van arteriosklerose is nie.

Ander meen weer dat die mens eerder beoordeel moet word volgens sy skedelinhoud. Anatomiese ondersoeke van die brein gee egter ook nie afdoende antwoord nie.

Die begrippe ten opsigte van ouderdom kan so saamgevat word:

- i. Bloot chronologies: 60 - 65 jaar, meesal gebruik vir aftreedeleindes, met iets van "te oud vir die werk".
- ii. Volgens die fisiologiese proses van veroudering van die liggaams-

- organe; die mens is dan so oud soos sy organe en nie sy jare nie.
- iii. Die "oue van dae" is die een wat 'n probleem vorm en gehelp moet word. Hy het in so 'n mate afhanklik geword dat maatskaplike versorging moontlik nodig is.
 - iv. Naas ander faktore is die mens so oud soos hy voel, dink en handel, met ander woorde, dit sluit 'n belangrike psigiese aspek in; dit impliseer ook dat 'n persoon voor sy tyd oud kan wees, dit wil sê voor hy "oud" is.
 - v. Die mens is oud as die gemeenskap hom so beoordeel - iets relatiefs. (In die afdeling "Veranderde samelewingstruktuur" is juis gemeld dat jeug en jeugdigheid in die samelewing van vandag beklemtoon word).
 - vi. Die mens is oud as van sy dienste nie meer gebruik gemaak word nie - die idee van nutteloos wees.

Deur leek en wetenskaplike word egter aanvaar dat die ouderdom 'n stadium van aftakeling is. Dit is wel waar dat sowel die opbouings- as die aftakelingsproses vanaf bevrugting naas mekaar in die menslike liggaam plaasvind en dat die opbou gedurende die groeiperiode en die aftakel gedurende die verouderingsproses oorwegend is. In elke periode is beide egter werkzaam (Van Andel, 1953, p. 22). Dit word aanvaar dat wanneer die orgaanfunksies in so 'n mate geskaad word dat die totale prestasie daaronder begin ly, die oorgangsl leeftyd verby is en die ouderdom aangebreek het. Die aftakelingsprosesse het dan so sterk die oorhand oor die opbouingsprosesse gekry dat die aan- en uittrek wat byvoorbeeld vroeër outomaties gedoen is, meer en meer konsentrasie vereis (Ronge, 1951, p. 145). Hill (1961, p. 103) formuleer dit weer so dat bejaardes diégene is wie se liggaam en gees die stadium bereik het waar algehele onafhanklikheid moeilik is, indien nie onmoontlik nie. Sodra so 'n omskrywing aanvaar word, kan moeilik 'n chronologiese ouderdom aangedui word.

Volgens Pollak (1948, p. 47) begin die meeste psigiese en fisiese

vermoëns heeltemal vroeg in die lewe afneem, maar is ouderdom die periode wanneer die gesamentlike gebreke in funksionering beperkend werk. Gedurende die middeljare het elke mens baie keer nodig om aanpassings te maak vir fisiese kragte wat afneem, byvoorbeeld om 'n bril te kry, om strawwe sportsoorte prys te gee. Hierdie aanpassings word egter gewoonlik sonder veel ophef gedoen, want dit sluit meesal nie uitgebreide heraanpassings in nie. Ook is die vermoëns gewoonlik nog van so 'n aard dat 'n redelike vol lewe gelei kan word.

Rondom die vyftiger- of vroeë sestigerjare word die afname wat vroeër nouliks waarneembaar was, duideliker en soms baie vinnig waarneembaar (Munn, 1955, p. 485). Sulke negatiewe ontwikkelings gaan dikwels met opvallende persoonlikheidsveranderinge gepaard. Lansing (Birren, 1959, p. 119) praat dan van ouderdom as 'n proses van ongunstige progressiewe verandering, gewoonlik gekorreleer met die verloop van tyd, wat na volwassenheid duidelik word en sonder uitsondering met die dood van die individu eindig.

Wat hierdie afname sal insluit en teen watter tempo dit sal plaasvind, kan nie vooruit bepaal word nie, nie eens by dieselfde individu nie. Elke mens het sy eie tempo en patroon van veroudering, grootliks soortgelyk aan dié van baie ander, maar altyd nog in sommige opsigte beslis verskillend (Ronge, 1951, p. 145; Pollak, 1948, p. 11). Soms is die aftakeling duidelik en vinnig, dikwels gevolg deur 'n periode van gestadigde herstel, hernude sterkte of belangstelling. Nooit is daar 'n reëlmatige en voorspelbare afname nie.

Al beteken veroudering dan ook, soos Rubens-Franken dit stel (1953, p. 88) dat die liggaam en gees verwickeld geraak het in 'n proses van slytasie wat nie teruggehou kan word nie, beïnvloed die betekenis wat die persoon aan hierdie afnames heg en sy houding daarteenoor, tog hierdie afnames. Dit hou in dat dit ook belangrik is om aandag te gee aan die faktore wat die opvatting van en die houding teenoor ouderdom beïnvloed.

Die siening wat 'n persoon van die afnames het, bepaal hoe hy hierdie

afname sal verdra. Dit kan in enige lewensfase meesprek tot die wyse waarop die persoon sy lewe verwerk, tot sy lewenstyl, vanselfsprekend veral in die ouderdom self, maar ook in die voorafgaande jare. Dit beïnvloed selfs die voorkoms van die subjektiewe verskynsels self. Dit beteken dat die persoon wat die ouderdom vrees, by die verskyning van die eerste grys hare of plooië kan voel dat daar verder niks is om voor te leef nie en dan belangstelling in die lewe verloor, nie aandag aan voorkoms gee nie, en so meer, wat weer op hulle beurt verdere tekens van veroudering kan aanhelp. Rubens-Franken sê dat die onbehaaglike gevoel dat iets nie in orde is nie, dikwels van die gees na die liggaam verplaas word en dat daar dan kwale ontstaan, dat die dood soms volg (1953, p. 110).

Die verouderingsproses kan nie verhoed word nie, maar 'n positiewe opvatting van en houding teenoor ouderdom en die bejaarde kan tog verhoed wat Galdston noem "the pre-mature aging of the total organism, and what is more common, the disparate aging in its various components which disrupts the organism, reduces its effectiveness, and in so many instances allows for no more than mere existence" (Eastern States Health Education Conference, 1950, p. viii). Min of meer dieselfde gedagte word ook gevind by Goedmakers en Vischer (1970, p. 155; 1950, p. 242). Dikwels is dit vrees vir veroudering eerder as die verouderingsproses self, wat 'n funksionele verlies op geestelike, soos ook op fisiese gebied, veroorsaak. Dit kan die proses wat tot hulpbehoewendheid voer, versnel, terwyl 'n gevoel van waardigheid kan meehelp tot 'n verset daarteen (Van Andel, 1953, p. 16).

Na die bespreking van enkele begrippe sal die faktore wat 'n invloed op die opvatting van en houding teenoor ouderdom en die bejaarde het, dan nagegaan word.

3.2 HOUDING EN OPVATTING

So baie studies is reeds oor houding gedoen dat vir hierdie studie aanvaar word dat 'n houding die volgende insluit:

- i. Die tendens om te handel, of eintlik gesien as 'n gereedheid om te handel.
- ii. 'n Bepalende, rigtinggewende en dinamiese invloed op die individu se response teenoor 'n voorwerp of situasie.
- iii. Die duursaamheid daarvan, bedoelende dat dit in die geheel taamlik stabiel is.
- iv. Dat dit gegrond is op ondervinding wat die individu se response op 'n voorwerp of situasie bepaal of beïnvloed – dit word dus geleer.
- v. Dat dit implisiete response is, eerder as openlike handeling.
- vi. Dat dit belangrik is as aanduidings van potensieële handeling.
- vii. Dat dit 'n funksie van die persoonlikheid is.

'n Opvatting sluit in:

- i. Die siening, die mening, die idee wat oor 'n voorwerp, situasie of saak gehuldig word.
- ii. Dit het ook 'n invloed op 'n persoon se response.
- iii. Dit word ook ontwikkel – eksterne faktore soos lewensgeskiedenis en persoonlike faktore soos frustrasie beïnvloed die vorming.
- iv. Dit is ook in die geheel taamlik stabiel, maar kan verander.
- v. 'n Persoon se opvatting sal in sy houdings gereflekteer word.
- vi. Opvatting kan van verskillende intensiteit wees.
- vii. Dit kan van so 'n intensiteit wees dat dit inderdaad bepalend op 'n persoon se lewenswyse kan inwerk.

3.3 DIE BEJAARDE

In die voorwoord is gemeld dat vir hierdie studie op die begrip "bejaardes" besluit is. Ander begrippe wat ook in hierdie verband gebruik word, is byvoorbeeld ou mense, oues van dae, grysaards, senior mense, ouer garde,

en so meer. In die studie wat volg, word juis 'n omskrywing van "n bejaarde persoon", 'n "ou persoon" en 'n "ouer van dae" gevra.

Aanvanklik is die begrip "bejaarde" met oud en hulpbehoewend in verband gebring. 'n Bejaarde was iemand op wie hierdie twee kwalifikasies van toepassing gemaak kon word (Goedmakers, 1970, p. 13). Dit is dan ook verstaanbaar dat navorsers begin dink aan terme wat meer waardigheid en status aan hierdie groep persone verleen. So verkies Egas (die voorsitter van die Nederlandse Federasie oor Bejaardesorg) die term "ouer geslag".

Louw meld in sy verslag oor bejaardesorg in die buiteland (Louw, 1969, p. 5) dat sommige lande van die "ouerwordende deel van die bevolking" praat, 'n term wat die voordeel het dat dit die idee van afgeleefdheid nie so sterk benadruk nie en dat dit ook nie die ou mense so groef isoleer nie. Vir algemene gebruik sal die term egter die nadeel hê dat dit te omslagtig en te lomp is.

Die Engelse benaming "senior citizens" kan met groot vrug in Engels gebruik word. 'n Boek van Beatty wat in 1962 verskyn het, het ook die titel "The senior citizen". Die term "senior mense" word dan ook al in Afrikaans gebruik. Hierdie term wat nie die gedagte van aftakeling inhou nie, maar dié van "meer ervare, bekwaam en volwasse" sal in die toekoms moontlik vinnig veld wen.

Waar hier van "bejaardes" gepraat word, is dit met 'n opmerking van Goedmakers (1970, p. 13) in gedagte, nl. dat dit 'n term is waarmee geriefshalwe 'n deel van die volwasse bevolking aangedui word, sonder dat dit iets van die wese van die persoon sê; ook met inagneming van die feit dat hulle meer as ooit tevore as individue en nie as 'n groep beskou moet word nie.

3.4 FAKTORE

3.4.1 Voorbereiding vir ouderdom.

Die mate van voorbereiding of die gebrek daaraan is moontlik die belangrikste faktor in die beïnvloeding van die houding teenoor en opvatting van ouderdom en bejaardes. Hierdie voorbereiding vir en die regte instelling teenoor die ouderdom word deur Goedmakers (1970, p. 90) as 'n noodsaaklike premie vir 'n waardevolle geestelike pensioen beskou.

Die belangrikheid van die voorbereiding vir die ouderdom word sterk deur navorsers beklemtoon (o.a. in Konferensie insake Bejaardesorg, 1967, p. A16; deur Barron, 1961, p. 204; Van Andel, 1953, p. 155; Vischer, 1950, p. 246; Pollak, 1948, p. 158). Hierdie voorbereiding is egter nie 'n taak wat eers in die ouderdom aangepak kan word nie. Dit moet 'n lewenslange taak wees wat in die jonger, produktiewe jare begin, sodat 'n blywende en bevredigende lewenspatroon tot stand gebring word (Barron, 1961, p. 70; Report of the White House Conference on Aging, 1961, p. 156, 158 & 205; Eastern States Health Education Conference, 1950, p. 124; National Conference on Aging, 1950, p. 107 & 134; Vischer, 1950, p. 250). Rubens-Franken (1953, p. 101) beweer selfs dat minder aangename geestelike en liggaamlike ouderdomsverskynsels nie alleen voorkom kan word nie, maar geheel of gedeeltelik weggeneem kan word.

Reeds in die jonger jare moet die persoon weet hoe om geestelik en liggaamlik lewendig te bly, om nuwe geleenthede in die lewe te vind ten einde sy liggaamlike en geestesvermoëns te stimuleer. Vir Rubens-Franken word die grondslae van 'n "ryke oudag" in die jeug gelê. In die ouderdom blyk eers wie die mens eintlik is, of hy geestelike diepte het (1953, p. 148). Die vroeëre verworwe geestelike besitting hou op latere leeftyd die lewendigheid en die belangstelling gaande (Vischer, 1950, p. 243). As die nodige voorbereiding gedoen is, hoef die ouderdom nie tot sosiale isolasie en wanaanpassing te lei nie en hoef die ouderdom nie negatief gesien te word nie.

Hierdie voorbereiding vir die ouderdom sluit in dat persone kennis van die ouderdom en van bejaardes moet hê. Voorbereiding vir die ouderdom kan eers effektief wees as die persoon 'n begrip het van die fisiese en psigiese veranderinge wat in die normale verouderingsproses plaasvind (May, 1968, p. 24; Report of the White House Conference on Aging, 1961, p. 174 & 201; Van Sleswijk, aangehaal deur Diederich, 1954, p. 101; Rubens-Franken, 1953, p. 112; Industrial Relations Research Association, 1950, p. 179; National Conference on Aging, 1950, p. 182 - 184; Vischer, 1950, p. 87, 206 - 239; Lawton, 1947, p. 22). As die persoon 'n werklike begrip van die afnames het, kan dit vrees wat op onkunde gebaseer is, uitskakel. Vir Allen (Eastern States Health Education Conference, 1950, p. 124 - 125) word die verouderingsproses en die lewensduur psigologies gekondisioneer deur die hoeveelheid spanning wat in die menslike organisme ontwikkel en die graad waartoe dit in konstruktiewe aktiwiteit vrygestel kan word. Hy konstateer dan verder dat die spanning verlig kan word deur kennis van die onvermydelike en deur te leer hoe om daarvoor voor te berei.

Baie van die probleme van die ouderdom kan verminder word as 'n persoon weet watter siekte, kwale en gebreke in beginsel vir behandeling vatbaar is (Goedmakers, 1970, p. 144). Dit is kennis waaroor die bejaarde, maar ook die persoon wat vir die versorging van die bejaarde verantwoordelik is, moet beskik. In die afdeling oor sosiale isolasie en eensaamheid is gestel dat doofheid een van die faktore is wat die bejaarde kan isoleer en laat vereensaam. Deur middel van operasies en ander mediese vordering kan baie vorme van doofheid, indien dan nie reggestel nie, tog verlig word. Telkens word verwys na die rol wat oefening en sport in die ouderdom kan speel (Goedmakers, 1970, p. 90; Weatherall, 1969, p. 54; Konferensie insake Bejaardesorg, 1967, p. C17 & J6; Pikunas, 1961, p. 368; Report of the White House Conference on Aging, 1961, p. 154 - 155; Rubens-Franken, 1953, p. 105).

Die belangrikheid van korrekte diëte en voeding word sterk benadruk (o.a. deur Weatherall, 1969, p. 51 - 52; Knoop, 1967, p. 14 - 15; in Konferensie insake Bejaardesorg, 1967, p. C17, C21 & I6; Governor's

Conference on Problems of the Aging, 1955, p. 246; Report of the White House Conference on Problems of Aging, 1955, p. 379; deur Odendaal, 1954, p. 90; Rubens-Franken, 1953, p. 101 - 105; Van Andel, 1953, p. 136; in National Conference on Aging, 1950, p. 108, 112 & 764; deur Vischer, 1950, p. 251; in Handleiding vir die versorging van bejaardes in tehuise, s.j., p. 3). Odendaal meen selfs dat hoewel baie veranderinge wat die liggaam met toenemende ouderdom ondergaan, onvermydelik lyk, baie daarvan beslis met die regte voeding verhelp kan word.

Soos reeds gemeld in die oorsig van navorsing wat in die gerontologie gedoen is, is baie navorsing reeds veral oor die fisiologiese veranderinge in die verouderingsproses gedoen. Beskikbare gegewens beslaan reeds baie boekdele, gevolglik sal die fisiologiese en psigologiese veranderinge nie hier bespreek word nie, maar sal verder met enkele opmerkings oor die psigiese funksionering volstaan word, terwyl bronne wat die psigiese en fisiese veranderinge behandel, aangestip sal word.

Skeppende vermoë kan byvoorbeeld tot 'n hoë ouderdom behoue bly (bevestig deur ondersoekers soos o.a. May, 1968, p. 24; Rubens-Franken, 1953, p. 112; Industrial Relations Research Association, 1950, p. 179; National Conference on Aging, 1950, p. 182 - 184; Vischer, 1950, p. 87, 206 - 239; Lawton, 1947, p. 22). As daar iets is "waarna" die persoon hom in die ouderdom kan wend, sal dit negatiewe gevoelens oor die ouderdom help bekamp (Rubens-Franken, 1953, p. 5; Vischer, 1950, p. 250). Pikunas & Albrecht (1961, p. 302) beklemtoon dat belangstellings in die jare voor die ouderdom aangekweek moet word en ook die regte houdings teenoor hierdie belangstellings. Belangstellings verander nie ingrypend met ouderdom nie. Waar in gebreke gebly word om belangstellings in die kinder- en jeugjare aan te kweek, bly dikwels betekenisvolle gapings dwarsdeur die lewe, ook in die ouderdom, bestaan. Baie van die aktiwiteite van bejaardes neig om hulle te isoleer. Aktiwiteite en belangstellings kan so ontwikkel word dat dit ook in later jare sosiale deelname met persone van verskillende ouderdomme insluit.

Die ouderdom word dikwels as 'n tydperk van selfsug beskou. Onaangename trekke soos ongeduld, dominerend, agterdog, en so meer, is dikwels die bejaarde se verdedigingsmeganisme teen gevoelens van onsekerheid, verwerping en afhanklikheid. Dit mag selfs met 'n ernstige siekte saamhang, of met finansiële behoeftes en probleme. Alle gevoelens neem ook nie gelyktydig en in gelyke mate in intensiteit af nie. Gevoelens geknoop aan die eie persoon, die ek, bly langer behoue (Stern, 1955, p. 89; Rubens-Franken, 1953, p. 96). Emosionele buig-saamheid kan egter as teenwerking teen emosionele verarming nagestreef word.

Saam met die agteruitgang van die sensustelsel kan meer resente remmende faktore moontlik eerste verlore raak en so die ouer ervarings meer na vore laat kom. So kan iets wat baie onlangs gebeur het, vergeet word, soos 'n rolprent waarna gekyk is, of waar iets gebêre is, terwyl dinge uit die kinderjare nog duidelik onthou word (Pressey & Kuhlen, 1957, p. 91; Munn, 1955, p. 499; Rubens-Franken, 1953, p. 95).

Temperament en karakter verander nie skielik in die ouderdom nie (Kuhlen & Thompson, 1970, p. 595). Karakteristieke van die persoonlikheid word in die ouderdom duideliker omlin. Goedmakers (1970, p. 83) stel dit dat hoe die persoon hom in die ouderdom openbaar, nie van die leeftyd afhang nie, maar eerder van die wyse waarop die persoon geleef het. As basiese persoonlikheidspatrone en wyse van aanpassing eers vasgelê is, neig dit om te bly staan. Die bejaarde reageer basies net so teenoor die lewe soos wat hy gewoon was om dit as jonger mens te doen (Konferensie insake Bejaardesorg, 1967, p. 5; Governor's Conference on Problems of the Aging, 1955, p. 79). "Oud wees" word deur "oud word" voorafgegaan en die oud word geskied deur baie ervarings dwarsdeur die lewe. Ook hierdie ervarings bepaal hoe die persoon in die ouderdom sal wees (Rubens-Franken; 1953, p. 99).

Bronne wat in verband met vollediger besprekings van die fisiologiese en psigologiese veranderinge spesifiek genoem kan word, is onder andere

die volgende:

Bourlière (1970, p. 1 - 61); Goedmakers (1970, p. 81 - 83); V.S.A. Congress. Senate. Special Committee on Aging (1970, p. 247 - 323); Louw (1970, p. 75 - 93); Palmore (1970, p. 28 - 73); Handleiding oor die versorging van bejaardes in tehuise (1969, p. 85 - 87); Geist (1968, p. 14 - 17); Hurlock (1968, p. 795 - 820); Konferensie insake Bejaardesorg (1967, p. F1 - F7, K7 - K14); International Association of Gerontology, 5th congress (Vol. 1 & 2, 1962, p. 1 - 930, 1962, p. 3 - 375); Strehler (1964, p. 1 - 383); Pikunas (1961, p. 367 - 373); Birren (1959, p. 119 - 895); Wolterreck (1958, p. 59 - 72); Pressey & Kühlen (1957, p. 59 - 92); Gilhuis (1956, p. 26 - 96); Munn (1955, p. 497 - 501); Old age in the modern world (1955, p. 138 - 532); Stern (1955, p. 72 - 92); Rubens-Franken (1953, p. 89 - 100); Van Andel (1953, p. 141 - 142); National Conference on Aging (1950, p. 250 - 256); Vischer (1950, p. 24 - 42); Pollak (1948, p. 49 - 54); Hollingworth (1927, p. 307 - 318).

Oordeelskundige voorbereiding wat vir die ouderdom gedoen word, is die beste waarborg dat die persoon 'n gesonde en positiewe siening van hierdie lewensfase sal ontwikkel. Die regte waardering vir bejaardes sal aan die dag gelê word en die persoon sal voorbereid wees om met insig en begrip te vroeë veroudering teë te werk.

3.4.2 Houding teenoor aftrede.

Wat aftrede vir 'n persoon beteken, sal 'n invloed op sy opvatting van en houding teenoor ouderdom en bejaardes uitoefen. Hoewel daar met die verlengde lewensduur van die mens nog 'n tien of vyftien jaar na aftrede oor mag wees, word aftrede in baie gevalle nog met ouderdom geassosieer. Aftrede word dikwels as die oorgang tot die fase van die ouderdom beskou. In baie Westerse lande word 65 jaar as vlak vir aftree-doeleindes aanvaar (soos onder "Mannekragtekort" gestel) en bestaan die neiging, al is dit dan ook net vir praktiese doeleindes, om 65 jaar as die beginpunt van ouderdom te stel (o.a. deur Goedmakers, 1970, p. 14; Hurlock,

hulle beroep aan allerlei beperkinge gebonde voel. Hulle kan meen dat hulle kennis, toewyding en arbeidsvermoë onvoldoende tot ontplooiing kom. Aftrede mag die persoon ook die geleentheid gee om, soos hy mag reken, 'n welverdiende rus te geniet. Dit mag die geleentheid inhou om eindelik te doen waarna lank uitgesien is, byvoorbeeld om te skilder, te lees, te skryf, en so meer (Rubens-Franken, 1953, p. iii; Pollak, 1948, p. 122). Hierdie en soortgelyke faktore mag 'n positiewe siening van aftrede en ook van die ouderdom, in die hand werk.

Dit kan dus wees dat ongelukkigheid, ontevredenheid oor verskillende sake - 'n meer negatiewe instelling - kan meebring dat aftrede verwelkom word en meewerk om die persoon positief teenoor die ouderdom in te stel. Hierdie positiewe houding kan egter ook op 'n minder negatiewe wyse verkry word - 'n positiewe en doelbewuste voorbereiding, instelling en "gereed-making" vir aftrede en die jare wat daarna volg. Voorbereiding vir aftrede kan baie effektief wees (V.S.A. Congress. Senate. Special Committee on Aging, 1970, p. 148; Rudd, 1967, p. 120; Beatty, 1962, p. 16; Report of the White House Conference on Aging, 1961, p. 201, 230 & 234; National Conference on Aging, 1950, p. 78 & 138). Dan hoef aftrede nie katastrofiese gevolge te hê nie en die sosiale en psigologiese trauma wat daarmee geassosieer word, nie so radikaal wees as wat veronderstel word nie. As die aftreestadium as uitdagend, as moontlikheid-biedend beskou word, sal dit ook vir die ouderdom geld. Ondersoeke het aangetoon dat diegene wat hulle vir aftrede voorberei het, daarna 'n beter aanpassing gemaak het.

Hierdie voorbereiding sluit veral in dat die persoon die regte gesteldheid teenoor aftrede moet ontwikkel en die kuns van vryetydsbesteding moet aanleer. Navorsers benadruk die aanleer van sinvolle vryetydsbesteding (Louw, 1970, p. 332; V.S.A. Congress. Senate. Special Committee on Aging, 1970, p. 148 - 200; Handleiding oor die versorging van bejaardes in tehuise, 1969, p. 103 - 108; Report of the White House Conference on Aging, 1961, p. 230 - 234; National Conference on Aging, 1950, p. 108 - 200; Vischer, 1950, p. 250). Sinvolle vryetydsbesteding is vir die bejaarde belangrik om die neiging tot maatskaplike isolering en

onaktiwiteit teen te gaan (Louw, 1970, p. 332). "Early development and use of creative and recreational aptitudes is good insurance against frustration and anxiety, loneliness, and boredom at any age. It is doubly valuable in late life when so many of the accustomed outlets of self-expression and self-assertion are blocked" (National Conference on Aging, 1950, p. 200).

Firmas, welsynsorganisasies en ander instansies kan veel doen om deur middel van goed beplande programme voorligting aan werknemers te gee voordat hulle moet aftree. Werkgewers moet kursusse in "die kuns van ouer word" aanbied (Rubens-Franken, 1953, p. 114 - 115). Liggaamlike en geestelike veranderinge moet hierin gedek word; hoe hierdie veranderinge so lank as moontlik teëgehou kan word; hoe die persoon hom daarby moet aanpas; die moeilikhede verbonde aan die verminderde inkomste moet bespreek word, en so meer. Programme in verband met aftrede wat nywerhede en ander instansies vir hulle werknemers aanbied, is gewoonlik net vir diegene wat haas moet aftree. Deur die jonger werkers oordeelkundig te betrek, kan die effektiwiteit daarvan verhoog word.

Die houding teenoor aftrede help bepaal of die houding teenoor die jare wat daarna volg, sodanig is dat die mens sal probeer om in menswaardige omstandighede waardig en gelukkig sy plek vol te staan.

3.4.3 Beroepskring.

In aansluiting by die vorige faktor kan aangeneem word dat die beroep wat 'n persoon beoefen, 'n invloed op sy opvatting van en houding teenoor ouderdom en die bejaarde sal uitoefen.

Daar is beroepe waarin die ouer persoon tot 'n heel laat stadium nog waarde het, dat sy mening nog gewig dra. Dink maar aan die boer op die plaas wat moontlik nie meer die volle beheer uitoefen nie, maar as gevolg van sy kennis van die omstandighede nog 'n belangrike seggenskap in sake het. So is daar ook die politieke lewe waar persone tot op 'n

hoë ouderdom nog 'n verantwoordelike posisie kan beklee. Dan is daar nie so 'n sterk motivering tot negatiewe teenoor die ouderdom nie. Die jare wat voor is, hou nie so 'n groot bedreiging vir die persoon se selfrespek, status en aansien in nie.

In ander beroepe moet die ouer persoon gouer vir jonger mense plek maak om die leiding op sosiale en ekonomiese gebied oor te neem. Daar is die aktrise, die atleet, beroepe met die klem op fisiese aantreklikheid, fisiese krag en die doeltreffendheid van die sintuie wat ouderdom moontlik vroeër kan plaas en waar die persoon 'n ander opvatting van die ouderdom kan hê.

In sommige gevalle mag die werk van so 'n aard wees dat dit die persoon in staat stel om vir homself finansieel goeie voorsorg te tref, en soos in die afdeling "Ekonomiese omstandighede" aangedui sal word, mag dit die persoon in 'n meer positiewe rigting teenoor ouderdom en bejaardes beïnvloed. Daar is ook beroepe waarin die persoon deur middel van byvoorbeeld pensioenskemas in staat is om in 'n mate vir die ouderdom voorsorg te tref, beroepe waarin die persoon medies beter of die gesin finansieel goed versorg is in geval die broodwinner wegval, en so meer. Dit alles sal in 'n mate die opvatting wat die persoon van die latere jare het, beïnvloed.

Daar is beroepe waarin die persoon tot 'n hoë ouderdom gestimuleer word om geestelik aktief te bly. Daar is persone besig met navorsing, persone in 'n opvoedkundige of mediese rigting waar die persoon vir suksesvolle beoefening van die beroep met nuwe tegnieke en ontwikkelings moet tred hou. Dit kan wees dat die persoon sommige beroepe op 'n jeugdige leeftyd reeds so goed bemeester het dat die werk self nie meer 'n prikkel vir die byvoeging van nuwe leerwerk en aktiwiteite inhou nie en dikwels ontbreek die spontane belangstelling ook.

Wat die beroep insluit, die aktiwiteite wat verrig word, oefen ook 'n invloed uit. So is daar die mediese professie, die geneeshere, verpleegsters en verpleërs wat nie alleen met die mens op al die verskillende

lewenstadiums werk nie, maar verder wetenskaplike kennis van die mens en die verouderingsproses insluit. Ander beroepe word beoefen in 'n laboratorium waar geen kontak met mense is nie, of daar word byvoorbeeld hoofsaaklik met masjinerie, instrumente of soortgelyke dinge gewerk. So sal die verskillende ervarings tot verskillende gevoelens en sienings oor die bejaarde en die ouderdom lei.

Dit is dus duidelik dat 'n verskeidenheid faktore in die beroep wat 'n persoon beoefen, sy siening van die ouderdom en bejaardes kan beïnvloed.

3.4.4 Houding van die samelewing teenoor bejaardes.

Elke kultuur het sy eie ouderdomsbegrip en maatstawwe vir die plek wat die bejaarde in die samelewing behoort in te neem. Ouderdom is dikwels wat die gemeenskap sê. Die bejaarde se status en waarde word dikwels bepaal deur die siening wat die gemeenskap van sy bruikbaarheid het (Barron, 1961, p. 25; Van Andel, 1953, p. 52; National Conference on Aging, 1950, p. 3 & 74; Pollak, 1948, p. 4).

Die samelewing kan 'n meer subtiële invloed uitoefen, 'n invloed wat onbewustelik werk; maar dit kan selfs direk beperkend op die bejaarde self inwerk. Die bejaarde mag sy vermoëns onderskat en kritiek op enige poging wat hy mag aanwend om nuwe dinge te leer of te geniet, vrees. Die houding van die samelewing beperk selfs die bevrediging wat die bejaarde uit die gebruik van beskikbare geleenthede vind (Report of the White House Conference on Aging, 1961, p. 230 & 254; Governor's Conference on Problems of the Aging, 1955, p. 53; Industrial Relations Research Association, 1950, p. 93; Pollak, 1948, p. 4 & 56). Bejaardes word ook verhoed om hulle ondervindings en vaardighede wat van potensieële waarde vir die gemeenskap is, te gebruik, as gevolg van houdings teenoor ouderdom en die bejaarde en dit affekteer die geestesgesindheid van die bejaarde in 'n nadelige rigting (Governor's Conference on Problems of the Aging, 1955, p. 368 - 369).

As die opvatting algemeen by die gemeenskap posgevat het dat die bejaarde

se tyd van produktiewe aktiwiteit en deelname aan die gemeenskapslewe verby is en dat hy as 'n afgeleefde beskou moet word, sal hierdie opvatting deel word van die lewenshouding van die meeste bejaardes (Hendleiding oor die versorging van bejaardes in tehuise, 1969, p. 96). Gevoelens en houdings teenoor ouderdom wat algemeen bestaan, kan daartoe lei dat die ouderdom en die bejaarde slegs in terme van moeilikhede, bekommernisse en vrees gesien word. "Such attitudes and feelings result in our stereotyping and stigmatizing of the elderly as sick, unhappy, forgetful, instead of individualizing them and helping them. When these stereotyped views and reactions are absorbed by the aging and elderly themselves, they lead to hopelessness and a sense of degradation" (Central Bureau for the Jewish Aged, 1962, p. 3).

Dikwels krimp die bejaarde se opvatting van wat hy sosiaal beteken dan nie as gevolg van 'n intrinsieke kwaliteit van ouderdom nie, maar as refleksie van die statusposisie van die bejaarde in die gemeenskapstruktuur. In hierdie atmosfeer van geringskattig van die vermoëns van die bejaarde word die jongmens groot. Hy neem dit oor en so ontwikkel 'n negatiewe houding teenoor ouderdom en die bejaarde. As 'n persoon opgegroei het met die idee dat die ouderdom 'n periode van afname, onaktiwiteit en disintegrasie is, sal hy wanneer hy self oud geword het, daardie negatiewe houding maklik ook teenoor homself koester.

Louw het in 'n ondersoek gevind dat 3 uit elke 10 van die 207 bejaardes voor inwoning in 'n ouetehuis 'n groot gedeelte van die dag ledig was (1970, p. 333). Hy het ook gevind dat die ledigheid grotendeels toegeskryf moes word aan 'n ongunstige lewenshouding, waarvan die wortels deels in die houdings en opvattinge van die gemeenskap gesoek moes word. Gebrek aan omgewingstimulasie kan reeds voor die ouderdom invloed op die tempo van afname van geestelike vermoëns hê (Hurlock, 1968, p. 786; Wellford, 1950, p. 809 - 810; Lawton, 1947, p. 14). Dit kan die individu se motivering om geestelik aktief te bly, verlaag en hierdie houding word ook in die ouderdom ingedra. Op die eerste nasionale konferensie in verband met bejaardes in Amerika is van die basiese

veronderstelling uitgegaan dat 'n mens dwarsdeur die lewe kan en behoort voort te gaan om te leer en dat hy ook sal voortgaan, as die geskikte geleentheid net geskep word (National Conference on Aging, 1950, p. 132).

Baie aanpassingsprobleme van die bejaarde is nie as gevolg van verminderde vermoëns nie, maar as gevolg van sosiale etiket wat vereis dat sekere vorme van sosiale deelname opgegee moet word as 'n sekere ouderdom bereik word. Die soort aanpassing wat die bejaarde maak, word gekondisioneer deur sy eie persoonlikheid en ervaring, deur die rolle wat die gemeenskap aan hom toesê en deur die geleenthede wat beskikbaar is (National Conference on Aging, 1950, p. 3). Rudd (1967, p. 55) beweer selfs dat die verskil tussen 'n gemeenskap van gelukkige, tevrede en geestelike en liggaamlike aktiewe bejaardes en 'n gemeenskap van bejaardes onder die teenoorgestelde omstandighede, gewoonlik nie in die persone self lê nie, maar in die houding van die gemeenskap teenoor hulle. Die bejaarde sal ouderdom minder as 'n bedreiging ervaar as die samelewing hulle negatiewe waardering van ouderdom en bejaardes wysig.

Die samelewing is besig om hulle houding teenoor die bejaarde te hersien (V.S.A. Congress. Senate. Special Committee on Aging, 1970, p. 197; National Conference on Aging, 1950, p. 3 & 74) met die oog op die mannekragtekort, toename in getal bejaardes, en so meer. Op die konferensie waarna verwys is, is beklemtoon dat opvoedkundige programme ontwerp moet word om houdings teenoor ouderdom en die bejaarde te verander (National Conference on Aging, 1950, p. 131 & 133). Die hoofdoel in die verandering van die houdings moet wees om die individu daartoe te bring om 'n intelligente siening van ouer word te aanvaar en die proses van veroudering te interpreteer as deel van 'n doelgerigte lewenspatroon. "Education for everyone about aging will influence community attitudes and actions with respect to aging problems" (Report of the White House Conference on Aging, 1961, p. 197).

Segall het tereg opgemerk (Central Bureau for the Jewish Aged, 1962, p. 32) dat die mens die produk van sy kultuur is en dat sy houdings en

gevoelens deur daardie kultuur gekondisioneer word. Die mens is egter ook 'n agent in daardie kultuur vir wie dit om menslike verbetering gaan. Deur herkenning van menslike behoefte en gebruik van sy teorieë, word hy ook 'n agent van kulturele verandering. Dit is wat met die houding van die samelewing teenoor die bejaarde gedoen kan word. Die gemeenskap kan bewus gemaak word van die verskeidenheid patrone waaronder veroudering plaasvind en sodoende kan die stereotiepe beeld van die bejaarde verander word (~~Report of the White House Conference on Aging~~, 1961, p. 200).

Met die verandering van die houding van die samelewing teenoor die persoon in sy latere lewe en verandering van die eise wat die samelewing aan hom stel, kan ook 'n verandering in die opvatting van en houding teenoor ouderdom vermag word.

3.4.5 Omgang met bejaardes.

Die veranderde samelewingsomstandighede bring mee dat daar minder kontak tussen die kind en jongmens en die bejaarde is. Vir beide is dit 'n ongelukkige toedrag van sake. In die kleiner gesin verloor die bejaarde sy belangrikste steunpunt, in sowel sy behoefte aan selfonderhoud, as vir selfontwikkeling en selfverwesenliking (Kriek, 1966, p. 80). Die bejaarde is ook ontnem die stimulerende omgang met jongmense en die genot van kleinkinders. Die jonger persoon is sonder intieme kennis van die bejaarde se omstandighede, behoeftes en probleme, kennis wat voorbereidend is vir die oudag wat kom. Van Andel meen ook dat die jeug se geestelike ryping bevorder word deur na bejaardes om te sien (1953, p. 156).

Die omgang met bejaardes kan die idee wat die jongmens van ouderdom het, beïnvloed (Van Andel, 1953, p. 164). Navorsers benadruk dat betekenisvolle verhoudings tussen die jongmens en die bejaarde bevorder moet word (Report of the White House Conference on Aging, 1961, p. 224; Governor's Conference on Problems of the Aging, 1955, p. 81; Van Andel, 1953, p. 156; National Conference on Aging, 1950, p. 208; Vischer, 1950, p. 248 - 249). Ronge (1951, p. 151) meen dat die bejaarde kontak met die jongmense moet behou om sodoende sosiale isolasie teë te werk.

Die jongmense het dan egter ook 'n plig om te vervul. Van hulle kant moet daar die bereidheid wees om die bejaarde in hulle lewe te laat deel en in hulle lewe te betrek.

Navorsingsresultate suggereer dat bejaardes wat beter aangepas is, groter kontak met jonger persone het (Governor's Conference on Problems of the Aging, 1955, p. 81). Die bejaarde kan tot 'n "jonger" lewensuitkyk gestimuleer word, maar by die jongmens word ook 'n beter waardering vir die ouderdom en die bejaarde verkry. 'n Positiewe invloed kan uitgaan van bejaardes wat 'n lewendigheid van gees behou al sou die liggaam ver-swak. Is die bejaarde egter knorrig, bemoeisiek, klaerig en gefirriteerd, sal hy die jongmens negatief teenoor ouderdom en bejaardes beïnvloed.

Dikwels kan die houding wat ouers teenoor hulle bejaarde ouers openbaar, die patroon word wat die kinders in hulle optrede teenoor die groot-ouers gaan volg. Die ouers se manier van optrede kan bewustelik of onbewustelik deur hulle kinders oorgeneem word. Daar kan selfs 'n verband bestaan tussen die verhouding tussen kinders en ouers aan die een kant en die verhouding tussen hierdie ouers en hulle eie ouers aan die ander kant. "Individual family problems might be better understood, and even community attitudes toward aging might be influenced, through a general approach to family life which recognized the inevitable inter-relationships between the attitudes of family members toward aging parents, grandparents, children and grandchildren" (Central Bureau for the Jewish Aged, 1962, p. 4). In hierdie verslag word gemeld dat die adolescent se verwerping van sy ouers met die ouers se verwerping van hulle eie ouers mag saamhang.

In Sjina waar die utilitêre individualistiese persoonlikheidstipe van die Westerse beskawing nie so sterk is nie en die gebruike van Antieke Sjina nog behoue gebly het, word aan die manlike grootouers groot eerbied betoon. 'n Goeie begrip tussen geslagte is dan een van die belangrikste kenmerke van die Sjinese godsdiens, politiek en ekonomie (Kriek, 1966, p. 78). In baie primitiewe gemeenskappe waar die bejaarde met soveel

respek bejeën word, word selfs daarna gestrewe om ouer te lyk as wat die persoon werklik is (Barron, 1961, p. 25 - 27). (In sulke primitiewe gemeenskappe geniet die bejaarde dikwels aktiewe deelname in sosiale sake). Hierdie omstandighede bring mee dat die jongmens 'n positiewe opvatting van en houding teenoor die ouderdom ontwikkel, dat hulle soveel voordele vir die oudag sien dat dit kan wees dat hulle selfs daarna uitsien en dat die gedagte om oud te word nie vir hulle vrees inhou nie.

Die materialisme, gejaagdheid, mededinging en onrus van die Westerse wêreld bring egter mee dat die jeug die bejaarde dikwels as 'n oorlas beskou en die ouderdom as 'n tydperk van nuttelosheid sien. Hierdie negatiewe beeld dra die jongmens ook op sy siening van die ouderdom oor. Reeds vroeg begin hy die idee kry dat wanneer hy self oud is, hy ook geen nut meer sal hê nie.

Dit is onvermydelik dat die mate van omgang wat die jongmens met die bejaarde geniet, wat hierdie omgang insluit, op watter voet hierdie kontak plaasvind en selfs waar en onder watter omstandighede die bejaarde en die jongmens met mekaar in aanraking kom, die jongmens se siening van die bejaarde en die ouderdom sal beïnvloed - maar nie net dié van die jongmens nie, maar ook van persone van enige ouderdom wat met die bejaarde kontak het. Die afwesigheid van kontak sal ook 'n effek op die siening van die bejaarde en die ouderdom hê.

3.4.6 Ekonomiese omstandighede.

In die huidige tydsbestek vereis die daaglikse lewenseise soms soveel dat daar nie vir die oudag voorsiening gemaak kan word nie. Dikwels word die noodsaaklikheid vir hierdie voorbereiding eers te laat of glad nie besef nie. Verallyn in die latere jare is ekonomiese sekuriteit egter baie belangrik. "There are many emotional meanings to money which are relevant to the mental health of people" (Governor's Conference on Problems of the Aging, 1955, p. 375).

In 1969 het die Amerikaanse Senaat (Washington) aan 'n spesiale komitee die opdrag gegee om 'n volledige studie van sake wat probleme en geleenthede vir bejaardes raak, te maak. Hulle verslag van 1970 begin hulle met die opmerking dat die krisis wat as gevolg van ontoereikende inkomste na aftrede ontstaan, steeds die belangrikste probleem is wat die meeste van die nasie se twintigmiljoen ouer Amerikaners konfronteer (V.S.A. Congress. Senate. Special Committee on Aging, 1970, p. xix).

Verminderde maar veral onvoldoende inkomste kan verreikende invloed hê wat betref voedsame kos, geskikte woonplek, klere, geleenthede vir ontspanning, sosiale deelname en mediese dienste met ernstige gesondheidsimplikasies (Konferensie insake Bejaardesorg, 1967, p. C7; Barron, 1961, p. 99; Governor's Conference on Problems of the Aging, 1955, p. 343). Die probleem wat onvoldoende inkomste vir die bejaarde inhou, word volledig in V.S.A. Congress. Senate. Special Committee on Aging (1970, p. 156 - 161) en deur Barron (1961, p. 40 - 47) bespreek. Ekonomiese sekuriteit is essensieel vir die fisiese, geestelike en sosiale welsyn van die bejaarde, ook om sy waardigheid en innerlike geluk te verseker (V.S.A. Congress. Senate. Special Committee on Aging, 1970, p. 157; Konferensie insake Bejaardesorg, 1967, p. C10; Report of the White House Conference on Aging, 1961, p. 172; Industrial Relations Research Association, 1950, p. 136).

Die geldelike bestaansbeveiliging van die bejaarde is van die grootste belang om lewenskwellinge en ontberinge tot die minimum te beperk (Konferensie insake Bejaardesorg, 1967, p. A12) en sodoende ook negatiewe gevoelens oor die ouderdom te bekamp. As die moontlikheid van finansiële gebrek in die ouderdom bestaan, kan dit die houding daarteenoor negatief beïnvloed, kan die ouderdom gevrees word. Hierdie vrees kan versterk word, indien die persoon ook met 'n langdurige siekteprobleem te kampe het (Pollak, 1948, p. 120).

'n Onderzoek waarna Barron (1961, p. 125 - 127) verwys, het aangetoon dat hoër sosio-ekonomiese groepe gewoonlik 'n groter verskeidenheid van

belangstellings as laer sosio-ekonomiese groepe het, wat groter moontlikhede vir uitlewing in die ouderdom bied. Die keuses van belangstelling sal ook in 'n mate van die hoeveelheid geld wat beskikbaar is, afhang. 'n Beperkte inkomste beperk ook die maniere waarop die vryheid na aftrede gebruik kan word. Hurlock (1968, p. 82) het gevind dat die hoër sosio-ekonomiese groepe gewoonlik groter deelname aan gemeenskapsorganisasies het. Nog 'n studie (Governor's Conference on Problems of the Aging, 1955, p. 87) toon 'n neiging by laer sosio-ekonomiese groepe om hulle op 'n vroeër ouderdom as hoër sosio-ekonomiese groepe, van deelname in die breër gemeenskapslewe te onttrek. Ook is 'n hoër voorkoms van gehoorsprobleme by laer sosio-ekonomiese groepe aangedui (Industrial Relations Research Association, 1950, p. 169). Dit kan waarskynlik met onvoldoende fondse vir geskikte mediese behandeling saamhang.

'n Verband bestaan skynbaar ook tussen sosio-ekonomiese status en aanpassing in die ouderdom. Hoe laer die ekonomiese status van die bejaardes en hoe meer finansiële bekommernisse hulle het, hoe swakker was hulle aanpassing in die ouderdom (Hurlock, 1968, p. 885). Resultate wat Kuhlen & Thompson (1970, p. 588 - 589) gee, toon "a significant relationship between morale and socioeconomic status, namely, that low status is associated with low morale and vice versa." Wanneer 'n hoër sosio-ekonomiese status ook met goeie gesondheid (die volgende faktor wat bespreek sal word) gepaard gaan, dra dit ook tot 'n beter aanpassing in die ouderdom by (Kuhlen & Thompson, 1970, p. 591; Schreiner, 1969, p. 253). Dan is die persoon se instelling tot die toekoms gewoonlik meer positief en dus ook sy instelling tot die ouderdom.

Daar is ook gevind dat materiële blyke van sukses sommige van die beperkende toestande van die latere jare kan oorkom (Kuhlen & Thompson, 1970, p. 565 - 566 & 593). Hulle ondersoek het getoon dat persone van 'n hoër ekonomiese vlak minder van eksterne sosiale steun soos sosiale kontakte met hulle kinders, afhanklik is en dat hulle minder geneig is om deur siekte oorweldig te word.

Geist (1968, p. 21) plaas die aksent wat die finansiële posisie van die bejaarde betref, ietwat anders. Hy is die mening toegedaan dat geld in werklikheid 'n ondergeskikte faktor in wanaanpassing in die ouderdom is, wanneer dit vergelyk word met die behoefte aan uitdrukking van 'n egte belangstelling en aan voortgesette geleenthede om bydraes tot die lewe om hulle te maak. Hierby sluit die opmerking aan (Birren, 1959, p. 395) dat die geestesgesondheid van die bejaarde baie belangrik is, want enige verbetering in die sosio-ekonomiese situasie of die fisiese gesondheid van die persoon is van min waarde tensy die persoon geestelik in staat is om dit te waardeer en bevredigend te gebruik.

Townsend het in sy ondersoek in verband met bejaardes in Londen tot die gevolgtrekking gekom dat die nodige finansiële middele nie die enigste belangrike faktor in die lewe van die bejaarde is om hom 'n gelukkige ouderdom te besorg nie, maar dat dit tog in die algemene verloop van die bejaarde se bestaan belangrik is (1963, p. 204).

As samevatting kan gesê word dat die finansiële posisie van die persoon 'n invloed op sy opvatting van die ouderdom en bejaardes sal uitoefen en dat dit uiters moeilik sal wees om in 'n positiewe sin aan hierdie jare te dink, indien die persoon finansiëel nie in al sy behoeftes kan voorsien nie, of as die finansiële middele beperkings op belangstellings en ander aktiwiteite plaas.

3.4.7 Gesondheidstoestande.

Soos reeds blyk uit opmerkings in die bespreking van die ekonomiese omstandighede, sal die gesondheidstoestand van 'n individu sy siening van die ouderdom en die bejaarde beïnvloed en is dit ook een van die faktore wat in die ouderdom self die aanpassing beïnvloed.

Die belangrikheid van die behouding van goeie gesondheid is juis een van die aspekte van veroudering wat reeds baie aandag geniet het (soos in die afdeling oor die navorsing wat in die gerontologie gedoen is, geblyk het). Gesondheid was byvoorbeeld een van die elf onderwerpe wat

op die eerste Amerikaanse nasionale konferensie oor bejaardes bespreek is. Op hierdie konferensie is goeie gesondheid aangedui as die belangrikste faktor wat tot 'n bevredigende en vrugbare lewe vir die ouer persoon kan bydra (National Conference on Aging, 1950, p. 103). Dit is uitgesonder as die faktor wat die verskil tussen 'n leë en betekenislose lewe of 'n gelukkige en bevredigende lewe kan meebring.

Hoe swakker die gesondheid, hoe groter is die moontlikheid van afhanklikheid in die ouderdom wat weer vrees vir die ouderdom kan skep. Die behouding van onafhanklikheid is juis 'n saak waaraan navorsers besondere betekenis en waarde heg (o.a. Goedmakers, 1970, p. 22; Rudd, 1967, p. 43 - 45; Pollak, 1948, p. 124). Daar is ook diegene wat dwarsdeur die lewe die behoefte het om op ander te leun en die lewe gemaklik te neem. Die gedagte van afnemende liggaamskragte mag dan vir hulle nie 'n hindernis wees nie en mag eerder tot 'n positiewe siening oor ouderdom lei. Dan gun die gemeenskap hulle die geleentheid om passief en afhanklik te wees.

Swak gesondheid mag finansiële behoeftes vererger. In die vorige afdeling is reeds verduidelik dat negatiewe gevoelens oor die ouderdom versterk word waar finansiële en gesondheidsprobleme beide voorkom. "At least, insofar as this group is concerned, it is clear that a happier old age might be attained if adequate measures were taken to assure the maintenance of their health. Low socioeconomic status alone acts as a depressant but when coupled with poor health the outlook becomes still more grim" (Kuhlen & Thompson, 1970, p. 589). Gesondheidsprobleme kan ander probleme wat bejaardes affekteer, intensiveer.

'n Betekenisvolle verband is ook al aangetoon tussen die bejaarde se gevoel teenoor sy gesondheid en sy bewustheid van ouderdom. Hoe swakker die persoon gevoel het dat sy gesondheid is, hoe ouer was hy geneig om homself te beskou (Palmore, 1970, p. 387). Dit val nogal op aangesien die algemene neiging is dat persone hulleself selde as "oud" beskou. 'n Verband is ook aangetoon tussen hierdie siening wat die bejaarde van

sy gesondheid het en die aanpassing wat gemaak word. Hoe swakker die bejaarde sy gesondheid beoordeel het, hoe swakker was die aanpassing van die bejaarde en ook omgekeerd (Hurlock, 1968, p. 884).

In 'n program van voorbereiding vir die ouderdom behoort die aandag in besonder op die gesondheidsprobleem gevestig te word. Hierdie voorbereiding en voorligting sal reeds in die jeugjare moet begin, want die wortels van goeie gesondheid in die ouderdom reik terug na die jeug-, die volwasse en middeljare. Die jeug moet gesondheidsbewus gemaak word. Rubens-Franken (1953, p. 43) praat van voorkomende optrede en dan wel voor die vyf-en-veertigste jaar. Goedmakers (1970, p. 155 - 156) meen dat op hoe jeugdiger leeftyd gesondheidsopvoeding plaasvind, hoe gunstiger kan die uitwerking van die verskynsels en aanduidinge van die veroudering wees. Dieselfde gedagte word ook gehuldig deur Weatherall, Wright en in Governor's Conference on Problems of the Aging (1969, p. 50; 1968, p. 53; 1955, p. 227).

Veroudering gaan nie noodwendig gepaard met siekte, kwale en gebreke nie, tog kom afnemende kragte en energie en siektes meer dikwels in bejaardes voor en neem dit dikwels ook langer om te herstel. In hierdie verband kan voorkoming 'n belangrike rol speel. Dit kan veel doen om die bejaarde aktief en selfstandig te hou en die siening van die ouderdom positief te beïnvloed. Geskikte gesondheidsdienste kan siektes, kwale en ongesteldhede wat die verouderingsproses bevorder, teëwerk. "Gereelde mediese ondersoek is uiters belangrik om toestande wat 'n baie nadelige uitwerking op die welsyn van bejaardes kan hê, te bekamp. Daar moet onthou word dat faktore soos omgewingstoestande, voeding, vorige ervaring van spanning en siekte en die gehalte van beskikbare mediese behandeling die sindroom wat as veroudering bekend staan, kan beïnvloed" (SANR vir die welsyn van Bejaardes (Jaarverslag), 1971, p. 10). "There is a need of anticipatory and preventive measures to prevent, minimize or postpone the disabilities that commonly attend the aging process" (Governor's Conference on Problems of the Aging, 1955, p. 512). Die laaste lewensjare kan met minder kwale en gebreke deurgebring word as die kennis wat die gerontologie blootlê, benut word (Rubens-Franken,

1953, p. 101).

Bejaardes kan 'n sosiale probleem word indien hulle medies verwaarloos word. 'n Mate van goeie gesondheid is immers nodig vir baie sosiale aktiwiteite, ontspanningsgeleenthede en gesinsaktiwiteite. Swak gesondheid is beslis een van die faktore wat eensaamheid in die hand kan werk en negatiewe teenoor die ouderdom en bejaardes kan aanwakker.

Swak gesondheid kan in 'n baie groot mate daartoe bydra dat 'n persoon nie 'n selfstandige bestaan kan voer nie en kan by die bejaarde vrees vir die ouderdom wek. Dit kan ook vrees vir die ouderdom en 'n negatiewe houding teenoor die ouderdom skep by diegene wat die versorging van 'n siek bejaarde moet behartig.

3.4.8 Houding teenoor godsdiens, lewensbevrediging en die dood.

Daar is een behoefte wat elke mens, oud en jonk, eie is, omdat die mens 'n geskapene van God is, nl. 'n heimwee na God. Die psalmis het dit in psalm 42:2 en 3 verwoord in "Soos 'n hert wat smag na waterstrome, so smag my siel na U, o God! My siel dors na God, na die lewende God; wanneer sal ek ingaan en voor die aangesig van God verskyn?" Die menslike siel is as't ware op God aangê, tot God geskape (Kuypers, 1953, p. 308). Dit is nie in die sin asof die mens gebore word met 'n ingebore Godsbesef wat kant en klaar vir hom gereed lê nie, maar wel so dat in sy siel 'n "saad van religie" wat hom heel sy lewe deur laat geld, sluimer. Die menslike denke vind geen vrede wanneer dit nie tot God nader nie, die menslike hart vind geen vrede wanneer hy nie bewus is van God se nabyheid nie. Vir Lallemand (1947, p. 15) is daar 'n leemte in die hart wat deur alle skepsels saam, nog nie gevul sou kon word nie. Dit kan slegs deur God, ons begin- en einddoel, gevul word.

Hierdie behoefte ontstaan dan omdat die mens beskik oor inherente geestelike vermoëns wat nie in en deur hierdie wêreld bevredig kan word nie; dit hou in dat die ware betekenis van die lewe, die sin en doel, net gevind kan word in sy verhouding tot God. Hierdie doel word egter

nie altyd in die godsdiens gesoek nie. C. Bühler (1959, p. 79) meen dat vir die religieuse-gerigte mens die toenemende geestelike vervolmaking voor die gees staan; vir die mens gerig op die aardse goedere, die toenemende verwerwing en vermeerdering van rykdom of mag; andere stel vir hul in die algemeen die geluk of die vrede wat hulle eindelik hoop om te bereik, voor; vir die skeppende persoon kan dit die afsluiting van sy werk wees, en so meer.

Die godsdiens kan veral by die ouer persoon in heelwat behoeftes voorsien (Neugarten, 1968, p. 506 - 507; Rudd, 1967, p. 49; Barron, 1961, p. 166; Report of the White House Conference on Aging, 1961, p. 237 & 239; Governor's Conference on Problems of the Aging, 1955, p. 426 - 427; Old age in the modern world, 1955, p. 607; National Conference on Aging, 1950, p. 207; Vischer, 1950, p. 74; Pollak, 1948, p. 162). Dit kan gevoelens van eensaamheid verlig en die persoon se selfrespek verstewig. Kerklike aktiwiteite kan die bejaarde die geleentheid gee om deel te neem aan sosiale aktiwiteite waarin hy welkom is, hom 'n gevoel van "te behoort", gee. Die begeerte na status kan in die kerklike lewe meer bevrediging as in enige ander sfeer vind. Selfs waar die bejaarde fisies immobiel is, mag die predikant hom nog besoek terwyl kinders en vriende besoeke agterweë mag laat. So kan die godsdiens, die geloofsluwe en die kerk nog veel meer waarde vir veral die bejaarde hê.

Waarin die mens die sin en doel van die lewe soek en in watter mate dit gevind word, watter houding die persoon teenoor godsdiens het, sal 'n invloed op sy opvatting van en houding teenoor ouderdom hê. By 'n positiewe houding teenoor godsdiens kan eerder 'n positiewe houding teenoor ouderdom verwag word - dat elke lewensfase, ook die ouderdom, as 'n gave uit Gods hand aanvaar sal word; dat die beste uit elke fase gehaal sal word omdat daar tot Gods eër geleef word; dat daar troos gevind word in die belofte in Jesaja 46:4 "en tot die ouderdom toe is Ek dieselfde, ja, tot die grysheid toe sal Ek julle dra."

Waar die hoogste lewenswaardes nie in die godsdiens gesoek word nie,

waar dit byvoorbeeld in tydelike genot gesoek word, kan die ouderdom maklik gevrees word omdat die moontlikhede vir soortgelyke genietinge in die ouderdom verminder.

Dit waarin die hoogste lewenswaardes gesoek word, sal nie net betekenis aan die lewe gee nie, maar sal ook bepalend wees vir die lewensbevrediging wat gesmaak word. Die een persoon beskik oor 'n groter moontlikheid om sy lewensloop met voor- en teenspoed, welslae en mislukking te verwerk, om 'n groter mate van lewensbevrediging te geniet. Hierdie lewensbevrediging hou die subjektiewe aspek van aanpassing in. 'n Persoon kan byvoorbeeld sosiaal as 'n mislukking beskou word, maar tog persoonlik aangepas en gelukkig wees, of deur ander as bekwaam en suksesvol beskou word en homself as 'n mislukking sien. Die goed geïntegreerde persoonlikheid gekombineer met 'n bevredigende aanpassing in die volwasse jare wat agter die rug is, behoort beter in staat te wees om die ouderdom die hoof te bied, as die persoonlikheid by wie dit nie die geval is nie (Geist, 1968, p. 20).

Die mate van lewensbevrediging wat die persoon meen te smaak, sal ook sy opvatting van en houding teenoor ouderdom beïnvloed. 'n Positiewe houding sal makliker, ook wat die ouderdom betref, tot 'n positiewe opvatting en houding lei. Die ouderdom kan met negatiwiteit bejeën word as die persoon meen dat die lewe hom nie genoeg gebied het nie, dat die lewe hom nog geluk, of sukses, of voorspoed, en so meer, skuld en hy besef dat die tyd om dit te verkry, minder word.

Wat die persoon van die lewe verwag en in hoe 'n mate hy meen dat sy lewensverwagtings verwesenlik is, die opvoeding wat geniet is, daaglikse lewensomstandighede, en so meer, sal almal by hierdie beoordeling 'n rol speel. Die persoon met 'n hoë mate van lewensbevrediging hoef nie noodwendig die hoogste waardes in die godsdiens te soek nie. Waar dit egter in dinge soos rykdom, status, beroemdheid en aansien gesoek word, sal dit moeiliker wees om in die latere jare 'n hoë peil van gelukkige en tevrede funksionering te bereik, wanneer hierdie dinge aan

waarde verloor, terwyl die godsdienst, soos aangetoon, toenemende sekuriteit en 'n gevoel van selfwaarde kan bied.

Die beseef en aanvaarding van die moontlikhede, maar ook die beperkings van die lewensplan, bring ook konfrontasie en integrasie met die dood. Ook die houding teenoor die dood sal die opvatting van en houding teenoor ouderdom beïnvloed. Nie almal kan bevestigend op Munnichs (In Huijts, Ouderdom en ontwikkeling, 1964, p. 126) se vraag: "Is de dood dan niet een sprong in het duister, een volstreekte overgawe aan die volstreekte Ander?" antwoord nie.

'n Koorsagtige deelname aan die lewe in 'n poging om die dood te vergeet, word dikwels volgehou al kan die onverwagte dood van 'n familielid of vriend, 'n onverwagse ernstige siekte, die dood baie reëel en naby bring. Om 'n bevredigende houding teenoor die probleem van die dood te vind, hang vir Ronge (1951, p. 155) ten nouste met die persoon se lewenstyl saam en behoort vir hom tot die saak van lewenskuns.

Een studie wat in Antwerp uitgegee is, dra die titel "Leven en eindigheid" en met hierdie titel word die kwessie van die dood midde in die werklikheid geplaas, maar die mens wil hom nie graag daarvan rekenskap gee nie. Die dood is 'n misterie en so wil die mens dit ook hou. Geboei deur die ekspanisie van die lewe bemoei die mens van vandag hom minder as vroeër met die probleem van sy eie eindigheid. Munnichs (1964, p. 12) meen dat die doodswyging van die dood in ons hedendaagse kultuur, slegs skynbaar die dood uit die lewe verban en dat dit tot verarming van die lewe lei. Altyd word weer gevind die vrees vir die dood en daarmee ook die vrees vir die ouderdom en die wens om die lewe so lank as wat maar moontlik is, te behou. Die sieke, die lydende en die bejaarde klem dikwels aan die lewe wanneer buitestaanders meen dat die dood 'n verlossing sou wees.

Vir die meeste meense is die dood iets geheimsinnigs, iets onbekends en wat onbekend is, word dikwels gevrees, en daarmee saam word dan ook die

ouderdom gevrees omdat die dood met toenemende ouderdom steeds nader kom. Die doodsprobleem duik nie slegs teen die einde van die lewe op nie, gedurende die hele aardse bestaan van die mens is die dood 'n gewisse sekerheid (Ronge, 1951, p. 152), maar in die ouderdom kan die dood vir die persoon meer reël word. Ook vir baie wat die dood as die begin van die ewige lewe sien, kan die dood nog iets wees wat gevrees word, iets wat die begin van die ewige verdoemenis is. Watter opvatting ook al gehuldig word, dit sal sy invloed op die lewenspatroon van die mens hê en op die opvatting wat die persoon van hierdie lewensfase het. As die dood as die einde van alles gesien word, mag dit daartoe lei dat alles in die stryd gewerp word om die ouderdom teë te werk en te geniet wat die lewe bied. 'n Positiewe houding is ook moontlik waar die ouderdom gesien word as voorbereiding vir die hiernamaals wat wag sodat alle behoeftes, begeertes en dryfkragte deur geestelike waardes en maatstawwe gerig sal word. Deur die vaste vertroue in die onsienlike toekoms kan moontlik 'n verlange na die dood ontstaan en 'n verwelkoming van die ouderdom.

Dit blyk dan dat dit vir die persoon wat 'n positiewe houding teenoor godsdiens het, moontlik makliker is om 'n positiewe houding teenoor ouderdom te ontwikkel, want sy verhouding tot God gee dan betekenis aan alle menslike waardes en lewensfases, ook aan die ouderdom. 'n Hoër mate van lewensbevreëdiging is moontlik omdat dit vir hom immer die moeite werd is om te leef, wyl dit die moeite werd is om Gods Woord in sy lewe in praktyk om te sit. Vir die persoon wat die sin en doel van sy lewe in die godsdiens vind, vir wie God die grond van sy bestaan is, is 'n positiewe houding teenoor die dood ook moontlik. In die sterflikheid, in die dood, lê die potensiële oneindigheid met Christus se versekering in Johannes 11:25, "Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe."

In hierdie studie sal dan nie alleen houding teenoor ouderdom nagegaan word nie, maar ook die houding teenoor godsdiens, lewensbevreëdiging en die dood.

3.5 SAMEVATTING

In die hoofstuk is aangedui dat die terme "ouderdom" en "bejaarde" onderskeidelik vir die proses van ouer word en die oudgewordene in hierdie studie gebruik word. Die invloed – n invloed selfs op die verouderingsverskynsels – wat van die opvatting van en houding teenoor die ouderdom en die bejaarde kan uitgaan, is bespreek. Faktore wat in hierdie verband n rol kan speel, is byvoorbeeld wat afdrede vir die persoon inhou, die beroep wat beoefen word, gesondheidstoestande, finansiële versorging, die aard van die kontak wat daar met die bejaarde is en die vereistes wat die samelewing aan die bejaarde stel. Ook die houding teenoor die godsdiens, en die dood en die mate van lewensbevrediging wat die persoon ondervind, kan hier n rol speel. Voorbereiding vir die ouderdom (of gebrek daaraan) is waarskynlik die belangrikste faktor wat die opvatting en houding kan beïnvloed. In die ondersoek wat in die volgende hoofstukke bespreek word, word aan die opvattings en houdings van die proefpersone aandag gegee en ook aan die faktore wat n invloed daarop kon uitgeoefen het.

4 ONDERSOEK NA DIE OPVATTING VAN EN DIE HOUDING TEENOOR OUDERDOM EN BEJAARDES

4.1 INLEIDING

In die voorafgaande hoofstukke is aangetoon dat daar deesdae in toenemende mate aan die latere lewensjare van die mens aandag geskenk word. Soos aangetoon, is in die navorsing oor ouderdom aanvanklik aan aspekte soos die mediese en fisiologiese aandag gegee, terwyl die belangrikheid van die psigologiese, fisiologiese en ekonomiese nou ook steeds meer navorsing in hierdie rigting meebring. Hieronder is ook die opvatting van en die houding teenoor ouderdom en bejaardes ingesluit. Soos aangedui, is daar in Suid-Afrika nog min navorsing in verband met bejaardes gedoen en is die opvatting van en die houding teenoor bejaardes of die ouderdom nog in geen studie betrek nie. Met die oog op hierdie behoefte is die studie dan onderneem.

Daar is uitgegaan van die gedagte dat "opvatting van en houding teenoor ouderdom" 'n meer persoonlike kleur as "opvatting van en houding teenoor bejaardes" het. 'n Persoon mag moontlik nog taamlik objektief teenoor bejaardes staan, maar "ouderdom" maak die saak meer subjektief. Ouderdom en die opvatting daarvan en die houding daarteenoor kan egter moeilik bespreek word sonder om dit aan die mens te koppel. Van die meer abstrakte begrip "ouderdom", sal altyd by die konkrete begrip van "bejaardes" aangesluit word. Dit is 'n aspek wat navorsing ietwat bemoeilik. Daar kan ook verwag word dat die meeste proefpersone vrae sal beantwoord in die sin van houding teenoor die ou mens, die begrip van die mens wat oud is, hoe is die ou mens, op watter ouderdom is die mens oud, en so meer.

4.2 DOELSTELLINGS

In hoofstuk 2 is daar gewys op die invloed wat die opvatting van en die

houding teenoor ouderdom en bejaardes kan uitoefen. Met hierdie feite in gedagte sal daar gepoog word om die volgende na te gaan:

1. Die opvatting van ouderdom en bejaardes.

Daar sal getrag word om na te gaan watter siening van ouderdom en bejaardes die proefpersone het. Die jeugdige kan meen dat die veertigjarige "oud" is. En as hy self veertig jaar oud is, dan is die sestigjarige moontlik vir hom "oud". Daar kan nagegaan word uit watter gesigspunt die begrip van ouderdom betrag word, ook of die benadering van die proefpersone afhang van watter funksie dit is waaraan prioriteit en gewig toegeken word, en so meer.

ii. Vergelyking met gerontologiese studies.

Oor die funksionering van die persoon in die ouderdom is reeds heelwat navorsing gedoen. Daar kan nagegaan word in hoe 'n mate die spesifieke opvattinge wat die proefpersone huldig met beskouinge in gerontologiese studies ooreenkom of daarvan verskil.

iii. Houding teenoor ouderdom en bejaardes.

In aansluiting by die eerste doelstelling kan nagegaan word of 'n sekere houding - positief of negatief - teenoor ouderdom en bejaardes aangetoon kan word.

iv. Moontlike faktore wat die opvatting van en houding teenoor ouderdom en bejaardes kon beïnvloed.

In hoofstuk 3 is verwys na faktore wat hierdie opvatting en houding kan beïnvloed. Daar kan dan nagegaan word of by hierdie bepaalde groep persone moontlike faktore aangewys kan word. Bestaan daar die neiging om 'n meer positiewe opvatting met toenemende jare te ontwikkel en namate die ouderdom 'n groter werklikheid word en so ook die bejaardheidsimptome? Sou beïnvloeding uitgaan van geslag of van die mate van opleiding wat die persoon geniet het?

Hierdie en soortgelyke vrae sal probeer beantwoord word. Ook die houding teenoor godsdiens, die dood en lewensbevrediging sal as moontlike faktore nagegaan word.

4.3 PROEFPERSONE

Studies wat gedoen is om houding teenoor ouderdom na te gaan, het meesal bejaardes self ingesluit. Aangesien die probleem van ouderdom egter verreikende betekenis vir die individu kan hê, 'n invloed wat hom nie eers in die ouderdom laat geld nie, is gevoel dat nie net bejaardes betrek moet word nie, maar ook jonger persone.

Die proefpersone was die volgende:

- (a) 160 Seuns van 'n seunskool het die vraelys beantwoord. Nadat vorms wat nie korrek voltooi was nie, uitgeskakel is, is 150 antwoorde gebruik, 30 seuns uit elke standerd van st. 6 tot st. 10.
- (b) Op soortgelyke wyse is 150 antwoorde van dogters in twee dogterskole gebruik, ook 30 per standerd vanaf st. 6 tot st. 10.
- (c) Wat volwassenes betref, is probeer om proefpersone uit verskillende beroepsfere te betrek, proefpersone van verskillende ouderdomme, met verskillende agtergronde, ens. Nadat foutiewe antwoorde uitgeskakel is, is die antwoorde van 480 proefpersone gebruik, 30 persone uit elk van die volgende groepe:

Mans.

Dosente
Sakemanne
Klerke
Pensionaris/afgetredenes
Ambagsmanne
Onderwysers
Boere
Predikante

Dames.

Verpleegsters
Pensionaris/afgetredenes
Sakevroue
Onderwyseresse
Huisvroue
Tiksters/klerke
Boervroue
Bibliotekaresse

- (d) Ongeveer 60 bejaardes in twee ouerhuise, een op Potchefstroom en een in Johannesburg.

Die totale aantal proefpersone was dus 840.

4.4 METODE

'n Vraelys wat uit verskillende afdelings bestaan het, is gebruik. Afdeling A van die vraelys het naas allerlei biografiese, familiale en omgewingsbesonderhede ook vrae ingesluit oor die opvatting van ouderdom, beskrywings van positiewe en negatiewe aspekte van ouderdom, ens.

Om die houding teenoor ouderdom, godsdienst, dood en lewensbevreëdiging na te gaan, is 'n Likert-tipe houdingskaal opgestel. Tien positiewe en tien negatiewe stellings is by elk van die vier deur 10 beoordelaars (dosente en nagraadse studente in die Psigologie) uitgesoek. Daar is probeer om die stellings so kort as moontlik te formuleer en om enige dubbelsinnigheid te vermy. Die stellings is in Afdeling B van die vraelys gegee.

Die taak van die beoordelaars is soos volg bewoord:

"Vier sake - ouderdom, godsdienst, dood en lewensbevreëdiging - word betrek. Die doel is om die instelling van die proefpersone teenoor ouderdom, godsdienst, die dood en mate van lewensbevreëdiging te bepaal. Oor elke aspek word \pm 20 negatiewe en 20 positiewe stellings gegee. Dit sal waardeer word indien u by elke stelling kan nagaan in watter mate dit volgens u mening, daartoe sal bydra om 'n beeld van die proefpersone se instelling - positief of negatief - weer te gee. Dit wil sê, 'n stelling moet byvoorbeeld nie 'n blote feit, 'n vanselfsprekende waarheid wees nie. Elke stelling moet daartoe bydra dat dit tussen diegene met 'n positiewe instelling teenoor die spesifieke saak en diegene met 'n negatiewe instelling moet kan differensieer. U kan die mate wat u meen wat dit wel in sy doel slaag, op 'n vyf-puntskaal wat gegee word, aandui. Die stellings wat die beste geskik is, sal dan

gebruik word vir die opstelling van 'n houdingskaal. Enige addisionele stellings of kommentaar sal welkom wees."

Daar is probeer om die stellings so te formuleer dat dit die moontlikheid van graadverskille inhou, daarom nie 'n stelling soos die volgende by godsdiens nie:

'Daar is 'n God'

waarop 'n Ja/Nee moontlik doeltreffender sal wees nie, maar eerder:

'Die hoogste waarde in die lewe is die religieuse'.

'Godsdiens hinder werklike vooruitgang'.

En by die ouderdom byvoorbeeld:

'Die ouderdom is die verveligste tydperk van die lewe'.

'Op politieke gebied kan 'n mens in die ouderdom geen waarde hê nie'.

Die stellings oor ouderdom het nie bloot liggaamlike aspekte betrek nie, maar eerder sosiale en psigologiese aspekte wat nie vanselfsprekende waarhede is nie. Dus nie stellings soos:

'In die ouderdom neem liggaamskragte af' en

'In die ouderdom word 'n mens gou moeg'

nie, maar eerder:

'In die ouderdom het 'n mens talle irriterende gewoontes ontwikkel'.

'Dit is waar om te beweer dat die ouderdom die tydperk van wysheid is'.

Nadat die beoordelaars se antwoorde verwerk is, is die 80 stellings (40 positief en 40 negatief) deurmekaar opgestel. Dit is deurmekaar gegee sodat die 4 sake ietwat verbloem is en nie so duidelik uitgestaan het nie. Daar is uitgegaan van die gedagte dat die negatiewe en positiewe stellings wat gegee is, sou meebring dat die proefpersone meer aandag aan elke individuele stelling sou gee.

Die vraelys is juis so beplan dat eers 'n reaksie van die proefpersone oor ouderdom verkry sou word voordat suggesties in die vraelys 'n invloed kon hê en ook dat hulle omskrywing van die ouderdom gegee sou word, voordat hulle die stellings in die vraelys lees (Volledige vraelys, Bylae A).

Die skaal is so opgestel dat daar in die eerste plek informasie verkry kan word en die doel is nie om 'n skaal waarmee in die toekoms die houding teenoor ouderdom, godsdiens, dood en lewensbevrediging gemeet kan word, daar te stel nie. Die vraelys is dus primêr informatief van aard.

4.5 VOORLEGGING AAN PROEFPERSONE

Die vraelys wat deur die leerlinge beantwoord is, het van dié van die volwassenes daarin verskil dat 3 bladsye met vrae oor proefpersone se beroep, eggenoot(e), ens., vrae wat nie op skoliere van toepassing was nie, uit hulle vraelys gelaat is.

Om vas te stel watter standerds, indien enige, hulp by beantwoording nodig sou hê, is dit individueel met 'n paar seuns en dogters in st. 6 en st. 7 deurgewerk. Slegs in die geval van die st. 6-leerlinge is besluit om dit vraagsgewys met die leerlinge te behandel. Dit is in groepe van ongeveer 15 gedoen. Wat die ander leerlinge, asook volwassenes betref, is dit aan die proefpersone gegee of gepos. Ook by die bejaardes in die tihuise was dit nodig om dit individueel met hulle deur te werk en met ongeveer 5 van die ander proefpersone wat hulp by die beantwoording gevra het.

Die verduideliking by Afdeling A het soos volg gelui: "In hierdie deel word gegewens soos u naam, u ouderdom; u huistaal, en so meer, gevra. By sommige vrae is een woord as antwoord voldoende. By ander vrae word u versoek om die antwoord wat op u van toepassing is, te onderstreep. By ander vrae word daar weer 'n kort paragraaf gevra. Die spasie wat by 'n spesifieke vraag vir u antwoord oopgelaat is, sal vir u 'n aanduiding gee

die lengte van die antwoord wat verlang word. Dit is belangrik dat u nie een vraag sal oorslaan nie."

Afdeling B is so verduidelik:

"In hierdie deel word 'n aantal stellings gemaak. Ons wil graag weet in hoe 'n mate u met elke stelling saamstem of daarvan verskil. By elke stelling moet u besluit watter opskrif - stem sterk saam, stem saam, onseker, verskil, verskil sterk - u eie mening die beste weergee. Dit dui u aan deur onder die bepaalde opskrif regoor die stelling 'n kruisie te maak.

Die eerste stelling wat gegee word, is byvoorbeeld: 'Ek is bitter teleurgesteld in die lewe'. U besluit nou of u sterk daarmee saamstem dat u bitter teleurgesteld is in die lewe, of u net daarmee saamstem, of u onseker is dat u daarmee saamstem of verskil, of u net daarvan verskil en of u baie daarvan verskil en net onder een opskrif - dit wat volgens u mening die beste weergee hoe u oor hierdie bepaalde stelling voel - maak u regoor die eerste stelling, nl. 'Ek is bitter teleurgesteld in die lewe', 'n kruisie.

Dan lees u die volgende stelling, nl: 'Die ouderdom leer die mens om teenspoed te dra', en besluit weer onder watter opskrif regoor die tweede stelling, nl: 'Die ouderdom leer die mens om teenspoed te dra', u die kruisie wil maak, ens.

Dit is belangrik dat u nie een stelling sal uitlaat nie."

4.6 INDELING VAN DIE PROEFPERSONE IN GROEPE

Die biografiese besonderhede in Afdeling A word gebruik sodat die proefpersone in verskillende groepe verdeel kan word volgens ouderdom, opleiding, geslag, en so meer. Die volgende aantal groepe is by die volwassenes onderskei:

- (a) Volgens ouderdom 16 groepe by albei geslagte (16 by die mans en 16 by dames).
- (b) Volgens opleiding 12 groepe (12 by die mans en 12 by die dames).
- (c) Volgens huwelikstaat 4 groepe (4 by die mans en 4 by die dames).
- (d) Vyf keuses is gegee by die vrae:
- (i) Hoe gelukkig die proefpersoon in sy werk is/was.
 - (ii) Hoe gelukkig die proefpersoon in sy ouerhuis is/was.
 - (iii) Hoe die proefpersoon met grootouers oor die weg kom/gekom het.
 - (iv) Watter mate van kontak die proefpersoon met grootouers het/gehad het.
 - (v) Hoe dikwels die proefpersoon kerk toe gaan.
- (e) 5 Groepe by die vraag tot op watter ouderdom die proefpersoon met grootouers kontak gehad het.
- (f) Volgens beroep 8 groepe soos reeds genoem (8 by mans en 8 by dames).

Die verdeling in groepe en die aantal proefpersone in elk, het soos volg daar uitgesien:

TABEL 1

GROEPERING VAN PROEFPERSONE EN AANTAL IN GROEPE

| | <u>Groepe</u> | <u>Mans</u> | <u>Dames</u> |
|----------------------|--------------------|-------------|--------------|
| (a) <u>Ouderdom.</u> | | | |
| Eerste groepering: | | | |
| (i) | Tot 20 jaar | 9 | 24 |
| (ii) | 21 - 25 jaar | 32 | 42 |
| (iii) | 26 - 30 jaar | 17 | 29 |
| (iv) | 31 - 35 jaar | 20 | 22 |
| (v) | 36 - 40 jaar | 26 | 26 |
| (vi) | 41 - 45 jaar | 30 | 25 |
| (vii) | 46 - 50 jaar | 35 | 20 |
| (viii) | 51 - 55 jaar | 12 | 14 |
| (ix) | 56 - 60 jaar | 21 | 14 |
| (x) | 61 - 65 jaar | 14 | 11 |
| (xi) | 66 - 70 jaar | 9 | 11 |
| (xii) | 71 - 75 jaar | 11 | 2 |
| (xiii) | 76 - 80 jaar | 4 | 0 |

| | <u>Groepe</u> | <u>Mans</u> | <u>Dames</u> |
|--------------------|--------------------|-------------|--------------|
| Tweede groepering: | | | |
| (i) | Tot 35 jaar | 78 | 117 |
| (ii) | 36 - 55 jaar | 103 | 85 |
| (iii) | 56 - 80 jaar | 59 | 38 |

(b) Opleiding.

Eerste groepering:

| | | | |
|--------|----------------------------|----|----|
| (i) | Opleiding tot st. 6 | 42 | 25 |
| (ii) | Opleiding tot st. 8 | 41 | 62 |
| (iii) | Opleiding tot st. 10 | 38 | 71 |
| (iv) | 'n Diploma | 25 | 50 |
| (v) | 'n Graad | 6 | 11 |
| (vi) | 'n Graad en diploma | 40 | 17 |
| (vii) | Twee grade | 10 | 3 |
| (viii) | Twee grade en diploma | 14 | 1 |
| (ix) | Meer as 2 grade | 24 | 0 |

Tweede groepering:

| | | | |
|-------|---|-----|-----|
| (i) | Tot st. 10 | 121 | 158 |
| (ii) | Diploma, graad, diploma en graad | 71 | 78 |
| (iii) | Twee en meer grade, 2 gra- de en diploma | 48 | 4 |

(c) Huwelikstaat.

| | | | |
|-------|------------------------|-----|-----|
| (i) | Ongetroud | 41 | 55 |
| (ii) | Getroud | 197 | 169 |
| (iii) | Geskei | 0 | 4 |
| (iv) | Weduwee/Wewenaar | 2 | 12 |

(d) Geluk in werk.

| | | | |
|-------|-----------------------|-----|-----|
| (i) | Baie gelukkig | 122 | 138 |
| (ii) | Gelukkig | 107 | 98 |
| (iii) | Onseker | 10 | 4 |
| (iv) | Ongelukkig | 1 | 0 |
| (v) | Baie ongelukkig | 0 | 0 |

(e) Geluk in huis.

| | | | |
|-----|---------------------|-----|-----|
| (i) | Baie gelukkig | 180 | 167 |
|-----|---------------------|-----|-----|

| | <u>Groepe</u> | <u>Mans</u> | <u>Dames</u> |
|-----|--|-------------|--------------|
| | (ii) Gelukkig | 69 | 61 |
| | (iii) Onseker | 7 | 7 |
| | (iv) Ongelukkig | 4 | 5 |
| | (v) Baie ongelukkig | 0 | 0 |
| (f) | <u>Mate van kontak met grootouers.</u> | | |
| | (i) Besonder baie | 35 | 33 |
| | (ii) Baie | 32 | 37 |
| | (iii) Redelike kontak..... | 62 | 53 |
| | (iv) Min kontak | 55 | 68 |
| | (v) Baie min kontak | 0 | 2 |
| | (vi) Geen | 56 | 47 |
| (g) | <u>Verhouding met grootouers.</u> | | |
| | (i) Baie goed | 50 | 65 |
| | (ii) Goed | 70 | 83 |
| | (iii) Redelik | 62 | 40 |
| | (iv) Swak | 2 | 5 |
| | (v) Geen | 56 | 47 |
| (h) | <u>Kerkbesoek.</u> | | |
| | (i) Drie of meer kere per week | 40 | 33 |
| | (ii) Twee keer per week | 79 | 64 |
| | (iii) Een keer per week | 64 | 83 |
| | (iv) Een keer in 2 weke | 35 | 39 |
| | (v) Een keer per maand | 22 | 21 |
| (i) | <u>Beroepe.</u> | | |
| | (i) Dosente | 30 | |
| | (ii) Sakemanne | 30 | 30 |
| | (iii) Klerke | 30 | 30 |
| | (iv) Pensionarisse | 30 | 30 |
| | (v) Ambagsmanne | 30 | |
| | (vi) Onderwysers | 30 | 30 |
| | (vii) Boere | 30 | 30 |
| | (viii) Predikante | 30 | |
| | (ix) Verpleegsters | | 30 |
| | (x) Huisvrouens | | 30 |
| | (xi) Bibliotekaresse | | 30 |

BY DIE LEERLINGE IS ONDRSKEI

| <u>Groepe</u> | <u>Seuns</u> | <u>Dogters</u> |
|-----------------------------|--------------|----------------|
| (a) <u>Standers.</u> | | |
| St. 6 | 30 | 30 |
| St. 7 | 30 | 30 |
| St. 8 | 30 | 30 |
| St. 9 | 30 | 30 |
| St. 10 | 30 | 30 |
| (b) <u>Ouderdomsgroepe.</u> | | |
| 14 jaar | 30 | 30 |
| 15 jaar | 30 | 30 |
| 16 jaar | 30 | 30 |
| 17 jaar | 30 | 30 |
| 18 jaar | 30 | 30 |

4.7 NASIEN VAN AFDELING A VAN DIE VRAELYS

Naas biografiese en ander informatiewe gegewens, kan die informasie oor ouderdom in die vraelys in drie groot groepe verdeel word, nl. die besonderhede vervat in vrae 60/64, die informasie van vrae 65/66 en die stellings oor ouderdom, godsdiens, dood en lewensbevrediging soos vervat in Afdeling B.

Die eerste twee dele het baie in gemeen, maar word weens die omvang van die gegewens eers afsonderlik bespreek, terwyl later gepoog sal word om sekere ooreenkomste/verskille aan te dui en moontlik te verklaar. Daarna sal Afdeling B bespreek word.

Wat die opvatting van ouderdom betref, dit wil sê vraag 60 en 64 en vraag 65 en 66, waar 'n omskrywing gegee is, moes dit volgens een of ander skema nagesien word. Met die nasien het geblyk dat 'n beter beeld gegee word deur vraag 60 en 64 te kombineer. Feitlik deurgaans is gevind dat laasgenoemde vraag 'n vollediger omskrywing van eersgenoemde vraag was. Dit kan geïllustreer word deur die volgende twee antwoorde

van een van die proefpersone. In vraag 60 word net gepraat van geestelike agteruitgang, terwyl by vraag 64 genoem word dat die persoon nie meer so goed kan onthou nie. In dié geval is die punt aangeteken by laasgenoemde antwoord en verval die antwoord van die eerste vraag dan. Die antwoord by die twee vrae het verder so ooreengestem, dat dit as 'n eenheid gesien moet word. Nadat baie van die antwoorde ondersoek is, is op die volgende skema besluit:

By die negatiewe stellings is 10 aspekte onderskei:

1. Voorkoms, dit wil sê dinge wat gesien kan word (V)
2. Liggaamlike agteruitgang (L)
3. Geestelike agteruitgang (G)
4. Sosiale agteruitgang (So)
5. Negatiewe instelling (I)
6. Chronologiese ouderdom (C)
7. Afhanklikheid (A)
8. Werk en ideale (W)
9. Siekte, gesondheid en ontspanning (S)
10. Terug in verlede (T)

By die positiewe gegewens is 4 aspekte onderskei:

1. Verstandigheid, kennis (VK)
2. Verdieping, versagting (VV)
3. Voordele vir of as gevolg van andere (VA)
4. Voordele vir persoon in sy leefwyse (VL)

Elk hiervan is verder ingedeel in onderafdelings wat gewissel het van 1 - 10. In sommige gevalle is ook die onderafdelings weer verder onderverdeel sodat die skema vir die nasien soos volg daar uitgesien het:-

TABEL 2

SKEMA GEBRUIK VIR NASIEN VAN VRAE

(a) Negatief

| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 |
|----|--------------------------------------|--|---|--------------------------------|--|--|--|--|----------------------|----------------------|
| V | loop (stadig, krom) | hare | tande | vel | postuur | voorkoms verwaar- loos | aanwend- sels | | | |
| L | sintuie: a. oog b. oor | beweging | onaktief (die keu- se of ge- dwonge) | tempera- tuurspro- bleme | spraak | slaap, rus | smaak, eet | moeg, energie | | |
| G | denke, verstand (gebrek) | belangstel- ling: (ge- brek) a. lewe b. ander c. beroep d. teenoor- gestelde geslag e. jeug | pessimis- ties, sinies | kla | inisiatief, verant- woordelik- heid (ge- brek) | emosioneel onstabiel | kortsig- tigheid | humorsin, lag (ge- brek) | liggelo- wig | selfbejam- mering |
| So | onsosiaal, swak kom- munikasie | vervelig | nuuskierig | selfsugtig | a. gee nie liefde nie b. kry nie liefde nie | a. eensaam b. vriende deur dood verloor | inmeng, knorrig, lewe ver- suur | praatsiek, diesel selfde oorvertel | botsings met jeug | kulturele afname |

TABEL 2 (VERVOLG)

| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 |
|---|---|-------------------------------|---|-------------------------------------|-------------------|--|----------------------|---------------------------------|--------------------------------|----|
| I | voel en dink hy's oud | maak asof oud, indruk gee oud | voel in pad | nie lus vir lewe, sien uit na einde | sien nie taak | a. wete einde nader b. vrees vir einde | lewensvregde verloor | | | |
| C | a. jare geleef dui ouderdom aan b. spesifieke jare geleef dui ouderdom aan | | | | | | | | | |
| A | afhanklik hulpeloos | armoede | bekommerenis: a. woon b. kinders c. ouderdom d. geld e. gesondheid | soek aandag, kinderagtig | nie welkom in pad | hou nie van verandering, aanpassingsprobleme | verveeld | gemis van kinders, kleinkinders | wil verstaan word, soek liefde | |
| W | a. werk b. beroep | aftree-ouderdom | normale bedrywighe | lus is te doen | onvervulde ideale | | | | | |

TABEL 2 (VERVOLG)

| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 |
|---|------------|----------------------|------------------------|-----------|-----------------|-----------------|--------------------------------------|---|---|----|
| S | gesondheid | swak, krag verminder | geen nut, onproduktief | nie sport | nie stokperdjie | nie ontspanning | moeiliker gered (geknoop aan siekte) | | | |
| T | lewe | dink | gesels | | | | | | | |

(b) Positief

| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 |
|----|-------------------------------|---------------------|--------------------------------------|-----------------|--------------------------|-----------------------|---------------------------------|----------------|--------------------------------------|--|
| VK | vindingrykheid | insig | bekwaamheid | sin vir waardes | oordeelkundig, objektief | rypheid | ervaring | wysheid | selfstandigheid | a. mensekennis b. beroeps-kennis c. kennis |
| W | a. godsdiens b. verdieping | balans, perspektief | a. rustig, besadig b. geemoedsrus | berusting | statigheid | teenspoed dra, aanpas | a. bedagsaam b. verdraagsaam | vergewingsheid | a. tevredenheid b. selfbeheersing | a. gaaf, lief b. naaste-liefde |
| VA | voorbeeld, hulp, raad | gesag | kinders, kleinkinders | respek | status | almal doen goed aan | kan vooruitgang van wêreld sien | vrugte pluk | onbevreesd | vooruitstrewend |

TABEL 2 (VERVOLG)

| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 |
|----|-----|--------------------|--------------------------------------|---------------------|----------------------------------|-----------|-------------------|---------------|----------|-------------------------------|
| VL | tyd | vir dood gereed | minder ver- antwoor- delikheid | hoef nie te werk | minder te- leurstel- lings | bestendig | herinne- ringe | spaar meer | gesellig | finan- sieel ge- vestig |

Uit die vorige blyk dit dat sommige onderafdelings, soos verwag kan word, ietwat arbitrêr geplaas is, tog vorm dit in geheel telkens 'n eie beeld.

Hierdie skema is gebruik vir die nasien van vrae 60/64 en 65/66.

4.8 NASIEN VAN AFDELING B VAN DIE VRAELYS

In hierdie afdeling is die volgende punte aan die stellings toegeken:

| <u>Positiewe stellings</u> | <u>Punte</u> | <u>Negatiewe stellings</u> | <u>Punte</u> |
|----------------------------|--------------|----------------------------|--------------|
| Stem sterk saam | 5 | | 1 |
| Stem saam | 4 | | 2 |
| Onseker | 3 | | 3 |
| Verskil | 2 | | 4 |
| Verskil sterk | 1 | | 5 |

Die maksimum punte wat 'n proefpersoon by die 20 stellings oor elke onderwerp kon behaal, was dus $20 \times 5 = 100$ en 'n minimum van $20 \times 1 = 20$. Daar is voorkeur gegee aan 'n vyf-puntskaal omdat so 'n beoordeling fyner differensiasies in die houding sou kon weergee as wat die geval sou wees met 'n blote Ja/Nee-beantwoording.

4.9 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is 'n algemene oorsig oor die studie wat gedoen is - onder andere die doelstellings, metode en proefpersone - gegee. Die belangrikste doelstelling is die nagaan van die opvatting van en houding teenoor die ouderdom en die bejaarde by 480 proefpersone, volwassenes en leerlinge. Daar is gebruik gemaak van 'n vraelys waarin sekere response oor ouderdom en bejaardes gegee moes word en ook response op stellings oor ouderdom, godsdiens, dood en lewensbevreëdiging. Die omskrywings van ouderdom (vraag 60/64) en die voor- en nadele wat aangedui is (vraag 65/66), is aan die hand van 'n bepaalde skema nagesien waarin vier negatiewe en tien positiewe afdelings met fyner onderafdelings onderskei is. Die stellings oor ouderdom, godsdiens, dood en lewensbevreëdiging is volgens 'n vyf-puntskaal nagesien. Verskillende subgroepe is by die proefpersone op grond van opleiding, huwelikstaat, geslag, en so meer, onderskei. In die volgende hoofstuk word die

verwerking van die response in die omskrywings van ouderdom en by die
gee van voor- en nadele aangedui en bespreek.

5 VERWERKING EN BESPREKING VAN VRAE 60, 64, 65 EN 66
VAN DIE VRAELYS

5.1 VERWERKING EN BESPREKING VAN VRAE 60 EN 64

5.1.1 Berekenings.

Die twee vrae (60 en 64) is soos volg nagesien, aangeteken en bereken. Vir elke negatiewe punt genoem, word een punt op die skema teenoor die bepaalde onderafdeling gegee en net so ten opsigte van die positiewe aspekte. Hierdie punte word dan soos volg gebruik:

Volwassenes:

1. Elke proefpersoon (480) se vrae 60 en 64 word gekombineer en die aantal positiewe en negatiewe tellings verkry.
2. Die totale tellings op vrae 60 en 64 is hierna vir die volgende groepe bereken:
 - (a) Al die mans.
 - (b) Al die dames.
 - (c) 16 Beroepsgroepe.
 - (d) 32 Ouderdomsgroepe.
 - (e) 24 Opleidingsgroepe.
 - (f) 8 Groepe in verband met huwelikstaat.
 - (g) 10 Groepe in verband met geluk in werk.
 - (h) 10 Groepe in verband met mate van kontak met grootouers.
 - (i) 10 Groepe in verband met verhouding met grootouers.
 - (j) 10 Groepe in verband met kerkbesoek.

Leerlinge:

1. Elke leerling se tellings op vrae 60 en 64 is bereken.

2. Die totale tellings op vrae 60 en 64 is bereken vir:

- (a) Al die seuns.
- (b) Al die dogters.
- (c) 10 Standerds.
- (d) 10 Ouderdomsgroepe.

Die onderafdelings (volgens Tabel 2) is saamgegroepeer en die subgroepe se totale tellings vir die verskillende afdelings is bereken. Die gegewens word in Bylae B vir die volwassenes en Bylae C vir die leerlinge verstrekk. Individuele response en tellings en dié in die onderafdelings word weens die omvang daarvan, nie verstrekk nie.

Volwassenes en Leerlinge.

1. Die gemiddelde punt per proefpersoon vir die positiewe en negatiewe tellings vir die subgroepe is bereken.
2. Beduidendheid van verskille tussen positiewe en negatiewe respons-frekwensies by elke groep is met die Binomiale toets bereken.
3. Die groepe is met mekaar vergelyk ten opsigte van negatiewe tellings en die beduidendheid van verskille is met die Chi-kwadraattoets bereken.
4. Die persentasie wat elke afdeling en onderafdeling van die totale response van elke subgroep vorm, is bereken. Slegs die hoogstes (negatief) word in Tabele 3 en 4 vir die volwassenes en leerlinge onderskeidelik aangedui.

5.1.2 Gemiddelde punt per proefpersoon, afdelings en onderafdelings met hoogste punte per subgroep.

Die verskillende groepe se gesamentlike punt (positief en negatief) op vraag 60/64; watter twee onderafdelings (negatief) die hoogste tellings gekry het en wat hierdie punte was; watter twee afdelings (negatief) die hoogste tellings gekry het en wat hierdie punte was, word in Bylae D aangedui. Die gegewens van die leerlinge word soortgelyk in Bylae E aangetoon.

Vir vergelykingsdoeleindes is die gemiddelde punt per proefpersoon vir elk van die subgroepe bereken. Die response is uitgedruk in persentasie vir die onderafdeling asook vir die afdeling met die hoogste aantal punte (negatief). Die gegewens word in Tabel 3 vir volwasse proefpersone en in Tabel 4 vir die leerlinge aangedui.

TABEL 3

GEMIDDELDE PUNT PER PROEFPERSOON OP VRAAG 60/64, HOOGSTE PERSENTASIE PER GROEP, ONDERAFDELINGS EN AFDELINGS

| N | Groep | Gemiddelde punt per proefpersoon op vraag 60/64 | | Hoogste persentasie en onderafdeling per groep | | Hoogste persentasie en afdeling per groep | |
|----|--|---|----------|--|---------------|---|----------|
| | | Positief | Negatief | Persentasie | Onderafdeling | Persentasie | Afdeling |
| | (a) <u>Beroepsgroepe.</u> (i) Mans. | | | | | | |
| 30 | Dosente | 0,23 | 4,57 | 9 | G1 | 24 | G |
| 30 | Sakemanne | 0,07 | 3,8 | 12 | G2a | 29 | G |
| 30 | Klerke | 0,23 | 3,5 | 10 | G1/G2a | 26 | G |
| 30 | Pensionarisse | 0,1 | 3,8 | 10 | G1 | 27 | L |
| 30 | Ambagsmanne | 0,2 | 3,2 | 11 | S07 | 21 | G |
| 30 | Onderwysers | 0,13 | 3,8 | 8 | G2a | 24 | G |
| 30 | Boere | 0,07 | 3,5 | 10 | S2 | 23 | G |
| 30 | Dominees | 0,17 | 3,67 | 12 | G1/S2 | 32 | G |
| | | 0,15 | 3,7 | 9 | G1 | 25 | G |

TABEL 3 (VERVOLG)

| N | Groep | Gemiddelde punt per proefpersoon op vraag 60/64 | | Hoogste persentasie en onderafdeling per groep | | Hoogste persentasie en afdeling per groep | |
|----|-----------------------|---|----------|--|---------------|---|----------|
| | | Positief | Negatief | Persentasie | Onderafdeling | Persentasie | Afdeling |
| | (ii) Dames. | | | | | | |
| 30 | Verpleegsters | 0,13 | 4,2 | 10 | Cb | 20 | G |
| 30 | Pensionarisse | 0 | 4,4 | 10 | L1a | 35 | L |
| 30 | Sakevroue | 0,07 | 3,33 | 9 | L3/G2a | 30 | G |
| 30 | Onderwyseresse | 0,13 | 4,67 | 8 | G1/S2 | 28 | G |
| 30 | Huisvroue | 0,23 | 2,97 | 10 | G2a/A1 | 24 | G |
| 30 | Tiksters | 0,03 | 4,33 | 7 | G2a/S1 | 28 | G |
| 30 | Boervroue | 0,03 | 4,2 | 10 | A1 | 23 | G |
| 30 | Bibliotekearisses ... | 0,3 | 4,53 | 8 | G5 | 26 | G |
| | | 0,12 | 4 | 7 | A1 | 24 | G |

TABEL 3 (VERVOLG)

| N | Groep | Gemiddelde punt per proefpersoon op vraag 60/64 | | Hoogste persentasie en onderafdeling per groep | | Hoogste persentasie en afdeling per groep | |
|----|---|---|----------|--|---------------|---|----------|
| | | Positief | Negatief | Persentasie | Onderafdeling | Persentasie | Afdeling |
| | (b) <u>Ouderdomsgroepe.</u> (i) <u>Mans.</u> | | | | | | |
| 9 | - 20 jaar | 0,33 | 2,44 | 14 | G2a | 27 | G |
| 32 | 21 - 25 jaar | 0,19 | 3,53 | 8 | G1/A1 | 23 | L |
| 17 | 26 - 30 jaar | 0,12 | 4,18 | 11 | G1 | 25 | G |
| 20 | 31 - 35 jaar | 0,15 | 3,6 | 7 | L3 | 22 | G |
| 26 | 36 - 40 jaar | 0,08 | 3,69 | 12 | S1 | 23 | G |
| 30 | 41 - 45 jaar | 0,1 | 3,07 | 12 | G2a | 34 | G |
| 35 | 46 - 50 jaar | 0,09 | 4,29 | 9 | G1 | 25 | G |
| 12 | 51 - 55 jaar | 0,17 | 4,75 | 12 | S2 | 23 | G |
| 21 | 56 - 60 jaar | 0,19 | 3,62 | 9 | G1 | 26 | G |
| 14 | 61 - 65 jaar | 0,43 | 4,64 | 12 | G1 | 26 | G |
| 9 | 66 - 70 jaar | 0,22 | 3,22 | 14 | G1 | 34 | L |
| 11 | 71 - 75 jaar | 0 | 3,09 | 15 | G1/S2 | 26 | S |
| 4 | 76 - 80 jaar | 0 | 4,5 | 17 | S2 | 28 | S |

TABEL 3 (VERVOLG)

| N | Groep | Gemiddelde punt per proefpersoon op vraag 60/64 | | Hoogste persentasie en onderafdeling per groep | | Hoogste persentasie en afdeling per groep | |
|----|--------------------|---|----------|--|------------------|---|----------|
| | | Positief | Negatief | Persentasie | Onderafdeling | Persentasie | Afdeling |
| | (ii) Dames. | | | | | | |
| 24 | - 20 jaar | 0,17 | 3,75 | 11 | So7/A1 | 17 | G/So |
| 42 | 21 - 25 jaar | 0,29 | 4,19 | 7 | G1/G2a/S1 | 34 | G |
| 29 | 26 - 30 jaar | 0,17 | 4,07 | 10 | A1 | 26 | G |
| 22 | 31 - 35 jaar | 0 | 3,77 | 11 | G2a | 29 | G |
| 26 | 36 - 40 jaar | 0,08 | 4,58 | 8 | G2a/S2 | 28 | G |
| 25 | 41 - 45 jaar | 0,08 | 4,32 | 9 | G2a | 25 | G |
| 20 | 46 - 50 jaar | 0,05 | 3,55 | 7 | G1/So7 | 28 | G |
| 14 | 51 - 55 jaar | 0,07 | 4,21 | 12 | A1 | 25 | L |
| 14 | 56 - 60 jaar | 0,07 | 3,07 | 7 | L1b/G2/So7/A1/S2 | 21 | L |
| 11 | 61 - 65 jaar | 0,09 | 4,09 | 11 | L1a/S2 | 35 | L |
| 11 | 66 - 70 jaar | 0 | 5,73 | 11 | L1a | 38 | L |
| 2 | 71 - 75 jaar | 0 | 2,0 | 25 | V6/L3/So7/A8 | 25 | |

TABEL 3 (VERVOLG)

| N | Groep | Gemiddelde punt per proefpersoon op vraag 60/64 | | Hoogste persentasie en onderafdeling per groep | | Hoogste persentasie en afdeling per groep | |
|-----|--------------------|---|----------|--|---------------|---|----------|
| | | Positief | Negatief | Persen- tasie | Onderafdeling | Persen- tasie | Afdeling |
| | (iii) Mans. | | | | | | |
| 78 | - 35 jaar | 0,18 | 3,56 | 8 | G1 | 23 | G |
| 103 | 36 - 55 jaar | 0,1 | 3,83 | 9 | S1 | 27 | G |
| 59 | 56 - 80 jaar | 0,2 | 3,76 | 11 | G1 | 25 | G |
| | (iv) Dames. | | | | | | |
| 117 | - 35 jaar | 0,18 | 3,99 | 6 | G1 | 24 | G |
| 85 | 36 - 55 jaar | 0,07 | 4,2 | 8 | A1 | 25 | G |
| 38 | 56 - 75 jaar | 0,05 | 4,08 | 9 | L1a | 32 | L |

TABEL 3 (VERVOLG)

| N | Groep | Gemiddelde punt per proefpersoon op vraag 60/64 | | Hoogste persentasie en onderafdeling per groep | | Hoogste persentasie en afdeling per groep | |
|----|--------------------------------------|---|----------|--|---------------|---|----------|
| | | Positief | Negatief | Persentasie | Onderafdeling | Persentasie | Afdeling |
| | (a) <u>Groepe volgens opleiding.</u> | | | | | | |
| | (i) <u>Mans.</u> | | | | | | |
| 42 | - St. 6 | 0,02 | 3,52 | 10 | S1 | 21 | L |
| 51 | - St. 8 | 0,17 | 3,39 | 10 | G2a/S2 | 29 | G |
| 38 | - St. 10 | 0,26 | 2,89 | 12 | G2a | 26 | G |
| 25 | Diploma | 0 | 3,92 | 10 | G2a/S1 | 20 | G/S |
| 6 | Graad | 0 | 5,33 | 12 | S2 | 25 | L |
| 40 | Diploma en graad , | 0,25 | 3,78 | 12 | G1 | 30 | G |
| 10 | Twee grade | 0 | 3,4 | 16 | G1 | 35 | G |
| 14 | Twee grade en diploma | 0 | 4,86 | 7 | S2 | 25 | G |
| 24 | Meer as twee grade | 0,33 | 4,79 | 10 | G1 | 25 | G |

TABEL 3 (VERVOLG)

| N | Groep | Gemiddelde punt per proefpersoon op vraag 60/64 | | Hoogste persentasie en onderafdeling per groep | | Hoogste persentasie en afdeling per groep | |
|-----|------------------------------------|---|----------|--|--------------------|---|----------|
| | | Positief | Negatief | Persentasie | Onderafdeling | Persentasie | Afdeling |
| | (ii) Dames. | | | | | | |
| 25 | - st. 6 | 0 | 3,68 | 9 | L1a | 30 | L |
| 62 | - st. 8 | 0,06 | 3,76 | 8 | A1 | 25 | L |
| 71 | - st. 10 | 0,1 | 3,93 | 8 | A1 | 23 | G |
| 50 | Diploma | 0,22 | 4,66 | 10 | S2 | 28 | G |
| 11 | Graad | 0,27 | 4,09 | 9 | G5/So7 | 31 | G |
| 17 | Diploma en graad . | 0,18 | 4,65 | 9 | G1 | 24 | G |
| 3 | Twee grade | 0,33 | 2,0 | 16 | L1/L3/G2a/I1/Cb/S2 | 33 | L |
| 1 | Twee grade en diploma | 0 | 12,0 | 8 | | 25 | L |
| | (iii) Mans. | | | | | | |
| 121 | - St. 10 | 0,15 | 3,28 | 9 | G2a | 24 | G |
| 71 | Diploma, graad, diploma en graad . | 0,14 | 3,96 | 9 | G1 | 25 | G |
| 48 | 2 Grade, 2 grade en diploma | 0,17 | 4,52 | 10 | G1 | 26 | G |

TABEL 3 (VERVOLG)

| N | Groepe | Gemiddelde punt per proefpersoon op vraag 60/64 | | Hoogste persentasie en onderafdeling per groep | | Hoogste persentasie en afdeling per groep | |
|-----|--|---|----------|--|---------------|---|----------|
| | | Positief | Negatief | Persentasie | Onderafdeling | Persentasie | Afdeling |
| 158 | (iv) Dames. - st. 10 | ,07 | 3,82 | 8 | A1 | 23 | G |
| 78 | Diploma, graad, diploma & graad ... | ,22 | 4,58 | 8 | S2 | 24 | G |
| 4 | 2 Grade, 2 grade en diploma | ,25 | 4,5 | 11 | L3/S2 | 27 | L |
| | (d) <u>Huwelikstaat.</u> | | | | | | |
| | (i) Mans. | | | | | | |
| 41 | Ongetroud | ,12 | 3,24 | 8 | So7/A1 | 21 | G |
| 197 | Getroud | ,15 | 3,86 | 9 | G1 | 26 | G |
| 2 | Wewenaars | ,5 | 1,0 | 50 | L2/S1 | 50 | L/S |
| | (ii) Dames. | | | | | | |
| 55 | Ongetroud | ,16 | 4,02 | 8 | A1 | 24 | G |
| 169 | Getroud | ,09 | 4,1 | 7 | G1/G2a | 24 | G |
| 12 | Weduwees | ,08 | 4,25 | 10 | G1 | 35 | L |
| 4 | Geskei | ,75 | 3,5 | 14 | L8/G2a | 43 | G |

TABEL 3 (VERVOLG)

| N | Groep | Gemiddelde punt per proefpersoon op vraag 60/64 | | Hoogste persentasie en onderafdeling per groep | | Hoogste persentasie en afdeling per groep | |
|-----|---------------------------|---|----------|--|---------------|---|----------|
| | | Positief | Negatief | Persentasie | Onderafdeling | Persentasie | Afdeling |
| | (e) <u>Geluk in werk.</u> | | | | | | |
| | (i) Mans. | | | | | | |
| 122 | Baie gelukkig | 0,14 | 3,81 | 10 | G1 | 27 | G |
| 107 | Gelukkig | 0,16 | 3,64 | 8 | S1 | 22 | G |
| 10 | Onseker | 0,2 | 3,6 | 11 | L1b | 28 | G |
| 1 | Ongelukkig | 0 | 4,0 | 25 | G1/G2a/G4/S1 | 75 | G |
| | (ii) Dames. | | | | | | |
| 138 | Baie gelukkig | 0,16 | 4,03 | 8 | S2 | 25 | G |
| 98 | Gelukkig | 0,07 | 4,1 | 6 | A1 | 24 | G |
| 4 | Onseker | 0 | 5,25 | 14 | L8 | 28 | L |
| | (f) <u>Geluk in huis.</u> | | | | | | |
| | (i) Mans. | | | | | | |
| 180 | Baie gelukkig | 0,13 | 3,5 | 9 | G1 | 24 | G |
| 69 | Gelukkig | 0,14 | 3,29 | 9 | G1 | 27 | G |

TABEL 3 (VERVOLG)

| N | Groep | Gemiddelde punt per proefpersoon op vraag 60/64 | | Hoogste persentasie en onderafdeling per groep | | Hoogste persentasie en afdeling per groep | |
|-----|-----------------------------------|---|----------|--|---------------|---|----------|
| | | Positief | Negatief | Persentasie | Onderafdeling | Persentasie | Afdeling |
| 7 | Onseker | 0,14 | 3,71 | 12 | L3/G1/S1 | 27 | L/G |
| 4 | Ongelukkig | 0,25 | 3,0 | 16 | G1 | 42 | G |
| | (ii) Dames. | | | | | | |
| 167 | Baie gelukkig | 0,14 | 4,19 | 7 | G1 | 23 | G |
| 61 | Gelukkig | 0,05 | 3,77 | 8 | A1 | 27 | G |
| 7 | Onseker | 0,29 | 5,0 | 11 | L8 | 34 | G |
| 5 | Ongelukkig | 0 | 2,8 | 14 | G1/I7/A1 | 28 | G |
| | (g) <u>Kontak met grootouers.</u> | | | | | | |
| | (i) Mans. | | | | | | |
| 35 | Besonder baie | 0,09 | 3,83 | 10 | G2a | 24 | G |
| 32 | Baie | 0,16 | 3,94 | 9 | G2a/5o7/S1 | 21 | G |
| 62 | Redelike | 0,24 | 3,82 | 10 | G1 | 25 | G |
| 55 | Min | 0,07 | 3,73 | 9 | G1 | 20 | G |

TABEL 3 (VERVOLG)

112

| N | Groep | Gemiddelde punt per proefpersoon op vraag 60/64 | | Hoogste persentasie en onderafdeling per groep | | Hoogste persentasie en afdeling per groep | |
|----|---|---|----------|--|---------------|---|----------|
| | | Positief | Negatief | Persen- tasie | Onderafdeling | Persen- tasie | Afdeling |
| 56 | Geen | 0,16 | 3,45 | 9 | G1 | 30 | G |
| | (i) Dames. | | | | | | |
| 33 | Besonder baie | 0,12 | 4,21 | 9 | G2a | 26 | G |
| 37 | Baie | 0,19 | 4,78 | 8 | G1 | 26 | L |
| 53 | Redelike | 0,08 | 3,83 | 8 | A1 | 19 | L |
| 68 | Min | 0,04 | 4,01 | 16 | G2a | 30 | G |
| 2 | Baie min | 0,5 | 4,5 | 22 | G1 | 33 | G |
| 47 | Geen | 0,04 | 3,79 | 9 | A1 | 23 | L/G |
| | (h) <u>Verhouding met grootouers.</u> | | | | | | |
| | (i) Mans. | | | | | | |
| 50 | Besonder goed | 0,32 | 3,8 | 8 | G2a | 24 | G |
| 70 | Goed | 0,06 | 3,97 | 9 | G1 | 21 | G |
| 62 | Redelik | 0,11 | 3,34 | 9 | G1 | 26 | G |

TABEL 3 (VERVOLG)

| N | Groep | Gemiddelde punt per proefpersoon op vraag 60/64 | | Hoogste persentasie en onderafdeling per groep | | Hoogste persentasie en afdeling per groep | |
|----|----------------------------------|---|----------|--|---------------|---|----------|
| | | Positief | Negatief | Persentasie | Onderafdeling | Persentasie | Afdeling |
| 2 | Swak | 0 | 13,5 | 15 | G2a/S1 | 30 | G |
| 56 | Geen omgang | 0,16 | 3,45 | 9 | G1 | 30 | G |
| | (ii) Dames. | | | | | | |
| 65 | Besonder goed.... | 0,15 | 4,4 | 8 | S2 | 23 | G |
| 83 | Goed | 0,08 | 4,19 | 7 | G2a | 23 | G |
| 40 | Redelik | 0 | 3,75 | 8 | G2a | 30 | G |
| 5 | Swak | 0,4 | 3,4 | 12 | L3/G2/So7/I | 23 | G |
| 47 | Geen omgang | 0,04 | 3,79 | 9 | A1 | 23 | L/G |
| | (i) <u>Kerkbesoek.</u> | | | | | | |
| | (i) Mans. | | | | | | |
| 40 | Drie of meer kere per week | 0,15 | 3,18 | 9 | S2 | 29 | G |
| 79 | Twee keer per week | 0,14 | 4,16 | 9 | G1 | 25 | G |
| 64 | Een keer per week | 0,17 | 3,47 | 8 | G1 | 22 | G |

TABEL 3 (VERVOLG)

114

| N | Groep | Gemiddelde punt per proefpersoon op vraag 60/64 | | Hoogste persentasie en onderafdeling per groep | | Hoogste persentasie en afdeling per groep | |
|----|----------------------------------|---|----------|--|---------------|---|----------|
| | | Positief | Negatief | Persentasie | Onderafdeling | Persentasie | Afdeling |
| 35 | Een keer in 2 weke. | 0,14 | 3,86 | 9 | G1 | 22 | G |
| 22 | Een keer per maand. | 0,14 | 3,73 | 11 | G1 | 28 | G |
| | (ii) Dames. | | | | | | |
| 33 | Drie of meer kere per week | 0,12 | 3,85 | 9 | S2 | 18 | L |
| 64 | Twee keer per week. | 0,11 | 4,25 | 7 | A1 | 26 | L |
| 83 | Een keer per week . | 0,14 | 3,86 | 8 | A1/S2 | 24 | G |
| 39 | Een keer in twee weke | 0,1 | 4,72 | 6 | G1 | 24 | G |
| 21 | Een keer per maand. | 0,1 | 3,62 | 14 | G2a | 30 | G |

TABEL 4

GEMIDDELOE PUNT PER LEERLING OP VRAAG 60/64, HOOGSTE PERSENTASIE PER GROEP, ONDERAFDELINGS EN AFDELINGS

| N | Groep | Gemiddelde punt per leerling op vraag 60/64 | | Hoogste persentasie en onderafdeling per groep | | Hoogste persentasie en afdeling per groep | |
|----|-----------------------|---|----------|--|---------------|---|----------|
| | | Positief | Negatief | Persentasie | Onderafdeling | Persentasie | Afdeling |
| | (a) <u>Standards.</u> | | | | | | |
| | (i) Seuns. | | | | | | |
| 30 | St. 6 | 0,03 | 3,7 | 17,7 | V2 | 42,3 | V |
| 30 | St. 7 | 0,07 | 3,43 | 11,6 | V1 | 28,1 | L |
| 30 | St. 8 | 0,17 | 2,67 | 12,5 | S1 | 18,7 | L/So |
| 30 | St. 9 | 0,1 | 2,97 | 14,6 | V1 | 30,3 | V |
| 30 | St. 10 | 0,2 | 2,73 | 8,5 | So7 | 25,6 | G |
| | | 0,11 | 3,1 | 8,3 | V2 | 26,4 | V |

TABEL 4 (VERVOLG)

| N | Groep | Gemiddelde punt per leerling op vraag 60/64 | | Hoogste persentase en onderafdeling per groep | | Hoogste persentase en afdeling per groep | |
|----|---------------|---|----------|---|---------------|--|----------|
| | | Positief | Negatief | Persentase | Onderafdeling | Persentase | Afdeling |
| | (ii) Dogters. | | | | | | |
| 30 | St. 6 | 0,03 | 3,6 | 18,5 | S1 | 37,9 | V |
| 30 | St. 7 | 0,07 | 2,93 | 14,7 | V2 | 39,7 | V |
| 30 | St. 8 | 0,13 | 3,6 | 13,8 | V2 | 34,2 | V |
| 30 | St. 9 | 0,1 | 4,1 | 13,0 | S67 | 24,3 | V |
| 30 | St. 10 | 0,03 | 3,53 | 8,4 | S67 | 20,7 | G |
| | | 0,07 | 3,55 | 11,4 | V2 | 30,2 | V |

TABEL 4 (VERVOLG)

| N | Groep | Gemiddelde punt per leerling op vraag 60/64 | | Hoogste persentasie en onderafdeling per groep | | Hoogste persentasie en afdeling per groep | |
|----|------------------------|---|----------|--|---------------|---|----------|
| | | Positief | Negatief | Persentasie | Onderafdeling | Persentasie | Afdeling |
| | (iii) Seuns & Dogters. | | | | | | |
| 60 | St. 6 | 0,03 | 3,65 | 16,8 | V2 | 40,1 | V |
| 60 | St. 7 | 0,07 | 3,18 | 12,0 | V1 | 33,0 | V |
| 60 | St. 8 | 0,15 | 3,13 | 10,1 | V2 | 27,0 | V |
| 60 | St. 9 | 0,1 | 3,53 | 11,3 | So7 | 26,8 | V |
| 60 | St. 10 | 0,12 | 3,13 | 8,5 | So7 | 23,4 | G |
| | | 0,09 | 3,3 | 10,0 | V2 | 28,4 | V |

TABEL 4 (VERVOLG)

| N | Groep | Gemiddelde punt per leerling op vraag 60/64 | | Hoogste persentasie en onderafdeling per groep | | Hoogste persentasie en afdeling per groep | |
|----|----------------------|---|----------|--|---------------|---|----------|
| | | Positief | Negatief | Persentasie | Onderafdeling | Persentasie | Afdeling |
| | (b) <u>Ouderdom.</u> | | | | | | |
| | (i) Seuns. | | | | | | |
| 30 | 14 jaar | 0,03 | 3,53 | 16,0 | V2 | 41,5 | V |
| 30 | 15 jaar | 0,13 | 3,47 | 10,5 | S1 | 27,8 | V |
| 30 | 16 jaar | 0,07 | 2,53 | 10,5 | V1/S1 | 17,0 | L |
| 30 | 17 jaar | 0,17 | 3,13 | 12,7 | V1 | 29,7 | V |
| 30 | 18 jaar | 0,17 | 2,83 | 8,2 | So7 | 28,2 | G |
| | (ii) Dogters. | | | | | | |
| 30 | 14 jaar | 0,03 | 3,7 | 17,1 | V2 | 39,6 | V |
| 30 | 15 jaar | 0,07 | 3,27 | 13,2 | V2 | 35,7 | V |
| 30 | 16 jaar | 0,13 | 3,5 | 16,1 | V2 | 33,3 | V |
| 30 | 17 jaar | 0,07 | 3,8 | 9,6 | So7 | 24,5 | L |
| 30 | 18 jaar | 0,07 | 3,5 | 9,5 | So7/S1 | 21,9 | G |

TABEL 4 (VERVOLG)

| N | Groep | Gemiddelde punt per leerling op vraag 60/64 | | Hoogste persentase en onderafdeling per groep | | Hoogste persentase en afdeling per groep | |
|----|------------------------|---|----------|---|---------------|--|----------|
| | | Positief | Negatief | Persentase | Onderafdeling | Persentase | Afdeling |
| | (iii) Seuns & Dogters. | | | | | | |
| 60 | 14 jaar | 0,03 | 3,62 | 16,5 | V2 | 40,5 | V |
| 60 | 15 jaar | 0,1 | 3,37 | 11,7 | V2 | 31,6 | V |
| 60 | 16 jaar | 0,1 | 3,02 | 9,9 | V2/S1 | 27,0 | V |
| 60 | 17 jaar | 0,12 | 3,47 | 9,6 | V1/So7 | 26,0 | V |
| 60 | 18 jaar | 0,12 | 3,17 | 8,9 | So7 | 22,6 | G |

In die voorafgaande tabelle word 'n baie sterk negatiewe respons oor ouderdom gegee. Die resultate toon (vergelyk ook Bylae B en C):

Volwassenes:

240 mans 895 negatiewe teenoor slegs 36 positiewe response of gemiddeld per persoon... 3,73 teenoor 0,15.

240 dames 979 negatiewe teenoor slegs 29 positiewe response of gemiddeld per persoon... 4,08 teenoor 0,12.

480 mans plus dames 1 874 negatiewe teenoor 65 positiewe response of gemiddeld per persoon ... 3,9 teenoor 0,14.

Leerlinge:

150 seuns 465 negatiewe teenoor slegs 17 positiewe response of gemiddeld per persoon ... 3,10 teenoor 0,11.

150 dogters 533 negatiewe teenoor slegs 11 positiewe response of gemiddeld per persoon ... 3,55 teenoor 0,07.

300 seuns en dogters 998 negatiewe teenoor slegs 28 positiewe response of gemiddeld per persoon ... 3,3 teenoor 0,09.

Indien sonder enige verdere verwerking na die resultate gekyk word, blyk dit dat al die groepe (beroepe, ouderdomme, ens.) nie ewe veel positiewe en negatiewe response gegee het nie. Dit is egter ook opvallend dat sommige van die hoogste negatiewe en positiewe response by klein groepies voorkom, N = 10 of minder, waarvan eintlik niks afgelei kan word nie omdat toevallige faktore hier moontlik 'n relatief groter rol gespeel het.

Daar is soms groepe wat geen positiewe response gegee het nie en hoewel dit nie tot spesifieke ouderdomme of ander toestande sonder meer herlei kan word nie, is dit opvallend dat die pensionarisse en die oudste mans- en damesgroepe ook hieronder val.

Daar is gevalle waar dieselfde groep die hoogste gemiddelde positiewe sowel as die hoogste gemiddelde negatiewe tellings gehad het of omgekeerd wat heel waarskynlik verklaar sou kon word met ander faktore as die opvatting van en houding teenoor ouderdom. Dit is byvoorbeeld meer die leerlinge in die hoër standerds/ouer ouderdomsgroepe wat die hoogste gemiddelde positiewe asook negatiewe response gegee het.

Dit is moontlik dat die reeds vermeldde verskille in veral negatiewe response tussen sommige groepe statisties beduidend mag wees en verklaar sou kon word onder andere as gevolg van 'n meer of minder negatiewe instelling teenoor ouderdom. Dit word in punt 5.1.4 van hierdie hoofstuk nagegaan en bespreek.

Die algemene beeld bly sterk negatief hoe hierdie groepe ook al gekombineer word. By die leerlinge word dieselfde tendens waargeneem. Die beduidendheid van die verskille tussen positiewe en negatiewe response word in punt 5.1.3 van hierdie hoofstuk nagegaan.

5.1.3 Beduidendheid van verskille tussen positiewe en negatiewe response.

Die beduidendheid van verskille tussen positiewe en negatiewe response in verband met ouderdom is met behulp van die Binomiale toets bereken. Aan die toets is voorkeur gegee omdat die gegewens in twee diskrete kategorieë verdeel kan word en daar met 'n enkel steekproef gewerk word. Die Binomiale toets word verder bo Chi-kwadraat verkies omdat sommige groepe so klein is; tewens enkele groepies gegewens is so klein dat die Binomiale toets nie toegepas kon word nie.

Met die berekening moet in gedagte gehou word dat al die groepe nie ewe groot is en ewe veel response gee nie (responsfrekwensies word met mekaar vergelyk) en dat waar N klein is, moeiliker beduidende verskille gekry sal word. Hiermee in gedagte is gehou by die oorspronklike aantal response (Bylae D en E) omdat in die frekwensies ook waarde opgesluit is (bv. vermoë om uit te druk, mening weer te gee, kennis, ens.).

Aangesien dit baie lang tabelle sou vorm, word slegs die resultate gegee waar nie beduidende verskille aangetref is nie asook die groepe waar N so klein was dat die Binomiale toets nie toegepas kon word nie - dit is soos geneem uit Bylae D en E. Nie-beduidende verskille word aangedui aangesien al die verskille op enkele gevalle na, by $n p \leq 0,05$ beduidend was.

As nulhipotese word aanvaar dat daar geen verskille tussen die aantal positiewe en negatiewe bewerings sal wees nie, met ander woorde, 'n tweekantige toets word gebruik. Gerieflikheidshalwe word gegewens in Tabel 5 aangedui.

TABEL 5

SUBGROEPE WAARBY DIE AANTAL POSITIEWE EN NEGATIEWE PUNTE TEN OPSIGTE VAN VRAAG 60/64 NIE BEDUIDEND MET DIE BINOMIALE TOETS VERSKIL NIE

| Groep | N | Pos. | Neg. | |
|----------------------------------|---|------|------|--------------------------|
| <u>Ouderdomsgroepe:</u> | | | | |
| 71 - 75 jaar (D) | 2 | 0 | 4 | Kan nie verwerk word nie |
| <u>Groepe volgens opleiding:</u> | | | | |
| 2 Grade (D) | 3 | 1 | 6 | $p = 0,109$ |
| <u>Huwelikstaat:</u> | | | | |
| Wewenaars | 2 | 1 | 2 | Kan nie verwerk word nie |
| Geskei (D) | 4 | 3 | 14 | $p = 0,058$ |
| <u>Geluk in werk:</u> | | | | |
| Ongelukkig (M) | 1 | 0 | 4 | Kan nie verwerk word nie |

Dit was dus slegs in die gevalle waar N so klein was dat die Binomiale toets nie eens toegepas kon word nie of waar N baie klein was (grootste $N = 4$) en selfs in dié gevalle word 'n duidelike oorheersing van die negatiewe oor die positiewe response gevind. Al die ander groepe gee verskille wat minstens by 'n $p \leq 0,05$ beduidend is.

By die leerlinge word die berekening van beduidende verskille tussen die frekwensies van positiewe en negatiewe stellings met behulp van die Binomiale toets nie in 'n tabel weergegee nie, aangesien al die groepe se resultate minstens by 'n $p \geq 0,05$ beduidend was, met ander woorde, deurgaans het die leerlinge beduidend meer negatiewe as positiewe stellings ten opsigte van ouderdom gegee.

5.1.4 Beduidendheid van verskille tussen negatiewe tellings van subgroepe.

Die vraag kan gestel word of sommige van die subgroepe 'n ongunstiger houding teenoor ouderdom as die ander subgroepe openbaar. As die aantal negatiewe response in so 'n groep as 'n moontlike aanduiding van die sterkte van hulle negatiewe houding aanvaar sou kon word, dan sou dit impliseer dat hulle houding teenoor ouderdom ongunstiger is. Aangesien daar heelwat response is, is die Chi-kwadraattoets gebruik om groepe met mekaar te vergelyk en te bepaal of daar beduidende verskille tussen van die groepe is.

Die gegewens van vraag 60/64 is in die geval gebruik, omdat die gegewens soos aangedui sal word, waarskynlik 'n getrouer weergawe van die persone se siening van ouderdom as vraag 65/66 is. Omdat so min positiewe response gegee is (by die beroepsgroepe wissel die positiewe response by die mans byvoorbeeld van 2 - 7 vir die agt groepe), is slegs die negatiewe response verwerk. Aangesien die tabel baie lank word, is slegs die gegewens waar beduidende verskille aangetref is, ingesluit. Dit word in Tabel 6 weergegee.

TABEL 6

SUBGROEPE WAARBY DIE NEGATIEWE TELLINGS OP VRAAG 60/64 VOLGENS
DIE CHI-KWADRAATTOETS BEDUIDEND VERSKIL

| Groepe | Negatiewe tellings | Chi-kwadraat |
|---------------------------|---|---|
| (a) <u>Beroepsgroepe.</u> | | |
| (i) Dames. | | |
| 1. | Verpleegsters Pensionarisse Sakevroue Onderwyseresse Huisvroue Tiksters Boervroue Bibliotekeresses | 126 132 100 140 89 130 126 136 18,6956 ** |
| 2. | Sakevroue Onderwyseresse | 100 140 6,666 ** |
| 3. | Sakevroue Bibliotekeresses | 100 136 5,4916 * |
| 4. | Sakevroue Pensionarisse | 100 132 4,4138 * |
| 5. | Sakevroue Tiksters | 100 130 3,9130 * |
| 6. | Huisvroue Onderwyseresse | 89 140 11,358 *** |
| 7. | Huisvroue Bibliotekeresses | 89 136 9,8178 ** |
| 8. | Huisvroue Pensionarisse | 89 132 8,3666 ** |
| 9. | Huisvroue Tiksters | 89 130 7,6758 ** |
| 10. | Huisvroue Boervroue/Ver- pleegsters | 89 126 6,3674 * |

TABEL 6 (VERVOLG)

| Groepe | Negatiewe tellings | Chi-kwadraat |
|--|--------------------|--------------|
| (ii) Mans. | | |
| 1. Dosente Ambagsmanne | 137 96 | 7,21** |
| 2. Dosente Klerke/Boere | 137 105 | 4,23* |
| (b) <u>Groepe volgens opleiding.</u> | | |
| (i) Mans. | | |
| 1. - St. 10 St. 10+ | 397 498 | 13,144*** |
| 2. - St. 10 Diploma, graad, diploma + graad 2 en meer grade | 397 281 217 | 15,579** |
| (ii) Dames. | | |
| 1. - St. 10 St. 10+ | 604 375 | 7,4517** |
| 2. - St. 10 Diploma, graad, diploma + graad 2 en meer grade | 604 357 18 | 7,4572* |
| (iii) Mans teenoor Dames. | | |
| - St. 10 M - St. 10 D | 397 604 | 5,6063* |
| <u>Leerlinge.</u> | | |
| (a) <u>Standerds.</u> | | |
| (i) Seuns. | | |
| 1. St. 6 St. 8 | 111 80 | 5,0314* |

TABEL 6 (VERVOLG)

| Groepe | | Negatiewe tellings | Chi-kwadraat |
|----------------------|--------------------|--------------------|--------------|
| 2. | St. 6 St. 10 | 111 82 | 4,3576 * |
| | (ii) Dogters. | | |
| | St. 7 St. 9 | 88 123 | 5,8056 * |
| (b) <u>Ouderdom.</u> | | | |
| | (i) Seuns. | | |
| 1. | 16 jaar 14 jaar | 76 106 | 4,945 * |
| 2. | 16 jaar 15 jaar | 76 104 | 4,3556 * |

* = $p \leq 0,05$

** = $p \leq 0,01$

*** = $p \leq 0,001$

Die verskille wat aangetoon is, dui daarop dat sekere groepe beduidend meer/minder ongunstige stellings as ander groepe gegee het. So het die onderwyseresse, bibliotekaresse, pensionarisse en tiksters beduidend meer negatiewe stellings as die huisvroue en sakevroue gegee en die boervroue en verpleegsters as die huisvroue. By die mansgroepe het die dosente weer beduidend meer ongunstige response as die ambagsmanne, boere en klerke gegee.

Hiervan sou afgelei kon word dat die genoemde damesgroepe 'n ongunstiger beeld van ouderdom as die huisvroue en sakevroue het en die dosente as die ambagsmanne, boere en klerke of dat hulle meer negatief teenoor

ouderdom ingestel is. Hierdie afleiding kan egter nie sonder meer gemaak word nie. Dit kan wees dat hierdie groepe kon probeer het om soveel stellings as moontlik te gee. Die dosente se positiewe tellings is saam met die van die klerke die hoogste by die mansgroepe en die bibliotekaresse se positiewe tellings is die hoogste by die dames. Die ambagsmanne weer het op vraag 65/66 die laagste telling aan die positiewe maar ook negatiewe kant. Die bibliotekaresse gee op vraag 65/66 van die damesgroepe die meeste negatiewe maar ook positiewe response. Sommige van die groepe soos die dosente en onderwyseresse is moontlik uit die aard van hulle beroep meer gewoon daaraan om hulle gedagtes te formuleer (By die bespreking van vraag 65/66 word weer hierna verwys).

By die ouderdomsgroepe was die verskille nie beduidend nie - nie wanneer die proefpersone in groepe van 15 jaar gegroepeer is nie en ook nie vir die groeperings in 5 jaar nie. In groepe volgens huwelikstaat verdeel was daar geen beduidende verskille nie, ook nie vir die groeperings volgens geluk gevind in huis, werk of kerkbesoek nie. Verder was die verskille ook nie beduidend vir groepe gegroepeer volgens mate van kontak met grootouers of die verhouding met hulle nie. Dit was dus nie die geval dat diegene met minder kontak met die grootouers of diegene wat swak met die grootouers oor die weg gekom het, beduidend meer negatiewe stellings gegee het nie.

Daar is wel aangetoon dat volgens opleiding die mans met opleiding bo st. 10 beduidend meer negatiewe response as die mans met opleiding tot st. 10 gegee het. Die dames met opleiding tot st. 10 het weer beduidend meer negatiewe response as die dames met die hoër opleiding gegee. Waar die mans- en damesgroepe teenoor mekaar gestel is, was die verskil tussen mans en dames met opleiding bo st. 10 nie beduidend nie, maar die dames met opleiding tot st. 10 het egter wel beduidend meer ongunstige response as die ooreenstemmende mansgroep gegee.

Net soos by die beroepsgroepe sou die gevolgtrekking gemaak kon word dat die groepe wat beduidend meer negatiewe response gegee het, ook

beduidend meer negatief teenoor ouderdom ingestel is. Net maar een moontlike rede vir die meer response by die groepe met hoër opleiding kan saamhang daarmee dat die voltooiing van soortgelyke vraelyste moontlik in hul lewensfeer 'n hoër voorkomssyfer mag hê en die weergee van menings vir hulle gevolglik makliker mag wees.

By die leerlinge het st. 6-seuns beduidend meer ongunstige response as die standerd agts en tiens gegee; veertien- en vyftienjarige seuns as die sestienjariges, en st. 9-dogters as die dogters in standerd 7. Weer kan nie sonder meer by die groepe met die laer response 'n beduidende meer positiewe siening aanvaar word nie. Een moontlike rede vir die meer response by die st. 6-seuns mag geleë wees daarin dat die aanwesigheid van die proefnemer by die beantwoording 'n stimulas tot 'n hoër responsfrekwensie kon gewees het.

Samevattend moet dan gesê word dat die mate van negatiwiteit aan die hand van die aantal response, selfs al is die verskille tussen aantal response beduidend, nie sonder meer as aanduiding van 'n meer of minder gunstige siening van die ouderdom aanvaar kan word nie. Hieroor sal verdere navorsing met die kontrolering van sommige faktore gedoen moet word.

5.1.5 Siening van ouderdom.

Die opvatting wat die proefpersone van ouderdom het, het gekulmineer in die 10 negatiewe en 4 positiewe afdelings met hul onderafdelings. So min positiewe response is in die spontane siening op vraag 60/64 gegee dat vir hierdie bespreking net die negatiewe aspekte betrek word. Die aantal response in elk van hierdie afdelings

- (V) Voorkoms
- (L) Liggaamlike agteruitgang
- (G) Geestelike agteruitgang
- (So) Sosiale agteruitgang
- (I) Negatiewe instelling

- (C) Chronologiese ouderdom
- (A) Afhanklikheid
- (W) Werk en ideale
- (S) Siekte, gesondheid en ontspanning
- (T) Teruglewing in verlede

aan die een kant en die verhouding waarin hulle tot mekaar staan aan die ander kant, asook die aantal response in die onderafdelings waaruit die afdelings opgebou is, toon watter negatiewe aspekte die aandag die meeste gevange gehou het en watter nuanse in siening, indien enige, tussen die verskillende groeperings van proefpersone, ook tussen leerlinge en volwassenes, bestaan.

Omdat die proefpersone in die groepe nie altyd ewe veel is nie, kan vir vergelyking die gemiddelde punt per persoon vir elke afdeling gekry word. Sommige groepe gee egter oor die algemeen meer response as die ander groepe - al is die groepe ewe groot. Deur die response vir 'n afdeling uit te druk as 'n verhouding tot die totale aantal response van die betrokke groep, word die plek van die afdeling in vergelyking tot ander afdelings beter weergegee. In Tabel 7 word die berekende resultate in persentasies vir elke afdeling van 'n bepaalde groep van die volwassenes se response op vraag 60/64 gegee. Tabel 9 gee die persentasies vir die leerlinge se response.

TABEL 2

AFDELINGS AS PERSENTASIES VAN TOTALE RESPONSE PER SUBGROEP (VOLWASSENES) OP VRAAG 60/64

| | V | L | G | So | I | C | A | W | S | T |
|-----------------------------|-------|-------|-------|-------|-------|------|-------|------|-------|------|
| 1. <u>Mans.</u> | 6,03 | 18,21 | 25,25 | 10,84 | 8,16 | 1,01 | 7,15 | 4,02 | 14,97 | 4,36 |
| 2. <u>Dames.</u> | 7,05 | 21,45 | 24,51 | 9,6 | 7,56 | 1,94 | 10,11 | 3,37 | 11,64 | 2,76 |
| 3. <u>Mans & Dames.</u> | 6,56 | 19,9 | 24,87 | 10,19 | 7,84 | 1,49 | 8,7 | 3,68 | 13,23 | 3,52 |
| 4. <u>Beroepsgroepe.</u> | | | | | | | | | | |
| a. <u>Mans.</u> | | | | | | | | | | |
| Dosente | 7,3 | 20,44 | 24,82 | 10,95 | 10,95 | | 6,57 | 5,11 | 9,49 | 4,38 |
| Sakemanne | 2,63 | 14,91 | 28,95 | 12,28 | 8,77 | | 7,89 | 2,63 | 16,67 | 5,26 |
| Klerke | 6,67 | 21,9 | 26,67 | 13,33 | 7,62 | | 5,71 | 1,9 | 12,38 | 3,81 |
| Pensionarisse | 4,39 | 27,19 | 20,18 | 8,77 | 6,14 | 0,88 | 6,14 | 3,51 | 19,3 | 3,51 |
| Ambagsmanne | 8,33 | 19,79 | 20,83 | 13,54 | 4,17 | 2,08 | 9,38 | 7,29 | 14,58 | |
| Onderwysers | 8,77 | 14,91 | 24,56 | 13,16 | 6,14 | 1,75 | 6,14 | 3,51 | 12,28 | 8,77 |
| Boere | 7,62 | 14,29 | 23,81 | 9,52 | 9,52 | 1,9 | 7,62 | 3,81 | 20,0 | 1,9 |
| Dominees | 2,73 | 11,82 | 31,82 | 5,45 | 10,91 | 1,82 | 8,18 | 4,55 | 16,36 | 6,36 |
| b. <u>Dames.</u> | | | | | | | | | | |
| Verpleegsters | 5,56 | 18,25 | 19,84 | 11,9 | 11,11 | 9,52 | 10,32 | 3,97 | 4,76 | 0,79 |
| Pensionarisse | 10,61 | 34,85 | 15,15 | 7,58 | 6,06 | 1,52 | 7,58 | 1,52 | 14,39 | 0,76 |

TABEL 7 (VERVOLG)

| | V | L | G | So | I | C | A | W | S | T |
|----------------------------|------|-------|-------|-------|------|------|-------|------|-------|------|
| Sakevroue | 4,0 | 22,0 | 30,0 | 10,0 | 12,0 | 1,0 | 8,0 | 5,0 | 6,0 | 2,0 |
| Onderwyseresse | 7,14 | 21,43 | 28,57 | 5,71 | 5,71 | | 7,14 | 6,43 | 15,0 | 2,86 |
| Huisvroue | 3,37 | 20,22 | 24,72 | 15,73 | 5,62 | | 13,48 | 1,12 | 11,24 | 4,49 |
| Tiksters | 10,0 | 20,0 | 28,46 | 10,0 | 6,15 | 0,77 | 7,69 | 2,31 | 13,08 | 1,54 |
| Boervroue | 7,14 | 22,22 | 23,02 | 8,73 | 5,56 | 1,59 | 11,11 | 2,38 | 13,49 | 4,76 |
| Biblioteke- resses | 6,62 | 12,5 | 27,21 | 9,56 | 8,82 | 0,74 | 12,5 | 3,68 | 13,24 | 5,15 |
| 5. <u>Ouderdomsgroepe.</u> | | | | | | | | | | |
| a. Mans. | | | | | | | | | | |
| - 35 jaar | 7,91 | 18,35 | 23,02 | 11,51 | 8,27 | 0,72 | 8,99 | 4,32 | 9,71 | 7,19 |
| - 55 jaar | 4,81 | 15,95 | 26,58 | 11,14 | 8,61 | 1,27 | 6,08 | 4,05 | 17,97 | 3,54 |
| - 80 jaar | 5,86 | 22,07 | 25,68 | 9,46 | 7,21 | 0,9 | 6,76 | 3,6 | 16,22 | 2,25 |
| b. Dames. | | | | | | | | | | |
| - 35 jaar | 6,42 | 16,7 | 25,7 | 10,92 | 5,35 | 2,78 | 10,71 | 3,21 | 11,56 | 3,64 |
| - 55 jaar | 7,28 | 22,97 | 25,77 | 8,96 | 5,15 | 0,84 | 10,08 | 3,92 | 11,2 | 2,8 |
| - 80 jaar | 8,39 | 32,26 | 18,06 | 7,1 | 5,35 | 1,94 | 8,39 | 2,58 | 12,9 | |
| c. Mans & Dames. | | | | | | | | | | |
| - 35 jaar | 6,98 | 17,32 | 24,7 | 11,14 | 5,32 | 2,01 | 10,07 | 3,62 | 10,87 | 4,97 |
| - 55 jaar | 5,98 | 19,28 | 26,2 | 10,11 | 7,45 | 1,06 | 7,98 | 3,99 | 14,76 | 3,19 |
| - 80 jaar | 6,9 | 26,26 | 22,55 | 8,45 | 7,55 | 1,33 | 7,45 | 3,18 | 14,85 | 1,33 |

TABEL 7 (VERVOLG)

| | V | L | G | So | I | C | A | W | S | T |
|-------------------------------------|------|-------|-------|-------|------|------|-------|------|-------|------|
| 6. <u>Groepe volgens opleiding.</u> | | | | | | | | | | |
| a. Mans. | | | | | | | | | | |
| - St. 10 | 6,05 | 18,64 | 24,43 | 12,59 | 7,81 | 1,26 | 7,05 | 3,78 | 15,62 | 2,77 |
| St. 10 + | 6,02 | 17,87 | 25,9 | 9,44 | 8,43 | 0,8 | 7,23 | 4,22 | 14,46 | 5,62 |
| b. Dames. | | | | | | | | | | |
| - St. 10 | 7,28 | 22,02 | 23,01 | 10,6 | 7,81 | 2,81 | 11,26 | 2,32 | 10,6 | 2,32 |
| St. 10 + | 6,67 | 20,53 | 26,93 | 8,0 | 7,2 | 0,53 | 8,27 | 5,07 | 13,33 | 3,47 |
| c. Mans & Dames. | | | | | | | | | | |
| - St. 10 | 6,79 | 20,68 | 23,58 | 11,39 | 7,79 | 2,2 | 9,59 | 2,9 | 12,59 | 2,5 |
| St. 10 + | 6,3 | 19,01 | 26,35 | 8,82 | 7,9 | 0,69 | 7,67 | 4,58 | 13,97 | 4,7 |
| 7. <u>Huwelikstaat.</u> | | | | | | | | | | |
| a. Mans. | | | | | | | | | | |
| Ongetroud | 7,52 | 18,05 | 21,05 | 15,04 | 6,77 | 0,75 | 12,03 | 3,01 | 9,77 | 6,02 |
| Getroud (ge- skeides by) | 5,77 | 18,24 | 25,98 | 10,1 | 8,4 | 1,05 | 6,3 | 4,2 | 15,88 | 4,07 |
| b. Dames. | | | | | | | | | | |
| Ongetroud | 9,5 | 14,48 | 24,89 | 10,86 | 7,69 | 2,71 | 12,22 | 2,71 | 13,12 | 1,81 |

TABEL 7 (VERVOLG)

| | V | L | G | So | I | C | A | W | S | T |
|--|-------|-------|-------|-------|-------|------|-------|------|-------|------|
| Getroud | 5,92 | 22,8 | 24,68 | 9,52 | 7,07 | 1,88 | 9,96 | 3,46 | 11,54 | 3,17 |
| Weduwee plus geskeides | 10,77 | 30,77 | 21,54 | 6,15 | 12,31 | | 4,62 | 4,62 | 7,69 | 1,54 |
| c. Mans & Dames. | | | | | | | | | | |
| Ongetroud | 8,76 | 15,82 | 23,45 | 12,43 | 7,34 | 1,98 | 12,15 | 2,82 | 11,86 | 3,35 |
| Getroud (wedu- wees en ge- skeide dames by) | 6,05 | 20,86 | 25,2 | 9,67 | 7,96 | 1,38 | 7,89 | 3,88 | 13,55 | 3,55 |

Die belangrikste indruk wat uit die proefpersone as groep se response spreek, is die opvatting van geestelike agteruitgang wat 25,25% van die mans en 24,51% van die antwoordtotaal van die dames gevorm het. Hierin is dan veral twee faktore sterk beklemtoon, nl. afname van belangstelling, veral in die lewe en agteruitgang van die denke en verstand.

As tweede belangrike eienskap kom liggaamlike agteruitgang dan na vore met 18,21% by die mans en 21,45% by die dames. Hieronder is groot gewig toegeken aan die verswakking van die sintuie en verder ook aan bewegingsprobleme en onaktiwiteit wat die ouderdom meebring.

Die volgende eienskap wat die meeste genoem is, is afname van die gesondheid. Waar dit egter by die mans 14,97% van hul antwoord gevorm het en die volgende hoogste respons 10,84% vir sosiale agteruitgang was, vorm afname van gesondheid 11,64% van die dames se antwoord, met afhanklikheidstoename 10,11% en die sosiale afname 9,6%. Die mans het die klem dus ietwat sterker op die afname van die gesondheid laat val, terwyl afname van gesondheid, afname van onafhanklikheid en afname van die sosiale vir die dames nader aan mekaar gelê het. Die faktore met die grootste bydrae tot die sosiale telling vir mans en dames was knorrigheid, bemoesiektheid en sosiale afname as sodanig.

Die mans het meer dieselfde klem op afname van onafhanklikheid en negatiewe instelling geplaas met 7,15% teenoor 8,16% onderskeidelik. Die dames se 7,56% vir negatiewe instelling is slegs 0,6% minder as dié van die mans, maar is tog 2,04% laer as hulle vorige hoogste antwoord, nl. sosiale agteruitgang.

Verhoudingsgewys is afname van onafhanklikheid vir die dames 'n belangriker eienskap van die ouderdom as vir die mans in die sin dat hulle dit die 4de hoogste genoem het en dit baie na aan die telling van die 3de hoogste respons lê, terwyl dit by die mans as 6de belangrikste eienskap na vore kom. Dit vorm 10,11% van die totale respons van die dames teenoor 7,15% van die mans. Dit kan wees dat die vrou oor die algemeen meer bewustelik ingestel is op die idee van afhanklikheid/

onafhanklikheid en daarom die groter aksent wat die dames as groep hier op die afname van onafhanklikheid as eienskap van die ouderdom plaas.

Afhanklik/hulpeloos is juis die onderafdeling wat by die dames (saam met agteruitgang van die denke en verstand) die hoogste persentasie van hul totale respons gevorm het, nl. 7%. By die mans was dit agteruitgang van die denke en verstand wat 9% van hul totale antwoord gevorm het en tweede hoogste was vermindering van belangstelling in die lewe met 7%.

Sosiale agteruitgang neem by die mans die 4de belangrikste posisie in en by die dames die 5de. Die verskil tussen die twee persentasies is egter slegs 1,24% en dit verskil by die mans van die hoogste antwoord, nl. geestelike agteruitgang met 14,41% en by die dames met 14,91%. Daar is by die twee geslagte dus 'n groot mate van ooreenstemming in die gewigs-toekenning aan sosiale agteruitgang.

Geringe persentasies van die groepe se response vorm die teruglewing in die verlede en die afname van die werksvermoë, nl. by die mans, onderskeidelik 4,36% en 4,02% en by die dames 2,76% en 3,37%. Laasgenoemde eienskap het die tweede laagste telling by die mans en 3de laagste by die dames gehad. Die mans en dames ken 'n ietwat groter gewig toe aan die rol wat voorkoms as eienskap van ouderdom speel as aan dié wat werk speel. Dit vorm 7,05% van die respons van die dames en 6,03% van dié van die mans.

Dit is genoem dat geestelike agteruitgang vir die proefpersone voorop gestaan het. Indien daar egter van die veronderstelling uitgegaan word dat die liggaamlike agteruitgang nou met die afname van gesondheid kan saamhang en moontlik ook met die afname van onafhanklikheid - twee faktore wat in vraag 65/66 'n groot rol speel - kan die volgende opgemerk word:

Indien die liggaamlike agteruitgang en afname van gesondheid saam gereken word en die persentasie wat dit van die antwoordtotale vorm teenoor dié

van geestelike agteruitgang gestel word, gee dit die volgende:

| | <u>L & S</u> | <u>G</u> |
|---|------------------|----------|
| M | 33,18% | 25,25% |
| D | 33,09% | 24,51% |

So gesien val die hoofaksent dan op liggaamlike agteruitgang en daarna eers volg geestelike agteruitgang.

Word die liggaamlike afname en afname van onafhanklikheid ook saam gereken en teenoor geestelike agteruitgang gestel, blyk weer:

| | <u>L & A</u> | <u>G</u> |
|---|------------------|----------|
| M | 25,36% | 25,25% |
| D | 31,56% | 24,51% |

By die mans weeg die afhanklikheids-liggaamlike afname en die geestelike agteruitgang omtrent ewe swaar, terwyl by die dames eersgenoemde nog sterker spreek.

Die afname van onafhanklikheid en gesondheid gekombineer, gee weer:

| | <u>A & S</u> | <u>G</u> |
|---|------------------|----------|
| M | 22,12% | 25,25% |
| D | 21,75% | 24,51% |

Nou val die aksent by beide groepe meer op die geestelike agteruitgang as op die gesondheids-afhanklikheidsprobleme, hoewel die verskil nie groot is nie.

Samevattend kan dan tot dusver gesê word dat die proefpersone die geestelike agteruitgang, maar daarnaas ook die liggaamlike agteruitgang as die belangrikste eienskappe van die ouderdom beklemtoon het. Indien liggaamlike en gesondheidsagteruitgang gekombineer word, is dit skynbaar belangriker as geestelike agteruitgang.

Beroepsgroepe:

Om hierdie bespreking te vergemaklik word in Tabel 8 by elke beroepsgroep die volgorde van die afdelings aangedui, wanneer dit gerangskik is van dié met die meeste tot dié met die minste response.

TABEL 8

AFDELINGS OP VRAAG 60/64 VIR DIE BEROEPSGROEPE VAN HOOG TOT LAAG VOLGENS RESPONSFREKWENSIES GERANGSKIK

| | | | | | | | | | | |
|-----------------|---|---|------|------|------|------|-----|-----|---|---|
| Dosente | G | L | So/I | S | V | A | W | T | | |
| Sakemanne | G | S | L | So | I | A | T | W/V | | |
| Klerke | G | L | So | S | I | V | A | T | W | |
| Pensionarisse | L | G | S | So | I/A | V | W/T | C | | |
| Ambagsmanne | G | L | S | So | A | V | W | I | T | C |
| Onderwysers | G | L | So | S | V/T | A/I | W | C | | |
| Boere | G | S | L | I/So | V/A | W | C/T | | | |
| Dominees | G | S | L | I | A | T | So | W | V | C |
| Verpleegsters | G | L | So | I | A | C | V | S | W | T |
| Pensionarisse | L | G | S | V | So/A | I | C/W | T | | |
| Sakevroue | G | L | I | So | A | S | W | V | T | C |
| Onderwyseresse | G | L | S | V/A | W | So/I | T | | | |
| Huisvroue | G | L | So | A | S | I | T | V | W | |
| Tiksters | G | L | S | V/So | A | I | W | T | C | |
| Boervroue | G | L | S | A | So | V | I | T | W | C |
| Bibliotekaresse | G | S | A/L | So | I | V | T | W | C | |
| Mans | G | L | S | So | I | A | V | T | W | C |
| Dames | G | L | S | A | So | I | V | W | T | C |

Volgens beroepe gegroepeer blyk dit dat die belangrikste indruk vir 14 van die 16 groepe, dié van geestelike agteruitgang bly, met die aksent nog

sterk op afname van belangstelling en agteruitgang van die denke en verstand. Opvallend is dat die manlike en vroulike pensionarisse die twee groepe is wat as hoofindruk nie geestelike agteruitgang nie, maar liggaamlike agteruitgang gee. As groep ondervind hulle seker al die sterkste die effekte van die ouderdom. Geestelike agteruitgang plaas hulle wel tweede.

Geestelike agteruitgang het by die beroepsgroepe van die mans die hoogste persentasie gevorm van die respons van die dominees, nl. 31,82% (vir al die mans was dit 25,25%), tweede hoogste die 28,95% van die sakemanne en by die dames was die hoogste die 30% van die sakevroue se respons. Die twee hoof faktore in geestelike afname, nl. afname van denke en verstand en afname van belangstelling, kom in verskillende verhoudings by die beroepsgroepe voor.

Afname van belangstelling - en dan in die lewe - is juis die onderafdeling wat by die sakemanne, klerke (saam met afname van denke en verstand), onderwysers, sakevroue, huisvroue en tiksters (by hierdie drie groepe saam met 'n ander onderafdeling) die hoogste is; afname van denke en verstand die hoogste by die dosente, dominees (saam met swak/krag verminder), manlike pensionarisse en onderwyseresse (saam met swak/krag verminder). Dat die sakelui so 'n hoë telling op geestelike afname gekry het en dat dit so sterk uit afname van belangstelling opgebou is, dui daarop dat in vergelyking met die ander beroepsgroepe die sakelui meer klem op afname van belangstelling as 'n eienskap van ouderdom geplaas het. Belangstelling in die lewe, in ander, en so meer, speel 'n groot rol in die sakewêreld en kon tot hierdie siening bygedra het.

Waar die mans en dames as groepe en saam as groep liggaamlike agteruitgang as tweede en afname van gesondheid as derde belangrikste eienskap geplaas het, is dit nie by al die beroepsgroepe afsonderlik die volgorde nie. Die sakemanne, boere, dominees en bibliotekaresse het die volgorde omgeruil. 'n Noue verband kan egter moontlik soos reeds gemeld tussen hierdie twee eienskappe gesien word. 'n Groter onderskeid in response van beroepsgroepe kan moontlik daarin gesien word dat waar die hoof faktore in

die liggaamlike agteruitgang, nl. verswakking van sintuie en bewegingsprobleme en onaktiwiteit net soos by die hoofkatore in die geestelike agteruitgang in verskillende verhoudings bydraes tot die verskillende groepe se response gelewer het, die dosente tog byvoorbeeld laasgenoemde faktor ongeveer vier keer meer as verswakking van sintuie noem en die pensionarisse weer, die mans en die dames, verswakking van die sintuie omtrent twee keer soveel as die bewegingsprobleme en onaktiwiteit. Skynbaar heg die dosente groter gewig aan die onaktiwiteit as deel van die liggaamlike agteruitgang as dan byvoorbeeld die pensionarisse. Hulle (die pensionarisse) laat die aksent weer op die verswakking van die sintuie val. By die vroulike pensionarisse is verswakking van die gesigsvermoë die onderafdeling wat hulle die meeste genoem het.

Word die persentasies wat die gesamentlike response op liggaamlike agteruitgang, afname van gesondheid en afname van onafhanklikheid (in verskillende kombinasies) van die mans- en damesgroepe se totale vorm teenoor dié van geestelike agteruitgang gestel, sien die gegewens soos volg daar uit:

| | <u>L & S%</u> | <u>A & L%</u> | <u>A & S%</u> | <u>G%</u> |
|-------------------|-------------------|-------------------|-------------------|-----------|
| Dosente | 29,93 | 27,01 | 16,06 | 24,82 |
| Sakemanne | 31,58 | 22,81 | 24,56 | 28,95 |
| Klerke | 34,29 | 27,62 | 18,1 | 26,67 |
| Pensionarisse ... | 46,49 | 33,33 | 25,44 | 20,18 |
| Ambagsmanne | 34,37 | 29,17 | 23,96 | 20,83 |
| Onderwysers | 27,19 | 21,05 | 18,42 | 24,56 |
| Boere | 34,29 | 21,9 | 27,62 | 23,81 |
| Dominees | 28,18 | 20,0 | 24,55 | 31,82 |
| Verpleegsters ... | 23,02 | 28,57 | 15,08 | 19,84 |
| Pensionarisse ... | 49,24 | 42,42 | 21,97 | 15,15 |
| Sakevroue | 28,0 | 30,0 | 14,0 | 30,0 |
| Onderwyseresse .. | 36,43 | 28,57 | 22,14 | 28,57 |
| Huisvroue | 31,46 | 33,71 | 24,72 | 24,72 |
| Tiksters | 33,08 | 27,69 | 20,77 | 28,46 |
| Boervroue | 35,71 | 33,33 | 24,6 | 23,02 |
| Bibliotekaresses. | 25,74 | 25,0 | 25,74 | 27,21 |

Met liggaamlike agteruitgang en afname van gesondheid gekombineer is daar nogtans 3 beroepsgroepe, die dominees, sakevroue en bibliotekaresse wat 'n hoër respons op geestelike agteruitgang gegee het. Die grootste verskil is by die dominees. Vir hierdie beroepsgroepe staan geestelike agteruitgang dus beslis voorop as eienskap van ouderdom.

In die tweede geval is die persentasies wat die response op geestelike agteruitgang vorm, by die sakemanne, onderwysers, boere, dominees, sakevroue, tiksters en bibliotekaresse hoër as wat dié op liggaamlike agteruitgang gekombineer met afname van onafhanklikheid vorm (by die onderwyseresse is die twee persentasies ewe groot en by die boere, sakevroue en tiksters is die verskil klein). Weer is die verskil die grootste by die dominees, nl. 11,82%.

Met afname van onafhanklikheid saam met afname van gesondheid beskou, is daar 5 groepe waar die persentasie wat die geestelike afname van die antwoordtotaal vorm, nie hoër as dié van die eersgenoemde twee is nie – die pensionarisse (M), ambagsmanne, boere, pensionarisse (D) en boervroue (By huisvroue is die twee gelyk). Dis opvallend dat dit die boere en boervroue asook pensionarisse (mans en dames) insluit. Hierdie vyf is die groepe waarby liggaamlike aktiwiteit en gesondheid seker 'n belangriker rol as geestelike aktiwiteit speel en dis moontlik daarom dat hulle die liggaamlike en gesondheidsaspek saam met die onafhanklikheid as 'n belangriker eienskap van ouderdom sien. Dit val ook op dat waar die meeste beroepsgroepe (soos reeds aangetoon) die afname van denke en verstand of afname van belangstelling in die lewe (G1 en G2a) as onderafdelings die meeste genoem het, vier van hierdie vyf beroepsgroepe 'n onderafdeling in die liggaamlike, die gesondheids- of afhanklikheidsafdeling die meeste genoem het. Die vyfde groep, die manlike pensionarisse, het die afname van denke en verstand net soveel keer as die vermindering van krag (G2) aangedui.

Wat die afname van onafhanklikheid as sodanig as 'n eienskap van ouderdom betref, is gemeld dat dit by die dames 'n belangriker posisie as by die

mans inneem. By die mansgroepe word dit deur geen groep hoër as 5de hoogste geplaas nie. Dit word 5de hoogste deur die pensionarisse (saam met negatiewe instelling), die ambagsmanne en die dominees geplaas. Die hoogste persentasie wat dit van 'n antwoordtotaal by die mans vorm, is juis by die ambagsmanne die 9,38%, dan volg die dominees se 8,18%. By die dames maak dit by die pensionarisse, verpleegsters en sakevroue die 5de hoogste eienskap uit; by die onderwyseresse (saam met voorkoms), huisvroue (13,48%) en boervroue die 4de hoogste en by die bibliotekaresse die derde hoogste eienskap (saam met liggaamlike agteruitgang).

Die hoër persentasie van die ambagsmanne sluit moontlik aan by die hoër persentasie wat hulle in vergelyking met die ander groepe aan afname van die werksvermoë geheg het - dat hulle ouderdom eerder as die ander groepe assosieer met die saak van nie meer te kan werk nie of om afhanklik te wees. Die huisvroue het afname van die werksvermoë (wat in volgende paragraaf bespreek word) nie as 'n belangrike eienskap gesien nie en is tog die groep met die hoogste persentasie vir afname van afhanklikheid. Dit weerspreek nie wat van die ambagsmanne gesê is nie - al kan die huisvroue tot 'n hoër ouderdom nog in die huishouding bedrywig bly, sou hierdie aktiwiteite beëindig word as hulle onafhanklikheid om watter rede ook al in gevaar gestel word. Hierdie selfde redenasie sal vir die boervroue geld, daarom dat verwag kon word dat die boere ook afhanklikheid hoër sou plaas. By boervroue is die onderafdeling hulpeloos (afhanklik) deur hulle die hoogste van al die onderafdelings genoem. Die manlike en vroulike pensionarisse plaas albei die afhanklikheid as vyfde belangrikste eienskap, laasgenoemde saam met sosiale afname en eersgenoemde saam met negatiewe instelling. As groep ondervind hulle seker al in meerdere of mindere mate hoe hulle onafhanklikheid deur die ouderdom geskaad word.

Afname van die werksvermoë word oor die algemeen redelik min genoem. Dit is deur tien van die sestien groepe die 2de laagste geplaas. By die ambagsmanne, sakevroue en onderwyseresse het dit opgeskuif na die 4de laagste posisie. Die beroepsgroep wat die grootste gewig aan die afname van die werksvermoë toegeken het, is die ambagsmanne met 7,29%

en die laagste is die 1,12% van die huisvroue. Dat dit die hoogste persentasie by die ambagsmanne vorm en die laagste by die huisvroue, kan moontlik daaraan toegeskryf word dat ouderdom by die ambagsmanne meer as by die ander beroepe op 'n sekere stadium die vermoë om 'n verdienste te maak kan beperk of afsluit. Die sakeman kan byvoorbeeld nog tot 'n laat stadium saketransaksies beklank, die boer kan nog op die plaas toesighou al werk hy nie juis meer nie, ens. Juis op die ander pool as die ambagsmanne is die huisvroue wat maar altyd takies in die huis te verrig het, selfs tot 'n baie hoë ouderdom, en gevolglik moontlik die minste van al die beroepsgroepe die afsluiting van werksverrigtinge met ouderdom gaan assosieer.


Wat sosiale afname by die beroepsgroepe betref, word dit in volgorde van belangrikheid deur die dominees en onderwyseresse baie laag geplaas, nl. 7de en 6de onderskeidelik en dit is ook die beroepsgroepe wat die laagste gewig daaraan toegeken het, nl. 5,45% en 5,71% onderskeidelik. Die hoogste wat dit geplaas word, is as 3de belangrikste eienskap en dit deur die dosente (saam met negatiewe instelling), klerke, onderwysers, verpleegsters en huisvroue. Vir hierdie groepe is dit dus 'n belangrike eienskap van die ouderdom. Die hoogste gewig wat 'n beroepsgroep daaraan gegee het, is 15,73% deur die huisvroue. Opvallend is die groot onderskeid in respons tussen die onderwysers en onderwyseresse met 13,16% teenoor 5,71%. Vir die dominees en onderwyseresse vorm sosiale afname dus 'n geringer eienskap van ouderdom as byvoorbeeld vir eersgenoemde vyf groepe.

Negatiewe instelling lê wat volgorde betref ongeveer in die helfte van die eienskappe van hoog na laag by die mans en dames as groepe en by die afsonderlike beroepsgroepe ook by ongeveer die helfte van die groepe. Hoë persentasies van hulle onderskeie totale is die respons by sakevroue (12,0%), verpleegsters (11,11%), dosente (10,95%) en dominees (10,91%). Die laagste is die 4,17% wat dit van die ambagsmanne se totaal vorm. Dit is die eienskap wat die 4de meeste deur die dominees genoem is en 3de meeste deur die sakevroue. Die ambagsmanne, onderwysers (saam met afname van onafhanklikheid), pensionarisse (D) en onderwyseresse (saam

met sosiale afname) noem dit die derde minste – in hulle siening van ouderdom speel dit dus nie 'n groot rol nie. Waar die onderwysers en onderwyseresse wat die volgorde van belangrikheid van die meeste eienskappe verskil, val die ooreenkoms in volgorde en persentasies hier op. Die persentasies wat dit van hul totale vorm, stem by die manlike en vroulike pensionarisse ook weer baie ooreen, al word dit wat volgorde betref deur die mans een posisie hoër geplaas. Vir die dominees en sakevroue veral is negatiewe instelling, dat 'n persoon dink en voel dat hy oud is, in die pad is, en so meer, dus 'n belangriker eienskap van die ouderdom as vir die onderwyseresse, pensionarisse (M & D) en ambagsmanne.

Die manlike en vroulike pensionarisse is twee groepe wat meer homogeen as die ander is, in die sin dat hulle ouer as die ander groepe is. Waar die beroepsgroepe gevorm word deur persone van verskillende ouderdomsgroepe, is die pensionarisse almal van 'n ouer leeftyd. Die pensionarisse is eintlik nie 'n beroepsgroep nie, maar 'n ouderdomsgroep. Tussen die mans en die dames is daar 'n opmerklieke ooreenkoms waarna reeds 'n paar maal verwys is. Hulle verskil van die gemiddelde veral wat die voorkoms, liggaamlike, geestelike, sosiale en onafhanklikheidsafname betref – soos in Figuur 1 geïllustreer.

Chronologiese ouderdom is deur al die groepe min of glad nie genoem nie. Dis te verwagte daar 'n chronologiese aanduiding van ouderdom in 'n ander vraag betrek is. Daarom val dit op dat dit die eienskap is wat die verpleegsters die 6de hoogste noem. Dit vorm net ongeveer 10% minder van hulle totale antwoord as wat hulle hoogste respons vorm. Dit hang moontlik saam met die opleiding wat hulle geniet wat ouderdom aan 'n sekere leeftyd mag knoop. Geestelike agteruitgang word slegs twee keer meer as liggaamlike agteruitgang deur die verpleegsters genoem, maar opvallend is die lae respons op afname van gesondheid – 4,76% van hulle totale respons, die laagste persentasie wat hierdie antwoord van enige groep se totale respons gevorm het. Hulle het dit selfs minder as voorkoms genoem. Dit kan wees dat hulle 'n eie besondere instelling teenoor siekte het – dat die ouderdom van 'n pasiënt vir hulle belangriker as die graad van sy siekte is.



FIGUUR 1: Eienskappe (persentasies van totale response) deur die mans en dames as groep en die manlike en vroulike pensionarisse op vraag 60/64 aangedui

Teruglewing in die verlede is oor die algemeen die tweede laagste deur die beroepsgroepe genoem, tog is daar 'n paar wat dit na die 3de en 4de laagste opskuif. By die onderwysers is dit saam met voorkoms die 5de hoogste. Hulle respons wat 8,77% van hulle totale antwoord vorm, is die hoogste persentasie wat hierdie afdeling by enige beroepsgroep vorm, dan volg die 6,36% van die dominees. Vir die onderwysers is dit dus in vergelyking met die ander groepe 'n belangriker kenmerk van die ouderdom.

Al word voorkoms blykbaar deur die meeste groepe nie as 'n belangrike eienskap van ouderdom beskou nie, word dit tog meer genoem as byvoorbeeld die afname van die werksvermoë. Die dosente en onderwysers (saam met teruglewing) noem dit die vyfde meeste en die pensionarisse (D), onderwyseresse (saam met afname van onafhanklikheid) en tiksters (saam met sosiale afname) die vierde meeste. Vir hierdie groepe is dit dan wel belangrik. Die meeste response kom by die pensionarisse (D) voor en dan by die tiksters (10,61% en 10,0%). Hierdie twee groepe het dus 'n groter gewig aan voorkoms as byvoorbeeld die sakemanne (2,63%) en die dominees (2,73%) gegee. Die voorkoms is 'n volgende eienskap waarby die response van die manlike en vroulike pensionarisse verskil want die mans het dit heelwat minder as die dames genoem. Die response van die onderwysers en onderwyseresse toon weer hier 'n mate van ooreenstemming - dit vorm 8,77% van laasgenoemde en 7,14% van eersgenoemde se antwoord. Die faktor wat die belangrikste bydrae tot die voorkoms gelewer het, was veral die stadig/krom loop van die bejaarde en in 'n minder mate die postuur, vel en hare.

Ouderdomsgroepe.

Die afdelings soos by die beroepe gerangskik van die wat die meeste response gekry het tot die met die minste, sien soos volg daar uit:

| | | | | | | | | | | |
|---------------|---|---|----|-------|----|---|---|---|---|---|
| <u>Mans.</u> | | | | | | | | | | |
| - 35 jaar | G | L | So | S | A | I | V | T | W | C |
| 36 - 55 jaar | G | S | L | So | I | A | V | W | T | C |
| 56 - 80 jaar | G | L | S | So | I | A | V | W | T | C |
| <u>Dames.</u> | | | | | | | | | | |
| - 35 jaar | G | L | S | So | A | I | V | T | W | C |
| 36 - 55 jaar | G | L | S | A | So | V | I | W | T | C |
| 56 - 80 jaar | L | G | S | V/I/A | So | W | T | | | |

Geestelike agteruitgang word deur 5 van die 6 groepe as die belangrikste eienskap genoem. Die groep dames 56 - 80 jaar het liggaamlike agteruitgang die meeste genoem en daarna geestelike agteruitgang. By die meeste beroepsgroepe was òf afname van denke en verstand (G1) òf afname van belangstelling in die lewe (G2a) die onderafdeling wat die meeste response gekry het. Hier val dit op dat vyf van die ses groepe die afname van denke en verstand die meeste genoem het en slegs die oudste groep dames die verswakking van die gesigsvermoë (L1a). By die beroepsgroepe was dit die pensionarisse wat ook groter gewig aan die liggaamlike as aan die geestelike agteruitgang gegee het.

Word die liggaamlike agteruitgang en afname van gesondheid hier ook saam gereken, word geestelike agteruitgang deur geen groep meer genoem nie - daar is dus geen ouderdomsgroep by wie geestesagteruitgang sterker as die liggaamlike en gesondheidsafname weeg nie.

Met liggaamlike agteruitgang en afname van onafhanklikheid saam is die geestelike agteruitgang by die mans en dames tussen 36 - 56 jaar hoër, dus hoër as die afhanklikheids-liggaamlike probleme.

Met afname van onafhanklikheid en afname van gesondheid saam, is dit net by die dames 56 - 80 jaar hoër as die geestelike agteruitgang. By hierdie groep dames weeg nie net die afhanklikheids-liggaamlike probleme en die gesondheids-afhanklikheidsprobleme sterker as die geestelike nie, maar

ook die suiwer liggaamlike agteruitgang.

Die gewig wat aan die afname van die gesondheid as eienskap gegee word, versterk die indruk dat die jonger mans (en soos aangetoon sal word, ook die dames) meer van die geestelike agteruitgang van die ouderdom bewus is, terwyl die bewustheid van die gesondheid as probleem in die daaropvolgende jare toeneem. Die afname van die gesondheid word die derde meeste deur al die ouderdomsgroepe genoem, behalwe deur die groep mans tot 35 jaar wat dit vierde plaas (hulle is dus nie in so 'n sterk mate van die gesondheidsprobleem bewus nie) en die groep mans 36 - 55 jaar skuif dit op na die tweede belangrikste eienskap. Dit beteken nie sonder meer dat hierdie groep groter gewig aan die gesondheid toeken as die oudste groep nie. Die oudste groep mans (en ook hierdie groep dames) ken weer groot gewig aan liggaamlike agteruitgang wat in 'n mate met die gesondheid kan saamhang, toe. Die groot gewig wat die twee oudste groepe dames aan die liggaamlike agteruitgang toeken, toon dat ook die dames skynbaar met die verloop van jare meer bewus raak van die gesondheid.

Die mans as groep het aan sosiale afname die 4de meeste response gegee en die dames die 5de meeste. Volgens ouderdomme ingedeel (15 jaar) blyk dat die mans tot 35 jaar ietwat meer belangrikheid daaraan toeken en dit derde meeste noem. Al plaas die volgende groep mans (36 - 55 jaar) dit vierde, is dit nogtans met net 4,81% minder as die vorige eienskap en die groep dames tot 35 jaar het dit ook vierde hoogste geplaas met 'n verskil van 0,64% van die vorige eienskap, die afname van die gesondheid. Ingedeel in groepe van 5 jaar het die jongste mans, dié tot 20 jaar, die sosiale afname na die tweede posisie opgeskuif, terwyl hierdie ooreenstemmende groepie dames vir sosiale afname saam met geestelike agteruitgang die meeste response gegee het. Die sosiale afname is by die mans en by die dames van die jongste na die oudste groepe in dalende volgorde, dit wil sê, hoe jonger die proefpersone, hoe groter gewig ken hulle aan sosiale afname toe. Vir die jonger proefpersone is sosiale afname dus 'n belangriker eienskap van die ouderdom as vir die ouer proefpersone. Die jonger proefpersone beleef waarskynlik in hulle eie lewe die belangrikheid van die sosiale, sosiale kontakte, ens.

Behalwe by die oudste groep mans, is by al die ouderdomsgroepe knorrigheid/bemoeisiekheid die onderafdeling wat opvallend die belangrikste faktor in die sosiale afname is – en by uitstek die geval by die jongste groep dames. Hierop word by die bespreking van die leerlinge se resultate verder uitgebrei.

Die twee groepe dames tot 55 jaar (groep tot 35 jaar en groep 36 – 55 jaar) assosieer afname van onafhanklikheid meer met ouderdom as die ander groepe. Ingedeel in groepe van vyf jaar is afhanklikheid die onderafdeling wat die hoogste genoem is deur die dames tot 20 jaar (saam met knorrigheid/bemoeisiekheid), die dames 26 – 30 jaar en die dames 51 – 55 jaar. Die belang wat die dames aan die eienskap van afhanklikheid heg, is reeds by die beroepsgroepe bespreek. Dat die oudste groep dames (en ook die mans) die afname van onafhanklikheid in vergelyking met die ander eienskappe en groepe nie so baie noem nie, stem ooreen met die response van die pensionarisse – hulle het dit ook nie so baie genoem nie. Soos die sosiale afname in dalende volgorde van die jongste na die oudste groep gestrek het, volg die afhanklikheid min of meer dieselfde patroon.

By die beroepsgroepe was dit die vroulike pensionarisse wat 'n groter gewig as die ander groepe aan voorkoms gegee het. Volgens ouderdom ingedeel, is dit weer die oudste damesgroep wat groter belang daaraan heg. Ingedeel in groepe van vyf jaar blyk dat die jongste groepie dames (tot 20 jaar) die voorkoms ook as belangrik beskou (saam met afname van onafhanklikheid het hulle dit die derde meeste genoem). By die leerlinge se bespreking word ook verder hierop uitgebrei.

Deur geen ouderdomsgroep is die afname van die werksvermoë en die teruglewing in die verlede hoog genoem nie. Beide is die meeste deur die mansgroep tot 35 jaar genoem.

By die ouderdomsgroepe kan dus enkele duidelike patrone herken word, soos byvoorbeeld in die geval van sosiale afname en die afname van

onafhanklikheid.

Groepe volgens opleiding.

Die afdelings gerangskik van dié met die meeste tot dié met die minste response:

| | | | | | | | | | | |
|---------------|---|---|---|----------|----|---|---|-----|---|---|
| <u>Mans.</u> | | | | | | | | | | |
| - St. 10 | G | L | S | So | I | A | V | W | T | C |
| St. 10 + | G | L | S | So | I | A | V | T | W | C |
| <u>Dames.</u> | | | | | | | | | | |
| - St. 10 | G | L | A | S/ So | I | V | C | W/T | | |
| St. 10 + | G | L | S | A | So | I | V | W | T | C |

Volgens opleiding in die 4 groepe ingedeel is by elke groep geestelike agteruitgang die meeste genoem en daarna die liggaamlike. Volgens die fyner indeling in 5 jaar noem die mans en die dames met opleiding tot st. 6 egter tog die liggaamlike agteruitgang meer as die geestelike (Dis ook die geval by die leerlinge in st. 6, 7, 8 en 9 en word by die leerlinge verder bespreek).

Met liggaamlike agteruitgang en afname van gesondheid saam, is by geen groep die persentasie wat geestelike agteruitgang vorm, hoër nie.

Met liggaamlike agteruitgang en afname van onafhanklikheid saam, is dit by mans tot st. 10 feitlik gelyk en by hierdie groep dames is die verskil ten gunste van die liggaamlike afname nie groot nie.

Met afname van onafhanklikheid en gesondheid saam is dit slegs die dames bo st. 10 wat die geestelike agteruitgang nie hoër plaas nie. Vir hierdie dames sluit die gesondheids-afhanklikheidsprobleme meer by die

ouderdom as die geestelike agteruitgang aan.

As daar gekyk word na die volgorde waarin die eienskappe gerangskik is, val dit op dat dit eintlik net die afname van onafhanklikheid is wat by die dames tot st. 10 die algemene patroon ietwat versteur.

Ook wat die persentasies betref wat die eienskappe van die antwoordtotale vorm, is daar 'n groot mate van ooreenstemming. Sosiale afname word meer deur die mans en dames met die laer opleiding genoem, maar die verskil is gering.

Hier is minder variasie in die rol en waardes wat aan die verskillende eienskappe toegeken word as by die beroeps- en ouderdomsgroepe.

Huwelikstaat.

Ook hier kan die eienskappe gerangskik word van die wat die meeste genoem is, tot die wat die minste genoem is. Aangesien daar slegs 2 weduenaars was, is hulle response by die van die getroude mans gevoeg. Die 12 weduwees en 4 geskeide dames se response is ook saamgevoeg.

| | | | | | | | | | | |
|----------------------|---|---|----|----|----|----|-----|-----|---|---|
| <u>Mans.</u> | | | | | | | | | | |
| Ongetroud | G | L | So | A | S | V | I | T | W | C |
| Getroud | G | L | S | So | I | A | V | W | T | C |
| <u>Dames.</u> | | | | | | | | | | |
| Ongetroud | G | L | S | A | So | V | I | C/W | T | |
| Getroud | G | L | S | A | So | I | V | W | T | C |
| Weduwee en Geskei | L | G | I | V | S | So | A/W | T | | |

Nou val dadelik op dat die groepie weduwees en geskeide dames se response baie van die ander vier groepe verskil, maar hulle klein getal moet in

gedagte gehou word ten einde foutiewe afleidings te voorkom.

Vir geen groep is die geestelike agteruitgang egter belangriker as die liggaamlike agteruitgang en afname van die gesondheid saam nie. By die getroude mans is dit wel die geval by die geestelike teenoor onafhanklikheids-liggaamlike afname en die geestelike teenoor die onafhanklikheids-gesondheidsafname. By laasgenoemde kombinasie is die geestelike agteruitgang ook hoër by die weduwees en geskeide dames. Net soos by die beroepsgroepe is daar ook groepe soos byvoorbeeld die getroude mans by wie die geestelike agteruitgang tog 'n belangriker rol in hulle opvatting van die ouderdom as by ander groepe speel; omgekeerd is daar dan ook die groepe waar die meer liggaamlike afnames op die voorgrond staan.

Die groep ongetroude mans plaas in vergelyking met die ander groepe meer klem op die sosiale afname. Die mans as groep het dit die vierde hoogste geplaas en die ongetroude mans plaas dit derde (15,04%). Die weduwees en geskeide dames plaas dit vierde laagste (6,15%). Vir die ongetroude mans is die sosiale afname dus 'n belangriker kenmerk van die ouderdom as vir die ander groepe. Daar hierdie groep mans jonger as die ander is, stem dit ooreen met wat by die ouderdomsgroepe gevind is en moontlik weeg die sosiale as gevolg van die ongetroude staat by hulle juis swaarder. Soos by die ouderdomsgroepe ken die ongetroude mans ook minder gewig aan die afname van die gesondheid as eienskap van die ouderdom toe.

Vir die getroude mans en weduwees en geskeide dames vind die idee van afhanklikheid weer minder aansluiting by ouderdom as vir die ander groepe. Die hoogste persentasie van hierdie antwoord word by die ongetroude dames gevind. Die getroude mans, weduwees en geskeide dames het dit onderskeidelik die 6de en 7de hoogste genoem, terwyl die ander drie groepe dit die vierde meeste noem. Dit kan wees dat die getroude mans deur die verantwoordelikheid van broodwinner en die weduwees en geskeide dames deur die omstandighede waarin hulle verkeer, verplig is om self meer verantwoordelikheid te dra en dat hulle dus nie soseer in die ouderdom toenemende afhanklikheid sien nie.

Opvallend is die baie voorkoms-response van die ongetroude dames en weduwees en geskeide dames. By die ongetroude dames is dit byvoorbeeld 9,9% teenoor 5,92% by die getroude dames.

Die 12,31% vir negatiewe instelling by die weduwees en geskeide dames is hoër as by enige van die ander groepe. Die vraag ontstaan of hulle moontlik ervaar dat hulle in die pad is, dat hulle nie meer 'n lewenstaak het nie, maar soos gemeld, is die proefpersone te min om so 'n definitiewe afleiding te maak.

Geen groep het baie response vir die afname van werksvermoë gegee nie.

Volgens huwelikstaat is daar dan weer meer variasie wat die eienskappe betref as by die groepe volgens opleiding ingedeel.

TABEL 9

AFDELINGS AS PERSENTASIES VAN TOTALE RESPONSE PER SUBGROEP (LEERLINGE) OP VRAAG 60/64

| | V | L | G | So | I | C | A | W | S | T |
|--|-------|-------|-------|-------|-------|------|-------|------|-------|------|
| 1. <u>Seuns.</u> | 26,45 | 20,43 | 10,32 | 11,18 | 5,81 | 0,43 | 7,1 | 3,23 | 14,84 | 0,22 |
| 2. <u>Dogters.</u> | 30,21 | 19,89 | 11,82 | 14,26 | 3,75 | | 3,38 | 1,69 | 14,07 | 0,94 |
| 3. <u>Seuns & Dogters.</u> | 28,46 | 20,14 | 11,12 | 12,83 | 4,71 | 0,2 | 5,11 | 2,4 | 14,43 | 0,6 |
| 4. <u>Volwassenes & Leerlinge.</u> | 14,17 | 19,99 | 20,09 | 11,11 | 6,75 | 1,04 | 7,45 | 3,24 | 13,65 | 2,51 |
| 5. <u>Standerds.</u> | | | | | | | | | | |
| a. <u>Seuns.</u> | | | | | | | | | | |
| St. 6 | 42,34 | 29,73 | 2,7 | 3,6 | 1,8 | 0,9 | 3,6 | 0,9 | 14,41 | |
| St. 7 | 27,18 | 28,16 | 8,74 | 3,88 | 6,8 | | 3,88 | 4,85 | 15,53 | 1,0 |
| St. 8 | 17,5 | 18,75 | 8,75 | 18,75 | 10,0 | | 7,5 | 1,25 | 17,5 | |
| St. 9 | 30,34 | 12,36 | 8,99 | 15,73 | 1,12 | | 11,24 | 2,25 | 17,98 | |
| St. 10 | 8,54 | 8,54 | 25,61 | 18,29 | 10,98 | 1,22 | 10,98 | 7,32 | 8,54 | |
| b. <u>Dogters.</u> | | | | | | | | | | |
| St. 6 | 37,96 | 19,44 | 10,19 | 8,33 | | | 1,85 | | 22,22 | |
| St. 7 | 39,77 | 23,86 | 6,82 | 13,64 | 1,14 | | | | 13,64 | 1,14 |
| St. 8 | 34,26 | 17,59 | 11,11 | 11,11 | 7,41 | | 4,63 | 2,78 | 9,26 | 1,85 |
| St. 9 | 24,39 | 20,33 | 8,94 | 17,89 | 4,88 | | 6,5 | 1,63 | 14,63 | 0,81 |
| St. 10 | 16,98 | 18,87 | 21,7 | 19,81 | 4,72 | | 2,83 | 3,77 | 10,38 | 0,94 |

TABEL 9 (VERVOLG)


| | V | L | G | So | I | C | A | W | S | T |
|-----------------------------|-------|-------|-------|-------|------|------|-------|------|-------|------|
| 6. <u>Ouderdomsgroepen.</u> | | | | | | | | | | |
| a. <u>Seuns.</u> | | | | | | | | | | |
| 14 jaar | 41,51 | 28,3 | 3,77 | 3,77 | 2,83 | | 3,77 | 0,94 | 15,09 | |
| 15 jaar | 27,88 | 25,96 | 3,85 | 11,54 | 6,73 | 0,96 | 2,88 | 3,85 | 15,38 | 0,96 |
| 16 jaar | 18,42 | 19,74 | 13,16 | 10,53 | 7,89 | | 9,21 | 3,95 | 17,11 | |
| 17 jaar | 29,79 | 15,96 | 7,45 | 15,96 | 5,32 | | 8,51 | 3,19 | 13,83 | |
| 18 jaar | 9,41 | 9,41 | 27,06 | 15,29 | 7,06 | 1,18 | 12,94 | 4,71 | 12,94 | |
| b. <u>Dogters.</u> | | | | | | | | | | |
| 14 jaar | 39,64 | 18,92 | 9,01 | 9,91 | | | 2,7 | | 19,82 | |
| 15 jaar | 35,71 | 18,37 | 10,2 | 12,24 | 3,06 | | 2,04 | 1,02 | 16,33 | 1,02 |
| 16 jaar | 33,33 | 25,71 | 5,71 | 12,38 | 3,81 | | 3,81 | 1,9 | 11,43 | 1,9 |
| 17 jaar | 22,81 | 24,56 | 14,91 | 14,91 | 4,39 | | 4,39 | 2,63 | 10,53 | 0,88 |
| 18 jaar | 20,0 | 11,45 | 19,05 | 21,9 | 7,62 | | 3,81 | 2,86 | 12,38 | 0,95 |

In sekere opsigte is daar by die leerlinge ooreenstemming met tendense in response van die mans en dames as groepe maar in ander opsigte is daar opvallende verskille. 'n Grafiese voorstelling (Figuur 2) van die persentasies wat die eienskappe van die mans- en damesgroepe asook van die seuns en dogters se totale respons gevorm het, toon van hierdie ooreenkomste en verskille tussen die groepe.

By die seuns as groep en die dogters as groep val dadelik op dat hulle, anders as die volwassenes, voorkoms as die belangrikste eienskap plaas. Dit wil dus sê dat by die idee wat hulle van die ouderdom of van 'n bejaarde het, hoe die persoon daar uitsien, die belangrikste rol speel. Waar die stadig/krom loop 'n belangrike faktor in die voorkoms vir die volwassenes was, is dit by hulle veral die stadig/krom loop, die grys word van die hare en die verouderde vel. Van al die onderafdelings is die stadig/krom loop die onderafdeling wat die seuns die meeste noem en die dogters noem weer die grys word van die hare die meeste. Soos by die volwassenes noem die dogters voorkoms meer as die seuns - 30,21% teenoor 26,45%.

Na die voorkoms word die liggaamlike agteruitgang genoem en min of meer dieselfde faktore as by die volwassenes, is hier belangrik. By die seuns volg dan die afname van die gesondheid met daarna sosiale afname, terwyl die dogters eers die sosiale afname noem. Die sosiale afname vorm dan ook 'n groter persentasie van hulle antwoordtotaal as van die seuns, 14,26% en 11,18%. Word nagegaan watter faktore hier die grootste bydrae gelewer het, is dit ook die knorrigheid/bemoesiektheid, die sosiale afname as sodanig en 'n opvallend hoër respons by die dogters vir botsings met die jeug. Vir hulle sluit bejaardheid dan nie net in dat die persoon bemoesiek/knorrig raak nie, maar ook in 'n groot mate dat dit uitloop spesifiek op botsings met die jeug (word later verder bespreek).

Die tweede belangrike verskil in response tussen leerlinge en volwassenes is die relatief kleiner waarde wat die leerlinge aan geestelike agteruitgang heg - vir die volwassenes was dit die belangrikste eienskap. Vir



FIGUUR 2: Eienskappe (persentasies van totale response) deur die mans, dames, seuns en dogters op vraag 60/64 aangedui

die leerlinge gaan dit dus meer om die waarneembare fisiese beeld van die bejaarde.

Klaerigheid is die belangrikste faktor vir die seuns en die dogters in die geestelike agteruitgang, daarna die afname van denke en verstand en dan afname van belangstelling. By die volwassenes is die afname van die belangstelling die belangrikste en dan afname van denke en verstand.

Die dogters noem afname van denke en verstand ongeveer vier maal meer as afname van belangstelling. By die seuns is die verskil gering. Geen st. 6-leerling of veertienjarige leerling het enige respons vir afname van belangstelling gegee nie. Hulle bring dit dus glad nie in verband met ouderdom nie. Die hoë respons op klaerigheid is 'n verdere aanduiding dat die idee wat die skoolkind van die bejaarde het, in 'n sterk mate insluit die klaerige, bemoeisieke persoon wat net daarop uit is om die jeug te kritiseer.

Daar is ook 'n redelike verskil tussen die dogters en dames ten opsigte van die belangrikheid van die afname van onafhanklikheid. Hierdie aspek is vir die dogters redelik onbelangrik.

Afname van die werksvermoë en teruglewing in die verlede speel by die leerling ook 'n baie ondergeskikte rol in die beeld van die bejaarde.

Standerds en ouderdomsgroepe.

Net soos by die volwassenes kan die afdelings van dié met die meeste tot dié met die minste response gerangskik word.

TABEL 10

AFDELINGS OP VRAAG 60/64 VIR DIE LEERLINGE VAN HOOG TOT
LAAG VOLGENS RESPONSFREKWENSIES GERANGSKIK

| | | | | | | | | | |
|-----------------|------|------|------|------------|-----|------|-----|-----|---|
| <u>Seuns.</u> | | | | | | | | | |
| St. 6 | V | L | S | So/A | G | I | C/W | | |
| St. 7 | L | V | S | G | I | So/A | T | | |
| St. 8 | L/So | V/S | I | G | A | W | | | |
| St. 9 | V | S | So | L | A | G | W | I | |
| St. 10 | G | So | I/A | V/L/ S | W | C | | | |
| <u>Dogters.</u> | | | | | | | | | |
| St. 6 | V | L | S | G | So | A | | | |
| St. 7 | V | L | So/S | I | I | T | | | |
| St. 8 | V | L | G/So | S | I | A | W | T | |
| St. 9 | V | L | So | S | G | A | I | W | T |
| St. 10 | G | So | L | V | S | I | W | A | T |
| <u>Seuns.</u> | | | | | | | | | |
| 14 jaar | V | L | S | G/So/ A | I | W | | | |
| 15 jaar | V | L | S | So | I | G/W | A | C/T | |
| 16 jaar | L | V | S | So | A | I | W | | |
| 17 jaar | V | L/So | S | A | G | I | W | | |
| 18 jaar | G | So | A/S | V/L | I | W | C | | |
| <u>Dogters.</u> | | | | | | | | | |
| 14 jaar | V | S | L | So | G | A | | | |
| 15 jaar | V | L | S | So | G | I | A | W/T | |
| 16 jaar | V | L | So | S | G | I/A | W | T | |
| 17 jaar | L | V | G/So | S | I/A | W | T | | |
| 18 jaar | So | V | G | S | L | I | A | W | T |

TABEL 10 (VERVOLG)

| | | | | | | | | | | |
|-----------------|---|---|----|----|---|---|---|---|---|---|
| <u>Seuns.</u> | V | L | S | So | G | A | I | W | C | T |
| <u>Dogters.</u> | V | L | So | S | G | I | A | W | T | |


Wanneer die response van die leerlinge soos gegroepeer in die verskillende standerds en ouderdomsgroepe nagegaan word, wil dit voorkom of daar by die leerlinge 'n sekere ontwikkelingsgang in die rigting van die siening van die volwassenes aangetoon kan word. Dit word in Figuur 3 geïllustreer.

Indien na Figuur 3 en ook na Tabelle 9 en 10 gekyk word, is hierdie verskynsel opvallend. Dit gaan vir die jonger leerling (of die leerling in die laer standaard) in die eerste plek om voorkoms - Hoe lyk die bejaarde. Dit gaan geleidelik oor in 'n opvatting van hoe is (volgens die leerling se beeld) die bejaarde. Hiermee verdwyn die voorkoms nie, maar word die rol daarvan in die beeld kleiner en kom ander aspekte by om 'n ander totaliteit te gee.

By die sewentienjarige is die faktore van gesondheid, voorkoms, liggaamlike en geestelike agteruitgang al baie nader aan mekaar as by die jonger leerlinge. By die agtienjarige is reeds so 'n groot verandering dat dit as aansluitend by die opvatting van die volwassene gesien kan word - die ontwikkeling is feitlik klaar. Geestelike agteruitgang word vir die st. 10-leerlinge, seuns sowel as dogters, die kenmerkende van ouderdom, terwyl voorkoms 'n verdere afname in belangrikheid toon.

Hierdie verandering in die opvatting van ouderdom pas by die algemene ontwikkelingspatroon van die leerling: van die meer konkreet-waarneembare en die koppeling van 'n beeld aan enkele sulke uiterlik waarneembare eienskappe (byvoorbeeld "grys word" word baie genoem) tot 'n vollediger patroon en 'n beeld wat 'n groter eenheid vorm en meer algemeen is.

By die genoemde beeld pas ook die volgende verskynsels. Die gebrek aan



FIGUUR 3: Geestelijke en liggaamlike agteruitgang en afname van gezondheid en voorkoms (persentasies van totale response) deur die ouderdomsgroepe (seuns en dogters) op vraag 60/64 aangedui

sosiale deelname word vir die dogters belangriker namate hulle ouer word/die standaard hoër is. As na die faktore in die sosiale afname gekyk word, skyn dit moontlik dat die response kan dui op die toenemende bewustheid by die leerlinge van die rol van die sosiale in die lewe (daar sosiale afname as sodanig 'n belangrike faktore hieronder is). Verder kom na vore die siening van die bejaarde as bemoeisiek, klaëring en in botsing met die jeug - en die faktore wat hiermee saamhang, het gekulmineer in die hoogste persentasie by die antwoorde van die agtienjarige dogters (21,9%); die sosiale afname word deur hulle as die belangrikste eienskap genoem. Hierdie siening van die ouderdom is miskien kenmerkend vir die ouer dogters omdat in hulle aanpassing by die nuwe modes en gebruike (vroeg as by seuns) dit juis die ouer garde is wat teenskap, belet, kritiseer, veranderings teenstaan, beswaar maak teen die onbedagsaamheid van die jeug, en so meer. Dan beleef hulle waarskynlik oupa, ouma en ander ouere mense as persoon wat inmeng, bemoeisiek is, knorrig is, ens. Vir die jonger kinders is ouma en oupa miskien meer die persoon wat lekkers gee en bederf.

Vir die seuns as groep is afname van onafhanklikheid 'n belangriker eienskap as vir die dogters en hierdie indruk bly ook behoue by die standerds en ouderdomsgroepe. By geen groep van die dogters neem afhanklikheid as eienskap van die ouderdom toe in belangrikheid as gevolg van standaard of ouderdomsgroepering nie.

Dat 'n persoon dink of voel dat hy oud is, is veral vir die st. 6-seuns en dogters/veertienjariges 'n eienskap wat hulle min in verband met ouderdom bring. Dat die werksaktiwiteite gestaak moet word en teruglewing in die verlede speel 'n geringe rol in die siening wat die leerlinge van die ouderdom het.

In die bespreking van vrae 65 en 66 wat nou volg, sal weer na vraag 60/64 verwys word.

5.2 VERWERKING EN BESPREKING VAN VRAE 65 EN 66

5.2.1 Berekenings.

Hierdie twee vrae (65 en 66) is op soortgelyke wyse as vrae 60 en 64 nagesien, aangeteken en bereken. Vir elke negatiewe respons word een punt op die skema teenoor die bepaalde onderafdeling gegee en net so ten opsigte van die positiewe aspekte. Hierdie punte is soos volg gebruik:

Volwassenes.

1. Die totale tellings van elke proefpersoon op vrae 65 en 66 is bereken.
2. Die totale tellings op vrae 65 en 66 is vir die volgende groepe bereken:
 - (a) Al die mans.
 - (b) Al die dames.
 - (c) 16 Beroepsgroepe.
 - (d) 32 Ouderdomsgroepe.

Leerlinge.

1. Elke leerling se tellings op vrae 65 en 66 is bereken.
2. Die totale tellings op vrae 65 en 66 is bereken vir:
 - (a) Al die seuns.
 - (b) Al die dogters.
 - (c) 10 Standerds.
 - (d) 10 Ouderdomsgroepe.

Op soortgelyke wyse as vir vraag 60/64 is die onderafdelings ook saamgegroepeer en die subgroepe se tellings vir die verskillende afdelings word in Bylae F en G vir die volwassenes en leerlinge onderskeidelik aangedui. Individuele response en tellings en dié in die onderafdelings word weens die omvang daarvan, nie verstrekkend nie.

Volwassenes en leerlinge.

1. Die verskillende groepe se gesamentlike punt (positief en negatief) op vraag 65/66, watter twee afdelings en onderafdelings die hoogste tellings gekry het en wat hierdie puntetellings is, word in Bylae H gegee. Die gegewens van die leerlinge word in Bylae I aangedui.
2. Die gemiddelde punt per proefpersoon vir die positiewe en negatiewe tellings vir die subgroepe is bereken; ook die persentasie wat elke afdeling en onderafdeling van die totale response van die subgroepe vorm. Hierdie gemiddelde punte en die hoogste persentasies word vir die volwassenes in Tabel 11 en vir die leerlinge in Tabel 12 aangedui. Die persentasie wat elke afdeling van die subgroepe se totale respons vorm, word in Tabel 14 vir die volwassenes en in Tabel 16 vir die leerlinge aangetoon.
3. Beduidende verskille tussen positiewe en negatiewe responsfrekwensies is met die Binomiale toets bereken. Met die oog op die lang tabelle (Tabelle 11 en 12) word slegs die groepe waar beduidende verskille aangedui kan word in Tabel 13 weergegee, asook die groepe waar N so klein was dat die toets nie toegepas kon word nie - dit is soos geneem uit Bylae H en I. As nulhipotese word aanvaar dat daar geen verskil tussen positiewe en negatiewe bewerings sal wees nie, met ander woorde, 'n tweekantige toets word gebruik.

TABEL 11

GEMIDDELDE PUNT PER PROEFPERSON OP VRAAG 65/66, HOOGSTE PERSENTASIE PER GROEP,
ONDERAFDELINGS EN AFDELINGS

| Groep | Gemiddelde punt per proefpersoon | | Onderafdeling | | | | Afdeling | | | |
|---------------------------|----------------------------------|------|---------------|------|---------------|----------|-------------|------|----------|------|
| | | | Persentasie | | Onderafdeling | | Persentasie | | Afdeling | |
| | Pos. | Neg. | Pos. | Neg. | Pos. | Neg. | Pos. | Neg. | Pos. | Neg. |
| (a) <u>Beroepsgroepe.</u> | | | | | | | | | | |
| <u>Mans.</u> | | | | | | | | | | |
| Dosente | 2,1 | 2,07 | 16,0 | 16,1 | VK7 | S1 | 50,8 | 25,8 | VK | S |
| Sakemanne | 1,4 | 1,7 | 19,0 | 21,6 | VK7/VK8 | S1 | 54,7 | 37,2 | VK | S |
| Klerke | 1,47 | 1,67 | 15,2 | 14,0 | VK7 | S1 | 47,7 | 34,0 | VK | A |
| Pensionarisse | 1,1 | 1,6 | 18,2 | 20,8 | VK7 | S1 | 42,4 | 33,3 | VK | S |
| Ambagsmanne | 0,93 | 1,37 | 25,0 | 24,4 | VV3a | S1 | 40,0 | 31,7 | VV | A/S |
| Onderwysers | 2,1 | 2,0 | 19,0 | 16,6 | VK7 | S1 | 52,3 | 26,6 | VK | S |
| Boere | 1,07 | 1,77 | 28,1 | 17,0 | VK7 | A1/S1/S2 | 59,3 | 34,0 | VK | S |
| Dominees | 2,53 | 2,63 | 14,4 | 11,4 | VK7 | S2 | 42,1 | 21,5 | VV | S |
| | 1,59 | 1,85 | 16,8 | 18,0 | VK7 | S1 | 48,3 | 29,5 | VK | S |

TABEL 11 (VERVOLG)

| Groep | Gemiddelde punt per proefpersoon | | Onderafdeling | | | | Afdeling | | | | |
|------------------|--|------|---------------|------|---------------|-------|-------------|------|----------|------|--|
| | | | Persentasie | | Onderafdeling | | Persentasie | | Afdeling | | |
| | Pos. | Neg. | Pos. | Neg. | Pos. | Neg. | Pos. | Neg. | Pos. | Neg. | |
| <u>Dames.</u> | | | | | | | | | | | |
| Verpleegsters . | 1,13 | 1,70 | 14,7 | 21,5 | VK8 | A1 | 53,0 | 15,7 | VK | L | |
| Pensionarisse . | 1,4 | 1,8 | 19,0 | 18,5 | VV3a | S1 | 45,2 | 29,6 | VV | A | |
| Sakevroue | 1,27 | 1,5 | 16,0 | 24,4 | VK7/VK8 | S1 | 58,0 | 42,2 | VK | S | |
| Onderwyseresse. | 2,13 | 1,53 | 17,0 | 21,7 | VK7 | S1 | 50,0 | 30,4 | VK | S | |
| Huisvroue | 1,33 | 1,37 | 17,5 | 27,0 | VK7 | S1 | 60,0 | 44,0 | VK | S | |
| Tiksters | 1,07 | 1,63 | 22,0 | 14,3 | VV3a | S1/S2 | 40,6 | 28,5 | VK | S | |
| Boervroue | 1,77 | 2,0 | 18,8 | 21,6 | VK7 | A1 | 58,5 | 36,6 | VK | S | |
| Bibliotekaresses | 1,93 | 2,27 | 19,0 | 19,1 | VK7 | S1 | 32,7 | 35,3 | VK | S | |
| | 1,5 | 1,73 | 15,2 | 20,0 | VK7 | S1 | 49,3 | 33,6 | VK | S | |

TABEL 11 (VERVOLG)

| Groep | Gemiddelde punt per proefpersoon | | Onderafdeling | | | | Afdeling | | | | |
|-----------------------------|--|------|---------------|------|---------------|-------|-------------|------|----------|------|--|
| | | | Persentasie | | Onderafdeling | | Persentasie | | Afdeling | | |
| | Pos. | Neg. | Pos. | Neg. | Pos. | Neg. | Pos. | Neg. | Pos. | Neg. | |
| (b) <u>Ouderdomsgroepe.</u> | | | | | | | | | | | |
| <u>Mans.</u> | | | | | | | | | | | |
| - 20 jaar | 1,44 | 1,22 | 23,0 | 27,2 | VW3a | A1 | 46,1 | 36,4 | VV | A | |
| 21 - 25 jaar | 1,31 | 1,19 | 16,6 | 21,0 | VK8 | A1 | 50,0 | 34,2 | VK | A | |
| 26 - 30 jaar | 1,88 | 2,06 | 21,8 | 20,0 | VK7 | S1 | 56,2 | 22,8 | VK | L | |
| 31 - 35 jaar | 1,65 | 2,15 | 21,2 | 18,4 | VK7/W3a | A1 | 45,4 | 23,2 | VK | A | |
| 36 - 40 jaar | 1,73 | 2,15 | 20,0 | 26,8 | VK7 | S1 | 55,6 | 35,7 | VK | S | |
| 41 - 45 jaar | 1,33 | 1,67 | 20,0 | 21,4 | VK7 | S1 | 57,5 | 28,6 | VK | S | |
| 46 - 50 jaar | 1,74 | 2,26 | 13,1 | 19,0 | VK7 | S1/S2 | 41,0 | 40,5 | VK | S | |
| 51 - 55 jaar | 1,92 | 1,83 | 17,4 | 18,1 | VK7 | S1/S2 | 52,1 | 36,3 | VK | S | |
| 56 - 60 jaar | 1,48 | 1,76 | 16,1 | 16,2 | VK7 | S2 | 42,0 | 30,0 | VK | S | |
| 61 - 65 jaar | 1,86 | 1,79 | 15,4 | 20,0 | VK6/VK7 | A1 | 54,0 | 24,0 | VK | S | |
| 66 - 70 jaar | 1,44 | 1,89 | 33,3 | 18,0 | VK7 | S1 | 46,2 | 35,3 | VK | L | |

TABEL 11 (VERVOLG)

| Groep | Gemiddelde punt per Proefpersoon | | Onderafdeling | | | | Afdeling | | | |
|---------------|----------------------------------|------|---------------|------|--|--------------------|-------------|------|----------|------|
| | | | Persentasie | | Onderafdeling | | Persentasie | | Afdeling | |
| | Pos. | Neg. | Pos. | Neg. | Pos. | Neg. | Pos. | Neg. | Pos. | Neg. |
| 71 - 75 jaar | 1,18 | 1,36 | 18,1 | 13,3 | Va | L1a/L1b/So 6/S1 | 46,2 | 40,0 | VV | L |
| 76 - 80 jaar | 2,25 | 2,5 | 50,0 | 20,0 | VK5,7,8, 9/VV1b, 3a/VA1,4 6/VL2 | A1 | 44,4 | 30,0 | VK | A/S |
| <u>Dames.</u> | | | | | | | | | | |
| - 20 jaar | 0,96 | 1,17 | 21,7 | 25,0 | VV3a | A1/S2 | 39,1 | 39,0 | VA | S |
| 21 - 25 jaar | 1,55 | 1,67 | 20,0 | 22,8 | VK7 | S1 | 55,5 | 31,4 | VK | S |
| 25 - 30 jaar | 1,97 | 1,97 | 17,5 | 17,5 | VK8 | S2 | 33,3 | 33,3 | VK | S |
| 31 - 35 jaar | 1,14 | 1,68 | 20,0 | 21,6 | VK6 | S1 | 60,0 | 40,5 | VK | S |
| 36 - 40 jaar | 1,69 | 1,92 | 18,2 | 16,0 | VK8 | S2 | 51,2 | 30,0 | VK | S |
| 41 - 45 jaar | 2,2 | 2,04 | 21,8 | 29,4 | VK7 | S1 | 58,1 | 41,1 | VK | S |
| 46 - 50 jaar | 1,35 | 1,6 | 22,2 | 18,7 | VK7 | S1 | 55,5 | 21,8 | VK | S |
| 51 - 55 jaar | 1,21 | 1,57 | 17,7 | 31,7 | VK7 | S1 | 47,0 | 45,5 | VK | S |
| 56 - 60 jaar | 1,14 | 1,57 | 25,0 | 27,2 | VV3a | A1/S1 | 62,5 | 36,3 | VV | A/S |
| 61 - 65 jaar | 1,73 | 1,27 | 16,0 | 20,0 | VK8 | S1 | 42,1 | 28,0 | VK | S |
| 66 - 70 jaar | 1,18 | 1,45 | 23,0 | 12,5 | VV3a/VA6 | S1 | 53,8 | 31,2 | VA | A |
| 71 - 75 jaar | 0 | 2,0 | 0 | 25,0 | VV | G1/I4/S1/ S2 | 0 | 20,7 | | S |

TABEL 11 (VERVOLG)

891

| Groep | Gemiddelde punt per proefpersoon | | Onderafdeling | | | | Afdeling | | | |
|--------------------------|--|------|---------------|------|---|------|-------------|------|----------|------|
| | | | Persentasie | | Onderafdeling | | Persentasie | | Afdeling | |
| | Pos. | Neg. | Pos. | Neg. | Pos. | Neg. | Pos. | Neg. | Pos. | Neg. |
| <u>Mans & Dames.</u> | | | | | | | | | | |
| - 20 jaar | 1,09 | 1,18 | 22,2 | 25,6 | VV3a | A1 | 36,1 | 35,9 | VK | S |
| 21 - 25 jaar | 1,45 | 1,46 | 16,8 | 14,8 | VK7 | A1 | 52,0 | 26,8 | VK | S |
| 26 - 30 jaar | 1,93 | 2,0 | 16,8 | 14,1 | VK7/VKB | S1 | 41,5 | 31,5 | VK | S |
| 31 - 35 jaar | 1,38 | 1,9 | 19,0 | 17,5 | VK7 | A1 | 51,7 | 27,5 | VK | S |
| 36 - 40 jaar | 1,71 | 2,04 | 14,6 | 20,5 | VKB | S1 | 53,9 | 33,0 | VK | S |
| 41 - 45 jaar | 1,73 | 1,95 | 21,0 | 25,2 | VK7 | S1 | 47,8 | 34,5 | VK | S |
| 46 - 50 jaar | 1,6 | 2,02 | 15,9 | 18,9 | VK7 | S1 | 46,6 | 35,1 | VK | S |
| 51 - 55 jaar | 1,54 | 1,69 | 17,5 | 25,0 | VK7 | S1 | 75,0 | 40,9 | VK | S |
| 56 - 60 jaar | 1,34 | 1,69 | 12,7 | 18,6 | VK7 | A1 | 44,6 | 32,2 | VV | S |
| 61 - 65 jaar | 1,8 | 2,0 | 13,3 | 18,0 | VK7 | A1 | 48,8 | 26,0 | VK | S |
| 66 - 70 jaar | 1,3 | 1,65 | 15,4 | 15,1 | VV3a | S1 | 38,4 | 24,2 | VA | L |
| 71 - 75 jaar | 1,0 | 1,46 | 23,0 | 16,0 | VV3a | S1 | 46,1 | 31,5 | VV | L |
| 76 - 80 jaar | 2,25 | 2,5 | 11,1 | 20,0 | VK5,7,8, 9/VV1b, 3a/VA1,4, 6/VL2 | A1 | 44,4 | 30,0 | VK | A/S |

TABEL 11 (VERVOLG)

| Groep | Gemiddelde punt per proefpersoon | | Onderafdeling | | | | Afdeling | | | |
|--------------------------|--|------|---------------|------|---------------|------|-------------|------|----------|------|
| | | | Persentasie | | Onderafdeling | | Persentasie | | Afdeling | |
| | Pos. | Neg. | Pos. | Neg. | Pos. | Neg. | Pos. | Neg. | Pos. | Neg. |
| <u>Mans.</u> | | | | | | | | | | |
| - 35 jaar | 1,54 | 1,63 | 17,0 | 17,0 | VK7 | A1 | 49,0 | 24,0 | VK | A |
| 36 - 55 jaar | 1,64 | 2,07 | 17,0 | 21,0 | VK7 | S1 | 50,0 | 35,0 | VK | S |
| 56 - 80 jaar | 1,56 | 1,76 | 15,0 | 12,0 | VK7 | S1 | 43,0 | 26,0 | VK | S |
| <u>Dames.</u> | | | | | | | | | | |
| - 35 jaar | 1,37 | 1,64 | 17,0 | 17,0 | VK7 | S1 | 48,0 | 34,0 | VK | S |
| 36 - 55 jaar | 1,68 | 1,82 | 16,0 | 22,0 | VK7 | S1 | 54,0 | 34,0 | VK | S |
| 56 - 80 jaar | 1,26 | 1,76 | 16,0 | 21,0 | VV3a | S1 | 37,0 | 28,0 | VV | S |
| <u>Mans & Dames.</u> | | | | | | | | | | |
| - 35 jaar | 1,44 | 1,64 | 17,0 | 17,0 | VK7 | S1 | 48,0 | 29,0 | VK | S |
| 36 - 55 jaar | 1,66 | 1,96 | 17,0 | 22,0 | VK7 | S1 | 55,0 | 35,0 | VK | S |
| 56 - 80 jaar | 1,44 | 1,76 | 12,0 | 15,0 | VK7 | S1 | 38,0 | 27,0 | VK | S |

TABEL 12

GEMIDDELDE PUNT PER LEERLING OP VRAAG 65/66, HOOGSTE PERSENTASIE PER GROEP, ONDERAFDELINGS EN AFDELINGS

| Groep | Gemiddelde punt per leerling | | Onderafdeling | | | | Afdeling | | | |
|-----------------------|------------------------------|------|---------------|------|---------------------|-------|-------------|------|----------|-------|
| | | | Persentasie | | Onderafdeling | | Persentasie | | Afdeling | |
| | Pos. | Neg. | Pos. | Neg. | Pos. | Neg. | Pos. | Neg. | Pos. | Neg. |
| (a) <u>Standerds.</u> | | | | | | | | | | |
| <u>Seuns.</u> | | | | | | | | | | |
| St. 6 | 0,53 | 1,23 | 37,5 | 16,2 | VL4 | L3/S6 | 43,7 | 32,4 | VA/VL | L |
| St. 7 | 0,63 | 1,17 | 15,8 | 31,4 | VK7/VVa/ VA3 | S1 | 42,1 | 11,4 | VA | I/A |
| St. 8 | 0,5 | 0,97 | 13,3 | 24,1 | VK7/VK9/ VVa/VL2 | S1 | 40,0 | 27,5 | VK | L/S |
| St. 9 | 0,7 | 0,9 | 14,2 | 22,2 | VA3 | A1 | 38,1 | 26,0 | VA | L/A/S |
| St. 10 | 0,8 | 1,47 | 29,1 | 18,1 | VK7 | S1 | 62,5 | 31,8 | VK | L |
| | 0,63 | 1,15 | 15,7 | 19,7 | VK7 | S1 | 35,7 | 30,8 | VK | S |

TABEL 12 (VERVOLG)

| Groep | Gemiddelde punt per leerling | | Onderafdeling | | | | Afdeling | | | |
|-----------------------------|------------------------------------|------|---------------|------|------------------|------|-------------|------|----------|------|
| | | | Persentasie | | Onderafdeling | | Persentasie | | Afdeling | |
| | Pos. | Neg. | Pos. | Neg. | Pos. | Neg. | Pos. | Neg. | Pos. | Neg. |
| <u>Dogters.</u> | | | | | | | | | | |
| St. 6 | 0,13 | 1,07 | 50,0 | 31,2 | VVa/VA6 | S1 | 50,0 | 40,6 | W/VA | S |
| St. 7 | 0,27 | 0,27 | 25,0 | 37,5 | VVa/VA6 | A1 | 50,0 | 37,5 | VK | A/S |
| St. 8 | 0,53 | 0,63 | 18,7 | 21,0 | VKB/VV3a/ VA6 | S1 | 37,5 | 31,5 | W | S |
| St. 9 | 0,63 | 1,53 | 26,3 | 21,7 | VK8 | S1 | 73,5 | 21,7 | VK | L |
| St. 10 | 0,77 | 1,2 | 21,7 | 27,7 | VK7 | S1 | 47,8 | 33,3 | VK | S |
| | 0,47 | 0,94 | 17,1 | 25,5 | VK8 | S1 | 50,0 | 34,7 | VK | S |
| <u>Seuns & Dogters.</u> | | | | | | | | | | |
| St. 6 | 0,33 | 1,15 | 30,0 | 18,8 | VL4 | S1 | 45,0 | 33,3 | VA | S |
| St. 7 | 0,45 | 0,72 | 14,9 | 30,2 | VK7 | S1 | 37,0 | 48,8 | VL | S |
| St. 8 | 0,52 | 0,8 | 12,9 | 22,9 | VVa | S1 | 35,4 | 29,1 | VK | S |
| St. 9 | 0,67 | 1,05 | 12,5 | 23,8 | VK8 | S1 | 50,0 | 36,5 | VK | S |
| St. 10 | 0,78 | 1,33 | 25,5 | 22,5 | VK8 | S1 | 57,4 | 26,2 | VK | S |
| | 0,55 | 1,01 | 14,5 | 23,1 | VK7 | S1 | 44,2 | 33,6 | VK | S |

TABEL 12 (VERVOLG)

| Groep | Gemiddelde punt per leerling | | Onderafdeling | | | | Afdeling | | | |
|----------------------|------------------------------|------|---------------|------|---------------|-------|-------------|------|----------|------|
| | | | Persentasie | | Onderafdeling | | Persentasie | | Afdeling | |
| | Pos. | Neg. | Pos. | Neg. | Pos. | Neg. | Pos. | Neg. | Pos. | Neg. |
| (b) <u>Ouderdom.</u> | | | | | | | | | | |
| <u>Seuns.</u> | | | | | | | | | | |
| 14 jaar | 0,5 | 1,1 | 33,3 | 15,1 | VL4 | S6 | 40,0 | 27,2 | VA/VL | L/S |
| 15 jaar | 0,57 | 1,3 | 17,6 | 25,6 | VA4/VL4 | S1 | 35,3 | 43,5 | VA | S |
| 16 jaar | 0,6 | 0,97 | 16,6 | 24,1 | VK7 | S1 | 50,0 | 27,5 | VK | S |
| 17 jaar | 0,6 | 0,97 | 16,6 | 20,6 | VAG/VL4 | S1 | 38,8 | 27,5 | VA | L/S |
| 18 jaar | 0,9 | 1,4 | 25,9 | 19,0 | VK | S1 | 55,7 | 33,3 | VK | L |
| <u>Dogters.</u> | | | | | | | | | | |
| 14 jaar | 0,17 | 0,9 | 40,0 | 37,0 | VVa | S1 | 40,0 | 40,7 | VK/W | S |
| 15 jaar | 0,4 | 0,63 | 41,6 | 15,7 | VA6 | S6 | 66,6 | 36,8 | VA | S |
| 16 jaar | 0,5 | 0,73 | 40,0 | 22,7 | VK8 | A1/S1 | 73,6 | 36,3 | VK | S |
| 17 jaar | 0,7 | 1,3 | 19,0 | 28,1 | VK7 | S1 | 57,1 | 36,0 | VK | S |
| 18 jaar | 0,57 | 1,13 | 17,6 | 23,5 | VK7 | S1 | 53,0 | 26,4 | VK | S |

TABEL 12 (VERVOLG)

| Groep | Gemiddelde punt per leerling | | Onderafdeling | | | | Afdeling | | | |
|-----------------------------|------------------------------------|------|---------------|------|---------------|------|-------------|------|----------|------|
| | | | Persentasie | | Onderafdeling | | Persentasie | | Afdeling | |
| | Pos. | Neg. | Pos. | Neg. | Pos. | Neg. | Pos. | Neg. | Pos. | Neg. |
| <u>Seuns & Dogters.</u> | | | | | | | | | | |
| 14 jaar | 0,33 | 0,83 | 25,0 | 26,0 | VL4 | S1 | 35,0 | 40,0 | VA | S |
| 15 jaar | 0,48 | 0,97 | 20,7 | 20,6 | VA6 | S1 | 48,2 | 41,3 | VA | S |
| 16 jaar | 0,55 | 0,85 | 18,1 | 23,5 | VK8 | S1 | 57,5 | 33,3 | VK | S |
| 17 jaar | 0,65 | 1,13 | 12,8 | 25,0 | VK7 | S1 | 41,0 | 32,3 | VK | S |
| 18 jaar | 0,73 | 1,27 | 22,7 | 21,0 | VK7 | S1 | 54,5 | 25,0 | VK | S |

TABEL 13

GROEPE WAAR DIE FREKWENSIES TUSSEN DIE NEGATIEWE EN POSITIEWE RESPONSE OP VRAAG 65/66 BEDUIDENDE VERSKILLE, BEREKEN MET DIE BINOMIALE TOETS, TOON

| Groep | N | Posi- tief | Nega- tief | Z |
|--------------------------------|-----|---------------|---------------|----------------------------------|
| (a) <u>Volwassenes.</u> | | | | |
| 1. <u>Beroepsgroepe.</u> | | | | |
| Boere | 30 | 32 | 53 | 2,17 * |
| 2. <u>Ouderdomsgroepe.</u> | | | | |
| 36 - 55 jaar (M) | 103 | 169 | 213 | 2,2 * |
| 36 - 55 jaar (M + O) | 188 | 312 | 368 | 2,11 * |
| 71 - 75 jaar (D) | 2 | 0 | 4 | (Kan nie verwerk word nie) |
| 3. <u>Totaal.</u> | | | | |
| Mans | 240 | 381 | 444 | 2,16 * |
| (b) <u>Leerlinge.</u> | | | | |
| 1. <u>Standerds.</u> | | | | |
| St. 6 (S) | 30 | 16 | 37 | 2,75 ** |
| St. 7 (S) | 30 | 19 | 35 | 2,04 * |
| St. 8 (S) | 30 | 15 | 29 | 1,96 * |
| St. 10 (S) | 30 | 24 | 44 | 2,3 * |
| St. 6 (D) | 30 | 4 | 32 | 4,5 *** |
| St. 9 (D) | 30 | 19 | 46 | 3,22 ** |
| St. 6 (S + D) | 60 | 20 | 69 | 5,09 *** |
| St. 9 (S + D) | 60 | 40 | 63 | 2,17 * |
| St. 10 (S + D) | 60 | 47 | 80 | 2,84 * |

TABEL 13 (VERVOLG)

| Groep | N | Posi- tief | Nega- tief | Z |
|-----------------------------|-----|---------------|---------------|---------|
| 2. Ouderdomsgroepen. | | | | |
| 14 jaar (S) | 30 | 15 | 33 | 2,45* |
| 15 jaar (S) | 30 | 17 | 39 | 2,81** |
| 14 jaar (D) | 30 | 5 | 27 | 2,83** |
| 17 jaar (D) | 30 | 21 | 39 | 2,2* |
| 18 jaar (D) | 30 | 17 | 34 | 1,96* |
| 14 jaar (S + D).. | 60 | 20 | 60 | 4,36*** |
| 15 jaar (S + D).. | 60 | 29 | 58 | 3,0** |
| 17 jaar (S + D).. | 60 | 39 | 68 | 2,71** |
| 18 jaar (S + D).. | 60 | 44 | 76 | 2,83** |
| 3. Totaal. | | | | |
| Seuns | 150 | 95 | 172 | 4,65*** |
| Doughters | 150 | 70 | 141 | 4,82*** |

* = $p \leq 0,05$

** = $p \leq 0,01$

*** = $p \leq 0,001$

5.2.2 Bespreking.

Sodra die proefpersone gevra was om die voor- en nadele van ouderdom te noem, was daar 'n baie gunstiger positiewe respons as op vraag 60/64, hoewel die meeste response nog negatief is. In die geval van die mans as groep is die verskil tussen die positiewe en negatiewe response beduidend. Hoewel daar dus baie meer positiewe bewerings oor ouderdom gemaak is as by die vorige vraag (60/64), bly die response oor ouderdom nog sterk negatief.

| <u>Positiewe response</u> | <u>Negatiewe response</u> | |
|---------------------------|---------------------------|---------------|
| 381 | 444 | Mans |
| 361 | 414 | Dames |
| 742 | 858 | Mans en Dames |

Gegroepeer volgens beroepe is die hoogste gemiddelde punt per proefpersoon 2,53 positiewe response - dominees
2,63 negatiewe response - dominees.

Dat dit die predikante is wat in beide gevalle die hoogste respons gegee het, hang moontlik saam met die aard van hulle beroep waar hulle met alle ouderdomsgroepe te doen het, ook met die bejaardes, en hulle moontlik pertinent met voor- en nadele wat hierdie gemeentelede raak, te doen het. Dit kan moontlik ook met die godsdienslike inslag wat by hulle aanvaar kan word, saamhang.

By die dames was daar geen beroepsgroep waar die verskil tussen die positiewe en negatiewe tellings beduidend was nie, ook nie by die dames as groep was die verskil beduidend nie. By die mans was die verskil by die boere beduidend. Dit kan wees dat die boere in hul aktiwiteite op die plaas meer bewus mag wees van ouderdomsverskynsels wat beperkend op hulle bedrywighede mag inwerk. By vraag 60/64 het hulle slegs 2 positiewe response gegee (ook die sakemanne) wat die laagste positiewe respons van die manlike beroepsgroep was. Hierteenoor het hulle 105

negatiewe response gegee.

Op vraag 65/66 het die dosente, onderwysers en onderwyseresse (diegene in 'n onderwysposisie) 'n hoër positiewe as negatiewe respons gegee. Hier was die proefpersone gevra vir positiewe en negatiewe bewerings en dit mag wees dat die gegewe respons saamhang met die feit dat hierdie groepe persone gewoon is daaraan om hul gedagtes te formuleer en hulle menings te gee. Hierby sou aansluit die feit dat byvoorbeeld die ambagsmanne die minste response, positiewe asook negatiewe, gegee het. Op vraag 60/64 het die ambagsmanne ook die minste response (positiewe en negatiewe saam) van die beroepsgroepe by die mans gegee en die dosente en onderwysers se totale response was weer die hoogste. By die dames het slegs die bibliotekaresse 2 stellings meer as die onderwyseresse gegee. Vir die bibliotekaresse geld egter ook in 'n groot mate wat van die groepe in onderwysposisies gesê is. In die betrokke groep was ook dames wat eers onderwys gegee het.

Gegroepeer volgens ouderdom is die hoogste gemiddelde punt per proefpersoon 2,25 positiewe response - mans 76 - 80 jaar
2,50 negatiewe response - mans 76 - 80 jaar.

In die bogenoemde groep was slegs 4 persone. Hierdie groep het op vraag 60/64 geen positiewe respons gegee nie.

By die jonger mansgroepe, die groepe tot 25 jaar, is die gemiddelde positiewe respons per persoon effens hoër as die gemiddelde negatiewe respons. Op vraag 60/64 het die groep tot 20 jaar die laagste negatiewe respons per persoon gegee en was hulle positiewe respons die tweede hoogste van die ouderdomsgroepe. Dit kan moontlik daarop dui dat hierdie groep jonger mans 'n gunstiger mening oor ouderdom (bejaardes) huldig. Dit is veral in vergelyking met die groep tussen 35 en 55 jaar waarby die verskil tussen die negatiewe en positiewe response beduidend is. Hierdie groep het dus beduidend meer negatiewe as positiewe response gegee en die verskil bly beduidend wanneer die dames in hierdie ouderdomsgroep se response saam met die van die mans geplaas word. Dit is

meesal persone in hierdie ouderdomsgroep wat die verantwoordelikheid vir die versorging van 'n bejaarde ouer(s) dra.

Die punte van die leerlinge op vraag 65/66 toon ooreenstemming met die van die volwassenes in die sin dat hulle ook meer positiewe stellings as op vraag 60/64 gegee het, maar dat die meeste response nog negatief is:

150 seuns 95 positiewe teenoor 172 negatiewe response.
150 dogters 70 positiewe teenoor 141 negatiewe response.
300 seuns en dogters 165 positiewe teenoor 313 negatiewe response.

Waar die volwassenes se gemiddelde punt per persoon

| <u>Positief</u> | <u>Negatief</u> | |
|-----------------|-----------------|-------|
| 1,59 | 1,85 | Man's |
| 1,50 | 1,73 | Dames |

is, is dit by die leerlinge

| <u>Positief</u> | <u>Negatief</u> | |
|-----------------|-----------------|---------|
| 0,63 | 1,15 | Seuns |
| 0,47 | 0,94 | Dogters |

By die leerlinge was die verskil tussen die positiewe en negatiewe response by die seuns en ook by die dogters beduidend by die 0,001-peil. By meer subgroepe by die leerlinge as by die volwassenes was die verskil ook beduidend. Die leerlinge het dus in 'n heel geringer mate as die volwassenes op hierdie vraag met positiewe response gereageer. Die gemiddelde respons per persoon was ook laer by die leerlinge as by die volwassenes.

Volgens die standerds gegroepeer was die verskil tussen positiewe en negatiewe response slegs by st. 9 nie beduidend by die seuns nie, by die dogters by sts. 7, 8 en 10 nie en vir die seuns en dogters saam nie by

sts. 7 en 8 nie.

Volgens ouderdom gegroeppeer was die verskil by die seuns nie by 16, 17 en 18 jaar beduidend nie; by die dogters nie by 15 en 16 jaar nie en by die seuns en dogters saam nie by 16 jaar nie.

Die leerlinge in die hoër standerds en in die ouer ouderdomsgroepe het oor die algemeen soos ook op vraag 60/64 die meeste response, positief en negatief, gegee. Volgens standerds is die hoogste gemiddelde punt per proefpersoon:

| | | |
|-------------------------|---|------------------|
| 0,80 positiewe response | - | seuns, st. 10 en |
| 1,53 negatiewe response | - | dogters, st. 9. |

Volgens ouderdom is die hoogste gemiddelde punt per proefpersoon:

| | | |
|-------------------------|---|-------------------|
| 0,90 positiewe response | - | seuns, 18 jaar en |
| 1,40 negatiewe response | - | seuns, 18 jaar. |

5.2.3 Die nadele van die ouderdom.

Die negatiewe response op vraag 65/66 was ongeveer die helfte minder as op vraag 60/64 en dit is meesal van die fyner onderafdelings wat hier agterweë gelaat is. Aan die volgorde waarin die eienskappe geplaas word, kan in sekere gevalle eintlik minder waarde geheg word as by vraag 60/64 omdat die aantal response in sommige afdelings so klein is dat groot verskille uitgesluit is, veral na die laagste punte toe.

TABEL 14

AFDELINGS AS PERSENTASIES VAN TOTALE RESPONSE PER SUBGROEP (VOLWASSENES) OP VRAAG 65/66

| | V | L | G | So | I | C | A | W | S | T |
|-----------------------------|------|-------|-------|-------|-------|---|-------|------|-------|------|
| 1. <u>Mans.</u> | | 18,69 | 10,81 | 9,01 | 6,76 | | 20,95 | 4,05 | 29,5 | 0,23 |
| 2. <u>Dames.</u> | 0,97 | 15,7 | 10,87 | 11,35 | 2,42 | | 21,5 | 3,62 | 33,57 | |
| 3. <u>Mans & Dames.</u> | 0,47 | 17,25 | 10,84 | 10,14 | 4,66 | | 21,21 | 3,85 | 31,47 | 0,12 |
| 4. <u>Beroepsgroepe.</u> | | | | | | | | | | |
| a. <u>Mans.</u> | | | | | | | | | | |
| Dosente | | 22,58 | 17,74 | 11,29 | 8,06 | | 9,68 | 3,23 | 25,81 | 1,61 |
| Sakemanne | | 15,69 | 13,73 | 5,88 | 3,92 | | 21,57 | 1,96 | 37,25 | |
| Klerke | | 8,0 | 6,0 | 8,0 | 6,0 | | 34,0 | 6,0 | 32,0 | |
| Pensionarisse | | 25,0 | 8,33 | 8,33 | | | 22,92 | 2,08 | 33,33 | |
| Ambagsmanne | | 19,51 | 2,44 | 7,32 | 2,44 | | 31,71 | 4,88 | 31,71 | |
| Onderwysers | | 20,0 | 5,0 | 15,0 | 13,33 | | 13,33 | 6,67 | 26,67 | |
| Boere | | 20,75 | 9,43 | 3,77 | 3,77 | | 24,53 | 3,77 | 33,96 | |
| Dominees | | 17,72 | 17,72 | 10,13 | 11,39 | | 17,72 | 3,8 | 21,52 | |

TABEL 14 (VERVOLG)

| | V | L | G | So | I | C | A | W | S | T |
|----------------------------|------|-------|-------|-------|-------|---|-------|------|-------|------|
| b. Dames. | | | | | | | | | | |
| Verpleegsters | 3,92 | 15,69 | 9,8 | 9,8 | 1,96 | 0 | 29,41 | 0 | 29,41 | 0 |
| Pensionarisse | 1,85 | 12,96 | 11,11 | 14,81 | 3,7 | 0 | 29,63 | 1,85 | 24,07 | 0 |
| Sakevroue | 0 | 15,56 | 8,89 | 8,89 | 2,22 | 0 | 17,78 | 4,44 | 42,22 | 0 |
| Onderwyseresse | 0 | 19,57 | 10,87 | 13,04 | 4,35 | 0 | 17,39 | 4,35 | 30,43 | 0 |
| Huisvroue | 0 | 14,63 | 9,76 | 14,63 | 0 | 0 | 14,63 | 2,44 | 43,9 | 0 |
| Tiksters | 0 | 18,37 | 22,45 | 8,16 | 2,04 | 0 | 16,33 | 4,08 | 28,57 | 0 |
| Boervroue | 0 | 16,67 | 8,33 | 5,0 | 0 | 0 | 30,0 | 3,33 | 36,67 | 0 |
| Bibliotekares- ses | 1,47 | 13,24 | 7,35 | 16,18 | 4,41 | 0 | 14,71 | 7,35 | 35,29 | 0 |
| 5. <u>Ouderdomsgroepe.</u> | | | | | | | | | | |
| a. Mans. | | | | | | | | | | |
| - 35 jaar | 0 | 16,54 | 10,24 | 9,45 | 11,02 | 0 | 24,41 | 7,09 | 21,26 | 0 |
| 35 - 55 jaar | 0 | 16,43 | 11,74 | 7,04 | 5,63 | 0 | 19,72 | 3,29 | 35,68 | 0,47 |
| 56 - 80 jaar | 0 | 25,96 | 9,62 | 12,5 | 3,85 | 0 | 19,23 | 1,92 | 26,92 | 0 |

TABEL 14 (VERVOLG)

| | V | L | G | So | I | C | A | W | S | T |
|--------------|------|-------|-------|-------|------|---|-------|------|-------|---|
| b. Dames. | | | | | | | | | | |
| - 35 jaar | 1,04 | 14,58 | 11,98 | 12,5 | 1,04 | 0 | 20,83 | 3,13 | 34,9 | 0 |
| 36 - 55 jaar | 0,65 | 17,42 | 10,32 | 10,32 | 2,58 | 0 | 20,0 | 4,52 | 34,19 | 0 |
| 56 - 80 jaar | 1,49 | 14,93 | 8,96 | 10,45 | 5,97 | 0 | 26,87 | 2,99 | 28,36 | 0 |


In hierdie bespreking word ook na response op vraag 60/64 verwys, daarom is dit miskien goed om eers 'n grafiese voorstelling te gee van die persentasies van die eienskappe soos deur die mans en dames op vraag 60/64 gegee, teenoor dié op vraag 65/66 (Figuur 4).

Die mans en die dames plaas nou afname van gesondheid eerste met 29,5% van die mans se antwoord en 33,57% van die dames sodat die belangrikste nadeel nou hier die afname van die gesondheid is. Die tweede belangrikste nadeel is afname van onafhanklikheid wat 20,95% van die mans en 21,5% van die dames se antwoord vorm. Die derde belangrikste nadeel is vervolgens liggaamlike agteruitgang - 18,69% van die mans en 15,7% van die antwoord van die dames. In vergelyking met vraag 60/64 met die aksent sterk op geestelike afname en daarnaas liggaamlike agteruitgang, het die hoofklem verskuif na die gesondheidsafhanklikheidsafname en liggaamlike agteruitgang. Die onderafdeling wat die mans en dames die meeste genoem het, is gesondheidsvermindering (S1), waar dit op vraag 60/64 afname van denke en verstand (G1) is.

Daar moet egter in gedagte gehou word dat liggaamlike en gesondheidsafname saam op vraag 60/64 by mans en dames swaarder as geestelike agteruitgang gewees het. Met afname van die liggaamlike en onafhanklikheid saam, het dit by die mans omtrent ewe swaar as die geestelike gewees en by die dames sterker as die geestelike agteruitgang na vore gekom. Die afname van gesondheid en onafhanklikheid egter, die twee hoofindrukke van vraag 65/66, het nie by die mans of die dames die geestelike agteruitgang oortref nie.

Naas die drie genoemde eienskappe word geestelike agteruitgang en sosiale afname min of meer op dieselfde vlak geplaas. By die mans vorm eersgenoemde 10,81% en laasgenoemde 9,01% van hulle antwoord en by die dames 10,87% teenoor 11,35%.

Afname van die werksvermoë word ook nie as 'n belangrike nadeel van die ouderdom gesien nie; die negatiewe instelling word 'n ietwat meer deur



FIGUUR 4: Eienskappe (persentasies van totale response) deur die volwassenes op vrae 60/64 en 65/66 aangedui

die mans as die dames genoem; die mans gee geen voorkoms-respons nie en die dames se voorkoms-respons vorm 0,97% van hul antwoord. Voorkoms speel hier dus 'n kleiner rol as nadeel as by vraag 60/64.

Nie net die klemverskuiwing weg van die geestelike agteruitgang val op nie, maar ook die groter ooreenstemming in volgorde van die eienskappe en ooreenkoms tussen die mans en dames van persentasies wat die eienskappe van hulle totale vorm. 'n Aksentverskuiwing in faktore wat die belangrikste bydraes tot die eienskappe gelewer het, het in enkele gevalle by hierdie vraag plaasgevind. Opmerklik is dat ook in hierdie opsig daar so 'n groot ooreenstemming tussen die response van die mans en dames is. So dra afname van denke en verstand hier die grootste gewig in die geestelike agteruitgang. Die rol wat afname van belangstelling gespeel het, het opmerklik verminder, by die mans en dames. Die nuwe verhouding waarin die twee faktore tot mekaar staan, is

| <u>Afname van denke en verstand</u> | | <u>Afname van belangstelling</u> | |
|-------------------------------------|---|----------------------------------|---|
| 22 | - | 8 | M |
| 25 | | 8 | D |

By sosiale afname het die klem eienaardig verskuif na die gedagte van vereensaming. Op vraag 60/64 het dit by die mans 6 response en by die dames 3 response gekry, teenoor 32 by die mans en 35 by die dames hier op vraag 65/66.

Die verskil in die aard van die negatiewe response kan gedeeltelik toegeskryf word aan die verskil in opdrag by die twee groepe vrae. By vraag 60/64 gaan dit om 'n "beskrywing", met ander woorde, eienskappe word weergegee en hierdie eienskappe kan as negatief gesien word sonder dat dit as 'n besondere nadeel vir die bejaarde geld. By vraag 65/66 gaan dit om die "nadele" van ouderdom. So mag dit dan impliseer dat hoewel die geestelike agteruitgang 'n belangrike eienskap is, die liggaamlike agteruitgang, swak gesondheid, ens. as meer nadelig gesien is. Dieselfde geld byvoorbeeld die verskuiwing in klem by sosiale afname na vereensaming - dit is die groot nadeel maar miskien nie die tiperende kenmerk van sosiale

afname nie.

Beroepsgroepe.

Die volgorde van die afdelings kan weer in tabelvorm aangedui word.

TABEL 15

AFDELINGS OP VRAAG 65/66 VIR DIE BEROEPSGROEPE VAN HOOG
TOT LAAG VOLGENS RESPONSFREKWENSIES GERANGSKIK

| | | | | | | | | |
|-------------------|-----|--------|------|-------|------------|-----|-----|---|
| Mans. | S | A | L | G | So | I | W | T |
| Dames. | S | A | L | So | G | W | I | V |
| <u>Mans.</u> | | | | | | | | |
| Dosente | S | L | G | So | A | I | W | T |
| Sakemanne | S | A | L | G | So | I | W | |
| Klerke | A | S | So/L | I/W/G | | | | |
| Ambagsmanne | S/A | L | So | W | G/I | | | |
| Pensionarisse | S | L | A | G/So | W | | | |
| Onderwysers | S | L | So | I/A | W | G | | |
| Boere | S | A | L | G | So/I/ W | | | |
| Dominees | S | L/G/A | I | So | W | | | |
| <u>Dames.</u> | | | | | | | | |
| Verpleegsters | S/A | L | G/So | V | I | | | |
| Pensionarisse | A | S | So | L | G | I | V/W | |
| Sakevroue | S | A | L | G/So | W | I | | |
| Onderwyseresse | S | L | A | So | G | I/W | | |
| Huisvroue | S | L/A/So | G | W | | | | |
| Tiksters | S | G | L | A | So | W | I | |
| Boervroue | S | A | L | G | So | W | | |
| Biblioteekaresses | S | So | A | L | G/W | I | V | |

Vir die meeste beroepsgroepe is die oorheersende indruk afname van gesondheid. Interessantheidshalwe kan die afname van gesondheid en afname van onafhanklikheid – die twee eienskappe wat by die mans en dames as groepe voorop gestel is – saam gereken word vir die verskillende groepe.

| | <u>S + A(%)</u> |
|-----------------------|-----------------|
| Mans | 50,45 |
| Dames | 55,07 |
| Dosente | 35,48 |
| Sakemanne | 58,82 |
| Klerke | 66,0 |
| Pensionarisse | 56,25 |
| Ambagsmanne | 63,41 |
| Onderwysers | 40,0 |
| Boere | 58,49 |
| Dominees | 39,24 |
| Verpleegsters | 58,82 |
| Pensionarisse | 53,7 |
| Sakevroue | 60,0 |
| Onderwyseresse | 47,83 |
| Huisvroue | 58,54 |
| Tiksters | 44,9 |
| Boervroue | 66,67 |
| Bibliotekaresse | 50,0 |

Slegs by vier van die beroepsgroepe is hierdie antwoord minder as 50%.

Gesondheidsvermindering is die onderafdeling wat die meeste groepe die meeste genoem het, behalwe die boere wat dieselfde aantal response gegee het vir gesondheidsvermindering, swak/krag verminder en afhanklikheid; die verpleegsters en boervroue die meeste vir afhanklikheid en die tiksters

dieselfde aantal vir gesondheidsvermindering en swak/krag verminder.

Die meeste response vir afname van die gesondheid is deur die huisvroue gegee, 43,9%. Die vraag ontstaan of die huisvroue nie moontlik in 'n groot mate verantwoordelik is vir die versorging van 'n sieklike pa/ma wat by die gesin inwoon nie.

Ambagsmanne (die groep by die mansgroepe wat die afname van onafhanklikheid op vraag 60/64 die meeste aangedui het) en verpleegsters (een van die damesgroepe met 'n hoër persentasie daarvoor) het dieselfde aantal response vir afname van gesondheid as vir afname van onafhanklikheid gegee. Dit skyn te bevestig dat afname van onafhanklikheid 'n belangriker nadeel van ouderdom vir dié twee beroepsgroepe as vir die ander is. Pensionarisse (D) en klerke het afname van onafhanklikheid hoër as afname van gesondheid geplaas. Op vraag 60/64 het hierdie respons ook 'n redelike hoër persentasie van die pensionarisse se antwoord gevorm, maar nie by die klerke nie.

Afhangende van watter eienskap op vraag 65/66 die meeste genoem was, word as tweede belangrikste nadeel deur al die groepe, op drie uitsonderings na, of afname van gesondheid, of van onafhanklikheid, of liggaamlike agteruitgang gegee. Die dominees, die groep by wie die geestelike agteruitgang op vraag 60/64 die hoogste persentasie van hulle antwoord gevorm het en vir wie dit dus geblyk het 'n belangrike eienskap te wees, het in die tweede posisie dieselfde aantal response vir geestelike agteruitgang, liggaamlike agteruitgang en afhanklikheid. Geestelike agteruitgang is hier vir die tiksters die tweede belangrikste nadeel (hulle 22,45% wat hierdie respons vorm, is die hoogste respons wat vir geestelike agteruitgang gegee is). Op vraag 60/64 het hulle ook 'n hoër respons vir geestelike agteruitgang gegee. Geestelike agteruitgang is dus vir die dominees en tiksters op beide vrae 'n belangrike kenmerk van die ouderdom. Ander eienskappe wat die tweede hoogste genoem is, is sosiale afname by die bibliotekaresse; huisvroue het dieselfde aantal response vir sosiale afname, afhanklikheid en liggaamlike agteruitgang gegee.

Die hoogste persentasie wat sosiale afname – dus eintlik vereensaming- van 'n antwoord vorm, is 16,18% by bibliotekaresse. Dit val op dat die twee laagste persentasies dié van die boere (3,77%) en boervroue (5,0%) is. Ook vir die vroulike pensionaris – moontlik meer weduwees as wat daar wewenaars onder die manlike pensionaris is – is vereensaming 'n redelike belangrike nadeel (14,81%), maar in 'n mindere mate vir die manlike pensionaris belangrik (8,33%). Waar die manlike en vroulike pensionaris op vraag 60/64 in belangrike opsigte in teenstelling met die ander groepe ooreenkomste in hulle response getoon het, is hier meer onderskeid wat hulle persentasies en volgorde van eienskappe betref.

Die hoogste persentasie wat afname van werksvermoë vorm, is 7,35% by die bibliotekaresse. Die verpleegsters is die groep wat hier geen respons gegee het nie. Vir teruglewing in die verlede was slegs 1 respons gegee en dit deur die dosente. Vir voorkoms was 4 response gegee, 2 deur die verpleegsters en 1 elk deur die pensionaris (D) en bibliotekaresse. Op vraag 60/64 het die mans ook minder voorkoms-response as die dames gegee en soos reeds genoem, hier geen respons gegee nie. Voorkoms is een van die eienskappe van ouderdom wat nie as 'n besondere nadeel gesien word nie.

Ouderdomsgroepe.

Die volgorde is hier:

| | | | | | | | | |
|---------------|---|---|---|------|----|----|-----|---|
| <u>Mans.</u> | | | | | | | | |
| - 35 jaar | A | S | L | I | G | So | W | |
| 36 - 55 jaar | S | A | L | G | So | I | W | T |
| 56 - 80 jaar | S | L | A | So | G | I | W | |
| <u>Dames.</u> | | | | | | | | |
| - 35 jaar | S | A | L | So | G | W | V/I | |
| 36 - 55 jaar | S | A | L | G/So | W | I | V | |
| 56 - 75 jaar | S | A | L | So | G | I | W | V |

Dadelik val op dat afname van gesondheid, afname van onafhanklikheid en liggaamlike agteruitgang weer vir al die groepe die belangrikste nadele is.

Die oudste groep mans (56 - 80 jaar) die groep vir wie afname van onafhanklikheid op vraag 60/64 'n minder belangrike rol as vir die ander groepe gespeel het, is weer die groep van wie se antwoordtotaal dit die laagste persentasie vorm - 19,23%. Hierteenoor is dit byvoorbeeld 26,87% by die dames in dieselfde ouderdomsgroep en 24,41% by die mans tot 35 jaar. Die onderafdeling wat die groepe die meeste genoem het, is gesondheidsvermindering, behalwe die mans tot 35 jaar wat afhanklikheids-toename die meeste genoem het. By hulle was afname van onafhanklikheid dan ook die nadeel wat hulle as die belangrikste beskou.

Oor die algemeen is daar 'n belangrike mate van ooreenkoms tussen die verskillende ouderdomsgroepe en ook mans en dames.

TABEL 16

AFDELINGS AS PERSENTASIES VAN TOTALE RESPONSE PER SUBGROEP (LEERLINGE) OP VRAAG 65/66

| | V | L | G | So | I | C | A | W | S | T |
|--|-------|-------|-------|-------|-------|---|-------|-------|-------|------|
| 1. <u>Seuns.</u> | 0,58 | 25,58 | 4,65 | 5,23 | 13,95 | 0 | 13,37 | 5,23 | 30,81 | 0,58 |
| 2. <u>Dogters.</u> | 6,38 | 16,31 | 6,38 | 7,8 | 10,64 | 0 | 14,89 | 2,84 | 34,75 | |
| 3. <u>Seuns & Dogters.</u> | 3,19 | 21,41 | 5,43 | 6,39 | 12,46 | | 14,06 | 4,15 | 32,59 | 0,32 |
| 4. <u>Volwassenes & Leerlinge.</u> | 1,2 | 18,36 | 9,39 | 9,14 | 6,75 | 0 | 19,3 | 3,93 | 31,77 | 0,17 |
| 5. <u>Standerds.</u> | | | | | | | | | | |
| a. <u>Seuns.</u> | | | | | | | | | | |
| St. 6 | 2,7 | 32,43 | 2,7 | 0 | 21,62 | 0 | 2,7 | 10,81 | 27,03 | 0 |
| St. 7 | 0 | 8,57 | 5,71 | 8,57 | 11,43 | 0 | 11,43 | 2,86 | 51,43 | 0 |
| St. 8 | 0 | 27,59 | 6,9 | 0 | 24,14 | 0 | 10,34 | 3,45 | 27,59 | 0 |
| St. 9 | 0 | 25,93 | 3,7 | 3,7 | 11,11 | 0 | 25,93 | 3,7 | 25,93 | 0 |
| St. 10 | 0 | 31,82 | 4,55 | 11,36 | 4,55 | 0 | 18,18 | 4,55 | 22,73 | 2,27 |
| b. <u>Dogters.</u> | | | | | | | | | | |
| St. 6 | 12,5 | 21,88 | 9,38 | 3,13 | 3,13 | 0 | 9,38 | 0 | 40,63 | 0 |
| St. 7 | 0 | | | 25,0 | | 0 | 37,5 | 0 | 37,5 | 0 |
| St. 8 | 0 | 10,53 | 15,79 | 5,26 | 10,53 | 0 | 21,05 | 5,26 | 31,58 | 0 |
| St. 9 | 10,87 | 21,74 | 2,17 | 2,17 | 13,04 | 0 | 8,7 | 6,52 | 34,78 | 0 |
| St. 10 | 0 | 11,11 | 5,56 | 16,67 | 16,67 | 0 | 19,44 | 0 | 30,56 | 0 |

TABEL 16 (VERVOLG)

| | V | L | G | So | I | C | A | W | S | T |
|-----------------------------|-------|-------|-------|-------|-------|---|-------|------|-------|------|
| 6. <u>Ouderdomsgroepen.</u> | | | | | | | | | | |
| a. Seuns. | | | | | | | | | | |
| 14 jaar | 3,03 | 27,27 | 6,06 | 3,03 | 15,15 | 0 | 9,09 | 9,09 | 27,27 | 0 |
| 15 jaar | 0 | 20,51 | 2,56 | 2,56 | 23,08 | 0 | 2,56 | 5,13 | 43,59 | 0 |
| 16 jaar | 0 | 17,24 | 6,9 | 3,45 | 17,24 | 0 | 20,69 | 3,45 | 31,03 | 0 |
| 17 jaar | 0 | 27,59 | 6,9 | 6,9 | 13,79 | 0 | 13,79 | 3,45 | 27,59 | 0 |
| 18 jaar | 0 | 33,33 | 2,38 | 9,52 | 2,38 | 0 | 21,43 | 4,76 | 23,81 | 2,38 |
| b. Dogters. | | | | | | | | | | |
| 14 jaar | 7,41 | 22,22 | 11,11 | 3,7 | 3,7 | 0 | 11,11 | 0 | 40,74 | 0 |
| 15 jaar | 10,53 | 10,53 | 5,26 | 15,79 | 5,26 | 0 | 15,79 | 0 | 36,84 | 0 |
| 16 jaar | 0 | 13,64 | 9,09 | 0 | 13,64 | 0 | 22,73 | 4,55 | 36,36 | 0 |
| 17 jaar | 10,26 | 23,08 | 5,13 | 7,69 | 7,69 | 0 | 7,69 | 2,56 | 35,9 | 0 |
| 18 jaar | 2,94 | 8,82 | 2,94 | 11,76 | 20,59 | 0 | 20,59 | 5,88 | 26,47 | 0 |

Tussen die leerlinge en volwassenes is groter ooreenkoms in response op vraag 65/66 as op vraag 60/64. Net soos by die volwassenes is minder negatiewe response gegee en sommige van die onderafdelings word ook (en dikwels dieselfde as by die volwassenes) ingeboet.

By die seuns en dogters is afname van gesondheid ook die belangrikste nadeel wat hulle oor ouderdom nahou. Waar die volwassenes egter as tweede en derde belangrikste nadele onderskeidelik afname van onafhanklikheid en liggaamlike agteruitgang gegee het, gee die leerlinge eers liggaamlike agteruitgang. Hier is die sintuie nie meer so 'n belangrike faktor onder die liggaamlike agteruitgang as op vraag 60/64 nie - die ander twee belangrike faktore, bewegingsprobleme en onaktiwiteit, tree eintlik meer na vore.

Net soos by vraag 60/64 vorm sosiale afname in 'n mate 'n groter deel van die siening wat die dogters van ouderdom het, as wat die seuns het. Bemoeisiekheid/knorrigheid is nog 'n belangrike faktor van die sosiale afname, en net soos by die volwassenes het die vereensaming as faktor in belangrikheid toegeneem.

Die seuns plaas by albei vrae afname van werksvermoë hoër as die dogters.

Dis aan voorkoms as nadeel van die ouderdom waaraan die dogters groter waarde as die seuns toeken - 6,38% teenoor 0,59% van hul onderskeie totale.

Net soos by die volwassenes neem geestelike agteruitgang hier 'n minder belangrike posisie in. Afname van belangstelling het nie 'n groot bydrae tot geestelike agteruitgang op vraag 60/64 gelewer nie, maar weer soos by die volwassenes neem die bydrae hier selfs nog meer af en slegs st. 8-dogters het een respons gegee.

Skynbaar is daar dan op vraag 65/66 tussen die leerlinge en volwassenes groter ooreenkoms, maar waar die mans en dames as groepe se response op

vraag 65/66 'n groot mate van ooreenstemming getoon het, verskil dié van die seuns en dogters op vraag 65/66 moontlik meer van mekaar as by vraag 60/64.

Standerds en Ouderdomsgroepe.

TABEL 17

AFDELINGS OP VRAAG 65/66 VIR DIE LEERLINGE VAN HOOG TOT LAAG VOLGENS RESPONSFREKWENSIES GERANGSKIK

| | | | | | | | |
|-----------------|-------|-----|--------|-----|--------|-------|------|
| Seuns. | S | L | I | A | So/W | G | V/T |
| Dogters. | S | L | A | I | So | V/G | W |
| <u>Seuns.</u> | | | | | | | |
| St. 6 | L | S | I | W | V/G/A | | |
| St. 7 | S | I/A | L/So | G | W | | |
| St. 8 | L/S | I | A | G | W | | |
| St. 9 | L/A/S | I | G/So/W | | | | |
| St. 10 | L | S | A | So | G/I/W | | |
| <u>Dogters.</u> | | | | | | | |
| St. 6 | S | L | V | G/A | So/I | | |
| St. 7 | A/S | So | | | | | |
| St. 8 | S | A | G | L/I | So/W | | |
| St. 9 | S | L | I | V | A | W | G/So |
| St. 10 | S | A | So/I | L | G | | |
| <u>Seuns.</u> | | | | | | | |
| 14 jaar | L/S | I | A/W | G | V/So | | |
| 15 jaar | S | I | L | W | G/So/A | | |
| 16 jaar | S | A | L/I | G | So/W | | |
| 17 jaar | L/S | I/A | G/So | W | | | |
| 18 jaar | L | S | A | So | W | G/I/T | |

TABEL 17 (VERVOLG)

| <u>Dogters.</u> | | | | | | | |
|-----------------|---|------|-----|--------|------|-----|--|
| 14 jaar | S | L | G/A | V | So/I | | |
| 15 jaar | S | So/A | V/L | G/I | | | |
| 16 jaar | S | A | L/I | G | W | | |
| 17 jaar | S | L | V | So/I/A | G | W | |
| 18 jaar | S | I/A | So | L | W | V/G | |

Die response was oor die algemeen vir die groepe min, maar die afname van gesondheid is vir die meeste die belangrikste - vir sommige is dit liggaamlike agteruitgang en in 'n paar gevalle is afname van onafhanklikheid saam met een van bogenoemde of albei as belangrikste nadeel geplaas. Gesondheidsafname of afhanklikheidsafname as sodanig, is dan ook die onderafdelings wat die meeste deur die groepe genoem is.

Sosiale afname het die hoogste persentasie gevorm van die antwoord van st. 10-dogters, nl. 16,67% en by st. 6-seuns en st. 8-dogters is geen respons gegee nie. By st. 10-dogters het vereensaming die grootste bydrae tot hulle respons van sosiale afname gelewer. Dit is vir hulle 'n belangriker nadeel van die ouderdom as vir die drie genoemde groepe by wie dit nie eens genoem is nie.

Negatiewe instelling het die hoogste persentasie gevorm van die antwoord van st. 8-seuns (24,14%) en is glad nie deur st. 7-dogters genoem nie.

Van die st. 6-seuns se antwoord vorm werksvermoë 10,81% terwyl die meeste dogtersgroepe dit glad nie noem nie.

Die response by st. 7- en 9-dogters en daarmee saam in 'n belangrike mate, dié van vyftien- en sewentienjariges, wyk van die gewone patroon af. Hier was miskien faktore werksaam by die gee of beantwoording van die

vraag wat nie 'n rol by die ander standerds gespeel het nie.

Die vergelyking tussen vraag 60/64 en vraag 65/66 volg later. Hier kan dit net genoem word dat vraag 65/66 in 'n sekere sin aanvullend by vraag 60/64 beskou kan word, maar dat die opvatting wat die persone van ouderdom het, meer geleë is in die spontane beskrywing op vraag 60/64. Vraag 65/66 is meer net wat gevra was: voor- en nadele met 'n element daarby van gedwonge aanvoeling van wat voor- en wat nadele is - meer beredeneerd as die respons op vraag 60/64.

5.2.4 Rangorde van nadele op vraag 65/66.

Dit kan miskien aanvaar word dat deur bloot van groeps-punte (frekwensies) gebruik te maak, individuele plasinge nie na waarde geskat word nie. Om die probleem te probeer oplos, is aan die nadeel wat die meeste deur 'n individu genoem is, 4 punte toegeken, aan die tweede 3 punte, die derde 2 punte en aan die vierde 1 punt.

Groeps-punte wat op dié wyse bereken is, het oor die algemeen met Tabelle 15 en 17 ooreengekom en daar was min verskille. Vir die mans as groep het die volgorde byvoorbeeld onveranderd gebly. In die enkele gevalle waar 'n nadeel na 'n hoër posisie opskuif (en 'n ander gevolglik laer) moet aangeneem word dat dit as nadeel eintlik belangriker (of minder belangrik) is as wat die blote aantal response in die oorspronklike berekening op vraag 65/66 te kenne gee, veral waar dit in ooreenstemming met die siening van vraag 60/64 was. Daar is enkele gevalle waar die verskuiving van posisies die antwoord meer in ooreenstemming bring met sekere tendense soos by vraag 60/64 na vore gekom het. So 'n verandering is sosiale afname wat by die jongste mansgroep (tot 35 jaar) van die sesde na die vierde posisie opskuif.

5.2.5 Positiewe response op vraag 60/64 en 65/66.

Tot dusver is die aandag gekonsentreer op die negatiewe aspekte wat van ouderdom genoem is omdat so min positiewe response op vraag 60/64 -

waarin die eintlike opvatting van die proefpersone blyk - gegee is. Die verhouding waarin die positiewe response tot die negatiewe response staan, is reeds bespreek. Hier word meer aandag gegee aan watter eienskappe dit is wat genoem word.

VRAAG 60/64

Volwassenes.

As belangrikste eienskap noem die mans en die dames die verdieping/versagting wat die ouderdom meebring. Terwyl die mans as tweede belangrikste die voordele vir of as gevolg van ander (byvoorbeeld die genot wat kleinkinders verskaf) aandui, noem die dames dan die verstandigheid/kennis. Die dames gee die meeste negatiewe response, die minste positiewe response. Die faktore wat die hoogste onder die verdieping/versagting genoem is, is die godsdienstverdieping (W10) en die rustigheid (W3a).

By die meeste beroepsgroepe word verdieping/versagting ook as die belangrikste eienskap genoem. By die ambagsmanne is die voordele vir of as gevolg van ander die hoogste geplaas, die onderwysers het verdieping en voordele vir die persoon in sy leefwyse (byvoorbeeld die feit dat die persoon nie meer hoef te werk nie) ewe veel gegee, en so meer. Nie een groep het enige van die onderafdelings juis meer as 'n ander genoem nie.

By die ouderdomsgroepe volgens 15 jaar ingedeel gaan dit vir al ses groepe om die verdieping/versagting as die belangrikste eienskap, terwyl die voordele vir of as gevolg van ander by die mans tot 80 jaar ook nogal baie genoem word.

Volgens al die ander groeperings soos byvoorbeeld opleiding, huwelikstaat, mate van kontak met grootouers, en so meer, is dit hoofsaaklik die verdieping/versagting en daaronder godsdienstverdieping as die belangrikste eienskap. Hier en daar is daar 'n geringe afwyking soos byvoorbeeld die mans met besonder baie kontak met grootouers noem die verstandigheid/kennis die meeste, terwyl die ongetroude dames en dames met besonder baie kontak met grootouers die rustigheid opvallend meer as belangrikste

onderafdeling noem.

Leerlinge.

Ook by die leerlinge is verdieping/versagting die belangrikste eienskap. By die seuns is die godsdiensverdieping (W1a) die belangrikste faktor en dan gaaf/lief (W10a), terwyl gaaf/lief die hoogste deur die dogters geplaas word.

By die verskillende groepe proefpersone (volwassenes en leerlinge) is daar by die positiewe response meer ooreenstemming as by die negatiewe. Die response is ook baie min, sodat verskille wat genoem is oor die algemeen ook baie kleiner as by die negatiewe stellings is.

VRAAG 65/66

Volwassenes.

By die mans en die dames word nou as belangrikste voordeel genoem die verstandigheid/kennis en dan is dit die verdieping. Hierdie twee word baie meer as die ander twee voordele genoem. Die hoogste faktor onder die verstandigheid/kennis is ervaring, dan wysheid, dan ryphed. Onder die verdieping word rustigheid baie genoem.

Waar die gedagte dat die vrugte gepluk kan word van die lewe wat agter die rug is (n faktor onder die voordele vir of as gevolg van ander) baie deur die mans aangestip word, is dit nie vir die dames belangrik nie.

By die ambagsmanne word die verdieping meer as die verstandigheid/kennis genoem, hoewel nie veel hoër nie. Die vroulike pensionarisse noem ook die verdieping die meeste en dan voordele vir of as gevolg van ander. Die manlike pensionarisse plaas wel die verstandigheid/kennis eerste, net soos die ander groepe, maar tweede hoogste het hulle ook die voordele vir of as gevolg van ander.

Volgens ouderdom ingedeel, stem die volgorde ooreen met dié van die mans- en damesgroepe, behalwe die dames tot 80 jaar wat eers die verdieping en dan verstandigheid/kennis het.

Leerlinge.

Die volgorde is by die dogters presies dieselfde as by die volwassenes, nl. verstandigheid/kennis, verdieping/versagting, voordele vir of as gevolg van ander en dan voordele vir die persoon in sy leefwyse. Die seuns het ook kennis as die belangrikste voordeel maar die volgorde verder is voordele vir of as gevolg van ander, voordele vir die persoon in sy leefwyse en dan verdieping.

Ervaring (VK7) is vir die seuns die belangrikste faktor in die verstandigheid/kennis en wysheid (VK8) vir die dogters. Dat die persoon nie hoof te werk nie (onder voordele in leefwyse) is 'n faktor wat die seuns en veral st. 6-seuns as 'n belangrike voordeel beskou maar nie die dogters nie.

Hierdie voordele wat aangedui is, stem - net soos die nadele - maar met die response van die volwassenes as by vraag 60/64 ooreen.

5.2.6 Vergelyking van vraag 60/64 met vraag 65/66.

Op vraag 60/64 is heelwat minder positiewe response as op vraag 65/66 gegee. So het die mans byvoorbeeld 36 positiewe response op eersgenoemde vraag gegee en 381 op vraag 65/66. Die 240 dames het 29 positiewe response op vraag 60/64 en 361 op vraag 65/66 gegee. Hierdie groot verskil in die aantal positiewe response moet waarskynlik toegeskryf word aan die aard van die opdrag. In laasgenoemde situasie moes die proefpersone moontlik positiewe response gee, hoewel die response blykbaar nie deel uitgemaak het van die werklike, spontane beeld van die begrip van die ouderdom nie (60/64). Die positiewe response moet dus nie net beoordeel word volgens die frekwensie daarvan nie, maar ook die skynbare

onbelangrikheid in teenstelling met die negatiewe. Deur vrae 65/66 voor 60/64 aan te bied, sou daar waarskynlik 'n ander beeld na vore getree het, maar die verkreë een moet beskou word as die meer objektiewe en die korrekte een.

Vraag 60/64 is meer omskrywend van aard. Die vraag lui ook dat beskryf moet word hoe 'n persoon is wat oud is, en so meer. Hierdie respons is dan in fyner besonderhede gegee. Onder elke eienskap is 'n hele aantal faktore genoem waaruit die afdeling dan opgebou is. By vraag 65/66 is nadele en voordele gevra. Die na- en voordele is dan net genoem sonder uitbreiding daarop en met die element van geforseerdheid daarby. Die mate van aksentverskuiwing na ander negatiewe aspekte in teenstelling met sekere tendense by vraag 60/64 hang waarskynlik saam met hierdie element en dus weer saam met die opdrag.

Die feit dat by vraag 60/64 statisties beduidend meer negatiewe stellings gegee word as by vraag 65/66 kan o.a. toegeskryf word aan die ruimte wat op die vraelys oopgelaat is. By vraag 65/66 is naamlik kleiner ruimte vir negatiewe stellings gegee as vir die geheel van die beeld van ouderdom by vraag 60/64. Aangesien die persone hoofsaaklik by laasgenoemde net negatiewe stellings gegee het, was die ruimte wat gebruik kon word heelwat groter as by vraag 65/66. Daar moet met ander woorde afgelei word dat indien daar 'n groter ruimte vir die gee van die nadele van ouderdom by vraag 66 sou gewees het, daar waarskynlik geen beduidende verskille tussen die aantal negatiewe stellings by vrae 60/64 en 65/66 sou wees nie.

Die tiperende van die ouderdom is dan in die omskrywings op vraag 60/64 opgesluit, al word die negatiewe eienskappe nie as sterk nadelig gesien nie.

5.2.7 Enkele ander verskynsels by die omskrywing van ouderdom en die noem van voor- en nadele.

Word na ander tellings - nie noodwendig van die hoogstes nie - gekyk,

dan val die volgende op:

Die verswakking van gesigsvermoë word meer keer genoem as die verswakking van gehoor wat in die gerontologiese studies as groter probleem as die verswakking van die gesigsvermoë beskou word. By die omskrywing van ouderdom (soos aangedui in vraag 60/64) was die twee genoem in die verhouding van

| <u>Gesig</u> | <u>Gehoer</u> | |
|--------------|---------------|---|
| 29 | 25 | M |
| 44 | 35 | D |
| — | — | |
| 73 | 60 | |

en by die gee van nadele (vraag 65/66)

| <u>Gesig</u> | <u>Gehoer</u> | |
|--------------|---------------|---|
| 16 | 11 | M |
| 10 | 8 | D |
| — | — | |
| 26 | 19 | |

In die omskrywing van ouderdom is beide eintlik baie meer genoem as waar dit spesifiek as 'n nadeel gegee is. Dit vorm dus 'n deel van die beeld wat die proefpersone van die bejaarde het, maar word nie as 'n baie belangrike nadeel gesien nie.

'n Aspek wat dikwels in die literatuur genoem word, is die swak gesondheid in die ouderdom, wat die proefpersone as belangrikste nadeel aangedui het. Van hierdie probleem sê Mostert (1966, p. 198) dat dit waarskynlik die grootste oorsaak van ongelukkigheid by die bejaardes is. Op die eerste Amerikaanse nasionale konferensie oor ouderdom in 1951 is gesê dat as een element wat waarskynlik die meeste tot tevredenheid in die ouderdom kan bydra, uitgesonder moes word, dit ongetwyfeld goeie gesondheid sal wees.

Die knorrigheid, bemoeisiekheid wat die st. 10-seuns en -dogters so baie genoem het, word deur heelwat ondersoekers (o.a. Rubens-Franken, 1953, p. 95) genoem en ook redelik baie deur die volwassenes. Op die eerste vraag was dit deur 40 mans en 44 dames genoem.

May, wat baie met bejaardes gewerk het, o.a. as mediese direkteur van 'n geriatriese instituut, het oor afhanklikheid gesê, "Losing independence is one of the most frightening hazards of growing older" (May, 1968, p. 40). Dok Lawton (1947, p. 71) praat van die diepe behoefte om onafhanklikheid te behou. Soos reeds geblyk het, is dit ook 'n aspek wat dikwels deur die proefpersone genoem is en dan veral deur die jonger mans.

Navorsers soos Goedmakers, Weatherall, Wright en Hornstra (1970, p. 83; 1969, p. 14; 1968, p. 17; 1955, p. 53) en in Handleiding vir spesiale behuising vir bejaardes en Konferensie insake Bejaardesorg (1971, p. 3; 1967, p. 66) word spesifiek na die aanpassingsvermoë wat kan verswak, verwys. Dit word egter min deur die proefpersone genoem. Op die eerste vraag is dit deur een man en sewe dames aangeteken en by die nadele deur agt mans en ses dames.

'n Ander aspek, die genot van kleinkinders, word minder aangedui as wat verwag kan word. Dit is as voordeel deur 5 mans en 7 dames genoem. "Relations with one's children, grandchildren, and great-grandchildren are of primary significance for older people" (Old age in the modern world, 1955, p. 56). Die genot van oupa/ouma te wees, word ook deur Wright (1968, p. 33) gemeld.

Opvallend is dat aftrede, of die aftree-ouderdom, of die opgee van 'n werk of beroep, nie so oorheersend in die gedagte van die proefpersone was as skynbaar algemeen aanvaar word nie. In die eerste vraag is aftrede self deur een man en twee dames genoem en vir alles in verband met werk saamgegroepeer is daar 36 response by die mans en 43 by die dames. As nadeel is aftrede deur slegs een man aangestip en weer saamgegroepeer deur 18 mans en 15 dames. Hierdie getalle is in vergelyking met dié oor ander aspekte baie laag.

Weatherall (1969, p. 35) beweer dat 'n groot probleem van ouderdom die tydgenote wat wegval, is. Daarna word ook verwys deur o.a. Goedmakers, in Konferensie insake Bejaardesorg en Governor's Conference on Problems of the Aging (1970, p. 238; 1967, p. All; 1955, p. 375). Slegs op vraag 65/66 is twee response deur die proefpersone gegee.

Daar is by sommige skrywers 'n meer optimistiese siening van ouderdom in die sin dat daarop gewys word dat dit nie noodwendig wanaanpassing en onaangename karaktereienskappe inhou nie. Na min spesifieke voordele van die ouderdom word egter verwys. Stern (1955, p. 83) meen dat daar in enkele gevalle sprake van wysheid kan wees. Wysheid word ook deur Lawton (1947, p. 22) aangestip. In Konferensie insake Bejaardesorg (1967, p. K14) word verwys na die wysheid van die ouderdom, 'n gevoel vir verhoudinge, rustige bedaardheid en 'n goeie oordeel. May (1968, p. 24) reken dat die oordeel van die bejaardes dikwels dié van jonger mense oortref. Dat so min van hierdie eienskappe in die omskrywings gegee word, is reeds bespreek.

Hoewel verwag kon word dat die proefpersone slegs die belangrikste eienskappe wat die ouderdom vir hulle inhou, sou aandui en omskrywings nie tot in die fynste besonderhede sou gee nie, val sekere aspekte waar 'n hoër (en soms selfs laer) respons verwag is, tog op.

5.3 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is aangedui dat die spontane siening van die proefpersone op vraag 60/64 gegee is. Geestelike agteruitgang is die belangrikste eienskap wat die proefpersone aan die ouderdom knoop en daarnaas die liggaamlike agteruitgang. Die liggaamlike en gesondheidsagteruitgang gekombineer is skynbaar belangriker as geestelike agteruitgang. Daar bestaan 'n groot ooreenstemming tussen die mans en die dames wat die volgorde van belangrikheid van sommige eienskappe betref. By ander eienskappe kan egter 'n sekere aksentverskuiwing aangetoon word, soos by afname van onafhanklikheid. Nie net die geslag van die proefpersone het in 'n mate 'n invloed op die opvatting gehad nie maar ook die beroepe,

opleiding en huwelikstaat. Die leerlinge in die laer standerds dink meer aan die uiterlik waarneembare aspekte en raak geleidelik meer van die geestelike agteruitgang bewus. Die opvatting van die leerlinge in st. 10 is al meer in ooreenstemming met dié van die volwassenes.

In die omskrywings van ouderdom (vraag 60/64) is feitlik geen positiewe response gegee nie. By die gee van voor- en nadele (vraag 65/66) is baie meer positiewe response gegee, al is die meeste response nog negatief. Waarom hier meer positiewe response gegee is, is bespreek en daar is onder andere op die element van geforseerdheid by hierdie vraag gewys. Gesondheidsprobleme is as die belangrikste nadeel aangestip en daarna afname van onafhanklikheid. Die leerlinge beskou die afname van die gesondheid ook as die belangrikste nadeel en plaas liggaamlike agteruitgang tweede. In hierdie hoofstuk is vraag 60/64 en vraag 65/66 bespreek. In die volgende hoofstuk word die res van die vraelys bespreek.

6 VERWERKING EN BESPREKING VAN DIE RES VAN DIE VRAELYS

6.1 VERWERKING EN BESPREKING VAN RESULTATE VAN AFDELING B

6.1.1 Berekenings.

Vir die 4 aspekte - ouderdom, godsdiens, dood en lewensbevreëdiging - is die volgende berekenings gedoen:

Volwassenes.

1. Elke proefpersoon se totale tellings vir elk van die 4 aspekte.
2. Die totale tellings vir die 4 aspekte is bereken vir die volgende groepe:
 - a. Al die mans.
 - b. Al die dames.
 - c. 16 Beroepsgroepe.
 - d. 25 Ouderdomsgroepe.

Leerlinge.

1. Elke proefpersoon (dit wil sê 300) se totale tellings vir elk van die 4 aspekte.
2. Die totale tellings vir die 4 aspekte is bereken vir die volgende groepe:
 - a. Al die seuns.
 - b. Al die dogters.
 - c. 10 Standerds.
 - d. 10 Ouderdomsgroepe.

Angesien die resultate so baie is, word die individuele tellings nie weergegee nie, maar die samevattings of totaal-tellings word in Tabelle

18 - 22 gegee saam met enkele groottotale en verspreidings en verwerkings. Die tellings van die beroepsgroepe en die ouderdomsgroepe word in Bylae J verstrekk en die tellings van die standerds en ouderdomsgroepe by die leerlinge in Bylae K.

6.1.2. Die aanvaarding van die vier aspekte deur die mans en dames.

Die aanvaarding van die vier aspekte deur die proefpersone soos weergegee in die totaaltellings (Tabel 18), toon 'n merkwaardige ooreenkomst tussen mans en dames.

TABEL 18

TOTAALTELLINGS VAN MANS EN DAMES VIR DIE VIER ASPEKTE

| | Ouderdom | Godsdiens | Dood | Lewens bevrediging |
|---------|----------|-----------|--------|--------------------|
| Mans... | 17 846 | 21 692 | 18 880 | 19 530 |
| Dames.. | 18 237 | 21 805 | 18 699 | 19 254 |
| TOTAAL. | 36 083 | 43 497 | 37 579 | 38 784 |

Die volgorde volgens die mate van aanvaarding is vir albei geslagte dieselfde en die groottotale (vir die vier saam) is 77 948 en 77 995 vir die mans en dames onderskeidelik, met ander woorde slegs 'n verskil van 47 punte.

As na die vier aspekte afsonderlik gekyk word, dan word die grootste verskille tussen die mans en dames gevind by ouderdom, wat effens beter deur die dames as die mans aanvaar word en by lewensbevrediging, wat effens beter deur die mans aanvaar word.

Indien 'n Chi-kwadraattoets toegepas word op die resultate van die vier aspekte vir die mans en vir die dames (die totaaltellings as frekwensies

geneem), blyk dit dat die verskille nie beduidend by die 5%-grens is nie ($\chi^2 = 7,35$, g.v. = 3). Die grootste bydraes tot die χ^2 -waarde word ook, in ooreenstemming met 'n vorige opmerking, deur die aspekte ouderdom en lewensbevreëdiging gelewer. As hierby in aanmerking geneem word dat so 'n hantering van die resultate gouer beduidende verskille sal gee as die gebruik van gewone frekwensies, dan is die hoër mate van ooreenkoms nog opvallender.


Die geringe verskil tussen mans en dames word duidelik weegegee in die histogram (Figuur 5) wat volg. Hierin kan ook gesien word dat daar wel 'n verskil is in die mate van aanvaarding van die vier aspekte by beide mans en dames. Die aanvaarding is die minste by ouderdom en styg geleidelik met dood as die volgende en daarna lewensbevreëdiging. Die aanvaarding van godsdiens is heelwat hoër as enige van die ander. Die vraag is of hierdie verskille statisties beduidend is.

6.1.3. Beduidendheid van verskille tussen die vier aspekte.

Word die vier aspekte by die mans met behulp van die Chi-kwadraattoets met mekaar vergelyk, dan word gevind dat $\chi^2 = 407,5$. By die dames is $\chi^2 = 390,3$. Beide is hoogs beduidende verskille, met ander woorde die mate van aanvaarding is nie eners ten opsigte van die vier aspekte nie.

Daar kan egter beswaar ingebring word teen die metode van verwerking. Boonop gee dit slags 'n hoogs beduidende verskil aan sonder om aan te toon waar die verskil lê, hoewel inspeksie van die waardes aantoon dat die grootste bydraes van godsdiens en ouderdom kom.

Om 'n beter beeld te kry van die verskille en waar dit miskien geleë is, word die resultate in die vorm van frekwensieverspreidings vir die vier aspekte in Tabel 19 weergegee.




FIGUUR 5: Totale tellings van die mens en die dames vir die vier aspekte

TABEL 19

VERSPREIDING VAN PUNTE VAN PROEFPERSONE IN DIE VIER ASPEKTE

| | 31 - 40 | 41 - 50 | 51 - 60 | 61 - 70 | 71 - 80 | 81 - 90 | 91 - 100 |
|---------------------------|---------|---------|---------|---------|---------|---------|----------|
| <u>Mans.</u> | | | | | | | |
| Ouderdom ... | 0 | 1 | 11 | 60 | 118 | 40 | 10 |
| Godsdiens .. | 1 | 1 | 2 | 1 | 19 | 76 | 140 |
| Dood | 0 | 1 | 16 | 35 | 77 | 80 | 31 |
| Lewensbe- vrediging .. | 0 | 0 | 2 | 13 | 94 | 102 | 29 |
| TOTAAL | 1 | 3 | 31 | 109 | 308 | 298 | 210 |
| <u>Dames.</u> | | | | | | | |
| Ouderdom ... | 0 | 0 | 6 | 52 | 118 | 54 | 10 |
| Godsdiens .. | 0 | 1 | 0 | 1 | 25 | 68 | 145 |
| Dood | 0 | 0 | 9 | 48 | 85 | 75 | 23 |
| Lewensbe- vrediging .. | 0 | 0 | 6 | 24 | 91 | 88 | 31 |
| TOTAAL | 0 | 1 | 21 | 125 | 319 | 285 | 209 |
| <u>Mans en Dames</u> | | | | | | | |
| Ouderdom | 0 | 1 | 17 | 112 | 236 | 94 | 20 |
| Godsdiens .. | 1 | 2 | 2 | 2 | 44 | 144 | 285 |
| Dood | 0 | 1 | 25 | 83 | 162 | 155 | 54 |
| Lewensbe- vrediging .. | 0 | 0 | 8 | 37 | 185 | 190 | 60 |
| GROOTTOTAAL | 1 | 4 | 52 | 234 | 627 | 583 | 419 |



FIGUUR 6: Grafiese voorstelling van die spreiding van die mans en dames (4 aspekte saam)

Indien die frekwensies van die mans met dié van die dames vergelyk word met behulp van die Kolmogorov-Smirnov-toets (wat in dié geval 'n kragtiger toets is as die Chi-kwadraattoets) om vas te stel of daar enige beduidende verskil is, word die volgende gevind:

$D = 0,015$ terwyl 'n $D = 0,122$ of groter vereis word om die nulhipotese by die waarskynlikheidsvlak van $0,05$ te verwerp.

In ooreenstemming met die vroeëre bespreking moet die nulhipotese hier aanvaar word, naamlik dat daar geen verskille tussen mans en dames ten opsigte van die aanvaarding van die vier aspekte saam is nie.

Die totale van die verspreiding kan in die volgende grafiek, Figuur 6, weergegee word.

Hoewel die vier aspekte gesamentlik geneem nie by mans en dames verskil nie, moet eers seker gemaak word of die aspekte afsonderlik geneem, nie by mans en dames verskil nie. Indien geen verskil gevind kan word nie, kan die frekwensies van mans en dames saamgevoeg word om te bepaal of die vier aspekte beduidend van mekaar verskil of nie.

Die Kolmogorov-Smirnov-toets gee die volgende waardes:

| | | |
|----------------------|-------------|---------------------------|
| 1. Ouderdom..... | $D = 0,058$ | |
| 2. Godsdiens..... | $D = 0,021$ | $D \geq 0,124$ nodig vir |
| 3. Dood..... | $D = 0,054$ | verwerping van nul- |
| 4. Lewensbevrediging | $D = 0,063$ | hipotese by $p \leq 0,05$ |

Uit die resultate blyk dat daar geen verskil tussen die frekwensieverspreidings van mans en dames gevind word nie en die resultate van mans en dames dus saamgevoeg kan word.

Is daar enige statisties beduidende verskille tussen die vier aspekte? 'n Ontleding van die verspreidingsfrekwensies van Tabel 19 (gedeelte met die resultate van die mans en dames gesamentlik) met behulp van die Chi-kwadraattoets gee die volgende:

$$\chi^2 = 733,017, \text{ g.v.} = 12 \text{ (eerste 3 frekwensies saamgevoeg)}$$

Daar is dus 'n hoogs beduidende verskil tussen die verspreiding van die vier aspekte.

Aangesien daar 'n statisties beduidende verskil gekry kan word, selfs al sou al vier nie van mekaar statisties verskil nie, is dit met die toets van Kolmogorov-Smirnov nagegaan en deurgaans is hoogs beduidende verskille gevind. Die verskille is egter nie ewe groot nie. Die waardes gevind met Kolmogorov-Smirnov is die volgende:

TABEL 20


KOLMOGOROV-SMIRNOV-WAARDES VIR DIE VERSKILLENDEN ASPEKTE

| | D |
|---|-------|
| 1. Ouderdom vs. godsdienst..... | 0,656 |
| 2. Ouderdom vs. dood | 0,198 |
| 3. Ouderdom vs. lewensbevrediging..... | 0,283 |
| 4. Godsdienst vs. dood | 0,481 |
| 5. Godsdienst vs. lewensbevrediging | 0,469 |
| 6. Dood vs. lewensbevrediging | 0,142 |

('n $D \geq 0,088$ beduidend op 5%-peil)

Die kleinste verskil (hoewel statisties beduidend) is dus tussen dood en lewensbevrediging, terwyl die grootste verskille tussen godsdienst en die ander drie aspekte is. Hierdie verskynsel word duidelik weergegee in Figuur 7. Uit die grafiese voorstelling sowel as Tabel 19 is dit dus duidelik dat ouderdom volgens die vraelys die minste aanvaar word en godsdienst die meeste. Tussen die ander twee wat tussenin geleë is, is die verskil nie so groot nie. Dit is in ooreenstemming met die totale van Tabel 18.

As na die verspreiding as sodanig gekyk word, dan blyk dit dat slegs



FIGUUR 7: Grafiese voorstelling van die frekwensiespreiding van mans en dames saam ten opsigte van die vier aspekte

5 persone, dit wil se 0,26%, vir die vier aspekte saam 'n telling van 50 of minder gehad het, terwyl slegs 2,97% 60 en minder gehad het. Met ander woorde in 97% van die gevalle (dames ietwat meer, mans ietwat minder) was die antwoorde op die stellings "onseker", "stem saam" of "stem sterk saam". Dit gee dus nie die verspreiding wat normaalweg by so 'n vraelys verwag kan word nie.

Veral by die stellings ten opsigte van godsdiens is die verspreiding baie skeef. Slegs 7 persone (1,46%) uit 480 het tellings van 70 en minder. As in gedagte gehou word dat indien by al die stellings "onseker" response gegee sou gewees het, sou die persoon 'n telling van 60 gehad het en enige telling hoër as 60 reeds 'n "positiewe" instelling of aanvaarding weergee en verder dat by al die stellings minstens "stem saam" response gegee moes gewees het om 80 punte te kry, dan kom die skeefheid van die verspreiding sterk onder die aandag. Slegs 10,6% het punte van 80 en minder. Die groot skeefheid word geïllustreer in die vorige grafiek (Figuur 7).

Dit laat die vermoede ontstaan dat die groepe proefpersone bestaan het uit baie positief godsdienstige mense en dat miskien as gevolg van die beïnvloeding daarvan ook die res van die vraelys baie positief beantwoord is. Dit word gewoonlik aanvaar dat met 'n sterk positiewe instelling teenoor godsdiens daar ook 'n berusting in en aanvaarding van die ouderdom, lewensbevrediging en dood sal wees; met ander woorde dat daar 'n verband is tussen laasgenoemde drie en die instelling teenoor godsdiens.

Die verskynsel dat die dominees as beroepsgroep die hoogste aanvaarding van godsdiens toon, is te verwagte. Saam daarmee gaan ook 'n hoë aanvaarding van die dood deur hulle. Die verskil ten opsigte van ouderdom en in 'n mate ook by lewensbevrediging word nie aangetref nie. Die verskynsel steun gedeeltelik die bewering oor die verband tussen aanvaarding van godsdiens aan die een kant en ouderdom, maar veral dood en lewensbevrediging, aan die ander kant.

Die implikasies was nie besef by die trek van die steekproewe vir volwassenes nie en teoreties mag die verspreiding dus anders wees as Afrikaanssprekende proefpersone meer ewekansig oor 'n groter geografiese gebied getrek word of indien 'n gestratifiseerde steekproef, waarin voorsiening gemaak word vir proefpersone ooreenkomstig hulle aanvaarding van godsdiens, getrek word. Aan die ander kant is dit ietwat twyfelagtig of 'n groter geografiese area waaruit die proefpersone getrek word 'n groot verskil sal gee, want sommige van die beroepsgroepe kom oorspronklik van groot gebiede. Hulle kan dus moeilik as 'n baie homogene groep ten opsigte van geografiese herkoms en agtergrond beskou word. Ten spyte hiervan is die verskille tussen die beroepsgroepe (slegs enkele beduidende verskille), met die uitsondering van die dominees in sommige gevalle, baie klein (Vergelyk o.a. die resultate in Tabel 21).

As alternatief kan gestel word dat die "sosiaal aanvaarbare" 'n groot rol gespeel het. Die vermoede is dan ook dat dit 'n belangrike faktor was hoewel geen definitiewe bewyse gegee kan word nie. Dit kon moontlik saam met die aard en herkoms van die proefpersone verantwoordelik gewees het vir die sterk positiewe response, en vermoedelik was die gee van sosiaal aanvaarbare response die sterkste van die twee. Hierdie bewering word gedeeltelik gesteun deur die verskynsel dat die grootste aantal proefpersone se tellings vir ouderdom tussen 71 - 80 geleë is (49,2%), terwyl die grootste aantal proefpersone se tellings in verband met godsdiens tussen 91 - 100 geleë is (59,4%). Godsdiens is by die Afrikaanssprekende sterker emosioneel gelaai ten opsigte van die goedkeuring van die samelewing of medemens en slegs weiniges spreek hulle nie-aanvaarding daarvan uit. Ouderdom is meer neutraal. Dit staan die Afrikaanssprekende meer vry om allerlei menings daarvoor te lug; daar is minder van 'n sosiale reg of verkeerd daarin. Dit kan dus verwag word dat indien die sosiaal aanvaarbare as faktor 'n groot rol gespeel het, die tellings by godsdiens heelwat hoër sal wees as by ouderdom, wat inderdaad ook die geval is. Die ander twee aspekte kom in 'n sekere mate ook in die verwagte posisies voor (Vergelyk in die verband ook die statisties beduidende verskille in Tabel 20).

Indien die gegewens oor die aanvaarding van ouderdom soos bepaal met behulp van die stellings egter vergelyk word met die gegewens verkry by vrae 60/64, dan kom dit glad nie ooreen nie. By vrae 60/64 (vergelyk onder andere 5.1) is weinig positiefs gegee, terwyl ouderdom hier beslis positief aangeslaan word. Indien die "sosiaal aanvaarbare" hier 'n taamlike rol gespeel het, waarom nie ook by vrae 60/64 nie? Waaraan kan hierdie groot verskil, waar 'n sterk positiewe beeld in een geval en 'n sterk negatiewe beeld in die ander geval gegee word, toegeskryf word? Was die stellings miskien te "positief" geformuleer?

Daar moet in die lig van die voorafgaande besprekings 'n groot vraagteken geplaas word agter die bevindings van dié deel van die vraelys onder bespreking. Dit is twyfelagtig of daar meer as enkele tendense daaruit afgelei mag word en of statistiese verwerkings veel sin, indien enige, het. Die statistiese verwerking van ongeloofwaardige of foutiewe informasie bied nie 'n oplossing nie, maar kan slegs tot verkeerde gevolgtrekkings lei. Die verwerkings wat reeds gedoen is en die enkeles wat mag volg, moet dus met groot versigtigheid hanteer word en gesien word teen die agtergrond van die voorafgaande bespreking.

6.1.4 Vergelyking van die verskillende groepe met mekaar.

Hoewel, soos uit die vorige bespreking duidelik geblyk het, nie veel waarde aan die resultate van dié deel van die vraelys geheg kan word nie, kan die volgende tendense aangetoon word.

Beroepsgroepe.

Indien die beroepsgroepe met behulp van die Kolmogorov-Smirnov-toets met mekaar vergelyk word aan die hand van die frekwensieverspreidings soortgelyk aan dié van Tabel 19, word slegs by 'n baie klein persentasie van die vergelykings statisties beduidende verskille op die 5%-peil aangetref. In verreweg die meeste gevalle kan die nulhipotese nie verwerp word nie. Aangesien hierdie verwerkings waarby onder andere 16 beroepsgroepe vir 4 aspekte betrek word, sulke lang tabelle gee (480 vergelykings), is slegs die wat beduidende verskille gee, in Tabel 21 weergegee.

TABEL 21

BEROEPSGROEPE WAARTUSSEN BEDUIDENDE VERSKILLE TEN OPSIGTE VAN
DIE VERSPREIDING VAN DIE FREKWENSIES GEVIND IS

| | |
|--------------------------------|----------------------|
| <u>Ouderdom.</u> | |
| Pensionarisse (M) & Huisvroue | D = 11 [*] |
| <u>Godsdiens.</u> | |
| Dominees & Pensionarisse (M) | D = 11 [*] |
| Dominees & Klerke | D = 11 [*] |
| Dominees & Ambagsmanne | D = 13 ^{**} |
| Dominees & Boere | D = 14 ^{**} |
| Dominees & Tiksters | D = 12 [*] |
| Onderwyseresse & Ambagsmanne | D = 11 [*] |
| Onderwyseresse & Boere | D = 12 [*] |
| <u>Dood.</u> | |
| Dominees & Ambagsmanne | D = 13 ^{**} |
| Dominees & Boere | D = 11 [*] |
| Dominees & Tiksters | D = 13 ^{**} |
| Dominees & Verpleegsters | D = 13 ^{**} |
| Dominees & Sakemanne | D = 12 [*] |
| Dominees & Huisvroue | D = 12 [*] |
| Dominees & Klerke | D = 11 [*] |
| Onderwyseresse & Ambagsmanne | D = 11 [*] |
| Onderwyseresse & Tiksters | D = 11 [*] |
| Onderwyseresse & Verpleegsters | D = 11 [*] |

$D_{0,05}^* = 11$; $D_{0,01}^{**} = 13$

Uit Tabel 21 blyk dat ten opsigte van lewensbevrediging geen beduidende verskille tussen die beroepsgroepe aangetref word nie, terwyl oor ouderdom slegs pensionarisse en huisvroue beduidend by die 5%-peil van mekaar verskil.

Ten opsigte van die aanvaarding van godsdiens word sewe beduidende verskille aangetref. Die opvallende is dat, soos in Bylae K aange-
toon is, dit slegs twee beroepsgroepe, naamlik dominees en onderwy-
seresse is wat verantwoordelik is vir die verskille as gevolg van hulle
hoë aanvaardingstellings. Dit kan verwag word dat die aanvaarding van
godsdiens by die dominees hoër sal wees as by die ander beroepsgroepe,
maar waarom die onderwyseresse ook so 'n hoë aanvaardingstelling het,
kan nie verklaar word nie. Die moontlikheid bestaan dat by die trek van
die steekproef hier 'n groep geneem is wat godsdienstiger en pligsgetrouer
ten opsigte van godsdiensbeoefening is as die ander groepe. Aan die
ander kant mag dit wees dat die sosiaal aanvaarbare vir hulle belangriker
is as vir die ander groepe.

Die aanvaarding van die dood lewer die meeste statisties beduidende
verskille, naamlik 10, terwyl in 'n hele aantal gevalle die verskille byna
beduidend is. Weereens is dit die twee groepe, die dominees en die
onderwyseresse, met hoë tellings aan die een kant en aan die ander kant
van die ander groepe, byvoorbeeld ambagsmanne, verpleegsters, tiksters,
en so meer wat laer as die gemiddelde tellings het, waartussen die
beduidende verskille is.

Weereens, soos by godsdiens, kon verwag word dat die aanvaardingspunt
van die dominees hoog sal wees. Dit kan verwag word omdat soos reeds
gestel, die persoon as goeie gelowige aanvaar makliker die dood met al
die implikasies wat daarmee saamgaan. Die verdere feit dat dit die
dominee is wat die dode begrawe en dus gedurig daarmee in aanraking kom,
dra miskien by tot 'n groter aanvaarding daarvan.

Waarom die onderwyseresse ook hoë tellings het, is nie duidelik nie,
tensy dit teen die agtergrond van die aanvaarding van godsdiens gesien

word. Hulle verskil statisties beduidend van ambagsmanne, tiksters en verpleegsters, terwyl die dominees van sewe ander groepe verskil (Tabel 21).

Hierdie beduidende verskille moet egter, afgesien van die reeds gemelde redes, ook om 'n ander rede baie versigtig hanteer word en nie te veel waarde, meer as die aantoon van tendense, daaraan geheg word nie. Hier is 480 vergelykings tussen die sestien beroepsgroepe vir die vier aspekte gemaak en volgens o.a. Siegel (1956, p. 159) is die moontlikheid dat iewers tussen groepe beduidende verskille gevind sal word indien so 'n groot aantal vergelykings gemaak word, baie groot. Die vlak van beduidendheid verander in werklikheid en "therefore we can have no confidence in a decision involving k samples in which the analysis consisted only of testing two samples at a time" (Siegel, 1956, p. 160). Vir 'n vergelyking van resultate van die aard is daar nie 'n geskikte verdelingsvrye variasieontledingstoets nie, terwyl die aard van die resultate onder andere van sodanige aard is dat 'n parametriese variasieontleding nie geregverdig is nie. Hierdie opmerking geld ook vir die verwerkings wat volg.

Ouderdomsgroepe.

Die verwagting is, dat soos reeds aangetoon by 'n ander deel van die vraelys, die ouderdom van die betrokke persone 'n invloed sal uitoefen op hulle mate van aanvaarding van onder andere die ouderdom, dood, lewensbevrediging en ook godsdiens. Dit word meesal aanvaar dat die ouer persone godsdiens en dood meer as jonger persone sal aanvaar.

Dertien ouderdomsgroepe by volwassenes, beginnende met die groep onder twintig jaar en verder in spronge van 5 jaar (bv. 21 - 25 jaar, 26 - 30 jaar, ens.) tot by die ouderdom van 80 jaar is twee op 'n keer met mekaar vergelyk. Hoewel meer as 800 vergelykings gemaak is, het die ouderdomsgroepe nie in een geval statisties beduidend van mekaar verskil nie.

As gelet word op die bevindings van vraag 60/64 en hierby die opmerking

van Siegel (1956) in aanmerking geneem word, kan moeilik verklaar word waarom hier geen statisties beduidende verskille gevind is nie.

Opleiding.

In 'n poging om te sien of die mate van opleiding miskien 'n faktor kan wees wat verskille tot gevolg mag hê, is die verskillende opleidings-groepe met mekaar vergelyk. Die groepe was die volgende:

Standard ses
Standard agt
Standard tien
Diploma
Graad
Twee grade
Graad plus diploma
Twee grade plus diploma
Meer as twee grade

Hierdie basiese groepe is verder in kombinasies geneem, byvoorbeeld standerd agt en laer, standerd tien en laer, ens. Die verspreiding van tellings (soos in Tabel 19) is met behulp van Kolmogorov-Smirnov ontleed.

Ten opsigte van die aanvaarding van ouderdom en godsdiens is geen beduidende verskille aangetref nie, terwyl by die aanvaarding van die dood slegs een beduidende verskil by die 5%-peil was, naamlik tussen die groep met opleiding tot standerd agt en die persone (M & D) met 'n graad en 'n graad plus 'n diploma.

By lewensbevrediging was daar meer beduidende verskille. Uit die gegewens (Bylae J) blyk dit onder andere dat dosente en onderwyseresse hoër tellings by lewensbevrediging het. Dit is een van die moontlike verklarings vir hierdie verskille, naamlik dié tussen

1. die groep tot standerd 8 teenoor diploma-opleiding

2. standaard 10 teenoor diploma-opleiding
3. standaard 10 teenoor die groep met die hoogste opleiding (2 grade, 2 grade plus diploma en meer as twee grade).

Al hierdie verskille was beduidend by die 5%-peil. Onder die laaste groep was hoofsaaklik die dosente, terwyl die meeste onderwyseresse in die diplomagroep geval het.

Huwelikstaat.

Die groepe getroud, ongetroud, wewenaars, weduwees en geskeides en sinvolle kombinasies hiervan is met mekaar vergelyk.

Geen beduidende verskille tussen die groepe volgens huwelikstaat kon vir enige van die vier aspekte (dood, godsdiens, ouderdom en lewensbevrediging) gevind word nie.

Hoewel heelwat meer vergelykings gedoen kon word, is die groepe net ten opsigte van beroep, ouderdom, opleiding en huwelikstaat vergelyk. Dit is beskou as die vier belangrikste verskille tussen die groepe wat teoreties gesien, veral 'n moontlike invloed kon uitoefen op die opvatting oor ouderdom, dood, godsdiens en lewensbevrediging.

Dit is bekend dat soos 'n persoon ouer word, sy opvatting oor wanneer 'n mens oud is, geleidelik verander. Daar is ook by heelwat persone die mening dat die ouerwordende persoon meer gereeld die kerk besoek en godsdiens beoefen en meer kom tot die sin van die lewe. Hulle lewensverwachting word al korter, hulle kom meer in kontak met die dood van tydgenote en die dood word makliker aanvaar.

Dat die beroepe moontlik 'n invloed kan uitoefen, word veral gesien teen die agtergrond van die instelling as gevolg van die aard van die beroep, byvoorbeeld die dominee, boer, en so meer en die mate van lewensbevrediging wat verkry is of die versorgdheid vir die oudag. Hiermee saam gaan ook in 'n belangrike mate die opleiding.

Huwelikstaat is gesien as belangrik in die opsig dat die geskeide moontlik wantrouig of verbitterd mag wees, die wewenaar of weduwee soms die alleenheid en eensaamheid beleef en ook 'n vrees vir die oudag mag openbaar of dat hulle selfs mag uitsien na die dood.

Uit die deel van die vraelys blyk egter dat veral die faktore, soos ouderdomsverskille, waarvan heelwat invloed verwag is, blykbaar geen rol gespeel het nie. Die klein aantal verskille wat by die ander invloede ten opsigte van sekere faktore voorgekom het, mag selfs aan kansfaktore toegeskryf word. Waarskynlik is die enigste verskille waaraan wel waarde geheg kan word die verskille tussen die dominees en sommige ander beroepsgroepe ten opsigte van die mate van aanvaarding van godsdiens en die dood.

Leerlinge.

Die resultate van die leerlinge toon in 'n baie groot mate dieselfde tendense as die resultate van die volwassenes. Die totaaltellings van die seuns en dogters word in Tabel 22 gegee.

TABEL 22

TOTAALTELLINGS VAN SEUNS EN DOGTERS VIR DIE VIER ASPEKTE


| | Ouderdom | Godsdiens | Dood | Lewens- bevrediging |
|---------|----------|-----------|--------|------------------------|
| Seuns | 10 578 | 13 514 | 10 746 | 11 485 |
| Dogters | 10 631 | 13 229 | 10 496 | 11 177 |
| TOTAAL | 21 209 | 26 743 | 21 242 | 22 662 |

Selfs as hierdie tellings as frekwensies behandel word en die Chi-kwadraattoets (wat 'n heeltemal te hoë waarde gee) toegepas word, kan geen beduidende verskil by die 5%-peil tussen seuns en dogters vir die

aanvaarding van die vier aspekte gevind word nie. ($\chi^2 = 3,506$, g.v. = 3)

Inspeksie van die resultate toon dat anders as miskien verwag is, die seuns 'n effens hoër telling as die dogters toon.

Die volgorde is hier ook ouderdom, dood, lewensbevreëdiging en heelwat hoër, godsdiens. Die resultate van die leerlinge en die volwassenes toon dus slegs die verskil dat die gemiddelde tellings effens laer by die leerlinge as by die volwassenes is. 'n Grafiese voorstelling (Figuur 8) illustreer die verskynsel sowel as die ooreenstemmende tendens by volwassenes en leerlinge.



FIGUUR 8: Grafiese voorstelling van die gemiddeldes van volwassenes en leerlinge vir die vier aspekte

Die verskille in resultate as gevolg van ouderdomsverskille by die leerlinge wat in die eerste deel van die vraelys by die beskrywing van ouderdom voorgekom het, verdwyn hier, net soos by die volwassenes, heeltemal. Die sogenaamde ontwikkelingslyn wat in die eerste deel vanaf kinders en deur na die volwassenes bepaal kon word, is dus hier afwesig, hoewel die laer klasse en ouderdomsgroepe tellings wat effens kleiner is, gee. In sommige gevalle was die 14-jarige se response selfs effens hoër as die 18-jarige (Bylae K).

Die opmerkings en besprekings in verband met die resultate van die volwassenes geld ook waar van toepassing vir die resultate van die leerlinge in soverre dit die aanvaarding van die vier aspekte betref.

6.1.5 Enkele opvallende response in verband met die aanvaarding van die vier aspekte.

Hoë en lae tellings by spesifieke stellings verskaf inligting aangaande die opvatting en aanvaarding van ouderdom, godsdiens, dood en lewensbevreëdiging. Die resultate moet egter ook in dié opsig met versigtigheid hanteer word as gevolg van redes wat reeds genoem is. Deels om hierdie rede word geen verdere ontleding gedoen as die gee van enkele hoë en lae tellings by die groot groepe nie.

Ouderdom.

Die mans en dames saam het die hoogste punte by stelling 25: "die ouderdom leer 'n mens om dinge suiwerder te beoordeel" behaal. Hier was uitsonderings ten opsigte van die beroepsgroepe - die dosente onder andere meen dat 'n mens op politieke gebied groot waarde in die ouderdom het en die pensionarisse meen dit is nie die ongelukkigste tydperk in 'n mens se lewe nie.

Aan die ander kant is daar 'n aantal stellings met lae punte wat ook iets ten opsigte van ouderdom weergee. Die mans is nie so seker dat 'n mens net soveel ondernemingsgees het as in die ander lewenstydperke nie

(stelling 32), terwyl die dames die laagste punt gee op stelling 19: "die ouderdom is 'n tydperk van eensaamheid", anders gestel, die bewering word nie deur hulle ontken nie. Dit is waarskynlik een van die faktore in die ouderdom wat vir die vrou minder "aantreklik" is. By mans, sowel as by dames, het die bogenoemde twee stellings lae punte gehad en ook stelling 66: "in die ouderdom leef 'n mens net in die verlede".

Samevattend, die ouderdom is in 'n mate 'n tydperk van eensaamheid, verminderde ondernemingsgees en 'n mens lewe meer in die verlede, maar terselfder tyd kan 'n mens suiwerder oordeel en kan dit net so interessant as enige ander tydperk (stelling 52) wees. In 'n mate stem dit ooreen met die ontleding van vrae 60/64. Hoofsaaklik dieselfde gegewens word gevind as die volwassenes volgens ouderdomsgroepe ingedeel word.

Twee stellings, 70 en 74, naamlik "die ouderdom is die tydperk van selfsug" en "dit is waar om te beweer dat die ouderdom die tydperk van wysheid is", bevat twee idees wat al dikwels in die literatuur oor bejaardes betrek is. Veral van die vroeë ondersoekers het ouderdom en selfsug met mekaar in verband gebring (Rubens-Franken, 1953, p. 95 o.a.). By die mans en die dames kry dié stelling die vierde hoogste punt, d.w.s. hulle ontken dat die ouderdom 'n tydperk van selfsug is. Wat die "wysheid van die ouderdom" betref (vgl. ook p. 203), was die algemene idee by ondersoekers dat dit nie 'n noodwendige effek van die ouderdom is nie, maar soos Ronge (1961, p. 150) dit stel, die einduitskots van 'n besondere ontwikkeling waar die mens kom tot 'n hoër waardering van die algemeen geldende. Dit is min of meer ook die idee van Munnichs (1966, p. 112) en May (1968, p. 15) en laasgenoemde sê: "When possessed, it is the greatest asset of old age." By die mans was hierdie stelling 13de en by die dames 7de, met ander woorde dit het in vergelyking met die ander stellings 'n middelwaarde ontvang en die punte stem in 'n sekere mate nie ooreen met die bewering dat 'n mens in die ouderdom suiwerder kan oordeel nie. Die leerlinge stem in 'n groot mate ooreen met die volwassenes, hoewel daar ook verskille voorkom. In die volgorde van belangrikheid is daar die afname in ondernemingsgees (32), leef hulle meer in die

verlede (16), kan die ouer persoon hom nie uitleef nie (57) en is hy eensaam (19). Aan die positiewe kant kan hulle (net soos by die volwassenes) suiwerder oordeel (25), pas hulle nie net in ouerhuise nie (36) en is hulle nog deeglik van waarde vir ander (13) (ook by die dominees en ander).

Dit is opmerklik dat die belangrikste stellings van die volwassenes ook hier eerste geplaas word of ten minste hoë punte kry, met ander woorde daar word eintlik nie verskille tussen leerlinge en volwassenes ten opsigte van die beeld van die bejaarde gevind nie.

Godsdienst, dood en lewensbevrediging.

As na die resultate oor die drie aspekte (Bylae J & K) gekyk word, is dit opvallend dat volwassenes en leerlinge weinig van mekaar verskil. Die leerlinge en volwassenes verskil die meeste van mekaar ten opsigte van die aanvaarding van die dood (vergelyk ook Figuur 8).

Die response by die drie aspekte gee eintlik geen inligting aangaande die begrip van ouderdom nie en word nie verder bespreek nie.

6.2 VRAE 61, 62 EN 63 EN 67 EN 69

Dit is vrae in die vraelys wat ook direk oor ouderdom informasie probeer inwin. Op vraag 61, "op watter ouderdom is 'n persoon oud", het die meeste proefpersone ongelukkig nie 'n definitiewe antwoord gegee nie. Waar 'n ouderdom wel gegee is, het dit gewissel tussen 50 en 80 jaar; die response van die jonger persone het 'n gemiddelde en laer en die van die ouer proefpersone 'n gemiddelde en hoër ouderdom aangedui, byvoorbeeld die pensionarisse (mans en dames) het dit meer na 80 jaar toe geskuif. Dit kom ooreen met die teoretiese en populêre opvatting.

Op die vraag of hierdie ouderdom verskil vir die twee geslagte (vraag 62 en 63) was wel individuele verskille, maar vir die groepe was daar geen verskille nie, ook nie tussen mans en dames nie. Die twee geslagte

word blykbaar op dieselfde ouderdom oud.

Op die vraag of 'n bejaarde, 'n ou persoon en 'n oue van dae sinonieme begrippe is, of watter onderskeid daartussen bestaan (vraag 67), het baie nie 'n antwoord gewaag nie, sommige het dit as sinonieme beskou, hoewel 'n hele aantal persone 'n graadverskil daarin sien soos in die volgende antwoord:

'n Bejaarde: Kan homself nog help.

'n Ou persoon: Gaan moeilik om homself te help.

'n Oue van dae: Is afhanklik van ander.

Die bejaarde is dus die "jongste" en die oue van dae die "oudste".

Die vraag wanneer 'n persoon middeljarig is (vraag 69), is oor die algemeen volledig beantwoord. Baie het negatiewe gedagtes gegee, maar die meeste proefpersone koester meer aangename gedagtes oor die middeljare.

Diegene wat self nog nie ver in lewensjare gevorder het nie, stel die middeljare gewoonlik op 'n jonger ouderdom as diegene wat self al ouer is. In die omskrywing van die middeljare kom begrippe soos die volgende dikwels voor: Op die kruin van die lewe; in die fleur van die lewe; 'n bestendiger leeftyd; voortvarendheid neem af; moeite word ontsien om plekke van vermaak op te soek; of, kragte begin afneem. Dan is daar individuele antwoorde soos die volgende: Wanneer die mens met genoegdoening kan terugkyk na die woelige soeke van die jonkheid; wanneer die ydelheid van die jeug nie meer beïndruk of imponeer nie. Die response hier is dus oor die algemeen baie positief in teenstelling met die negatiewe beeld oor ouderdom by vrae 60/64.

In Bylae L word die antwoorde van een beroepsgroep, die dominees op vrae 61 - 63 gegee en in Bylae M hulle menings van wanneer 'n persoon middeljarig is. Hulle response is tipies in die sin dat dit soms vaag is, groot spelings toelaat en dat die individuele persone response gee wat soms taamlik van mekaar verskil. Omdat die response vir al die groepe so baie is, word dit nie in die bylaes geplaas nie.

6.3 BEJAARDES IN DIE OUETEHUISE

Ongeveer 60 bejaardes in twee ouetehuse het ook die vraelys beantwoord, maar hulle antwoorde is nie saam met dié van die ander proefpersone verwerk nie. Ongeveer 6 kon die vraelys self invul, maar by die ander moes die vraelys punt vir punt deurgewerk word. Dit het geblyk dat feitlik almal gevoel het dat hulle 'n goeie indruk moes skep en dat hulle "goeie" antwoorde moes gee. Dit was nie ongewoon dat een inwoner sou sê dat hy/sy glad nie bang is om dood te gaan nie, maar dat hy weet dat die buurman bang is. Die buurman het weer net die teenoorgestelde beweer. Meer as een besoek sal nodig wees om hulle vertroue in so 'n mate te wen dat hulle meer openlik sal antwoord. Hulle response was so oorheersend positief dat dit nie saam met die ander verwerk is nie. Diegene wat die vraelyste self voltooi het, het wel negatiewe antwoorde gegee.

Dit was opvallend tydens die gesprekke dat hulle hulleself nie as "oud" beskou nie. Slegs een dame van 86 jaar het gesê dat sy oud is en dat sy oud gevoel het vanaf 80 jaar. Die ander, soms ouer in jare, was daarop gesteld dat hulle nie as oud beskou moes word nie. Diegene wat swak en sieklik is, is deur die ander wel as oud bestempel, met ander woorde dit het nie basies om die chronologiese ouderdom gegaan nie. Wat die ouderdomkwessie betref, het hulle hulleself graag met 'n ander inwoner vergelyk en hulleself dan in die gunstiger lig gestel. Hulle is baie bewus van die ouderdom van die ander inwoners en het in die meeste gevalle sonder huiwering 'n ouderdom genoem wanneer gevra op watter ouderdom 'n persoon oud is. Hierdie "oud" was altyd ouer as wat hulleself is.

By die houdingskale het die meeste eers gesê hoe die stelling hulleself reak en dan hulle antwoord aan iemand verbind. Dikwels is byvoorbeeld geantwoord dat hulle nie 'n las is nie, maar dat "daardie persoon" of "ander" 'n las is. Die antwoorde kan moeilik geweeg word en dit is feitlik onmoontlik om dit direk met byvoorbeeld die ander volwasse groepe te vergelyk.

6.4 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is aangetoon dat in hierdie afdeling van die vraelys deurgaans 'n sterk positiewe aanvaarding van of opvatting van godsdiens, lewensbevreëdiging, dood en ouderdom gegee is. Die punte was só hoog dat onmiddellik besef is dat kontaminerende faktore soos onder andere die sosiaal aanvaarbare en die poging om 'n "goeie" indruk te skep 'n baie groot rol moes gespeel het. Dit moet as hoogs onbetroubare resultate gesien word. Die aanvaarding van godsdiens was geweldig hoog en daarna het gevolg lewensbevreëdiging, dood en ouderdom. Die ouderdom word in 'n mate as 'n tydperk van eensaamheid en verminderde ondernemingsgees beskou, maar ook as 'n tydperk waarin suiwerder geoordeel word en wat net so interessant as enige ander tydperk kan wees.

Die sterk positiewe siening van ouderdom in die deel van die vraelys verskil sterk van die oorwegende negatiewe beeld van ouderdom in die eerste deel. Hierdie deel van die vraelys, hoewel met sorg opgestel, moet in die huidige vorm as onbruikbaar by die navorsing oor ouderdom by die Afrikaanssprekende beskou word.

'n Spesifieke ouderdom as aanduiding van wanneer 'n mens oud is, is nie gegee nie. Verskillende betekenisse is ook aan die begrip van "bejaarde", "ou persoon" en "oue van dae" geknoop, hoewel sommige dit as sinonieme begrippe beskou. Die middeljare is meesal baie positief omskryf. Enkele verskynsels in die response van die bejaardes in ouetehuse is aangedui, ook hulle skynbare poging om "goeie" antwoorde te gee, op grond waarvan hulle response liever apart verwerk is.

In die volgende hoofstuk word 'n finale samevatting van die navorsing met enkele gevolgtrekkings gegee.

Die doel van hierdie studie was om die opvatting van en die houding teenoor ouderdom en bejaardes by 'n groep proefpersone - skoolkinders, volwassenes en bejaardes - na te gaan. Die vraag was ook of daar by hierdie persone moontlike faktore wat die opvatting en houding kon beïnvloed, aangetoon kon word.

Eerstens is in die literatuurstudie die faktore wat tot die nuwe belangstelling in ouderdom en bejaardes aanleiding gegee het, bespreek. Bejaardes het sodanig in getalle toegeneem dat die persentasie bejaardes in Europese lande die afgelope aantal jare van ongeveer 5% tot ongeveer 12% van die bevolkings toegeneem het. Sosiale, kulturele en ekonomiese veranderings en ontwikkelings het die bestaande samelewingstruktuur (en daarmee saam ook die posisie van die bejaarde) ingrypend verander. Die bejaarde word los van sy familie, sy werk en sy vertroude omgewing gemaak. Aan die een kant word getrag om aan die bejaarde meer as slegs 'n toeskouersrol te gee, om die bejaarde as moontlike arbeidsbron te benut. Aan die ander kant word besef dat sekere vooroordele teen die geskiktheid van die bejaarde as arbeider eers verwyder moet word.

Navorsing oor die ouderdom wat eintlik na die Tweede Wêreldoorlog werklik kon vlot, het geleidelik wyer as slegs die mediese en fisiologiese begin kring. Klem word daarop geplaas dat die bejaarde so lank as moontlik 'n selfstandige lid van die gemeenskap moet bly. Waar vroeër sonder meer aanvaar is dat die bejaarde met toenemende jare godsdienstig word, konserwatief, en so meer, word deesdae meer wetenskaplike navorsing hieroor en ook oor die behoeftes van die bejaarde gevra.

Die aanvang van die ouderdom kan moeilik chronologies aangedui word. Ook bestaan groot individuele verskille in die aanvang en verloop van die verouderingsproses. Persone het gevolglik verskillende opvattinge van wat die ouderdom is, wanneer 'n persoon oud is en ook verskillende houdings

daarteenoor. Hierdie opvatting en houding oefen 'n invloed uit op die verloop van die verouderingsproses, dit kan sekere afnames versnel of vertraag. Hierdie opvatting en houding het verreikende betekenis.

Van die faktore wat meehelp om 'n persoon se opvatting van die bejaarde en die ouderdom te vorm, is die belangrikste die voorbereiding wat vir die ouderdom gedoen word. Indien hierdie jare positief benader kan word, sal te vroeë veroudering met begrip teëgewerk kan word. Hierdie voorbereiding sluit dan onder andere in: voorbereiding vir aftrede, voorkoming van siektetoestande waar moontlik (of doeltreffende nasorg), ekonomiese sekuriteit en bevredigende vryetydsaktiwiteite. Vir persone wat 'n positiewe houding teenoor godsdiens het, sal dit makliker wees om hierdie laaste lewensfase positief te benader, om dit as deel van die lewensplan van God met die mens, te sien. Groter lewensbevrediging, ook in hierdie jare, is moontlik as waar die sekuriteit van die godsdiens ontbreek en die dood en die laaste lewensfase maklik gevrees mag word.

Leerlinge, volwassenes en bejaardes is in die ondersoek betrek. 30 Seuns en 30 dogters per standaard van st. 6 tot 10 en volwassenes van verskillende ouderdom, opleiding, beroep, en so meer, is ingesluit. Altesaam was daar 840 proefpersone. Deur verskillende groeperings van die proefpersone is verskeie subgroepe verkry.

'n Omvattende vraelys bestaande uit twee afdelings, is beplan. Beskrywings van die bejaarde en die ouderdom en voor- en nadele van die ouderdom, is sommige van die vrae wat beantwoord moes word. Ook is 'n Likert-tipe houdingskaal oor die ouderdom, godsdiens, dood en lewensbevrediging in die vraelys gegee. Die vraelys is so opgestel dat eers 'n respons van die proefpersone oor ouderdom en die bejaarde verkry sou word, voordat suggesties in die vraelys 'n invloed op die antwoorde kon hê.

Die omskrywings van ouderdom en die bejaarde is nagesien aan die hand van 'n skema met 10 negatiewe en 4 positiewe afdelings, elke afdeling weer met verskillende onderafdelings. Die verskillende negatiewe afdelings het die volgende eienskappe gedek: voorkoms; liggaamlike agter-

uitgang; geestelike agteruitgang; sosiale agteruitgang; negatiewe instelling; chronologiese ouderdom; afhanklikheid; werk en ideale; siekte, gesondheid en ontspanning; teruglewing in die verlede. Die positiewe afdelings het ingesluit: verstandigheid, kennis; verdieping, versagting; voordele vir of as gevolg van andere (byvoorbeeld die genot van kleinkinders); voordele vir die persoon in sy leefwyse (byvoorbeeld die persoon het minder verantwoordelikheid).

Omdat die subgroepe nie altyd ewe groot is nie en die proefpersone uit die aard van die saak nie ewe veel response gegee het nie, is vir vergelykingsdoelsindes die gemiddelde punt per persoon vir elke afdeling en onderafdeling bereken en ook die persentasies wat elke afdeling van die totale response van die subgroepe vorm. Die beduidendheid van verskille tussen positiewe en negatiewe responsfrekwensies by die subgroepe is met die Binomiale toets bereken en die beduidendheid van verskille tussen negatiewe tellings van subgroepe met die Chi-kwadraattoets.

Afdeling B van die vraelys is volgens die vyf-puntskaal nagesien en die spreiding in resultate by die verskillende beroepsgroepe en ouderdomsgroepe met behulp van die Kolmogorov-Smirnov-toets met mekaar vergelyk.

'n Duidelike beeld van op watter ouderdom 'n persoon oud is, word nie uit hierdie navorsing gekry nie. Die persone gee groot spelings in ouderdom aan of gee beskrywings (vergelyk onder andere die predikante se resultate in Bylae L). Dit is in ooreenstemming met wetenskaplike en populêre opvattinge, naamlik dat alle mense nie op dieselfde ouderdom "oud" is nie.

Die middeljare word veral deur die volwassenes baie positief omskryf, selfs in so 'n mate dat dit feitlik sinoniem met die "goue jare" is. Daarna kom die afname en omdat dit 'n afname is, is dit agteruitgang en nie goed nie.

Hoewel die begrippe bejaarde persoon, persoon wat oud is en 'n oue van dae meesal as sinonieme terme gebruik word, het 'n groot aantal volwassenes dit nie so gesien nie. Dit was vir hulle in trappe van vergelyking.

Die bejaarde is in 'n sekere sin die persoon wat oud is wat nog jonk is. Vergelyk in die verband byvoorbeeld die resultate van die predikante (Bylae L) waar die bejaarde soms omskryf word as die persoon tussen middeljarig en oud. Die oue van dae is die laaste trap. Hy is meesal sieklik, sorgbehoewend, en so meer. Hierdie opvatting ten opsigte van die oue van dae het ook sterk na vore gekom by die inwoners van ouetehuise. Opmerklik is ook dat die begrip oud wees, maar veral oue van dae nie op 'n mens self van toepassing is nie maar op iemand anders; dit skuif vorentoe soos 'n mens ouer word.

In die beskrywing van hoe 'n persoon is as hy oud is (vraag 60/64), word feitlik uitsluitlik 'n negatiewe beeld by alle ouderdomme en groepe van persone wat getoets is, gekry. Die implikasies van die negatiewe beeld kry 'n verdere betekenis as dit gesien word teen die agtergrond van uitsprake soos onder andere die van Van Andel (1953, p. 16), naamlik dat dit miskien die proses wat lei tot gebrekkigheid en hulpbehoewendheid versnel, waarteen die gevoel van waardigheid sig so lank as moontlik verset. Dit is aangetoon dat vrees vir veroudering eerder as die verouderingsproses self, dikwels tot verlies op geestelike asook liggaamlike gebied lei.

Hierdie negatiewe beeld is volgens die navorsing saamgestel uit verskillende elemente, wat meesal gesien moet word in samehang met mekaar eerder as losstaande. Geestelike agteruitgang, veral die agteruitgang van die denke en verstand en die afname van belangstelling, was die hoofelement, terwyl by die dames die kwessie van afhanklikheid ook sterk meegesprek het. Laasgenoemde word in die tweede deel van die vraelys gedeeltelik bevestig as die dames 'n laer punt aan eensaamheid in die ouderdom gee.

Liggaamlike agteruitgang en hierby ook 'n afname in gesondheid vorm 'n byna ewe belangrike element, tewens soms word dit hoër as geestelike agteruitgang aangeslaan. In die liggaamlike agteruitgang word veral die verswakking van die sintuis, bewegingsprobleme en onaktiwiteit beklemtoon. Die jonger mans en die jonger dames noem onderskeidelik liggaamlike agter-

uitgang en sosiale agteruitgang meer as die geestelike agteruitgang. Dit pas miskien by die aard van hulle lewenswyse.

Sommige van die beroepsgroepe knoop hulle opvatting aan aspekte wat in verband met hulle beroep staan. Sakemanne en -vroue beklemtoon die afname in belangstelling in die lewe; ambagsmanne plaas meer gewig as die ander beroepsgroepe op die afname van die werksvermoë en afname van onafhanklikheid. Die ouer persone en pensionarisse, wat as groep ouer is as die res en die ouderdomsuitwerkinge miskien die meeste beleef het, noem liggaamlike agteruitgang die meeste.

By die leerlinge is 'n ontwikkelingsgang in hulle opvatting van ouderdom aangedui, beginnende in die laer standerds en ouderdomme met die hoof-element van die voorkoms, veral die grys hare van die bejaarde, tot by die st. 10-leerling wat reeds sterk die geestelike agteruitgang beklemtoon. By laasgenoemde groep (st. 10 en veral die dogters in st. 10) word die sosiale agteruitgang as element ook reeds sterk genoem in teenstelling met die leerlinge in laer standerds. Hulle toon dus reeds 'n sterk aansluiting by die volwassenes.

Feitlik geen positiewe eienskappe word spontaan aan die ouderdom en die bejaarde geknoop nie. In enkele gevalle waar 'n positiewe respons gegee is, het dit meer om verdieping/versagting gegaan.

By die volgende deel (vraag 65/66) is die grootste nadele én voordele gevra. Die proefpersone het almal 'n aantal voordele naas die nadele genoem. Hoewel die frekwensie van 'n bepaalde antwoord as die gewig van die eienskap geneem is, ook by hierdie vrae, was dit duidelik dat die aantal kere wat 'n bepaalde respons voorgekom het en die belangrikheid of gewig daarvan by vrae 65/66 nie dieselfde was nie. Die feit dat die frekwensie response ten opsigte van nadele en voordele nie veel verskil het nie, moes verder toegeskryf word aan die feit dat betreklike klein en ewe groot spasies oopgelaat is vir die invul van die informasie. As die ruimtes groter was, sou waarskynlik baie meer nadele as voordele aangedui gewees het. Die suggestie van die bestaan van voordele het

waarskynlik 'n verdere invloed uitgeoefen. Die positiewe aspekte wat hier na vore kom, is die kennis- en verstandsvermeerdering en die toenemende ervaring, terwyl aan die negatiewe kant die liggaamlike agteruitgang, sieklikheid en afhanklikheid beklemtoon word.

Uit die B-deel van die vraelys, die opvatting van ouderdom, dood, lewensbevrediging en godsdiens, kan eintlik nie veel afgelei word nie. Al vier die aspekte is baie positief benader, veral die aanvaarding van godsdiens. Die opvatting van ouderdom hiervolgens is dat dit 'n tydperk van eensaamheid, verminderde ondernemingsgees, 'n lewe terug in die verlede is, maar dat terselfdertyd suiwerder geoordeel en interessant geleef kan word. Tussen die leerlinge en die volwassenes is feitlik geen verskil nie.

Die opvatting van ouderdom verander eienaardig met elke deel van die vraelys. Dit kan samevattend so weergegee word:

- Vraag 60/64 - Uitsluitlik negatief.
- Vraag 65/66 - Negatief en positief maar die negatiewe deel is sterker en weeg waarskynlik heelwat swaarder as die positiewe deel.
- Afdeling B - Sterk positief met slegs effens negatiewe stellings daarby.

Hierdie laaste beeld van ouderdom moet as onjuis beskou word en die sosiaal aanvaarbare, die poging om 'n "goeie" indruk te maak en die toevallige samestelling van die proefpersone plus moontlik faktore waarvan nie kennis gedra word nie, het skynbaar hier 'n belangrike rol gespeel. Dit word selfs gemeen dat indien slegs die stellings oor ouderdom (dus met weglating van die stellings oor die dood, lewensbevrediging en godsdiens) gegee word, die beeld anders - meer negatief of minstens minder positief - sou gewees het.

In sy huidige vorm is die B-deel van die vraelys onbruikbaar vir so 'n navorsing.

In 'n poging om soveel inligting as moontlik in te win, is soveel vrae as moontlik ingesluit met die gevolg dat die vraelys ietwat lywig geraak het. Dit mag tot gevolg gehad het dat die persone later net probeer klaarkry het.

Die feit dat die vraelys nie anoniem beantwoord is nie, kon 'n belangrike invloed op die wyse van beantwoording gehad het, veral ten opsigte van die laaste deel. Dit behoort die moeite werd te wees om dit te vergelyk met vraelyste wat anoniem voltooi is.

Met die navorsing is enkele belangrike foute, wat nie gedurende of na die navorsing reggestel kon word nie, begaan. Verdere navorsing, waarby die foute wat waargeneem is, uitgeskakel word, sal 'n baie beter beeld van die begrip van en houding teenoor die ouderdom en die bejaarde kan gee. Uit die navorsing het byvoorbeeld ook geblyk dat selfs begrippe soos bejaarde en oue van dae nie sonder meer as sinonieme begrippe geneem moet word nie. Selfs hieroor behoort 'n kort navorsing gedoen te word.

Die sterk negatiwiteit waarmee die bejaarde en die ouderdom bejêen word, spreek duidelik uit hierdie studie (vergelyk ook die ondersoeke van Kogan, 1961, p. 44 - 54; Kogan, 1961, p. 616 - 619; Peggy Golde en Kogan, 1959, p. 355 - 363; Tuckman en Lorge, 1953, p. 249 - 260 en andere).

Hierdie negatiwiteit raak die kern van alle aanbevelings wat gedoen kan word. Dit is belangrik dat tot 'n meer positiewe en realistiese siening en benadering van die bejaarde gekom sal word.

Opvoeding tot ouderdom is noodsaaklik. Die noodsaaklikheid hiervoor kan nouliks sterk genoeg benadruk word. 'n Dringende opvoedingstaak is nodig om 'n meer positiewe beeld daar te stel. En dan is opvoeding nie eers in die middeljare nodig soos sommige ondersoekers bepleit nie, maar wel reeds by die skoolkind. Hulle vorm reeds idees oor ouderdom, negatiewe idees wat sterk ooreenstem met dié van die volwassenes soos uit

die vrae lys geblyk het.

